HOOFSTUK II.

ERFGOED.

Waar moet ons kronologies die "terminus ad quem" vasstel vir die beoordeling of 'n Afrikaanse woord tot die oorgeërfde taalmateriaal behoor of nie? Ons kan natuurlik die jaar van JAN VAN RIEBEEK se aankoms aan die Kaap (1652) as die grenslyn beskou, wat Afrikaans van Nederlands skei, d. w. s. as die begin van die aparte ontwikkeling van die Nederlandse volkstaal in Nederland en Suid-Afrika. Maar ons kan die begin van die skeiding nog 'n paar jaar later stel. Kolonisasie aan die Kaap het, soos bo aangetoon is, eers in 1657 begin. Tussen 1652 en 1657 het daar slegs 'n dosyn Engelse en 'n half dosyn Franse skepe in Tafelbaai aangekom,[1]) sodat vreemde invloed van buite af op die taal van die Kompanjiedienaars aan die Kaap tot aan 1657 van weinig belang kon gewees het. Die taal van die klein aantal Hottentotte, waarmee die Kompanjiedienaars aan die Kaap gedurende daardie beginperiode in aanraking was, kan natuurlik die beoordeling van oorerwing uit Nederlands nie beïnvloed nie, en dit is uit die aard van die saak onwaarskynlik dat vreemde woorde van Europese of Oosterse herkoms in daardie tyd reeds via Hottentots in die taal van die Kompanjiedienaars aan die Kaap gekom het. Eers na 1657 kom daar met die slawebevolking 'n nuwe element aan die Kaap, en van dan af bestaan die moontlikheid van onafhankelike ontlening van Portugese en Oosterse woorde in Nederland en Suid-Afrika. Alles wat dus in Nederlands bestaan het vóór 1657, kan ons in Afrikaans as erfgoed beskou, tensy daar teëbewyse is. En teëbewyse sal moeilik te vind wees. Die probleem vir die taalvorser sal dus in hoofsaak wees om duidelik te maak hoe en waarom in Nederlands be-

---

[1]) Vgl. GODÉE MOLSBERGEN — "J. v. R." Bijlage XXII.

paalde woorde verlore geraak is, wat in Afrikaans bewaar gebly het.[1]) Dit is vanselfsprekend, dat daar na 1657 nog 'n groot persentasie van woorde via Nederlands in Afrikaans gekom het, maar in die geval van leenwoorde, wat vandag in Nederlands sowel as in Afrikaans voorkom, en nie voor 1657 in Nederlands te vind is nie, moet ons rekening hou met die moontlikheid van afsonderlike ontlening. Dan kan die waarskynlike weg van ontlening alleen gevind word deur 'n ondersoek naar die betekenisinhoud en gebruiksfere van sulke woorde.

Is dit nodig om vir die beoordeling van oorerwing uit Nederlands ook 'n "terminus a quo" aan te neem? Miskien wel. 'n Woord, wat in Middelnederlands voorkom, kon voor die middel van die 17e eeu onder die invloed van allerlei faktore al weer uit Nederlands verdwyn of 'n ander betekenis aangeneem het. Woorde word nou eenmaal nie soos lewenslose meubelstukke by testamentêre beskikking aan die nageslag oorgelaat nie. Hulle lewe in die mond van die volk, wat hulle gebruik, en moet dus in verband met die volksgeskiedenis bestudeer word, m. a. w. die taalstudie moet op 'n kultuurhistoriese basis berus. Dan moet ons die vraag stel: watter gebeurtenisse van algemene belang in verband met die geskiedenis van ons Afrikaanse stamouers voor 1657 gee ons 'n maatstaf vir die vasstelling van 'n begingrens van ons oorgeërfde taalmateriaal? Miskien kan ons as 'n geskikte begingrens aanneem die verhuising van groot getalle van Suid-Nederlanders naar Noord-Nederland waarmee 'n nuwe periode in die Nederlandse volksgeskiedenis en kultuurontwikkeling begin.[2]) Maar ook hierdie historiese grens kan enige jare later gestel word, en dan dink ons veral aan die opkoms van die Nederlandse seemag en seehandel. Die N. O. I. K., waarvan die nedersetting aan die Kaap uitgegaan het, is eers in 1602 tot stand gekom, maar gedurende die periode van die "wilde vaart", wat voorafgegaan het, was seetogte gemaak naar Noord en Suid, naar Oos en Wes. In 1595 het die eerste Nederlandse handelsvloot onder CORNELIS HOUTMAN om Suid-Afrika's suidhoek naar die Ooste geseil, en in 1597 was die skepe terug in die hawens van *patria*. Dit was 'n gebeurtenis

[1]) Vgl. S. KALFF — "Koloniale Idiomen" (N. T. XIV 88 vgg. en 133 vgg.)
[2]) Vgl. J. W. MULLER — "Spreektaal en schrijftaal in het Nederlandsch' ("Taal en Letteren" I blds. 211 vgg).

van die allergrootste betekenis vir Nederland en vir Suid-Afrika: vir Nederland, omdat daarmee die opkoms van die Nederlandse seemag en seehandel ingelui is; vir Suid-Afrika, omdat dit tot gevolg sou hê die stigting aan die suidhoek van Afrika van 'n verversingsoord vir die skepe van die N.O.I.K., en alles wat daaruit sou volg. Tussen 1597 en 1657 lê 'n periode van sestig jaar, 'n menseleeftyd, en dit was die glorietydperk van die Nederlandse taal- en letterkunde, sowel as van die Nederlandse seemag en seehandel — die periode van LINSCHOTEN af tot aan "LUCIFER".

Om 'n regte begrip te kry van ons Afrikaanse erfgoed moet ons dus veral 'n studie maak van die algemene kultuurkondiesies en van die Nederlandse taal- en literatuurgeskiedenis in die besonder gedurende die periode 1597—1657. 'n Eerste vereiste is 'n rekonstruksie uit die nog beskikbare bronne en gegewens van die Nederlandse volkstaal van die eerste helfte van die 17e eeu, en dan kan ons begin met die vraag te stel: in hoever word die volkstaal weerspieël in die literatuur van die periode 1597—1657?

In die Nederlandse literatuurtaal van hierdie periode sien ek drie stromings, wat op dieselfde eindpunt moes uitloop, namelik die bereiking van 'n "Algemeen Beskaafd". Die eerste taalstroming sal ek noem die *sentraliserende* neiging, wat bestaan het in die vermyding van 'n dialekties gekleurde taalgebruik. PONTUS DE HEUITER het reeds sy „Nederlants over vijf en twintig Jaren gesmeet uit Brabants, Flaems, Hollants, Gelders en Cleefs."[1]) Prof. DE VOOYS betwyfel dit of de Heuiter's rigting deur die meeste gevolg is, „maar drukkerscentra als Antwerpen, de stad van de Plantijns en de Elseviers en van de Hollandse steden kregen een toenemend overwicht" ("Spreken en Schrijven", blds. 11).

Skrywers, skoolmeesters, geleerdes en drukkers neem almal deel aan 'n taalbeweging, waarvan die doel is "regelmaat en vastheid in de schrijfwijze, vooral ten bate van de drukkunst..."[2]) Maar terwyl in Suid-Nederland

---

[1]) Vgl. Prof. J. TE WINKEL — "Gesch. d. Ndl. Taal" blds 23.

[2]) Vgl. Prof C. G. N. DE VOOYS — "PONTUS DE HEUITER, een taal- en spellinghervormer uit de zestiende eeuw" (N. T. XI blds. 2), en vgl. verder "Uit de jeugd van onze Spraakkunst" (N. T. XI bldss. 209, 273 vgg).

die sentralisasie, die vermyding van dialektiese woordgebruik, teëgehou word deur die konkurensie van Gents, Brugs en Brabants, kom in Noord-Nederland die bekende "*Twespraack*" die gesag vir Hollands opeis. Die skeiding tussen Noord en Suid het die sentralisasie in Noord-Nederland bevorder; maar Hollands kon eers die basis van die nagestreefde "Algemeen Beskaafd" word, na die inenting daarop van Vlaams-Brabants.[1]) Dat Hollands na 1625 die oorwig sou kry, en dat die taalgebruik van 'n digter soos VONDEL en van die Bybelvertalers daarby 'n groot rol gespeel het, is ook bekend. Die vorming van 'n algemeen beskaafde Spreek- en Skryftaal het sy beslag gekry gedurende die periode 1597—1657, en was o.a. die gevolg van 'n sentralisasiebeweging, wat omstreeks die middel van hierdie periode sy toppunt bereik het.

Naas die sentraliserende kan genoem word die *puristiese* taalbeweging. Terwyl die eerste gerig was teen die gebruik van dialektiese woorde en uitdrukkings, was die twede gerig teen die gebruik van vreemde woorde. 'n Sentraliserende taalbeweging is gewoonlik die natuurlike gevolg van algemene kultuurbehoeftes; 'n puristiese taalpolitiek spruit in die reël uit nasionale reaksie en politieke oorwegings.[2]) So'n puristiese taalbeweging is maar al te dikwels eensydig, omdat dit selde onderskeid maak tussen vreemde woorde, wat al en wat nog nie burgerreg verkry het nie, tussen wat slordig, onnodig of onbeholpe is en wat in werklik bestaande behoeftes voorsien, soos naamgewing aan vreemde produkte en importe, spesialisering van betekenis of nuansering van gevoelswaarde.

In die meeste gevalle word so'n puristiese beweging om politieke redes net teen vreemde woorde van 'n bepaalde herkoms gerig, sodat 'n vreemde woord deur 'n ander vreemde woord van 'n ander afkoms vervang word. So het in die bogenoemde periode ook die Nederlandse puriste te werk gegaan: hulle purisme was gerig teen vreemde woorde van Latynse en Franse herkoms, en nie teen dié van Hoogduitse afkoms nie. Inteendeel, "de taalzuiveraars verzetten zich niet alleen niet tegen dien

---

[1]) Vgl. Prof. C. G. N. DE VOOYS — "Spreken en Schrijven", blds. 12. Volgens J. W. MULLER was in die skryftaal die Vlaams-Brabantse bestanddele moontlik selfs belangriker as die Hollandse (vgl. "Spreektaal en Schrijftaal in het Ndl.", "Taal en Lett." I 212).

[2]) Vgl. L. PEARSALL SMITH — "The English Language" blds. 55 vgg.

invloed, maar begunstigden dien, daar zij opzettelijk aan het Hoogduitsch woorden wilden ontleenen, om daarmede de Fransche en Latijnsche te vervangen". [1]) 'n Taalpuristiese beweging met hierdie uitgangspunt en hierdie einddoel loop deur die werke van digters soos VONDEL en BREDERO maar veral van HOOFT, van woordeboekskrywers soos KILIAEN, JAN VAN DER WERVE en LOD. MEIJER, van spellinghervormers en skrywers van spraakkunste soos COORNHERT, SPIEGHEL, PLEMP e.a., van geleerdes soos HUGO DE GROOT en SIMON STEVIN, [2]) van die Bybelvertalers en van die meeste skrywers van enige betekenis gedurende die eerste helfte van die 17e eeu. In 1650 kon VONDEL dan ook skrywe: "Onse spraack is sedert weinige jaren herwaert van bastertwoorden en onduitsch allengs geschuimt en gebouwt". Hierdie bewering is alleen betrekkelik waar, en dan nog alleen as ons ons op die eensydige standpunt van die 17e eeuse puriste stel. Ten opsigte van die instroming van Hoogduitse en Oosterse woorde is hierdie bewering van VONDEL beslis onwaar.

Daar moet boënop nog rekening gehou word met 'n derde stroming in die literatuurtaal van ons periode, en wel met die *klassistiese* neiging in die skryftaal van die tyd.

Al was die puristiese beweging gerig teen die gebruik van Latynse en Franse woorde, in woordvorming, woordskikking en stylwending het die meeste skrywers maar al te dikwels nog van klassieke voorbeelde uitgegaan. Geleerdes, digters, Bybelvertalers, predikante en skoolmeesters het hulle almal daaraan skuldig gemaak [3]) Dit was natuurlik minder puristies, maar geleerdes kon hulle maklik oor die skynbare teenstrydigheid vir hulle tyd heenset, want volgens hulle taalopvatting was Nederlands 'n baie suiwerder taalvorm as Latyn of Grieks. Vir die 17e eeuers het die betekenis van die klassieke skrywers meer in hulle ervaring en beroemdheid as skrywers dan in hulle taal gelê. ARCHIMEDES moes maar met Grieks opsukkel, terwyl SIMON STEVIN in Nederlands 'n baie volmaakter taal tot sy beskikking gehad

---

[1]) Prof. J. TE WINKEL — "Gesch. d. Ndl. Taal," blds. 222, vgl. § 63 blds. 215 vgg.

[2]) Vgl. K. W. DE GROOT — "Het purisme van SIMON STEVIN" (N. T. XIII).

[3]) Vgl. Prof. C. G. N. DE VOOYS — "De invloed van de renaissancespraakkunst in de zeventiende eeuw" (N. T. XII), en vgl. "Uit en over oude Spraakkunsten," (N. T. XIV.)

het. Vir KILIAEN was Nederlands 'n onverminkte taal, terwyl Latyn maar net 'n verbastering was, en vir BECANUS was sy moedertaal die oertaal van die paradys[1]). Soos die taal van CICERO vir die Humaniste die model van 'n volmaakte styl was, so sou die Nederlandse skrywers naar antieke voorbeelde uit die eie taalmateriaal 'n eie volmaakte skryftradiese skep. "Een opzettelike en bewuste strenge splitsing van taal-voor-het-spreken en taal-voor-het-schrijven was aan de 17e eeuw nog vreemd", sê Prof. DE VOOVS, maar hy erken: "daarnaast werkt allerlei traditie en konventie: in de stadhuis- en diplomatentaal, in de rederijkerstaal, in de bijbeltaal van theologen, in de gelatiniseerde taal van het vertoog, het geschiedverhaal en de brief in renaissance-trant".[2])

Wat moes nou die algemene gevolge vir die literatuurtaal van die sentraliserende, puristiese en klassistiese neiginge gewees het? Een van die hoofresultate was ongetwyfeld 'n verwydering tussen die beskaafde spreektaal en die literatuurtaal, maar meer nog tussen die volkstaal en die boeketaal. Vir ons kennis van die taalgebruik van die Afrikaanse stamouers, uit die minder ontwikkelde volksklasse afkomstig, is die 17e eeuse literatuurtaal dus waarskynlik die swakste bron. Van die dialekties gekleurde omgangstaal, van die volkstaal in al sy lokale en sosiale strata, van die taal van burger en boer, van sakeman en seeman, van al die reënboogkleure van die 17e eeuse volkstaal kry ons in die algemene literatuur al heel weinig te sien.

Maar in Nederland kon die literatuurtaal en die volkstaal nog altyd enigsins voeling met mekaar hou, in Suid-Afrika was die kontak so goed as afgesny deur isolement en gebrek aan goeie skoolonderwys, deur afwesigheid van toneel en lektuur. Die Nederlandse volkstaal moes in die stamland en in die nuwe vaderland van die middel van die 17e eeu af twee afsonderlike ontwikkelingsweë inslaan, en ten slotte baie van mekaar gaan verskil. Nog groter moes die onderskeid word tussen die Afrikaanse spreektaal en die Nederlandse "Algemeen Beskaafd".

Dit moet dan ook as 'n metodiese fout beskou word by Dr. VILJOEN, dat hy vir 'n verklaring van die oorsprong van

[1]) Vgl. A. KLUYVER — "Proeve eener Critiek op het Woordenboek van KILIAEN," bldss. 30 en 43.

[2]) Vgl. Prof. C. G. N. DE VOOYS — "Spreken en Schrijven", blds. 12, en 13.

Afrikaans uitgegaan het van die taal van 'n digter soos VONDEL. Dit het Dr. BOEKENOOGEN egter reeds gesien en gesê[1]).

Vir 'n rekonstruksie van die 17e eeuse volkstaal hoef die literatuurtaal tog nie heeltemal verwaarloos te word nie, want die volkslewe en volkstaal word daarin nog weerspieël, hoewel die beeld wat ons daarin van die volkstaal kry om die bogenoemde redes minder betroubaar is.

Eers kan ons dan ondersoek die taal van die 17e eeuse algemene literatuur, waarin die spraakgebruik van die Afrikaanse stamouers natuurlik weinig tot sy regte gekom het. Dan kom in aanmerking die taal van die Statebybel waarvan dieselfde geld as van die literatuurtaal, maar terwyl die Afrikaanse stamouers in baie beperkte mate met die 17e eeuse literatuur in aanraking gekom het, was hulle verhouding heeltemal anders teenoor die Statebybel, wat 'n groot invloed op hulle geesteslewe en spraakgebruik uitgeoefen het. Ten slotte kom in aanmerking die taal van die 17e eeuse klugte en liedere, waarin die volks- en seemanstaal beter verteenwoordig is, en waarmee die volksklasse in nouer aanraking gewees is as met ander literatuursoorte,[2]) met uitsondering van die Statebybel.

Alleen dié woorde kan hier behandel word, wat in Nederlands en Afrikaans 'n min of meer aparte loopbaan gehad het. So het verskillende vreemde woorde pas in die periode 1597—1657 in Nederlands burgerreg verkry, en in die literatuurtaal 'n plek verower. Sommige het hulle daar gehandhaaf tot vandag toe, ander het weer uit die skryftaal verdwyn. Ook dialektiese woorde kon opgang maak en 'n plek in die "Algemeen Beskaafd" verower, en omgekeerd kon woorde uit die skryftaal 'n minderwaardige gevoelswaarde kry. Ander woorde weer was voor die middel van die 17e eeu in Nederlands al argaïsties, en is sedert uit die skryftaal verdwyn, of alleen as fossiele bewaar gebly. Verskillende woorde kon hulle alleen in gebruik handhaaf deur betekenisverandering. Al sulke woorde, wat in Nederland aan allerlei skommelinge onderhewig was, het 'n kans gekry om in Suid-Afrika 'n nuwe loopbaan te begin, en by

---

[1]) Vgl. Dr. BOEKENOOGEN — "Afrikaansch en Noordhollandsch" (Album-Kern, blds. 245.)

[2]) In die klugte het die "Hollandse" spreektaal meer tot sy regte gekom as in die meer "Vlaams-Brabants" gekleurde literatuurtaal (vgl. J. W. MULLER in "Taal en Lett." I 225).

geskiktheid geskiedenis te maak. Dit is die geskiedenis van sulke woorde, wat veral moet ondersoek word. Die gros van Afrikaanse woorde, wat hulle oorspronklike vorm, betekenis en funksie behou, of alleen vorm- en klankverandering ondergaan het, eis g'n kommentaar nie.

Alle woorde kan natuurlik ook nie met dieselfde breedvoerigheid behandel word nie, en alleen waar meningsverskille kan voorkom, word die bepaalde bron opgegee. Verder word in hoofsaak rekening gehou met die soort van bronne, waarin die bepaalde woorde voorkom, met hulle verskillende lotgevalle in Nederlands en Afrikaans, met hulle gebruiksfere en gevoelswaarde. So kry ons in die taal 'n refleksbeeld van die saamhorigheid van en die verskil tussen die Nederlandse en die Afrikaanse volk.

---

§ 1. Uit die 17e eeuse literatuurtaal. [1])

'n Aantal woorde uit die 17e eeuse literatuurtaal in verband met die boerelewe en boerebedryf verdien hier vermelding. In verband met die veeboerdery in groot-, klein- en pluimvee kan hier genoem word die woorde: *blaar*, *blom*, *ster*, *muil*, *esel*, *bok*, *geit*, *gus*, *kween*, *uitgeleg*, *brons*, *onredelik*, *redeloos*.

Blaar kom in die 17e eeu voor vir die bles aan 'n koei se voorkop, sowel as soortnaam vir sulke koeie en as eienaam van so'n koei, deur KILIAEN omskrywe as "vacca nigra, sed fronte alba". In hierdie betekenisse word die woord vandag nog in Ndl. gebruik, veral in die volkstaal, maar in Afrik. is dit my alleen as eienaam, *Blaar* of *Blaartjie* bekend. Vir die kenmerk self word in Afrik. min of meer in ooreenkoms met die Ndl. betekenisse, die benaminge *bles*, *kol* en *vlek* gebruik naarmate die merkteken langwerpig, rond of onreëlmatig is. Daarnaas kom die "dwandwa"-samestelling *kolbles* voor, wat my in Ndl. onbekend is, en in Afrik. gewoonlik gesê word van 'n perd met 'n *kol* en 'n *bles*. Naas *Blaar* en *Blaartjie* kan as koeinaam genoem word *Blom* of *Blommetjie*, wat vroeër in Ndl.

---

[1]) Onder *literatuurtaal* wil ek hier verstaan hê die taal van treurspel, poësie, Bybelvertaling, geskiedskrywing ens., 'n taal wat "van bastertwoorden en onduitsch geschuimt en gebouwt" is (VONDEL), en 17e eeu is hier = 1597—1657.

ook soortnaam was en deur KILIAEN beskrywe word as "vacca maculosa".

In Afrik. word *Blaartjie, Blommetjie* en *Lappie* meermale as gelykbetekenende koeiname gebruik, maar hiervan is laasgenoemde naam my in Ndl. onbekend, wat egter nog nie 'n afdoende bewys is, dat dit nie in een of ander Ndl. dialek voorkom nie[1]). In al sulke gevalle kan die later uitkomste van die Ndl. dialektologie ons nuwe gegewens verskaf. Was *blaar* vroeër die gebruiklike benaming vir die vlek aan 'n koei se voorkop, dan was *ster* die benaming vir die voorkop self, en dikwels vir die bles op 'n perd se voorkop. Hierdie woord is my in Afrik. alleen nog bekend in die samestelling *sterband*, dié deel van 'n perdetoom of van 'n perdetrens, wat om die perd se voorkop gaan, en ek glo, dat die volksetimologie baie te doen het met die behoud van die woord *ster* in *sterband*.[2])

In Ndl. word 'n *muildier* of *muil* ("equus mulus") van 'n *muilezel* of *ezel* ("equus hinnus") onderskei, maar in Afrik. word *muil* en *esel* gewoonlik gelykbetekenend gebruik naas die minder algemeen gebruiklike samestellinge *muildier* en *muilesel*. Sover my bekend is, word in die westelike provinsie van die Kaap Kolonie, waar meer met muile gewerk en geboer word as in die Vrystaat en Transvaal, ook soms 'n onderskeid gemaak tussen *muile* en *esels*. Maar *muil* en *esel* kan in Afrik. maklik gelykbetekenend gebruik word, omdat, wat in Ndl. 'n *esel* heet, in Afrik. gewoonlik 'n *donkie* genoem word. Hier kon die Eng. woord alleen gehelp het om in Afrik. te bestendig, wat vroeër in Ndl. ook gebruiklik was, want Linschoten praat b. v. van "*muylen oft esels*" ("Itinerario" I blds. 22), en bedoel daarmee vermoedelik dieselfde diere. In so'n geval is te verwagte, dat in Afrik. een van die twee woorde *muil* of *esel* verlore sal raak, of dat op 'n ander manier as in Ndl. 'n betekenisonderskeid tussen hulle sal gemaak word.

So onderskei Ndl. vandag tussen *bok* en *geit*, maar in die 17e eeu was *bok*, soos vandag nog in verskillende dialekte, gemeenslagtig, en in die 17e eeuse reisbeskrywings word nes vandag nog in enkele dialekte van *bokmelk* gepraat. In Afrik. het *bok* fortuin gemaak en kom die woord,

---

[1]) In die dialek van Kampen en omstreke het ek dan ook gevind: *lapkop* ("beest met half witten kop." GUNNINK, blds. 160.)

[2]) Daar word gewoonlik gedink aan die stervormige versiersels aan die perdetrens.

behalwe in die samestellinge, wat ook nog in Ndl. of in verskillende dialekte bestaan, soos *bokram* en *bokmelk*, voor in 'n groot aantal nuwe samestellinge, soos *bokooi*, *bokkapater*, *bokkraal*, e. a. Verder kom *bok* in Afrik. voor in plekname, soos *Bokveld*, en as soortnaam vir verskillende soorte van antilope, waaroor later. Hier moet opgemerk word, dat die verskil tussen *bok* (vee) en *bok* (wild) waarskynlik deur die spraakmakende gemeente nog duidelik gevoel word, soos blyk uit die verskillende samestellinge van die twee woorde. 'n *Bokram* word gesny, 'n *bokooi* gemelk, en altwee word geskeer, maar 'n *rambok* en 'n *ooibok* word op die jag geskiet, en *wildvleis* word nie *bokvleis* genoem nie. Die fortuin van *bok* het aan *geit* nie 'n nuwe loopbaan in Afrik. belet nie, maar waarskynlik juis bevorder, want 'n aanvallige meisie heet, veral in die studentetaal, 'n gawe *geit*.[1]) In hoever ironie of volkshumor 'n rol gespeel het in die ontwikkeling van hierdie eienaardige betekenis van *geit*, is moeilik om uit te maak; maar waar *bok* die betekenisse van *bok* en *geit* op sy skouers geneem het, daar was *geit* vanself daarop aangewys om 'n nuwe werkkring te soek.

Aan die ander kant word die woord *gust* vandag in Ndl. in 'n minder skerp omlynde en beperkte betekenis as vroeër gebruik. Vandag word dit in Ndl. gesê van koeie en hoenders, en selfs van bome en kos, maar vroeër, sover ek kon nagaan, alleen van diere. In Afrik. is die woord my alleen bekend in die samestelling *gusooi*, 'n skaap- of bokooi, wat onvrugbaar of te oud is om 'n lam te hê. So word in Ndl. 'n onvrugbare of 'n ou vrou 'n *kween* genoem, 'n benaming wat in Suid-Ndl. selfs op enige lastige vrou toegepas word, terwyl Noord- en Suid-Ndl die woord toepas op verskillende soorte van onvrugbare diere. *Kween* word in Afrik. ook van 'n onvrugbare vrou gesê, maar op 'n ou vrou of op 'n lastige vrou het ek dit nog nie hoor toepas nie. In Afrik. skyn die neiging te bestaan om *kween* te beperk tot die groter dieresoorte, soos merries en koeie, en *gus* tot die kleiner veesoorte, soos skaap- en bokooie. Is dit toevallig? Ek wil hier 'n moontlike verklaring aan die hand gee, wat alleen die waarde van 'n suggestie het, en niks meer nie.

[1]) Vgl. die Franse benaming *chèvre* (DE COCK — "Spreekw." blds. 293). Volgens mededeling word 'n vryer ook 'n *bok* genoem, en word *bok* ook as w. w. gebruik (= vry).

PETTMAN het die woord *gus* in *gusooi* net op die betekenis af van Hot. *nos* afgelei („eine unfruchtbare Ziege oder Schafmutter", vgl. KROENLEIN, blds. 257). Hierdie verkeerde afleiding is egter reeds tereggewys deur Prof. J. J. SMITH (vgl. "Brdwg." 1 Des. 1913 blds. 398). As PETTMAN die klank sowel as die betekenis van die woord in aanmerking geneem het, dan kon hy miskien eerder gedink het aan Hot. *gus* („die Schafherde", vgl. KROENLEIN 129). Die Hot. woord *gus* kom ook nog voor in die wisselvorme *guti* en *goudi* (vgl. MEINHOF, blds. 33), en beteken skaap sowel as skaapkudde. Waar die Hottentotte gedien het as skaapwagters, daar lyk my die kans vir wedersydse beinvloeding van twee in betekenis en klank so nou ooreenstemmende woorde as Hot. *gus* („skaap, skaapkudde") en Ndl. *gust* („onvrugbare dier", dus ook "onvrugbare skaapooi") nou nie so baie onnatuurlik of onwaarskynlik nie. Kan die Hot. *gus* miskien daartoe bygedra het om die Ndl. *gust* in Suid-Afrika veral tot skaapooie te beperk, en in die samestelling *gusooi* te bewaar? Onmoontlik is dit nie, en dan kan die neiging om *kween* tot die groter dieresoorte te beperk 'n natuurlike gevolg van die beperking van *gus* wees.

Naas 'n *gusooi*, wat, soos hierbo gesê is, ook 'n uitgelamde ooi sowel as 'n onvrugbare ooi kan wees, kan ons 'n *uitgelegde hen* noem, 'n woord, wat vroeër waarskynlik algemeen bekend was, en wat nog in Suid-Ndl. [1]) en Afrik. gebruik word. KILIAEN gee nog 'n *uitgheleghde hinne* op as „gallina effoeta".

Brons en *bronstig* vertoon dieselfde neiging in Afrik. as *gus* en *kween*, namelik om tot bepaalde dieresoorte beperk te word. Dit is vermoedelik die gevolg van die minder gunstige betekenis van *brons* en *bronstig*, wat in Afrik. by voorkeur gesê word van varke en bobbejane, en daarnaas van honde en katte. Op voëls, soos in Ndl., het ek dit b.v. nog nie hoor toepas nie. Aan die ander kant is *onredelik*, van diere gesê, in Ndl. verouderd en deur *redeloos* vervang, terwyl die twee woorde *onredelik* en *redeloos* in hierdie gebruiksfeer in Afrik. nog as gelykwaardig bestaan.

Naas die veeboerdery lewer die landboubedryf en die bodem 'n aantal woorde op wat vermelding verdien, soos

---

[1]) Vgl. D. CLAES. — "Lijst van bij KILIAEN geboekte en in Zuid-Nederland voortlevende Woorden," blds. 67.

baara, bloeisel, blaar, sekel, sens, mik, dolwe, bult, watervoor en *fontein.* In Ndl. lewe *baard* in die sin van die are van verskillende soorte gras- en graangewasse nog voort in die samestellinge *baardgras baardgerst* e. a. en in Afrik. bestaan nog, behalwe *baard*, die toutologiese samestelling *baardaar*, en verder *baardhawer, baardkoring* e. a.

Terwyl *bloeisel* vandag in Ndl. enigsins verouderd is, geld dit in Afrikaans as die gebruiklike woord vir die oopgaande blomme aan vrugtebome. In Afrikaans word gepraat van die *blaar* van 'n boom, en in Ndl. van die *blad.* Maar KILIAEN gee reeds die vorm *blader* op as 'n verouderde vorm ("vetus"), waarby KLUYVER aanteken: "Van een'dergelijken singularis heeft niemand ooit gehoord" (blds. 97).[1] Is dit nie waarskynlik nie,dat Afrikaans die vorm bewaar het, wat in die begin van die 17e eeu reeds in Ndl. verouderd was, en sedert verlore geraak is? 'n Ander vraag is, wat KILIAEN hier met "vetus" bedoel: verouderd in die spreektaal of in die skryftaal? As die woord alleen in die 17e eeuse skryftaal verouderd was, dan kan Afrikaans *blaar* bes moontlik 'n oorgeërfde enkelvoudsvorm wees, en dan sou dit 'n bewys meer wees vir KLUYVER se opmerking: "KILIAEN moet de levende taal uit den mond des volks hebben opgevangen" (blds. 27). Maar as "vetus" by KILIAEN op die volkstaal slaan, dan wen die moontlikheid van 'n selfstandige ontwikkeling van die enkelvoudsvorm *blaar* in Afrikaans aan waarskynlikheid. As KLUYVER die Afrikaanse singularis *blaar* geken het, dan sou hy hom miskien versigtiger oor KILIAEN se *blader* uitgelaat het[2].

In *sens* hoef ons nie 'n Afrik. ontlening uit Duits te sien nie, want die vorme *zein, zen, zens* kom al in die 17e eeu voor naas *zeis*, nes *sekel* naas *sikkel.* Terwyl *zeis* en *sikkel* vandag die gebruiklike vorme in die "Algemeen Beskaafd" is, kom *sens* en *sekel* nog in Ndl. dialekte en in Afrik. voor. Wat Afrik. betref, moet ek daarop wys, dat *sekel* oral in die land bekend is, maar dat die woord *sens* meer in die Boland as in die Onderveld ge-

---

[1]) Vgl. die enkelvoudsvorme: *spaander* en *lover.*

[2]) Oor die betekenisse, wat KILIAEN vermoedelik aan "*vetus*" en "*vetus flandricum*" geheg het, vgl. A. KLUYVER — "Proeve eener Critiek op het Woordenboek van KILIAEN," en J. JACOBS — "De verouderde Woorden bij KILIAEN."
Hy gebruik die terme ongelukkig meermale om homself uit 'n moeilikheid te help.

bruik word. In die Boland word hawer, koring en ander sulke graangewasse gesaai, wat met 'n maaimasien, met 'n sens of 'n sekel afgemaai word. In die Onderveld word veral mielies gesaai, by die afoes waarvan 'n sens nie te pas kom nie. Die hawer en koring, wat in die Onderveld op 'n kleiner skaal as in die Boland gesaai word, kan natuurlik ook met 'n maaimasien of 'n sens afgemaai word, maar gewoonlik word dit deur Kaffers met 'n sekel afgesny. 'n Sens word dus in die Onderveld betreklik selde gebruik, ook omdat daar dikwels met baarkaffers gewerk word, en 'n sens meer handigheid en vaardigheid as 'n sekel vereis. Sulke faktore het m. i. die gebruik van die voorwerp, sowel as van die naam *sens*, tot bepaalde streke van die land help beperk.

Omtrent die woord *mik* sê Dr. HESSELING: "Nog thans is 't woord in de beteekenis "gaffelvormige steunbalk" gewestelijk in Nederland bekend...." ("Het Afrikaansch". blds. 43, aant. 2). Vir die gewestelike gebruik verwys hy naar BOEKENOOGEN's "Zaansche Volkstaal", en vir die vroeër gebruik naar WINSCHOOTEN's "Seeman". Hy gee die indruk, asof *mik* vroeër in die seemanstaal gelewe het, en vandag in Ndl. alleen nog gewestelik bewaar is. Maar VONDEL, HOOFT en Bredero gebruik die woord in hierdie betekenis, en 'n mens kry uit die 17e eeuse geskrifte die indruk, dat die woord allesbehalwe tot die seemanstaal beperk was, maar in die skryftaal tamelik algemeen in gebruik was in die sin van die mik van 'n boom sowel as in dié van 'n gaffelvormige steunbalk. In Afrik. het die woord egter fortuin gehad, en kom dit voor in allerlei samestellinge soos *mikstok*, *mikhout*, *mikpaal*, e. a. — dinge, wat meesal by die boerebedryf te pas kom. Ook die stok van 'n rekker heet 'n *mikstok* of 'n *mikstokkie*.

In verband met die boerebedyf word ook die werkwoord *dolwe*, *dolf* gebruik, wat in Afrikaans gewoonlik vir 'n opgeskowe verledetydsvorm aangesien word. So teken Dr. E. C. PIENAAR by die woord *verloor* aan: "De ned. imperfecta *verloor* en *dolf* worden in Afrik. in praesens bet. gebruikt" ("Dichters uit Zuid-Afrika", blds. 126).[1] Maar *dolven* en *delven* bestaan in die 17e eeu reeds as wisselvorme altwee met presens betekenis [2]. Op die verskil

[1] So reeds vroeër Dr. HESSELING — "Het Afrik." blds. 147.
[2] Vgl. MEYER — "Woordenschat." blds. 780, en veral KILIAEN s. v. *dolven*.

in gebruiksfeer van *dolwe, dolf* en *delwe, delf* in Afrik. moet egter gelet word. *Dolwe* word hoofsakelik in die Boland gebruik, veral in verband met die omspit van wingerde (vgl. ook *dolfland*); in die Onderveld is dit minder bekend. In die Onderveld is weer die vorm *delwe* meer in gebruik, veral in verband met die grawe naar diamante op die delwerye. In verband met die maak van 'n put of sloot word gewoonlik die werkwoord *grawe* gebruik, en in verband met die tuinbewerking die werkwoord *spit.* In Afrik. is daar dus min of meer 'n spesialisering van betekenis en gebruik in die geval van *dolwe, delwe, grawe* en *spit.* In Afrik. is dus die verouderde vorm *dolwe* gewestelik bewaar gebly in verband met die wynbou, wat van die begin van die Afrikaanse volksgeskiedenis af dateer.

Bult kom in die 17e eeu voor in die betekenis van "heuvel", wat dit in Ndl. in die dialektiese spraakgebruik nog besit, terwyl dit in Afrik. byna uitsluitend in hierdie sin gebruik word. *Heuwel* lewe in Afrik. hoofsakelik in die poësie en in plekname. Daarenteë is *watervoor,* wat in die 17e eeuse skryftaal voorkom, nou nog net in Vlaams en Afrik. bewaar.

Fontein het in Ndl. betekenisbeperking ondergaan, maar word in Afrik. soos meermale in die 17e eeu, in die ruimer betekenis van waterbron in die algemeen gebruik. Hierdie woord het in die Afrikaanse droogland geskiedenis gemaak, soos ons by die behandeling van die Afrikaanse plek- en plaasname sal sien. Terwyl *plaas* in Afrik. meesal in die beperkte betekenis van boereplaas gebruik word, soos in Gronings en Fries, het *plek* die ruimer betekenis van *plaas* op hom geneem, wat in die 17e eeu reeds meermale die geval is. So is allerlei woorde in verband met bodem en bedryf in hulle 17e eeuse betekenis in Afrik. bewaar gebly, of het hulle sedert die 17e eeu in Ndl. en Afrik. verskillende loopbane gehad.

In die daaglikse omgangstaal sien ons dieselfde historiese skommelinge as in die terminologie van die boerebedryf. Voorbeelde daarvan vind ons in *opstal, stoof, aks, feil, aptyt, aanpresenteer, wyl, tas, omsons, gans en gaar, aandag, Kretie en Pletie, genant, braaf.* Die beboude deel van 'n Afrikaanse boereplaas heet die *opstal,* maar in die 17e eeu het die woord reeds in Suid-Ndl. 'n ongunstige betekenis gehad (vgl. KIL.), en dié ongunstige

betekenis het dit in Suid-Ndl. nog behou (vgl. CLAES, blds. 50). Verskil Suid-Ndl. in hierdie geval van Noord-Ndl. en Afrik., dan vertoon Afrik. en Suid-Ndl. in 'n ander geval weer nouer ooreenstemming teenoor Noord-Ndl. So word *stoof* reeds in Mnl. nes in Afrik. gebruik vir ,n voetstoof, en lewe dit in die betekenis van kaggel en fornuis nog voort in Suid-Ndl. en Afrik. In die geval van Afrik. hoef ons daar dus nie 'n ontlening uit Engels in te sien nie, hoewel dit die moontlikheid van 'n later ontlening uit Engels nie uitsluit nie. Die moeilikheid, waar ons voor staan in sulke gevalle, is die gebrek aan skriftelike dokumente in Afrik. voor die 19e eeu. 'n Mens sou b.v. graag wil weet of *stoof* werklik die gebruiklike benaming vir 'n fornuis was in Suid-Afrika voor die 19e eeu.[1]) By gebrek aan nader gegewens het ons seker minstens net soveel, en miskien meer, reg om aan oorerwing te dink as aan ontlening, veral waar *stoof* vandag nog in Suid-Ndl. gebruik word.

'n *Aks* („groot houtbyl") word nog in Afrik. soos vroeër onderskei van 'n gewone byl, en ek kan hier g'n rede sien om aan Engelse beinvloeding te dink nie. Afrik. het in hierdie geval dus 'n Ndl. betekenis-spesialisering suiwer bewaar (vgl. Ndl. Wdbk.).

In die "Algemeen Beskaafd" het *dweil* en *dweilen* sedert die 17e eeu *feil* en *feilen* min of meer vervang, maar in Afrik. is nog bekend *feil*, *opfeil*, *feillap*, *feildoek* ens.[2])

Aptyt kom in verskillende van die 17e eeuse lyste van basterwoorde voor, wat die puriste uit die skryftaal moes verban, maar ten spyte van die puristiese banvloek verskyn dit dikwels in die 17e eeuse literatuurtaal, en het dit in gebruik gebly (vgl. Ned. Wdbk.). Afrik. hoef die woord dus nie aan Eng. te ontleen het nie. So is ook *aanpresenteer* nie 'n Afrikanisme nie, maar 'n 17e eeuse kontaminasievorm ontstaan uit 'n samesmelting van *aanbied* en *presenteer*.[3])

In die geval van *wyl* ("sluier") staan ons voor presies dieselfde moeilikhede en moontlikhede as in die geval van *stoof* Woorde soos *stoof* en *wyl* kan dus oorgeërf wees

---

[1]) Volgens SCHONKEN (blds. 191) het die ou Kaapse huise nie 'n "stoof" geken nie

[2]) Volgens WINSCHOTEN was *feilen* in die 17e eeu Amsterdams (vgl. "Seeman", blds. 55). Vgl. egter BOEKENOOGEN i.v. *feil*, en Prof. STOETT in N. T. XIII 100.

[3]) Vgl. "De Unie" (Okt. 1905, blds. 173).

sonder meer, of oorgeërf en later weer beinvloed wees deur die gelykklinkende en gelykbetekenende Eng. woorde *stove* en *veil*, of in Afrik. tussen die 17e en die 19e eeu verlore geraak het en in die 19e eeu opnuut uit Eng. oorgeneem wees. Dieselfde geld, "mutatis mutandis," van 'n woord soos *tas*. In Ndl. word dit gebruik vir verskillende soorte sakke, soos 'n *geldtas*, 'n *skooltas* ens. In Afrik. is die woord in hierdie betekenis my onbekend: ek praat van 'n *geldbeurs*, 'n *geldsak*, 'n *boeksak*, 'n *bladsak* ens., maar nie van 'n *geldtas* of 'n *skooltas* nie. Maar die woord *tas* is my wel bekend in die sin van "sak" in die Swaapstories, wat van Duitse oorsprong is. Ek herinner my nog uit my vroegste jeug die Swaperympie: —

"Dit kom my van pas,
Ek steek dit in my *tas*."

Ek erken, dat die *rym* sowel as die Ndl. *oorlewering* van die Swaapstories net so goed as die Duitse *oorsprong* in hierdie geval die behoud en gebruik van die woord *tas* in Afrik. kan verklaar; maar moet ons dan in die geval van meer as een moontlikheid altyd net met een rekening hou? *Tas* kan ook eenvoudig oorgeërf wees en in Afrik. argaïsties geword het.

So kom *omsons*, *gans en gaar* of *gansegaar* en *gaar nie* miskien wel uit Duits,[1]) maar daar hierdie woorde en uitdrukkings reeds in die 17e eeuse literatuurtaal voorkom, kan hulle in Afrik. eenvoudig uit 17 eeuse Ndl. oorgeërf wees. VONDEL gebruik *omsonst* dikwels,[2]) en BREDERO *gants en gaar*, *geuse gaar*, *guyse gaar*, *gaaroes* (Hd. *gar aus*) en *gaar*[3]). Die moontlikheid van oorerwing in die geval van *gans en gaar* wen daardeur aan waarskynlikheid, dat *gans en gaar* ook in die Statebybel voorkom, waar dit vandag gewoonlik vervang word deur *gans en al* (b.v. in Jes. 56 : 3)[4]). Moeiliker word die beoordeling van *aandag* en *Kretie en Pletie*, waarin Dr. HESSELING Afr. ontleninge uit Hd. sien, omdat Afrik. hierdie woorde gebruik in betekenisse, wat nouer ooreenkoms met die Hd.

---

[1]) In die 17e eeu waarskynlik nie as Duits gevoel nie.
[2]) Vgl. Dr. W. L. VAN HELTEN — "Vondel's Taal," blds. 161, en DIFEREE — "Vondel's Werken" Dl. I blds. 80, 84, 93, 94, 133, 139 ens.
[3]) Vgl. OUDEMANS — "Bredero," blds. 114, 118, 129, 138, 498.
[4]) Vgl. A. DE JAGER — "Taalkundige Handleiding tot de Staten-Overzetting des Bijbels" blds. 40—41.

as met die 17e eeuse Ndl. vertoon.[1] *Aandag* word egter in die 17e eeu nie alleen in die sin van 'n „vroom gebed" gebruik nie, soos Dr. HESSELING sê, maar ook in die minder beperkte betekenis van 'n „vroom oorpeinsing"[2] wat weinig verskil van die Afrik. betekenis van "huisgodsdiens." *Kretie en Pletie* kom in VONDEL[3] in dieselfde betekenis as in die Statebybel voor, namelik as die „lyfwag van KONING DAWID", maar in Afr. word dit soos in Hd. gebruik in die sin van „Jan Rap en sy maat." Onmoontlik is dit dus nie, dat die bepaalde betekenisse, wat *aandag* en *Kretie en Pletie* in Hd. gehad het, aan hierdie woorde in Afr. 'n geykte betekenis gegee het, wat enigsins van die gedokumenteerde 17e eeuse betekenisse afwyk. Maar het sulke woorde nie miskien in die ongedokumenteerde 17e eeuse volkstaal 'n enigsins afwykende betekenisinhoud gehad nie? Die bestaan van hierdie woorde in die 17e eeuse skryftaal, en die moontlikheid van 'n enigsins afwykende gebruik daarvan in die destydse volkstaal, maak die moontlikheid van 'n later ontlening daarvan uit Hd. vir my onwaarskynlik. Die betekenisontwikkeling self kan altyd sekundêr wees, daargelate of dié selfstandig of deur Hd. beinvloed was.[4]

In die geval van *genant* en *braaf* het Afrik. die woorde in hulle gebruikelike 17e eeuse betekenisse bewaar, en is die hedendaagse min of meer ongunstige bybetekenisse, wat hierdie woorde ook in Ndl. het, in Afrik. onbekend.

So stam daar uit verskillende gebruiksfere 'n aantal woorde, wat in Ndl. verouderd geraak of uit die skryftaal verdwyn het, of anders 'n minder gunstige gevoelswaarde verkry het. In die meeste gevalle moet hulle dus aangeteken word as 'n verlies vir die Ndl. skryftaal, hoewel hulle deur ander ekwiwalente vervang is. As 'n wins vir Afrik. beskou ek hulle alleen, as hulle betekenisverskille en betekenisnuanses kan uitdruk, wat buiten die bereik van hulle plaasvervangers in Ndl. lê. Dan het hulle in Afrik 'n voorspoedige loopbaan gehad. So het *altemit(s)* in Afrik. 'n verjongingskuur gehad. *Altemit(s)* verteenwoordig die algemene uitspraak in Afrik., die uitspraak *altemet(s)* wat in Ndl. voorkom, word in Afrik. as plat beskou. Daarnaas kom voor, hoewel nie so algemeen nie, die vorme *altemitters*

---

[1]) Vgl Dr. HESSELING — "Het Afrikaansch" bldss. 82—83.
[2]) DIFEREE — "Vondel's Werken" Dl. II blds. 3, en [3]) Id. dl. II blds. 368.
[4]) *Aandag* word b. v. in die Ooste van Nederland in die Saksiese dialekte nes in Afrik. gebruik.

en *altemittertjies*, plat *altemetters* en *altemettertjies*. In LINSCHOTEN'S "Itinerario" kom die vorm *altemers* voor, waarby Prof. KERN aanteken: "Lees: *altemets*" (I blds. 98 aant. 1). Nou kan *altemers* hier natuurlik 'n skryf- of drukfout wees vir *altemets*, maar is dit nie miskien 'n wisselvorm van *altemets* en *altemetters* nie? Moet ons KILIAEN se *blader* en LINSCHOTEN se *altemers* nie met dieselfde maatstaf beoordeel nie? en is die studie van Afrik. in sulke gevalle nie 'n belangrike hulpmiddel vir die Ndl. taalwetenskap nie? "De taal van LINSCHOTEN," skrywe Prof. KERN, "in sommige opzichten *zeer ouderwetsch*, vooral wat de woordkeuze betreft, in andere *de platte dagelijksche uitspraak, die thans nog de gewone is, naderende*, verdient een bijzonder onderzoek, waarvoor het hier niet de plaats is" (bldss. XIV—XV. Ek kursiveer.) LINSCHOTEN se volkstaal kom dus tamelik goed met Afrik. ooreen, en bevestig my vermoede omtrent die vorm *altemers*.[1]) En *altemit(s)* het 'n voorspoedige loopbaan tegemoet gegaan in Afrik. In "*altemit* gebeur dit nog vanjaar", kan dit sonder enige verlies deur *miskien* vervang word; in "dit gebeur *altemit* nie eenmaal in 'n hele jaar nie" kan dit die waarde hê van *miskien* of van *soms*, maar dit is moeilik om 'n geskikte ekwiwalent vir *altemit* te vind in sinne soos: "dat dit nog vanjaar sal gebeur, is nou nie *altemit* nie".

In Kiliaen staan *kaboel* reeds vermeld as "vetus fland.", maar die woord het hom in Ndl. bly handhaaf, en in Afrik. is dit nog algemeen in gebruik. Gewoonlik word *kaboel* in 'n min of meer ongunstige sin gebruik, terwyl *boel* sowel in gunstige as in ongunstige betekenis gebruik word.[2]) In "ek het nog 'n hele *kaboel* werk om te doen", is dit nie heeltemal duidelik of die spreker met teësin aan sy werk dink of nie, en daar sou *kaboel* dus goed deur *boel* vervang kan word, maar die betekenis kom duideliker uit in sinne soos: "die man het 'n hele *boel* geld, maar hy het ook 'n hele *kaboel* sonde en ergernis daarmee", of "hy het sy Kaffers in die pad gesteek, die hele *kaboel*". Hier het *kaboel* vir my taalgevoel 'n spesiale ongunstige gevoelswaarde, wat buitekant die bereik van

[1]) Die vorm *altemitters* het ek nie in Ndl. gevind nie; maar is dit 'n bewys, dat dit nie bestaan het nie? Die Mnl.vorm *almet* skyn ook nie meer in gebruik te wees nie.

[2]) *Kaboel* en *boel* word in verwante betekenisse gebruik, hoewel hulle nie etimologies verwant is nie (vgl. FRANCK-VAN WIJK).

boel lê. Naas *kaboel* word ook nog in Afrik. die vorm *kaboedel* gebruik, sover ek weet sonder dialektiese verskil of verskil van betekenis. Is *kaboedel* net 'n wisselvorm van *kaboel*? Of is dit 'n Afrik. vervorming van *kaboel* onder die invloed van *boedel*? Ek kan dit nie beslis nie.

Kalant kom nog in Suid-Ndl. voor in die sin van *klant*, maar in Afrik. is *klant* en *kalant* vir my reeds aparte woorde uit verskillende gebruiksfere. Ek praat, ooreenkomstig die Ndl. spraakgebruik, van die *klante* van 'n winkel. Maar terwyl Suid-Ndl. die woord *kalant* gebruik as 'n ekwiwalent van *klant* of "koper", en Ndl. die woord *klant* ook in 'n wyer betekenis as "koper" gebruik, word *kalant* in Afrik. in gunstige sowel as in ongunstige sin gebruik van 'n "slim kêrel". Die woord word veral gebruik in die spreekwoordelike segswyse: "ou *kalant*, lank in die land". Stam hierdie segswyse miskien uit die tyd, toe die permanent gevestigde koloniste 'n onderskeid begin te voel het tussen hulself en al die nuwelinge, bestaande uit nuwe immigrante, Kompanjiedienaars en seelui?

Onder *ijzervarken* gee die Ndl. Wdbk. "thans nagenoeg verouderd."[1]) In Afrik. is die algemene uitspraak *ystervark*, en dit is, sover ek weet, die enigste naam in Afrik. vir dié dieresoort ("hystrix cristata" Linnæus). Daar bestaan 'n groot soort, *ystervarke*, en 'n klein soort *rolystervarkies*, so genoem, omdat hulle by gevaar hulself oprol. Verder is die woord bekend in verskillende samestellinge soos *ystervarkpenne*, *ystervarkgate*, *ystervarkspore*, *ystervarkwortel*, ens.

In die 17e eeu kom die woord *yserenvarcken*, *yserenvercken* dikwels voor naas *egels* en *stekelvarckens*, en ook as soortnaam van stewige vaartuie wat destyds in Overijsel gebou is[2]).

So het Afrik. van die twee vorme *blaasbalg* en *blasbalk* net die twede behou, wat van die 17e eeu af tot vandag toe meer as die eerste in die dialekte voorkom. Louis Trigardt gebruik in sy "Dagboek" (1836—8) gereëld die vorm *blaasbalk*.[3]) Daar hy 'n Afrikaans gekleurde

---

[1]) Die Ndl. Wdbk. onderskei tussen die *egel* ("Erinaceus europaeus") en die *stekelvarken* ("Hystrix"), wat in Afrik. altwee alleen *ystervark* heet.

[2]) Vgl. Witsen — "Scheepsbouw" blds. 170, en J. W. Yzerman — "Journaal van de Reis naar Zuid-Amerika door Hendrik Ottsen," blds. 8.

[3]) Vgl. G. S. Preller — "Dagboek van Louis Trigardt," blds. 110, 121, 124, 135, 137, 175, e. a.

Hollands geskrywe het soos byna alle Afrikaners in die briefstyl tot laat in die 19e eeu, en gedeeltelik vandag nog, kan ons aanneem, dat hy die vorm *blaasbalk*, wat hy in sy spreektaal gebruik het, waarskynlik as die gewone Ndl. vorm aangesien het. So sterk was die tradiesie van die *blaasbalk*-vorm, wat vroeër ook in die skryftaal gewoon was.

In 'n paar gevalle het Afrik. as gelykwaardig naas mekaar twee 17e eeuse vorme bewaar, waarvan een of altwee vandag in Ndl. verouderd of alleen in die dialekte gebruikelik is, soos *agterduims* en *onderduims*, *beteuteld* en *beteuterd*, *gewente* en *gewoonte*, *beginsel* en *begin*, *uiter* en *uit*, *onderlaag* en *nederlaag*, *kou* en *kooi* (van voëls), *oop* en *ope(n)*, *bene* en *beendere*, e. a.

Gewente en *gewoonte* word met enigsins humoristiese effek gekombineer in die spreekwoord: "Die *gewente* maak die *gewoonte*", wat 'n ekwiwalent is van Ndl. "de gewoonte is een tweede natuur" — ook in Afrik. bekend. *Beginsel* word gebruik in die sin van prinsiepe, maar soms ook soos vroeër as gelykbetekenend met *begin*. *Kou* is die gebruiklike woord vir 'n voëlhokkie, maar ek het *kooi* en *kooitjie* nog dikwels, veral by die ouer geslag, gehoor. Die verdwyning van *kooi* in hierdie betekenis, en die vervanging daarvan deur *kou*, *koutjie* sal wel die gevolg wees van die feit, dat *kooi* algemeen gebruik word vir 'n "bed". Dit is gewoonlik die lotgevalle van sulke homonieme, namelik, dat een van die twee verdwyn: die menslike gees wil homself beskerm teen onnodige verwarring. *Oop* en *ope(n)*, behalwe waar die twede die verboë vorm van die eerste is, vervul alleen verskillende grammatiese funksies, en *bene* en *beendere* besit enigsins verskillende gevoelswaardes. 'n Dooi dier se *bene* (Ndl. *beenderen*) lê oral rond, en hoewel daar ook gepraat word van die opgrawe en herbegrawe van iemand se *bene* of *doodsbene*, word dit nog altyd as eerbiediger gevoel en beskou om in so'n geval van 'n persoon se *beendere* of *doodsbeendere* te praat.

Met "die *gewente* maak die *gewoonte*", het ons die gebied betree van spreekwoorde en spreekwoordelike gesegdes. Dit sou van belang wees om spesiaal dié spreekwoorde te ondersoek, wat sedert die 17e eeu nes so baie woorde in Ndl. en Afrik. 'n verskillende lewensloop gehad het, maar daarvoor moet daar nog in Ndl. self baie voorgewerk word. Hier kan enkele spreekwoorde en spreek-

woordelike gesegdes genoem word, wat in die werke van Cats voorkom. Of hulle reeds vroeër in Ndl. voorkom, is nie in al die gevalle uit te maak nie; maar die kwessie is of hulle sedert die 17e eeu in Ndl. en Afrik. bewaar gebly is, of nie. Cats kan sulke uitdrukkings uit die volkstaal opgeneem het, of hulle kan uit sy werke, wat 'n bron van spreekwoorde was, op die volkstaal oorgegaan het. Waar Cats se werke tot die volkslektuur in Nederland behoor het, en Cats die enigste 17e eeuse digter was met 'n tamelik uitgebreide leespubliek in Suid-Afrika, daar is die waarskynlikheid groot, dat sulke uitdrukkings met Cats se werke in verband staan. Ek behandel natuurlik net dié, wat verskilpunte met die Ndl. ekwiwalente vertoon, of in Ndl. nie algemeen bekend skyn te wees nie. Ook daarvan is party anders bewaar in die Ndl. dialekte as, in die "Algemeen Beskaafd". So is "*ver van jou goed, naby jou skade*" in Suid-Afrika 'n baie populêre spreekwoord wat by Cats voorkom in die vorm "*ver van syn goet, na by syn schade*".[1]) Dit kom in betekenis met die in Afrik. ook bekende Ndl spreekwoord ooreen: "*Het oog van de meester maakt het paard vet*", waarby Prof. Stoett dit dan ook aanhaal.[2]) Dit is wel opmerkelik, dat die Afrik. vorm nouer met dié van Cats ooreenkom, as met enigeen van die ander variante, wat Prof. Stoett opgee,[3]) n.l. "*ver van je goua (goed) digt bie je schoa*", "*wie veer van der handt is, die is nae by syn schade*" en "*verre van hun goedt ... heind by hunne schade*". Het ons in Afrik. met die Zeeuse vorm te doen, wat Cats miskien opgeteken het, of stam hierdie spreekwoord in Afrik. direk uit Cats? Cats het ook die gelykbetekenende spreekwoord, "*het ooge van den heer maeckt de peerden vet*".[4])

"*Waar jy mee verkeer, word jy mee geëer*" verskyn by Cats as "*daar men mee verkeert, wort men mee ge-eert*".[5]) Feitelik gelykbetekenend lui dit ook: "*as jy jou met semels ming, dan eet die varke jou*", waarvoor Cats het: "*wie sich onder den draf menght, dien eten de swynen*"

---

[1]) Vgl. "Vader Cats, de Raadsman voor Iedereen," blds. 227.
[2]) Dr. F. A. Stoett: — "Spreekwoorden," II 97.
[3]) Sartorius het egter ook: "Die verr' is van syn goet, is na by syn schade', (I 2 : 62). Vgl. Ndl. Wdbk. XIV 189.
[4]) Vgl. "Vader Cats, de Raadsman voor Iedereen," blads. 225.
[5]) Id. blds. 125.

(t.a.p. blds. 161)[1]). Dit kom ook ooreen met die Ndl. spreekwoord, wat in Afrik. bekend is in die vorm: "*wie met pik omgaan, word daarmee besmet*" [2]). Daarvoor het CATS "*van het peck blyft een vleck*" (t.a p. blds. 165). LAURILLARD dink in hierdie geval aan 'n Bybelse oorsprong van die spreekwoord, maar sy verwysing naar die Apokriewe Boeke maak dit m. i. nie so heel waarskynlik nie [4]). Dit lyk 'n bietjie apokrief ook.

CATS se gesegde: "*vroeg ryp, vroeg rot; vroeg wys, vroeg sot*" (t.a.p. blds. 125), is in Afrik. onveranderd bewaar gebly, terwyl 'n woord soos *rot* anders in Afrik. weinig gebruik word, daar die gebruiklike woord *vrot* is. En so is *blo* en *do* my in Afrik. alleen bekend in die bekende spreekwoord: "*Beter blo Jan, as do Jan*" (t.a.p. blds. 165). "*Geld, wat stom is, maak reg wat krom is*" stem ook toevallig ooreen met CATS se "*Het gelt, dat stom is, maeckt recht dat krom is*" (t. a.p. blds. 152), en van "*'n slons in huis, 'n pop op straat*" gee CATS ons die keerkant in "*geen slons in huys, geen popp' op straet*" (t.a.p. blds. 76).

Spreekwoorde, soos "*die beste stuurlui staan aan wal*", "*in troebel water is dit maklik om vis te vang*" en "*stille waters, diepe grona*", kom almal in die werke van CATS voor [5]), maar was in die 17e eeu al so algemeen in gebruik [3]), dat ons nie aan 'n Catsiaanse oorsprong van hulle in Afrik. hoef te dink nie. Die laaste van die hier genoemde spreekwoorde verdien afsonderlike vermelding weens die eienaardige toevoeging daaraan in Afrik., want in Afrik. lui die spreekwoord: „*stille waters, diepe grond; onder draai die duiwel rond*".

Al was daar dus reeds in die 17e eeu 'n groot onderskeid tussen die puristies verfynde literatuurtaal, wat alle dialektiese eienaardighede vermy het, en die dialekte, waaruit Afrik. ontstaan is, en al het laasgenoemde taal sedert die middel van die 17e eeu ten suide van die ewenaar 'n eie ontwikkelingsgeskiedenis gehad in sy Afrikaanse isolement, dan vertoon Afrik. tog tot op die huidige dag nog belangrike aanrakings- en ooreenkomspunte met die 17e eeuse literatuurtaal, 'n nouer ooreenkoms waarskynlik as met die hedendaagse "Algemeen Beskaafd".

---

[1]) Ook so by HARREBOMÉE (I 151) en TUINMAN (I 228).
[2]) Vgl. Dr. F. A. STOETT — Spreekwoorden," blds. 530.
[3]) Vgl. Id. bldss. 642, 295—296, 734—5, en 735.
[4]) Vgl. Dr. E. LAURILLARD — "Bijbel en Volkstaal," blds. 93.
[5]) Vgl. "VADER CATS, de Raadsman voor Iedereen", bldss. 180, 181.

§ 2. Uit die Statebybel.

Daar was verskillende Bybelvertalings in gebruik in Nederland voor die Statebybel [1]), en verskillende daarvan het nog selfs na 1652 hulle weg naar Suid-Afrika gevind [2]). Maar van 1637 af het die Statebybel die ander vertalings begin te vervang, en in Suid-Afrika is dit die enigste Bybelvertaling van belang gewees gedurende die wordingsperiode van die Afrikaanse volk. Die Afrikaanse Bybelvertaling, wat nou bewerk word, berus ook op die Statebybel, sodat hierdie produk van die 17e eeuse teologiese wetenskap nes soveel ander erfgoedere uit die 17e eeu in Suid-Afrika 'n selfstandige ontwikkelingsgang sal hê [3]).

Van die taal van die Statebybel geld dieselfde opmerkings, wat ek hierbo oor die 17e eeuse literatuurtaal gemaak het, namelik, dat dit antidialekties en puristies was in woordgebruik, en klassisties in woordwending [4]). Die gebruik van woorde en uitdrukkings soos *zich* en *gans en gaar* in die Statebybel is reeds 'n bewys, dat die Bybelvertalers dieselfde eienaardige en eensydige puristiese taalstandpunt ingeneem het as die manne van die 17e eeuse literatuur in die algemeen. [5]) En in die proewe, wat ek reeds van die Afrik. Bybelvertaling gesien het, is, "mutatis mutandis", dieselfde neiginge van krag as in die Statebybel. Hier geld dit ook 'n vermyding van min of meer dialekties gekleurde woorde, en verder 'n puristiese afkeer van Engelse woorde of van alles, wat as Anglisismes sou kan opgevat word, en 'n stylwending, wat dikwels meer van die skryftradiesie van die Nederlandse Bybelvertaling as van die werklike Afrikaanse spraakgebruik uitgaan.

Die kwessie is hier dus nie, wat daar in die Bybeltaal van die dialekte van die Afrikaanse voorouers te sien is nie, maar omgekeerd, wat daar in Afrik. van die taal van die Statebybel te sien is. Watter invloed het die Statebybel op die volk en taal van Suid-Afrika gehad? Die State-

---

[1]) Vir die voorgeskiedenis vgl. o. a. H. v. DRUTEN — "Geschiedenis der Nederlandsche Bijbelvertaling."

[2]) Vgl. Ds. G. A. MAEDER — "Die invloed van die Bybel op ons Volk," (P. W. L. II 115 vgg.).

[3]) Vgl. Dr. B. B. KEET — "Die Afrikaanse Bybel" (P. W. L. II 131 vgg.).

[4]) Vgl. o. a. Prof. J. VERDAM — "Uit de Gesch. d. Ndl. Taal," bldss. 215—221.

[5]) Moontlik moet ons daaruit aflei dat die Bybelvertalers *zich* en *gans en gaar* nie as Germanismes beskou het nie.

bybel is ongetwyfeld een van die belangrikste hoek- en fondamentstene gewees in die beskawingsgeskiedenis van die Afrikaanse volk, en die invloed, wat dit op die volksgees en die taal gehad het, verdien 'n uitvoerige monografie. Enige voorlopige boustowwe daarvoor word hier aangebied.

Die elemente, waaruit die Afrikaanse volk samegestel is, was oorwegend Kalvinisties-Gereformeerd en het die Statebybelvertaling gebruik. Volgens FRUIN was omstreeks 1587 nog 9/10 van die Nederlandse volk Rooms Katoliek, maar die Ndl. element, wat 50 persent van die Afrikaanse bloedvermenging uitgemaak het, was byna uitsluitend Kalvinisties-Gereformeerd, en onder die N. O. I. K. was feitelik alleen die Protestantse erediens aan die Kaap toegelaat. JAN VAN RIEBEEK wou in 1660 selfs nie aan die Franse bemanning van 'n gestrande Franse skip toelaat om die Rooms Katolieke erediens in die openbaar te hou nie.[1]) Die enkele Rooms Katolieke, wat mettertyd aan die Kaap kom woon het, moes hulle kinders in die Gereformeerde Kerk laat doop, en was selfs daarby nog onderhewig aan allerlei lastige kerkelike wette en bepalings[2]). Selfs die Duitse element, wat 27 persent tot die Afrikaanse bloedvermenging bygedra het, was vir 'n betrekkelik groot deel Kalvinisties. Die Kerkelik-godsdienstige grense van Nederland het destyds nes die Ndl. taalgrense ver buitekant die staatsgrense gereik[3]). Ons het reeds gesien, dat dit 'n hoofoorsaak van verskil was in die resultate van THEAL en COLENBRANDER by die berekening van die Afrikaanse bloedmenging Ook 'n deel van die $5^1/_2$ persent groep het aan die Kalvinistiese Kerk behoor. Tot die middel van die 18e eeu kon Lutherse en Morawiese godsdiensoefeninge alleen in private huise gehou word, en selfs dan nog was dit verbode om die sakramente toe te dien [4]) In alle handelsake het die N. O. I. K. die monopolie gehad, en in kerkelike sake die Kalvinistiese Kerk. Eers in die twede helfte van die 18e eeu, toe die aantal Duitse immigrante aansienlik gestyg was, het die Lutherane (1780) en die Morawiese Broeders (1792) vry-

[1]) Vgl. JAN VAN RIEBEEK — "Dagverhaal" III bldss. 340 en 350.
[2]) Vgl. F. C. DOMINICUS — "Het Huiselik en Maatschappelik Leven van de Zuid-Afrikaner," blds. 91.
[3]) Vgl. J. W. MULLER — "De uitbreiding van ons taalgebied in de zeventiende eeuw" (N. T. XV 161 vgg., en 245 vgg.).
[4]) Vgl. DOMINICUS t. a. p. blds. 90.

heid vir hulle eie kerkgenootskappe verkry. Die 17 persent Franse stamouers het seker almal tot die Kalvinistiese Kerk behoor, en al het hulle hulle eie Franse Bybelvertaling naar Suid-Afrika meegebring, en hulle eie erediens in hulle eie Kerk gehou, te lang het dit nie geduur nie of ook hulle kerktaal was Ndl. en hulle Bybelvertaling die Statebybel. HENDRIK BECK, die opvolger in 1702 van die Franse predikant, PIERRE SIMOND, het van die regering opdrag gekry om geen Franse preke vir die Hugenoot-gemeentes van Stellenbosch en Drakenstein meer te hou nie. Intussen het die sieketrooster, PAUL ROUX, nog die Franse eredienste waargeneem vir die Hugenote, wat nog nie goed Ndl. kon verstaan nie, maar na sy dood in 1723 is nie weer 'n Fransman as sieketrooster en onderwyser benoem nie, omdat dit o. a. byna nie meer nodig was nie.[1]) Hieroor later.

Het die Ndl. element dus ruim die helfte van die Afrikaanse bloedmenging uitgemaak, dan het dit in kulturele, morele en kerkelike opsigte 'n absolute oorwig gehad, en hierdie gunstige omstandighede tesame moes wel vir die taalgeskiedenis beslissend gewees het. So was van die begin van die 18e eeu af die Kalvinistiese Kerk met die Statebybel as hooforgaan van sy leer een van die belangrikste beskawingsfaktore van waarskynlik 'n ruim 80 persent van die Afrik. volk. Wat deur herkoms, taal en tradiesies geskei was, het geloof, kerk en kerkelike lektuur in geestesontwikkeling en wêreldbeskouing verenig. Ons moet m.i. in die Kalvinistiese Kerk en in die produk van die Kalvinistiese wetenskap, die Statebybel, een van die sterkste faktore sien, wat in die nuwe vaderland uit allerlei heterogene volkselemente in 'n eeu en 'n half 'n betreklike volkseenheid tot stand help bring het. Die Kerk en die Bybel het die sement gevorm, wat nie alleen 'n heterogene mengeling van volkselemente in godsdienstige en geestelike kultuur aaneen geheg het nie, maar wat tegelyk die band tussen die stamland en die nuwe vaderland in stand gehou het, want die offisiële Kaapse kerk het van die begin af onder die klassis Amsterdam gesorteer[2]) en eers laat in die 19e eeu is die laaste direkte bande met die Hollandse kerk verbreek.[3])

---

[1]) Vgl. SPOELSTRA — "Bouwstoffen" II 599 vgg.; en verder II Afd. IV.
[2]) Vgl. SPOELSTRA — "Bouwstoffen."
[3]) Vgl. Dr. MANSVELT — "De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika," blds. 33.

Die Afrik. volk, wat vandag natuurlik verskillende min of meer kosmopolietiese beskawingslae vertoon, is in baie opsigte in sy suiwerste verteenwoordigers nog vasgewortel in die 17e eeuse godsdienstige gedagtewêreld van Nederland. Na die Engelse inbesitneming van die Kaap, en die later daarop gevolgde importasie van Skotse predikante, sowel as ten gevolge van ander faktore, het allerlei nuwe geestestrominge en kerkelike rigtinge hulle in Suid-Afrika openbaar, en die spontane ontwikkeling van die oorgeërfde wêreldbeskouing kom verstoor. Veral die metodisme het 'n ingrypende kerkelike invloed gehad. 'n Nuwe opvatting van die Sabbat, Kerkelike opwekkingsdienste en Afrikaanse gemeentes met Engelse aanddienste was maar enkele van die uitwendige tekens van die nuwighede in die godsdienstige lewe van die Afrikaanse volk. Met die "Groot Trek" het egter 'n groot persentasie van die koloniste die Kaap Kolonie verlaat, sonder predikante, maar met behoud van die oorgeërfde kerkelike instellinge en gebruike. Vir die trekboere was die Statebybel die volksboek by uitnemendheid, die leidraad in wetgewing en regspraak, in politiek en onderwys, sowel as in die aangeleenthede van die dagelikse lewe. Die skoolonderwys self was in die meeste gevalle niks anders as Bybelkatkisasie nie, of 'n voorbereiding daarvoor. Behalwe uit die Statebybel en psalmboeke, het die beskeie biblioteek van die voortrekkers in die gunstigste gevalle bestaan uit die reeds genoemde preekbundels van à Brakel en Smytegelt en die stigtelike liedere van Sluiter en Groenewegen, liedere wat op selfgemaakte wysies gesing is[1]). Verder het in gebruik gekom die geïllustreerde Kinderbybels, en vraeboekies bedoel as hulpmiddels by die katkisasievoorbereiding. In my kinderjare het ek nog verskillende sulke vraeboekies met Bybelvrae en Bybelraaisels gesien, wat in manuskrip gesirkuleer het, en nes die liedboekies uit daardie tyd deur liefhebbers oorgeskrywe is[2]). Sulke raaisels behoor eintlik tot die gebied van die volkskunde, dus minder tot dié van die taalkunde, en sal hier dan ook nie nader behandel word nie [3]).

---

[1]) Vgl. C. N. G. du Plessis — "Uit de Geschiedenis van de Z. A. Republiek," blds. 311.

[2]) Oor die liedboekies vgl. Boshoff–du Plessis — "Afrikaanse Volksliedjes," II 22.

[3]) Oor Bybelraaisels vgl. F. Th. Schonken — "O. K.-H. V." blds. 55 vgg.

Dieselfde Anglo-Boere Oorlog (1899—1902), wat die meeste van daardie vraeboekies en liedboekies in die Vrystaat en Transvaal tot 'n skade vir die nageslag laat verdwyn het, sou tot 'n seën vir die nageslag deur reaksie ook die Engelse dienste in Afrikaanse gemeentes in die Kaap Kolonie laat verdwyn, en die oudtestamentiese ondervelders met die meer metodistiese bolanders tot 'n nuwe nasie verenig, tot 'n Afrikaanse volk, wat in sy mees tiepiese verteenwoordigers konserwatief vasgehou het aan sy oorgeërfde 17e eeuse Kalvinisme, met loslating alleen van die onverdraagsaamheid daarvan.

So het die Kalvinistiese Kerk en die Statebybel gedien om die Afrik. volk aaneen te heg en aaneen te hou, en meer nog, om die Afrikaners as 'n geslote eenheid te beskerm teen vermenging en verbastering met die inboorlinge en kleurlinge van ander herkoms. Die Afrikaners het al in die 18e eeu in hulself 'n volk met 'n eie kristelike beskawingsroeping begin te sien, en in die 19e eeu het hierdie opvatting van hulle historiese roeping sterk toegeneem. Met die Bybel moes die kind op skool klaargemaak word vir die katkisasie, die voorportaal van die lidmaatskap en die huwelik, vir die volle verantwoordelikheid en burgerskap in kerk en staat, en met dieselfde Bybel moes ook die inboorlinge beskaaf en opgevoed word om hulle regte plek in die maatskappy te kan inneem. Huwelike tussen sulke heidene, wat in die omgang eenvoudig *skepsels* genoem word, en kristene word nie alleen as maatskappelik ongewens beskou nie, maar as sondig, en sulke huwelike kom dus hoogs selde en dan in die reël alleen by heeltemal veragterde mense voor, wat daardeur dan ook vanself heeltemal van die omgang met die Afrikaanse gemeenskap afgesluit word. Sulke *skepsels* kan alleen deur aanname van die kristendom tot volle menswording kom, en so kon van die vroegste tyd van die Afrikaanse geskiedenis af die slawe hulle vryheid verkry deur die aanleer van Hollands en die aanname van die kristendom.[1]) Maar selfs die gekristianiseerde slawe, inboorlinge en ander naturelle het 'n eie gemeenskap bly vorm, waarmee vermenging volgens die Afrikaanse volksopvatting nie toegelaat word nie.

Hierdie feite word maar al te dikwels oor die hoof gesien deur mense, wat die geskiedenis van die Nederlandse stam

---

[1]) Vgl. THEAL — "Hist. of S. A." I 281.

in Suid-Afrika gaan vergelyk met die lotgevalle van Nederlanders in die Ooste. Behalwe dat ons in die een geval te doen het met 'n permanent gevestigde bevolking met 'n eie kultuur en taal en in die ander geval met 'n vlottende en periodiek afwisselende bevolking, wat altyd weer naar Nederland terugkeer, het ons in die verhouding van Afrikaners en Nederlanders teenoor die inboorlinge in Suid-Afrika en die Ooste respektiewelik 'n prinsipiële verskil, wat vir die ras en die taal van die allergrootste betekenis is. In die een geval het ons te doen met 'n gelykheidsopvatting wat ras- en taalvermenging bevorder, in die ander geval met 'n superioriteitsgevoel, wat rasvermenging tot 'n maatskappelike „taboe" maak, en inboorlingwoorde min of meer tot psigologiese kontrabande reken.

Die Afrikaners se superioriteitsgevoel teenoor die inboorlinge berus gedeeltelike op algemene kulturele gronde, maar is vir 'n groot deel die gevolg van hulle Bybelse, half oudtestamentiese, opvatting oor die naturelle, sowel as van hulle bloedige oorloge met verskillende inboorlingstamme.

In hulle omswerwinge deur woestyne en wildernisse, in hulle stryd om die bestaan teen 'n dikwels onwillige bodem, en teen barbare en ander nasies het die Afrikaners geleer om hulself te vergelyk met die Israeliete van die Bybelgeskiedenis, en het hulle 'n soort van oudtestamentiese lewensbeskouing ontwikkel. 'n Vergelyking tussen die Afrikaanse bodem en lewenswyse en die oudtestamenties Oosterse met die daaruit opgegroeide lewensopvatting en wêreldbeskouing het die geskiedskrywer THEAL reeds gemaak. [1]) Sommige beoordelaars van die Afrikaanse mentaliteit wil vandag by die Afrikaners selfs 'n soort oudtestamenties Joodse Kristendom sien, sonder meer. Dit is egter meer skyn as werklikheid, en hierdie indruk word waarskynlik gewek, deurdat die Kerk en die Bybel so'n oorwegende vormende invloed op die Afrikaanse mentaliteit gehad het.

Tot aan die end van die Kompanjie se bewind aan die Kaap was daar in die hele Kolonie maar net 'n halfdosyn Kerke. [2]) Maar daardeur was in so'n uitgestrekte land een van die hoofredes en hoofgeleenthede van samekoms tussen ververwyderde persone juis die kerkelike samekomste, en

---

[1]) Vgl. THEAL — "Hist. of S. A." III blds. 345.
[2]) Vgl. DOMINICUS t. a. p. blds. 89.

veral die nagmaalsvieringe, en dit is tot vandag toe gedeeltelik nog die geval met die boerebevolking.

So moes die taal van die Afrikaner by sy huisgodsdiens, by die openbare bidstonde en kerkelike samekomste, sowel as die taal van sy briefwisseling, en ten slotte sy dagelikse omgangstaal deurspek raak met Bybelbeelde en Bybeluitdrukkings.

Ek sal my hier bepaal tot 'n bespreking van enkele plek- en plaasname, en van 'n aantal woorde en spreekwoordelike uitdrukkings, wat in die Statebybel en in die Afrikaanse omgangstaal voorkom, en wat ek nie in Ndl. vind nie. Dit is natuurlik moontlik, dat party daarvan ook in Ndl., en veral in die volkstaal voorkom, of vroeër in gebruik was; maar by gebrek aan bewyse daarvoor moet ek hulle voorlopig as Afrikaanse ontlenings aan die Bybeltaal beskou. En dan, 'n mens kry die indruk, dat ZEEMAN, LAURILLARD, HERDERSCHEE e.a. die materiaal tamelik uitgeput het, en moontlik selfs meer uit die Bybel wil aflei as wat natuurlik daaruit af te lei is. Aan die ander kant mag die beswaar ingebring word, dat deur alleen te behandel, wat in Afrik. voorkom en nie in Ndl. nie, 'n eensydige indruk gegee word van die invloed van die Statebybel op Afrik., en ten twede dat sulke spesifiek Afrik. ontlenings dan met minder reg as erfgoed kan beskou word. Altwee hierdie besware kan m.i. egter op 'n bevredigende wyse ondervang word. Wie 'n beeld wil kry van wat Ndl. en Afrik. aan die taal van die Statebybel ontleen het, verwys ek naar die monografieë van DE JAGER, ZEEMAN, LAURILLARD en HERDERSCHEE, en naar die artiekels van Prof. VERDAM en Prof. TE WINKEL. [1]) Die oorwegend grootste gedeelte van die materiaal, wat in genoemde monografieë en artiekels vir Ndl. versamel is, geld ook vir Afrik. Die werk hoef dus nie oorgedoen te word nie; dit vereis alleen 'n sifting daaruit van wat nie ook in Afrik. bekend is nie. Maar daar bly in Afrik. self nog genoeg materiaal oor, wat nie in Ndl. bekend is nie, om 'n duidelike bewys te lewer van die invloed van die Statebybel op Afrik. Owerigens het ek hier, soos elders, minder naar kompleetheid gestreef, wat alleen in 'n

---

[1]) Vgl. (*a*) Prof. J. VERDAM — "Uit d. Gesch. d. Ndl. Taal," blds. 214 vgg. en (*b*) Prof. J. TE WINKEL — "Gesch. d. Ndl. Taal," blds. 224 vgg.

monografie oor elke onderdeel van hierdie werk te bereik is, as naar 'n poging in hierdie geval om te laat begryp, dat die Afrikaner se denke en doen op byna elke gebied van die lewe deurtrek is van 'n Bybelatmosfeer en Bybelbeeldspraak. Die Statebybel self is 'n materiële en kulturele erfstuk, wat van die stamland naar die nuwe vaderland meegeneem is, en op grond daarvan beskou ek alle Afrik. woorde en uitdrukkings daaraan ontleen as erfgoed. Buitendien weet 'n mens nie of die ontlening reeds in Nederland of eers in Suid-Afrika geskied is nie.

Welke spore het die Statebybel op Afrik. afgedruk? Bybelinvloed blyk duidelik by die naamgewing. Ek laat hier buiten rekening Bybelse voorname by Afrikaners, want dit is moeilik om uit te maak, wanneer ons te doen het met ontlening van sulke name aan die Bybel, en wanneer eenvoudig met die voortsetting van tradisionele familienaame. Maar in spotname en byname soos *Abjater*, *Bul van Basan*, *Mefiboset* e.a. moet ons ongetwyfeld Bybelinvloed sien. Veral is dit die geval met die Bybelname van inboorlinge, gegee deur sendelinge, wat onder hulle gewerk maar meer nog miskien deur die boere, wat met hulle gewerk het. Opvallend is die oorweging van oudtestamentiese name vir Kaffers, Hottentotte en die vroeër slawe met hulle nakomelinge: *Adam*, *Abel*, *Abram*, *Isak*, *Jakob*, *Esou*, *Ruben*, *Josef*, *Benjamin*, *Aron* (*Aäron*), *Dawid*, *Jonatan*, *Eli*, *Jona(s)*, *Jefta* (*Jafta*), *Samuël*, *Salman* (*Salomo*), *Jesaja*, *Jeremia*, *Joël*, *Sagaria(s)* e.a. Die mansname aan die Nuwe Testament ontleen is oor die algemeen skaars: *Matteüs*, *Jakobus*, *Petrus* en 'n paar ander. Die name van meide aan die Bybel ontleen is nie so talryk nie, en stam tamelik eweredig uit die Oue en die Nuwe Testament: *Eva*, *Sara*, *Rebekka*, *Ragel*, *Lea*, *Dina* en *Maria*, *Marta*, *Lena* (*Magdalena*), *Elisabet* (*Elsie* of *Bettie*) en *Anna*. 'n Kleurling heet in die algemeen volgens Bybelse spraakgebruik 'n *skepsel*, en daarvan is weer die samestellinge *swartskepsel*, *grootskepsel*, *kleinskepsel* en *witskepsel* (*witkaffer*, *albino*) gevorm. Ten gevolge van die opvatting, dat die inboorlinge die nakomelinge is van die vervloekte kinders van *Gam* (*Kam*), word hulle ook genoem *Gamskinders* (*Kamskinders*), of *Gamsgeslag* (*Kamsgeslag*) en selfs *Kaïnskinders*. 'n Geestelike arbeider onder die inboorlinge heet 'n *evangelis*, 'n benaming, wat egter nie uitsluitend vir 'n "inboorlinggeestelike" gebruik word nie, soos die heer LE ROUX sou

laat vermoed.[1]) Ook verskillende sendingstasies dra Bybelname: *Bethanie, Pniël, Mamre, Bethelsdorp* e. a. Laasgenoemde plek het weens sy berugtheid van die boere in die wandeling die naam van *Bedelaarsdorp* gekry. Maar die Bybelname het nie tot die sendingsveld beperk gebly nie, want verskillende streke, dorpe, plekke en bergpunte het ook Bybelname: *Gosen, Dal Josafat, Dalmanutha, Bethlehem, Bethesda, Hermon, Elim, Emmaus, Babilonstoren* e.a. Dit is my nie bekend waarom en wanneer die berge, wat vroeër die *Gewelberge (Gevelbergen)* geheet het, die naam van *Twaalf Apostels* gekry het nie, maar die naamverandering is tekenend.[2]) Talryk is veral die aantal Bybelname van boereplase, w.o. *Pisga, Moria, Hebron, Kanaan, Mara, Elim, Patmos, Jordaan, Eden, Paradys, Gilboa, Moriba, Mispa, Sion, Meriba, Ebenhaeser, Saron.*

In *bywoner* sien die heer LE ROUX ook 'n Bybelse woord met spesiale betekenis,[3]) wat nie onmoontlik is nie, maar moeilik te bewys is Opvallend is op boereplase in Suid-Afrika ook die hondenaam, *Nimrod.*

Naas die namekunde, vertoon 'n aantal spreekwoorde en spreekwoordelike uitdrukkings die omvang van die Bybelinvloed op Afrik. Sommige daarvan kom ook in Ndl. voor, maar in 'n ander betekenis. Ek het reeds daarop gewys, dat *gans en gaar* en *Kretie en Pletie* in die Statebybel voorkom, maar in Afrik. nie noodwendig aan die Bybel hoef ontleen te wees nie, daar hierdie uitdrukkings in die 17e eeu reeds in die Ndl. literatuur sowel as in Hd. voorkom. 'n *Bileamsesel* is in Afrik., anders as in Ndl.[4]), 'n mishandelde trekdier, en "*pas op vir Bileamsesel*", is 'n waarskuwing vir iemand om nie sy trekdiere te mishandel nie. Aan so'n mishandeling van diere kan iemand hom skuldig maak, as sy "*toorn billik ontstoke*" is, en as iemand hom op een of ander manier baie skuldig gemaak het, is dit "*beter vir hom om met 'n meulesteen om sy nek in die diepte van die see te verdrink*". Iemand op sy plek sit, heet "hom *wys waar Kaïn vir Abel vermoor het.*" Iemand, wat 'n ander afknou, verontskuldig homself met: "*Kasty wie jy lief het!*" As iemand homself verontskuldig, word gesê: "*Adam sê dis Eva, en Eva sê dis die slang*" (= "Qui s'excuse s'accuse").

---

[1]) Vgl. J. J. LE ROUX — "Handleiding in het Afrikaans," blds. 66.
[2]) Vgl. C. G. BOTHA — "Place Names in the Cape District," blds. 14.
[3]) Vgl. J. J. LE ROUX — "Handleiding in het Afrikaans, blds. 66.
[4]) Vgl. LAURILLARD — "Bijbel en Volkstaal," blds. 40.

'n Beterweter is iemand, wat "*die stuurman en die skipper beter glo as Poulus*", en aan 'n grootprater word gevra: "*Is jy die Messias, of verwag ons 'n ander?*" As iemand nie van sy voorregte die regte gebruik maak nie, dan "*verkoop hy sy eersgeboortereg vir 'n bord linsesop*", en as hy dronk is, het hy "*van Noag se sap gedrink*", of as hy met sy hoed op sy kop eet, dan is hy "*'n Israeliet met sy lendene opgeskort.*" Iemand, wat nie beweeg nie, "*staan soos Lot se vrou*" of "*soos 'n soutpilaar,*" waarvan alleen die laaste uitdrukking my in Ndl. bekend is [1]). Iemand wat naar 'n meisie vry, "*lê met sy kop in die skoot van Delila*", wat nie juis soos in die Bybel of soos in die Ndl. gesegde 'n verleister hoef te wees nie [2]). "*De ware Jozef*" is in Ndl. die regte vryer, [3]) maar daarvoor word in Afrik. gesê "*die ware Jakob*", wat ook in 'n ruimer betekenis gebruik word vir die regte of gewenste man in die algemeen, en selfs van dinge gesê word. "*Dis die ware Jakob!*" [4]) beteken dus soveel as (1) "dis die regte man," (2) "dis die regte ding" en (3) "dis goed!"

Kom iemand ergens onverwags aan, dan word aan hom gevra: "*Vanwaar Gehasie?*" Van persone, wat nie met mekaar oor die weg kan kom nie, of nie met mekaar omgaan nie, heet dit: "*Jode en Samaritane hou nie gemeenskap nie*". Landsplae soos droogte, sprinkhane en runderpes heet "*Faraö se plae*", [5]) voorspoedige en onvoorspoedige tye heet "*die vet en die maer jare*"; [6]) maar "*na Mara kom Elim*" en met Job word gevra: "*sal ons die soete ontvang, en die sure nie?*"

Ook verskillende woorde vertoon Bybelinvloed. So is in Afrik., nes in Ndl., 'n *Dorkasvereniging* bekend, maar ook nog 'n *Dorkashuis*. 'n *Adamsvyg* is 'n algemeen bekende vyesoort in S. A., en volgens die volksgeloof het Eva vyeblare van 'n *adamsvyeboom* gebruik om haar skuldigheid en sonde te bedek. Volgens v. DALE is in Ndl. *adamsvygeboom* verouderd, wat hy boëndien beskrywe as 'n "soort van banaanboom". [7]) So ken Afrik. nog *kanaansdruiwe*; en

[1]) Vgl. ZEEMAN — "Spreekwoorden" blds. 488—9, en [3]) Id. blds. 310—11.
[2]) Vgl. LAURILLARD — "Bijbel en Volkstaal", blds. 7.
[4]) Hierdie spreekwoord is ook Wesfaals: "dat is de rechte Jacob" (vgl. WOESTE, s. v. Jacob).
[5]) Die naam *Faraösrot* (vgl. SPARMAN — "Reize" blds. 53) is my onbekend.
[6]) Ook in Ndl. bekend, nes *Faraö se plae.*
[7]) Nie in Ndl. Wdbk. nie, wel *adamsappel*, wat waarskynlik aanleiding gegee het tot v. DALE's verkeerde verklaring.

naar analogie daarvan is gevorm *kanaanspatats*. 'n Bepaalde stuk vleis van 'n skaap het ek dikwels die *Malgusoor* hoor noem, wat begrypelik is, maar waarom dit soms ook *Benjaminsoor* genoem word, is my nie duidelik nie.

Die invloed van die Bybel op Afrik. word nie alleen deur ontlenings bewys nie, maar ook deur 'n aantal uitdrukkings, wat hulle oorsprong aan die Bybellektuur te danke het. Die uitdrukking "*boeke vat*" beteken b. v. "huisgodsdiens hou". Dit wys daarop, dat die Bybel die volksboek by uitnemendheid was, en is, anders sou so'n uitdrukking onduidelik wees. 'n Deureenmenging en kruising van die woordgebruik van die huislike lewe en die boerebedryf met dié van die huisgodsdiens sien ons in beeldspraak soos die volgende. 'n Kind, wat huil, "*sing psalm velskoen vers vadoek*" of "*psalm jukskei vers strop*". 'n Mens sou graag wil weet of die Afrik. speletjie, "*Job wil nie lag nie*", iets te doen het met Job van die Bybelverhaal. Die naam, sowel as die geduld, wat Job in die speletjie moet beoefen, wys ten minste in dié rigting. Uit 'n sodanige geestelike atmosfeer is gebore sulke humoristiese gesegdes as: "*Die Bybel in die hand, en die vrou aan die arm; die een maak salig, en die ander maak warm.*"

"*Uit die mond van die suigelinge* (Ndl. *kinderen*) *sal 'n mens aie waarheid hoor*" is 'n bewering, wat wel nie letterlik uit die Bybel stam nie, maar tog steun daarin vind (vgl. o. a. Ps. 8 : 3, en Mat. 21 : 16). Die Afrik. spreekwoord: „*Wat onwetend sondig, sondig nie*", of kortweg: "*Onwetend sondig nie*", is selfs onbybels, maar vind waarskynlik sy oorsprong en verklaring in 'n volkseksegese van tekste soos: 1 Tim. 1 : 13, en „Hebr. 5 : 2.

In uitdrukkings, soos "*sy moses is dood*", "*hy het sy moses gekry*" en "*hy is my moses*", het ons heeltemal nie te doen met 'n toespeling op die Bybelpersoon Moses nie, maar met 'n volksetimologiese vervorming van die Maleise woord *moesoeh*. Dr. MANSVELT verklaar die betekenisontwikkeling as volg: "*Musuh* bet. in 't Maleisch vijand, dus mededinger en na gewonnen kamp, meerdere." In Afrik. beteken *moses* in die hiergenoemde uitdrukkings dus eenvoudig "meerdere". Die vorm *moesoek*, wat MANSVELT nog vermeld, en die uitdrukking "*hulle groei moesoek*" (teen mekaar op) is my in Afrik. heeltemal onbekend. As die vorm *moesoek* werklik nog in Afrik. voorkom, dan sou ek "a priori" verwag, dat dit alleen in die West. Prov. van die Kaap

Kolonie gebruik word, waar die Maleiers vandag nog woon.[1]) Maar so'n vorm soos *moses* bewys m. i. baie vir die Bybelse ondergrond van die volk se gedagtewêreld, want in so'n volksetimologie sien ek die gevolg van 'n psigologiese appersepsieproses, 'n aanpassing van vreemde en onverstaanbare woorde by die reeds bestaande kennis.[2]) Dit bewys dat die volksverbeelding tot op 'n sekere hoogte beheers word deur 'n Bybelse atmosfeer. So sien ons in die taal 'n bewys van die feit, dat die Statebybel 'n fondamentsteen gewees is van 'n eie Afrikaanse beskawingsferment, wat mettertyd egter deur ander beskawingsfaktore beinvloed en gedeeltelik gewysig sou word.

---

§ 3. Uit die Klugte[3]) en Volksliedere.

Die Statebybel en die werke van CATS het 'n soort van literatuur gevorm, wat nouer aanrakingspunte met die volkslewe en die volkstaal gehad het as die verfynde 17e eeuse literatuur in die algemeen. Uit die 17e eeuse klugte en volksliedere spreek die algemeen-menslike meer tot ons, en daaruit kan ons waarskynlik ook 'n betroubaarder beeld van die 17e eeuse volkstaal rekonstrueer as uit die puristiese skryftaal van klassisties geskoolde skrywers. Klugspeldigters het hulle opgevoerde realistieskomiese personasies tot op 'n bepaalde hoogte die verskillend geskakeerde vorme van die volkstaal laat praat. So kry ons in die klugte allerlei staaltjies van Hollands, Vlaams, Brabants, Fries ens., en allerlei vorme van *Koeterwaals*. Ek gebruik die benaming *Koeterwaals* hier in die sin, waarin dit deur Prof. TE WINKEL gebruik is in sy bespreking van Afrik. (in „Vragen van den Dag" XI) n. l. as 'n verbasterde geadapteerde vorm van Nederlands in die mond van vreemdelinge, veral van die Franse Hugenote.

Prof. TE WINKEL het gemeen, dat die kenmerke van so'n

---

[1]) Volgens mededeling kom die woord *moesoek* in werklikheid nog daar voor.

[2]) Vgl. III §§ 8 en 9.

[3]) Nie al die hieronder behandelde woorde is juis klugwoorde nie; watter woorde is dit ooit? Maar hulle speel 'n groot rol in die klugte, en kom veral in die mond van komiese personasies voor.

Koeterwaals ons 'n verklaring van die oorsprong van Afrik. kan gee. Afrik. is dus ontstaan uit die vervormde Ndl. van die Franse Hugenote in Suid-Afrika. Hier het ons dus ook 'n vorm van die adaptasieteorie, by die behandeling waarvan [1]) ek die opvatting van Prof. TE WINKEL nie vermeld het nie, omdat hy self later hierdie sienswyse prysgegee het. Prof. TE WINKEL het namelik later met Dr. HESSELING in *Kreools* 'n beter en bevredigender verklaring van die oorsprong van Afrik. gesien as in *Koeterwaals*.

Ons kan egter weinig aflei uit die taalgebruik van sulke Koeterwale, daar hulle deur klugspeldigters op die toneel gebring is om, ook en veral deur hulle taal, die gehoor te vermaak. Om Koeterwaals dus op een lyn te stel met Afrik. is meer as gewaagd.

„De taal van die Koeterwalen", sê Prof. TE WINKEL, „zal dus wel een juist beeld leveren van wat men ook in den dagelijkschen omgang van Nederlandsch sprekende Franschen hoorde" (t. a. p. blds. 356). Dan haal hy enkele klankvervorminge van Koeterwaals aan, en konkludeer: „Dat alles nu hebben de Zuidafrikaansche Hugenooten ongetwijfeld ook gedaan en in navolging van hen ook de Nederlandsche kolonisten, en de Hottentotten, die meestal Nederlandsch, maar nog veel meer verbasterd, spraken en misschien reeds vroeger op soortgelijke wijze het Nederlandsch hadden verminkt" (blds. 356). Maar 'n ontkenning van die juistheid van hierdie konklusie hoef nie 'n ontkenning van die feit te wees nie, dat daar in die 17e eeuse klugte allerlei argaïstiese, dialektiese en vreemde woorde voorkom, wat ook nog in Afrik. bekend is, en dat die klugte dus 'n belangrike bron vir ons kennis van die Afrik. woordeskat is. Tog moet 'n mens versigtig wees om konklusies oor die 17e eeuse dialekte te baseer op die taalmateriaal, wat die klugte ons lewer. Ook op die taalgebruik van die klugspeldigters, selfs waar hulle werklik [2]) die volkstaal skrywe, het die sentraliserend-puristiese taalbeweging van hulle tyd maar al te dikwels nivellerend gewerk. BREDERO mag ons b.v. verseker: „Ick hebbe door myn slechtheyt een Boer boerachtigh doen spreken, en meer de ghewoonte dan de kunst ghevolght," en dat hy

[1]) Vgl. I § 4 (*a*).

[2]) Ook die klugspeldigters het vir 'n groot deel die min of meer tradisionele skryftaal aanvaar (vgl. J. W. MULLER in "Taal en Lett." I 225).

„alleen Amstelredamsche Taal" gebruik (vgl. voorrede by „Griane"), tog praat die personasies in sy klugte en blyspele waarskynlik nie altyd onvervalste dialekte nie, al het hy hulle spraak miskien uitmuntend geken.

Selfs BREDERO het nie baie op met 'n "mengelmoes van spreken" nie, met 'n "verbasteringh of verwerringh van woorden" of met "lieden die eer sy haar eygen sprake kennen, andere talen leeren, die naderhant duytsch sprekende, haer dicwels om 't lichtste met een vreemdelingswoort behelpen moeten" (vgl. voorrede by "Moortje"). Ons sien hier dus weer die gewone afkeer van vreemde woorde, wat in die omgangstaal seker in gebruik was. Die klugspeldigters sal in die praktyk waarskynlik ook al uitgegaan het van die taalbeskouing, wat VONDEL in 1650 in die volgende woorde geformuleer het: "Out Amsterdamsch is te mal, en plat Antwerpsch te walgelijck en niet onderscheidelijck genoegh. Hierom moeten wij deze tonghen matigen en menghen en met kennisse besnoeien. . ." ("Aenleidinge ter Nederduitsche Dichtkunst"). Het BREDERO se taalgebruik b.v. op "out Amsterdamsch" berus? Daar moet nog baie studie van die 17e eeuse volkstaal gemaak word om hierdie vraag op 'n bevredigende wyse te kan beantwoord, maar J. O. S. VAN DER VEEN het reeds op grond van sy ondersoek van BREDERO se taal die stelling neergeskrywe, dat selfs BREDERO nie geskrywe soos hy gepraat het nie [1]). Daarby kom nog, dat 'n mens moeilik kan uitmaak, wanneer jy in die staaltjies van sogenaamde volkstaal in die 17e eeuse klugte met opsettelike verdraaiing, vervorming of oordrywing met komiese bybedoelinge te doen het. So kan ek my voorstel, dat iemand, wat later die hedendaagse geadapteerde Afrikaans van die kleurlinge in Suid-Arika uit die teenswoordige klugte sou wil rekonstrueer, hom dikwels deerlik sal misgis. Ten slotte bly in die reël alle letterkundig gedokumenteerde vorme van die volkstaal, dus ook die 17e eeuse volksliedere nes die klugte,

---

[1]) Vgl. J. O. S. VAN DER VEEN — "Het Taaleigen van Bredero," blds. 141.

Dit kan van belang wees om te ondersoek in hoever reeds in die 17e eeuse literatuurtaal, en selfs in die klugte, die neiging tot tradiesie en konvensie aanwesig was, wat Prof. DE VOOYS gekonstateer het "in de stadhuis- en diplomatentaal" (vgl. bo).

'n min of meer onbetroubare bron vir ons kennis van die taalwerkelikheid self.

Maar minder nog as die taal van geskiedskrywing, treurspel en poësie mag die taal van klugte en volksliedere verwaarloos word vir 'n historiese rekonstruksie van die oorgeërfde deel van die Afrikaanse woordeskat. Ook hier is die gebrek aan voorstudie ten seerste te betreur.

In die klugte en blyspele word dikwels lawaai gemaak, geskel en gevloek, en daarby kom allerlei volksuitdrukkings van pas. Volgens LOWAK was dit in die 17e eeu ook by die Hd. klugspeldigters die gebruik om die waarheid en die komiese weer te gee deur "die kleinlichen Gefühlsäusserungen des täglichen Lebens....., die in den Ausdrücken des Ärgers und der Gereiztheit, in Scheltworten und Flüchen, in Ausrufen des Schmerzes und der Freude, in tausend zärtlichen Schmeichelworten zur sinnlichen Erscheinung kommen" [1]).

Van die sterk gekruide woordvoorraad, wat in die klugte te pas kom, het Afrikaans verskillende erfstukke bewaar.

So is *bogger* (*bokker*) vandag in Noord-Ndl. volgens die Ndl. Wdbk. verouderd, en enigsins met verskil van betekenis gewestelik in Suid-Ndl. bewaar. Maar Afrikaans ken dit nog in die betekenis van "smeerlap", waarin dit meermale in die 17e eeuse klugte voorkom. Daar is rede om te vermoed, dat die woord veral in die 17e eeuse seemanstaal as 'n skeldwoord in gebruik was. 'n Mens sou geneig wees om in Afrikaans aan die Engelse skeldwoord *bugger* te dink, wat miskien nie sonder invloed op *bogger* (*bokker*) in Afrikaans gewees is nie, hoewel laasgenoemde woord in Afrikaans stellig nie 'n ontlening uit Engels is nie. In JAN VAN RIEBEEK se "Dagverhaal" (I blds. 114) kom voor *boggerflamen*, wat waarskynlik as *bougre Flamand* moet opgevat word. Die woord sal dus seker onder die seelui en Kompanjiedienaars aan die Kaap bekend gewees het, daar dit al Mnl. is (vgl. Mnl. Wdbk.). Die ervaring leer, dat sulke skeldwoorde nie maklik verleer word nie,so dat 'n later ontlening van die woord uit Engels nie baie waarskynlik is nie.

Asgat kom in Ndl. vandag nog in die dialekte voor. In Afrikaans word dit egter nie alleen van kinders

[1]) Vgl. A. LOWAK — "Die Mundart im hochdeutschen Drama bis gegen Ende des 18 Jahrh." (Leipzig, 1905). Ek haal aan uit O. WEISE — "Unsere Mundarten" blds. 1—2.

gesê nie, soos Dr. MANSVELT beweer, maar ook van volwasse mense.

Hede is 'n bastervloek, wat nog in Ndl. (*heden*) sowel as in Afrikaans in dieselfde betekenis bestaan as vroeër; maar *verbrands* ("vervloek") is my in Ndl. vandag onbekend, terwyl dit in Afrikaans opgang gemaak het. Afrik. ken die woord as 'n uitroep *verbrands!* en as 'n byv. nw. en byw.: "die *verbrande* (*verbrandse*) spyker het my *verbrands* seer gemaak".

O jee! en *O jiemie.* kom in die 17e eeuse klugte in allerlei variante voor, soos *jee*, *jemie*, *o jeemy*, *jemenie* en *jeminie*. En *warentig* (*wrintig*, *wrentig*), *warentelik* (*wrintlik*, *wrentlik*), *warempel*, en *wraggies* is almal nog versagtende vorme in Afrik. van *waragtig* (*wragtig*) net soos *warentig* en *warempel* in Ndl. nog is. Ons sien dus in Afrik. nes in die klugte die neiging om allerlei versagtende wisselvorme van vloeke en bastervloeke te gebruik. In die 17e eeuse klugte word 'n „smeerlap", behalwe 'n *bogger*, ook 'n *loeder* (*lodder*) genoem, 'n woord wat my in Ndl. nog in hierdie betekenis bekend is, maar wat in Afrik. alleen in die sin van „hoer" skyn gebruik te word (vgl. Patr. Wdbk.) [1]). Of die woord in Afrik. ook nog in die betekenis van "smeerlap" voorkom, is my onbekend. Dit is 'n woord, wat baie selde gehoor word. Dit geld ook van *aapskilloeder*, wat volgens Prof. SMITH (vgl. P. W. L. I blds. 139) wel in Afrik. voorkom, maar in my eie taalgebruik onbekend is, en in die Vrystaat en Transvaal weinig bekend skyn te wees. [2]) Dr. HESSELING het *aapskilloeder* van Duits *Schindluder* afgelei, en daar is g'n beswaar teen so'n afleiding van die twede deel van die woord nie, maar met die eerste deel van die woord en met die samestelling van die twee dele is ons 'n bietjie verleë. Moet ons in *aap-* 'n volksetimologiese vervorming sien van die Duitse voorvoegsel *ab-* in *abschinden*? Dan sou ek ook 'n uitspraak *apskilloeder* verwag. Maar in Duits word die voorvoegsel *ab-*, sover ek weet, net met die w.w. *schinden* saamgestel, en nie met die selfst. nw. *Schindluder* nie. Moet ons dan in *aapskilloeder* 'n hibriediese samestelling sien van *aap* en *Schindluder*? Die vorm *aapskilloeder* moet miskien ver-

[1]) So ook Ndl. (vgl. Ndl. Wdbk. i. v. *Loeder.*)

[2]) Ds. S. J. DU TOIT, uit die Kaap Kolonie afkomstig, skrywe selfs oor *aapskilloeder*: "ons Afrikaners ken so'n woord nie" (Ons Taal" II 1908 i. v. *aap.*)

klaar word as die gevolg van 'n sametrekking van twee aparte skeldwoorde *aap* en *Schindluder*, wat moontlik meermale naas mekaar gebruik geword is. Dit vorm dus moontlik 'n parallel met die Duitse skeldwoord *Schweinhund.*

Vir die vermoede van Dr. MANSVELT, dat die woord deur Duitse soldate van die N.O.I.K. ingevoer is, bestaan daar m. i. dus nie genoeg bewyse nie. In vorm herinner *aapskilloeder* ons aan *apekluiter* (*apekleuter*), wat 'n enigsins minder gunstige betekenis as Ndl. *kleuter* het. As gelykbetekenend met *apekluiter* gee Ds. S. J. DU TOIT (t.a.p.) ook *apevlooi*, wat my owerigens in Afrik. onbekend is.

Is dit twyfelagtig of *aapskilloeder* as 'n oorgeërfde of 'n ontleende woord in Afrik. moet beskou word, dan weet ons, dat skeldwoorde soos *niksnuts*, *niksnutter*, *swernoot* en *swernoter* reeds in die 17e eeuse klugte voorkom, en vandag nog in die Ndl. dialekte sowel as in Afrik. voortleef, sodat ons hier seker nie met ontlenings uit Duits te doen het nie.[1]) Tot die oorgeërfde woorde, wat ook reeds in die 17e eeuse klugte as skeldwoorde voorkom, behoor ook nog *kanallie*, *vagebond*, *blikskater* e. a. Van die laaste het eufemisme of volksetimologie in Afrik. ook *blikskottel* gemaak.

Tot hierdie soort van woorde kan ons ook ander kragsuitdrukkings reken, wat nie juis skeld- of vloekwoorde is nie, maar wat psigologies tot dieselfde woordrubriek behoor, omdat hulle in oomblikke van opgewondenheid, drif of toorn gebruik word, of met die bedoeling om afkeuring of afkeer uit te druk. So besit *loesing* vir my heeltemal 'n ander gevoelswaarde as "slaag, klappen," wat Dr. MANSVELT as betekenis opgee. Dit is 'n "dugtige afranseling". 'n Vroeër dokumentering van hierdie woord het ek nie gevind nie as dié, wat Dr. HESSELING opgee, n. l. in die klug van ALEWIJN, "JAN LOS"[2]), d. w. s. uit die eerste kwart van die 18e eeu. Maar waar die woord

[1]) *Swynhond* (Du. *Schweinhund*), wat die heer LE ROUX as 'n Afrik. skeldwoord van Duitse herkoms vermeld ("Handleiding" blds. 71), is my in Afrik. onbekend, en bestaan dus waarskynlik alleen gewestelik.

[2]) Vgl. Dr. HESSELING — "Het Afrikaansch," blds. 79.
Dit is vanselfsprekend dat al sulke woorde in vryer gebruik was as in die klugte, maar daar hulle in die blyspele en klugte goeie diens kon doen, vind ons meermale die vroegste dokumentering van sulke skeldwoorde juis in dié literatuursoort, al was die woorde self seker baie ouer.

in Wes-Vlaams[1]) met dieselfde betekenis as in Afrik. voorkom, en selfs nouer ooreenkoms met die Afrik. gebruik vertoon as die aangehaalde sitaat uit "JAN LOS", daar is ek geneig om aan die woord 'n baie hoër ouderdom toe te skrywe, en dit tot die oorgeërfde woordeskat uit die 17e eeu te reken[2]). *Loesing* verdien hier vermelding, omdat dit waarskynlik 'n oorgeërfde kragsuitdrukking is, en omdat dit, sover tot nog toe bekend is, die vroegste skriftelike dokumentering in 'n klugspel gevind het.

Net so min as in die geval van *swernoot* hoef ons met Dr. HESSELING (blds. 84) in *wiks* en *uitwiks* ontlenings uit Duits te sien, daar hierdie woorde behalwe in verskillende dialekte en in enige spreekwoordelike uitdrukkings,[3]) reeds vroeg genoeg in die 17e eeuse klugte voorkom om oorerwing waarskynlik te maak. Ook *basta* word meermale in die 17e eeuse klugte gebruik, o. a. deur Bredero. Dr. HESSELING het gemeen, dat *basta* in Ndl. sowel as in Afrik. gekom het uit Port., en nie uit Ital. nie, want "in 't Afrikaansch is een Italiaansch woord niet waarschijnlijk" (blds. 114, noot (1), en vgl. Dr. F. A. STOETT "Spreekwoorden," blds. 57 en noot (1)). Hierop het Dr. BOSMAN tereg geantwoord met die vraag: "Waarom is 'n Italiaanse woord onwaarskynlik in Afrikaans, as dit ook in Nederlands voorkom? Is *bankrot*, *bandiet* nie ook van Italiaanse afkoms nie?" (blds. 81). *Basta*, *bankrot* en *bandiet* kom dan ook aldrie reeds vóór die middel van die 17e eeu voor in Ndl. klugte, terwyl *basta* en *bandiet* ook tot die 17e eeuse seemanstaal behoor, soos Dr. HESSELING in die geval van *basta* self erken. Uit die feit, dat *basta* byna dageliks in die Westelike Prov. van die Kaap Kolonie gehoor word, en in die Vrystaat en Transvaal baie selde gebruik word, sou ek konkludeer, dat die woord in die Suide in die lewe gehou is onder invloed van die seemanstaal. Alleen 'n vooropgestelde teorie kan m.i. in *basta* 'n leenwoord uit Port. sien, vir sover dit Afrik. geld.

In die klugte gaan dit nou nie altyd so lawaaierig toe, as 'n mens uit woorde soos *bogger* (*bokker*), *asgat*, *hede*, *verbrands*, *o jee!* *wrintig*, *loeder*, *niksnuts*, *niksnutter*, *swernoot*, *swernoter*, *kanallie*, *vagebond*, *blikskater*, *loesing*, *wiks*, *uitwiks*, *basta* e.a. miskien sou aflei nie.

[1]) Vgl. De Bo[2], 574, en "Loquela," blds. 301.
[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII[2] 2575.
[3]) Vgl. Dr. F. A. STOETT — "Spreekwoorden," bldss. 608 en 469.

Daar word ook gespot en gepraat oor die komiese verhoudinge van die alledaagse lewe. *Oomkool* is so'n spotwoord, wat in Afrik. soos in die 17e eeuse klugte in 'n ruimer betekenis gebruik word as vandag in Nld. Maar *rakker* word vandag in Afrik. nes in Ndl. van 'n "deugniet van 'n kind" gebruik, terwyl dit vroeër die benaming vir 'n "geregsdienaar" was, wat ook in die klugte meermale 'n rol gespeel het.[1]) 'n Nuusgierige kind word in Afrik. nog as 'n *nuusgierige Agie* of as *nuusgierige Agie van Inkhuise* bespot.[2]) In Nederland kon die verhaal van "Aagje van Enkhuizen", sowel as die pleknaam Enkhuizen, gehelp het om die herinnering aan die spreekwoordelik nuusgierige Agie in die lewe te hou, in Suid-Afrika kon die herinnering aan *Agie van Inkhuise* op die duur alleen bewaar gebly het kragtens 'n algemeen verbreide volkstradiesie.

In *punteneurig* (*punteneríg*) hoef ons nie met Dr. MANSVELT 'n ontlening uit Fr. *point d' honneur* te sien nie, want dit kom reeds as spotwoord in die 17e eeuse klugte voor, terwyl dit vandag in Ndl. alleen gewestelik in gebruik skyn te wees.

Kluit word in die 17e eeu dikwels gebruik as 'n gelykbetekende wisselvorm van *klucht*, en kom ook nog in ander betekenisse voor, soos "grap, aardigheid, sprokie, fabel" ens. In Afrik. is *kluitjie* 'n versagtende woord vir 'n "leuen", 'n betekenis, wat heeltemal natuurlik aansluit by die 17e eeuse[3]). So word *storie* (< *historie*) reeds in die 17e eeuse klugte gebruik, nes in Afrik., vir 'n "verhaal", 'n "geskiedenis", en soms vir 'n "onware verhaal", dus 'n "leuen". Ons hoef in *storie* dus nie die Eng. *story* te sien nie, omdat dit reeds Mnl. is. So hoef *top* ook nie 'n leenwoord uit Eng. te wees nie, want dit word reeds in Mnl. en ook in die 17e eeuse klugte gebruik vir wat gewoonlik 'n *tol* heet. En *top!* by die aangaan van 'n koop of weddenskap is vandag nog algemeen Ndl.

Rinkink word in die 17e eeuse seemanstaal gesê van die "geraas, wat stampende skepe teen mekaar maak", en in die klugte gewoonlik van die "geklink van drinkglase teen mekaar". Daaruit kon die betekenis van 'n "geraas of lawaai maak" in die algemeen maklik ontwikkel,[4]) en

---

[1]) Vgl. Dr. F. A. STOETT — "Spreekwoorden," blds. 640.
[2]) Id. blds. 2. [3]) Vgl. Id. blds. 419 s. v. *loer*.
[4]) So reeds by BREDERO e. a. vgl. Ndl. Wdbk. XIII 568.

uitgebrei word tot die begrip van "rondloop om lawaai te maak, baljaar, ravot" ens.

Fluit word in die klugte nes in Afrik. gebruik vir "urineer". Volgens die Ndl. Wdbk. is dit in Ndl. plat, terwyl dit in Afrik. juis eufemisties gebruik word om die platter woord *pis* te vermy.

Afrik. besit drie gelykluidende werkwoorde *lyk*. In "ek *lyk* dit", is *lyk* ongetwyfeld 'n Anglisisme, wat moeilik uit Afrik. sal kan geweer word, omdat dit reeds tamelik algemeen ingeburger is, en omdat dit soveel korter is as die omslagtige, "ek hou daarvan".[1]) Naas die gewone w.w. *lyk*, Ndl. *lijken*, besit Afrik. nog die w.w. *lyken*, wat as 'n onpers. w.w. gebruik word en veral in die Transvaal veel gehoor word. "Dit *lyken* vir my — of hoe *lyken* dit vir jou?" Dit is ongetwyfeld dieselfde w.w., wat vandag nog in die Ndl. dialekte, en vroeër in die klugte, voorkom as *lijkenen* (vgl. Ndl. Wdbk. VIII 2314). So besit Afrik. ook verskillende woorde *skof*. In die betekenis van (1) "deel van 'n werkdag" en (2) "*skof* van 'n vent" kom die woord reeds in die 17e eeuse klugte voor. Verder is dit in Ndl. en Afrik. ook bekend in die sin van (3) "deel van 'n dier", terwyl Nld. ook (4) die w.w. *schoften* ken vir "uitrus om te eet", wat in Afrik. gebruik word as w.w. *skof* vir "eet" en as (5) selfst n.w. vir die "kos wat geëet word". In die laaste betekenis is die Afrik. woord ook in Eng. oorgegaan as *scoff* (food, meal, vgl. MURRAY, VIII 230). Uit die begrippe "deel van 'n werkdag" en "rusperiode om te eet" is waarskynlik die nuwe Afrik. betekenis ontstaan van (6) "bepaalde afstand, wat met 'n ossewa afgelê word van een uitspanning tot die volgende".

Vrugte en groente, wat ryp genoeg of geskik is om geëet of gebruik te word, heet in die 17e eeuse klugte, en in die min of meer verouderde literatuurtaal, *bekwaam*. In hierdie betekenis is die woord nog in verskillende Ndl. dialekte sowel as in Afrik. bewaar.

Tot die woordvoorraad van dagelikse gesprekke behoor woorde soos *uitbabbel* (= uitpraat), *verkeerd* (= dwars, stuurs, nors) en *sek* (< "seg ik") in Afrik. nog bewaar

---

[1]) Dit sluit nou aan by die gebruik en betekenis van *lyken* (II) en van *lykenen* van die Ndl. Wdbk. VIII 2312 en 2315 respektiewelik.

in *voertsek*,[1]) en uitdrukkings soos: "*dit sê nie*" en "*voor dooieman's deur kom*" of "*aan dooieman's deur klop*", wat almal in die 17e eeuse klugte voorkom. Die laasgenoemde uitdrukking is nog in Ndl. bekend, maar meer algemeen skyn te wees: "*aan eens dovenmans deur kloppen*" (vgl. Dr. F. A. STOETT — "Spreekwoorden", blds. 135).

In die 17e eeuse klugte, sowel as in die algemene skryftaal, heet die donker skadewee van die aankomende nag die *bruin* (vgl. Ndl. Wdbk. III 1 blds. 1670) 'n woord, wat my in Afrik. nog bekend is in die vaste uitdrukking: "die *bruin* slaan toe" (= "dit word donker"), 'n uitdrukking, wat veral op kommando gebruik word.

Afrik. het dus verskillende van „die kleinlichen Gefühlsäusserungen des täglichen Lebens" wat reeds vóór die middel van die 17e eeu in Ndl. klugte voorkom en groteliks uit die volkstaal stam, bewaar. Het ons in die klugte van die eerste helfte van die 17e eeu reeds vreemde woorde soos *bandiet* en *basta* gevind, wat destyds ook in die seemanstaal gelewe het, dan vind ons in die klugte van die twede helfte van die 17e eeu seemanswoorde van vreemde herkoms soos *orangbaar* e.a. (vgl. v. VLOTEN — „Kluchtspel" III bldss. 185 en 220). Nou weet ons uit ander bronne (waaroor later), dat 'n woord soos *orangbaar* reeds in die eerste helfte van die 17e eeu in die seemanstaal in gebruik was, en dit kan ook die geval met 'n woord soos *loesing* gewees het.

Ook uit die kinder- en wiegeliedjies van vroeër, sowel as uit minneliedere en ander volksliedere, het Afrik. allerlei minder gebruiklike woorde bewaar. Volgens die Patr. Wdbk. is *doedoe* (= slaap) 'n Afrikanisme, waarvoor Dr. MANSVELT dit blykbaar ook aangesien het, anders was daar g'n rede om dit in sy „Idioticon" van Afrik. op te neem nie. Ook Dr. E. C. PIENAAR laat hom enigsins onduidelik oor die herkoms van die woord uit in sy aantekening: „*doedoe, doekies* (i. e. *doedoetjies*): klanknabootsende woorden, waarmee 'n kind in slaap gesust wordt" ("Dichters uit Zuid-Afrika", blds. 124). Die woord *doedoe* kom egter reeds in ou Ndl. wiegeliedjies voor,[2]) en word in Afrik. ook nog

[1]) Prof. SMITH se beswaar teen hierdie afleiding (in "Huisgenoot", Aug. 1921, blds. 146) kan ek nie deel nie. Die afleiding word so goed as seker gemaak deur die 17e eeuse *sek* (< "*seg ik*") en *voort sek*.

[2]) Vgl. FL. v. DUYSE — "Ndl. Lied" II 1309, en SCHONKEN — „Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." blds. 64—5.

in verbale funksie gebruik, b.v.: "Kindjie moet nou gaan *doedoe*", of: "Het kindjie lekker *gedoedoe*?" So ken ek die woord *akkerman* in Afrik. alleen in kinderliedjies, wat uit Ndl oorgeërf is.[1]) In die hedendaagse Ndl. betekenisse van *akkerman* (= landbouer) en *akkermannetjie* (gew. = kwikstertjie) is die woord my, behalwe in genoemde oorgeërfde kinderliedjies, nie meer in Afrik. bekend nie.

In die geval van minder gebruikelike en minder algemeen verstaanbare woorde, wat in die oorgelewerde en oorgeërfde volksliedjies voorkom, het die volksetimologie in Afrik. hoogty gevier. Enkele voorbeelde daarvan kan ek hier nader bespreek, maar die rol van die volksetimologie self behandel ek in 'n ander hoofdstuk.[2]) By die Afrik. kniedeuntjie, waarin die woorde voorkom: —

"So loop die perdjies
Met hulle vlosse stertjies" ens. teken Dr. GROENEWALD aan: "Aan hierdie nou verband (n.l. "tussen die bewegings- en die versritme") is die woordelike oorlewering te danke; selfs die vir 'n Afrik. oor onverstaanbare woord "vlosse" is bewaar" (blds. 21). Nou vertoon die my bekende variant van hierdie kinderliedjie in hierdie geval juis nie *vlosse* nie, maar *vosse*, waarin ons ongetwyfeld 'n volksetimologiese vervorming moet sien. Soms vind ons net 'n byna onkenbare klanknabootsing van die oorspronklike woorde. So skyn in die by Dr. GROENEWALD ook aangehaalde molliedjie die woorde *hiekla*, *hierkla* en *viekla*, *vierkla* volksetimologiese klankverbasteringe te wees van *bybela* en *vivla* (vgl. "Rympies en Raaisels," blds. 31-33). In 'n ander kniedeuntjie is volgens Dr. GROENEWALD die woorde van die Ndl. teks:

"Een stukje van de lever,
Voor een zieke wever" ens. in Afrik. vervang deur: "Koop 'n stukkie (lewer en) long,
Vir die arme sieke jong."

Hierby teken Dr. GROENEWALD aan: "Die Afrik. teks is oor die algemeen goed bewaar, uitgesonder dat "lewer" en "long" in één versie gedronge is, wat afwyk van die ander variante en, bowedien, nie pas by die metriese bou van die rympie nie. Die verandering is daaraan te wyte, dat die rymwoord "wever" in S.-Afrika haas vergeet is. Die

---

[1]) Vgl. FL. V. DUYSE — "Ndl. Lied" III 1481.
[2]) Vgl. III § 9.

metriese storing, wat hierdeur sou ontstaan het, werd deur die invoeging van "arm" in die volgende versie ten dele uit die weg geruim" (blds. 51). Hierdie verklaring van Dr. GROENEWALD is waarskynlik juis, en ek sou daar alleen aan wil toevoeg, dat in 'n ander my bekende variant van hierdie kniedeuntjie die metriese storing deur versomsetting nog beter herstel is, n l. as volg:

"Koop vir die ou jong
'n Stukkie lewer en long."

In die geval van die liedjie van "Patertje langs de kant" moet ek in 'n enkele opsig van Dr. GROENEWALD se verklaring verskil. Ek is dit met hom eens om volksetimologieë te sien in *hy* en *my* vir *hei* en *mei* (vgl. blds 27), en waarskynlik ook in *partner* en *nonna, nonnie* (en ek kan byvoeg *nonnatjie* en *noientjie*) vir *pater* en *non, nonnetje* (vgl. blds. 24-25). Maar in *kapatertjie* skyn hy 'n produk te sien van klanksubstitusie ten gevolge van "Sandhi." Hy sê: "In die Afrik. teks is "kom" en "patertjie" egter so nou verbonde, dat dit gewoonlik as een woord "kompatertjie" lui en, volgens enkele mededelinge, selfs aanleiding gegee het tot 'n sonderlinge verbastering nl. "kapatertjie" (blds. 25). Die volksetimologiese *kapatertjie* sou m.i. egter die deftiger *patertjie* hier waarskynlik verdring het sonder die hulp van die sin-"sandhi," soos voldoende blyk uit al die volksetimologieë in hierdie liedjie, soos *hy, my, partner, nonnatjie, kop* vir *hei, mei, pater, nonnetje, kap.* Die verklaring van *kapatertjie* moet m i. dus minder in die uitwerking van die sin-"sandhi" gesoek word as in die speling van die volksverbeelding, en lê m.i. opgesluit in Dr. GROENEWALD se eie opmerking: "Die feesvierende jeug was hier blykbaar meer met die veeteel as met die Katolieke geestelike bekend" (t.a.p)

Ek het vroeër reeds op verskillende sulke vermoedelike volksetimologieë in oorgeërfde Ndl. volksliedjies gewys, soos o.a. *bonte* vir *blonde, nastergaal, nastergal* vir *nagtegaal* e.a.[1]) Soms het Afrik. egter die argaïstiese woordgebruik van oorgeërfde volksliedjies onveranderd bewaar, soos wanneer 'n minnaar *deurwond* is, en gaan *dool* of "die bitter dood (moet) *besuur.*"[2]) Maar oor die algemeen moes die woorde en uitdrukkings van die oorgeërfde volksliedjies

[1]) Vgl. BOSHOFF—DU PLESSIS — "Afrik. Volksliedjies" II blds. 156.
[2]) Vgl. Id. II 31, en FL. V. DUYSE — "Ndl. Lied," I 521, 306 en 393.

hulle, nes die liedjies self, aan hulle nuwe materiële en kulturele milieu aanpas om hulself in die nuwe vaderland te kan handhaaf. Uit die 17e eeuse klugte en volksliedere leer ons dus verskillende woorde ken, wat veral in verband met die lief en leed in die lewe van die Afrikaanse stamouers in hulle stamland gestaan het, en wat hulle afstammelinge in die nuwe vaderland tot op die huidige dag bewaar het. Die taal van die volksliedere, en van die 17e eeuse klugte veral, bring ons dus 'n stap nader naar die bonte kleuremengsel van die 17e eeuse volkstaal met al sy basterwoorde.

---

§ 4. 17e eeuse Basterwoorde.

In die 16e en 17e eeuse leksikografie bestaan daar, in ooreenkoms met die taalpuristiese beweging van dié tyd, 'n eie opvatting oor sogenaamde basterwoorde. Duidelik kom dié opvatting aan die woord in die woordeboeke van VAN DER WERVE, KILIAEN en MEYER, en ook in die werke van ander geleerdes. So het VAN DER WERVE 'n basterwoordeboek saamgestel, waarin hy in 'n voorwoord "tot den goedwilligen lezer" verklaar: "zo hebbe ik alle geschuimde woorden, die in onze Tale niet t'huys behoorden, vervolgens na d' eerste Letteren afgaande, hier gezet agter een..... ende dezelve in plat Duytsch zo uyt geleyd" (blds. 1). Hy maak dan duidelik, dat die bedoeling van sy woordeboek is, dat 'n mens die daarin voorkomende woorde nie moet gebruik nie, omdat hulle basterwoorde is. Die woordeboek van VAN DER WERVE moes dus oorbodig word, sodra dit sukses sou hê. In dieselfde gees as VAN DER WERVE gee KILIAEN as 'n byvoegsel tot sy "Etymologicum" 'n "Appendix Peregrinarum" ens. En MEYER sluit bewus by VAN DER WERVE aan met sy "Woordenschat", wat berus op 'n leksikografiese werk in 1650 samegestel deur JOHAN HOFMAN [1]). Nes VAN DER WERVE het MEYER die oorlog verklaar aan "het wanghebruik der uitheemsche woorden", en beoog hy "een zuivere en van bastaardtwoorden gheschuimde taal". By sy voorgangers sluit hy aan met die opmerking: "Andere hebben alle uitheemsche woorden ghepooght te verzamelen in een

[1]) Vgl. A. DE JAGER — "Over MEYERS Woordenschat" (in "Konst- en Letterbode," 1858.)

beknopt bondel, hunne betekenissen in Duitsch daar aan knoopende, opdat de Bastaarden uit, en de Echte in het ghebruik moghten ghevoert worden. Dit hebben onderwonden, in de voorghaande eeuwe, *Jr. Jan van der Werve*, in zijne *Schat der Duitsche Taale*, en *Joan Hofman*, in de teghenwoordighe, in zijne konstrijke Neederlandsche Woordenschat....." ens. (blds. 5).

In die eerste deel van sy eie "Woordenschat" gee MEYER dan ook 'n alfabetiese lys van sulke basterwoorde, wat uit die taal moes geweer word om die suiwerheid te behou van die "eighene moederlijke taale, welke in rijkdom voor gheenighe andere de vlagghe behoeft te strijken....." (blds. 4). Ons kry by die 17e eeuse woordeboekskrywers dus presies dieselfde puristiese taalopvatting as by die digters, alleen met hierdie verskil vir ons, dat waar die digters natuurlik sulke basterwoorde moes *vermy*, daar was die leksikografe uit die aard van die saak verplig om hulle te *vermeld*. Waar die een klas van bronne dus so veel moontlik swyg, daar praat die ander met 'n duidelike stem, en met 'n groot eenstemmigheid. So kan ons vandag ons kennis van die woordeskat van 17e eeuse Ndl. en veral van die sogenaamde 17e eeuse basterwoorde, behalwe uit moderne wetenskaplike werke, [1]) aanvul met behulp van genoemde basterwoordeboeke, waar die 17e eeuse literatuurtaal, die taal van dramatiek en historie, van poësie en Bybelvertaling, en selfs van klug en volkslied, ons in die steek laat. Uit die 17e eeuse woordeboeke kry ons dus 'n beeld van die minder puristiese spreektaal van die meer, sowel as van die minder, ontwikkelde klasse. Waar ons hier te doen het met leksikografiese werke, en nie met die weerspiegeling van die alledaagse lewe in die literatuur en in die literatuurtaal nie, daar is dit miskien gewens om in hierdie paragraaf oor basterwoorde meer rekening te hou met woordklasse as met hulle gebruiksfere in die lewe. [2])

Ons kan die vraag stel of die 17e eeuse taalpuriste, digters en woordeboekskrywers, met hulle taalstrewe sukses gehad het. 'n Afdoende antwoord op die vraag is in die feit te vind, dat verskillende van die verbode vreemde

[1]) Soos SALVERDA DE GRAVE'S — "De Fr. Woorden in het Ndl.".

[2]) Die vermyding van sulke woorde in die 17e eeuse literatuur maak dit boëndien baie moeilik om hulle 17e eeuse gebruiksfere te bepaal.

woorde gereëld deur die grootste 17e eeuse digters en skrywers gebruik word, terwyl 'n groot persentasie later 'n permanente plek in die Ndl. woordeskat verower en soms selfs die inheemse ekwiwalente verdring het. 'n Taal laat hom in sy ontwikkelingsgang nie in die studeerkamers van taalgeleerdes kontroleer nie. Een gevolg moes die digters en prosaïste, met die medewerking van die woordeboekskrywers, egter wel bereik, namelik 'n verwydering tussen die skryftaal, puristies in woordgebruik en klassisties in woordwending, en die spreektaal, in sy ontwikkelingsgang vryer en losser van die remmende faktore van 'n konserwatief-verstarrende skryftradiesie. [1])

Teen die middel van die 17e eeu moes die onderskeid tussen die skryftaal en die dialekte van die gemiddelde boere- en arbeidsklasse, sowel as van die seelui, reeds betreklik groot gewees het, en van die twede helfte van die 17e eeu af sou die Ndl. volkstaal in Suid-Afrika 'n eie selfstandige ontwikkelingsgeskiedenis begin.

'n Ander vraag is, wat die 17e eeuse leksikografe onder basterwoorde verstaan het. Die antwoord word in hulle woordelyste self, sowel as in die verklarende inleidinge en aantekeninge daarby, gevind. As ons die sogenaamde basterwoordeboeke raadpleeg, dan blyk al dadelik, dat die daarin voorkomende woorde hoofsakelik Latynse en Franse woorde is, sodat ons daarin juis dié vreemde woorde te sien kry, waarteen die puristiese taalbeweging gerig was. Erken moet word, dat daar onder die sogenaamde basterwoorde ook vreemde woorde van 'n ander herkoms voorkom, vernaamlik Spaanse en Italiaanse. Maar dit lê in die aard van die eensydigheid van die 17e eeuse taalpurisme, dat daar destyds byna nie op die stroom van Portugese en Oosterse woorde gelet is nie, wat ten gevolge van Nederland se nuwe handels- en wêreldverkeer besig was om in Ndl. in te vloei. In die wêreldhandel het Nederland destyds 'n hoofrol gespeel. Op daardie gebied was nie veel van vreemde invloed te vrees nie. Maar op die gebied van kuns, literatuur, mode ens. moes gewaak word teen Franse invloed. Dit verklaar die geaardheid van die 17e eeuse purisme.

---

[1]) "De tucht die een teugel was, werd een leiband", sê Prof. DE VOOYS ("Spreken en Schrijven", blds. 14).

Vgl. J. W. MULLER — "Spreektaal en schrijftaal in het Nederlandsch" ("Taal en Lett." I 296 vgg.).

Waar ons probeer om ons 'n voorstelling te vorm van die woordeskat van die 17e eeuse dialekte, daar help 'n kennis van wat destyds in woordeboeke as basterwoorde gegeld het ons dus 'n stap vooruit; maar ook net 'n enkele stap, omdat die puristiese standpunt eensydig was. Dit bring ons egter 'n stap nader naar die bonte kleuremengsel van die 17e eeuse seemanstaal, naar die veelkleurige taal van die 17e eeuse skeeps- en reisjoernale.

Onder die hierbo behandelde woorde, wat meermale in die 17e eeuse literatuur voorkom ten spyte van die feit, dat hulle destyds as basterwoorde gebrandmerk gestaan het, kan ek hier noem: *aptyt, bandiet, bankrot, basta, kalant, kanallie, punteneurig, vagebond* e. a. 'n Groot aantal sulke basterwoorde het eers later algemeen in gebruik gekom in die skryftaal en is sowel as dié, wat vroeër reeds in Ndl. burgerreg verkry het, in Afrik. bewaar gebly. Hier kan genoem word: *affère, affront, affronteer, astrant, baketel, balju, balkon, beskuit, different, diskoers, dosyn, ewenement, finaal, fleur, floreer, juistement, kaduks, kantien, karwei, in kas, kaskenade, konsensie, lampet, molesteer, negosie, oblietjie, ommelet, orgelis, patent, takseer, tierlantyntjies, vendusie, veraltereer* e. a. [1]) Enkele van hierdie en 'n paar ander sulke woorde verdien hier enige kommentaar.

So was in die begin van die 17e eeu die gebruiklike woord waarskynlik *tweeback*, maar „*biscuit* vulgo vocatur peregrino nomine" (KILIAEN). Vandag is *tweebak* vir 'n groot deel in onbruik geraak, en in Arik. is dit my ook onbekend, terwyl die gebruiklike woord in Ndl. en Afrik. vandag *beskuit* is. Die basterwoord *beskuit* het in Ndl. en Afrik. dus fortuin gemaak, terwyl *tweebak* alleen in die dialekte in gebruik gebly is. [2])

Kantien is vandag in Ndl. hoofsakelik 'n soldatewoord, in Suid-Ndl. word dit in die ruimer sin van „tappery" gebruik, en in Afrik. min of meer in 'n ongunstige sin van enige „drinkplek, waar brandewyn ens. verkoop word". Afrik. ken die woord ook in die sin van "blik", vandaar ook die samestelling *blikkantien. Negosie* kom in Afrik. ook voor in die samestellinge *negosiewinkel, negosieware*, e. a., wat ek in die Ndl. Wdbk. nie vind nie, terwyl *naturel* (inboorling), wat vandag in Ndl. verouderd is, reeds in

---

[1]) Vgl. SALVERDA DE GRAVE — "De Fr. Woorden in het Ndl."
[2]) Vgl. Prof. F. A. STOETT. N. T. XIII blds. 101.

die 17e eeu in Ndl. in hierdie betekenis bekend was (vgl. Ned. Wdbk. IX 1603).

In hoever 'n woord soos *ewenement*, wat in die hedendaagse Afrik. skrybtaal voorkom, b.v. by PRELLER, in Afrik. bewaar gebly, of later opnuut opgeneem is, kan ek moeilik uitmaak, daar die woord my in die spreektaal onbekend is. Dit kan egter as 'n argaïsme bewaar gebly het in die taal van die ouer geslag, want *differ*ent, *kaduks*, *in kas*, *tierlantyntjies*, *veraltereer* het ek meesal alleen uit die mond van die ouer geslag verneem.

So was daar in die 17e eeu reeds meningsverskille oor enkele basterwoorde. *Kontrei* kom b.v. nie in KILIAEN se "Appendix Peregrinarum" voor nie, maar in sy "Etymologicum" (i. v. *Kontreye*), waaruit ek sou wil aflei, dat dit vir KILIAEN nie meer 'n vreemde woord was nie.[1]) Maar by MEYER kom dit 'n ruim halwe eeu later nog onder die "Bastaardwoorden" voor. Die woord sal waarskynlik nes *beskuit* meer in die spreektaal as in die meer puristiese skryftaal gelewe het. In die 17e eeuse reisjoernale is dit dikwels te vind in die sin van "landstreek", en enkele male selfs in die sin van "seestreek" (vgl. o.a. LINSCHOTEN — "Itinerario" I 15). Die woord was destyds dus seker reeds algemeen in gebruik in Noord-Ndl., soos vandag nog in verskillende Ndl. dialekte en in Afrik. Dr. MANSVELT se opmerkings by *kontrei*, *kastrol* e.a. is m. i. dus misleidend, daar hierdie woorde as oorgeërfde woorde in Afrik. moet beskou word. Aan die ander kant sien Dr. MANSVELT in *passabel* 'n selfstandige woordvorming in Afrik., maar *passabel* bestaan reeds as 'n 17e eeuse basterwoord, nes *kapabel* (vgl. Ndl. Wdbk. XII 654 en III 1963).

In verskillende gevalle kom sulke 17e eeuse basterwoorde nog beide in Ndl. en in Afrik. voor, maar terwyl die Ndl. vorm in spelling en uitspraak nog dig by die vreemde vorm bly staan het, vertoon die Afrik. vorm ooreenkoms met dié van die Ndl. dialekte of 'n eie afwykende uitspraak.[2])

---

[1]) Dit is begrypelik, omdat die woord al in die Mnl. periode in Suid-Ndl. voorkom.

[2]) Dit kan wees deurdat sulke woorde langs verskillende weë of in verskillende tye in Afrik. gekom is.

Hier kan die volgende voorbeelde genoem word:

Ndl.	Afrik.
bagage, courage, gage, pakkage;	*bagasie, koerasie, gasie, pakkasie;*
bergamot (peer),	*bermot* (peer);
karbonaae,	*karmenaadjie;*
tabletje,	*tameletjie.*

Vorme soos *verweel* en *pampier* is gewoon in 17e eeuse Ndl. en vandag nog in die Ndl. dialekte, terwyl Afrik. die vorme *papier* en *pampier*, *verweel* en *fluweel* naas mekaar vertoon.[1]) In ander gevalle vertoon Afrik. wisselvorme, waarvan gewoonlik een as plat beskou word. Welke vorm as plat geld, hang van die streek sowel as van die stand van die sprekers af, en van die gebruik van die een of ander vorm in die geadapteerde Afrik. van die kleurlinge. In die reël word die geadapteerde vorm dan vanself as plat beskou. Verskillende van die Afrik. wisselvorme kom ook in die Ndl. dialekte voor. As voorbeelde kan dien:

akkordeer, akkerdeer;	*aspres, ekspres;*
egaal, eengaal;	*egalig, eengalig;*
frikkedel, frikkadel;	*kwansuis, konsuis;*
makeer, mankeer, mekeer;	*moveer, moeveer;*
pask(e)wel, pask(e)wil;	*punteneurig, puntenerig;*
plafon, blafon;	*tamteer, temteer* e. a.

Prof. TE WINKEL het (in "Vragen van den Dag" XI, blds. 348) 'n lys opgemaak van enige 17e eeuse basterwoorde, wat in Afrik. bewaar gebly is, en daarby vermeld hy 'n aantal 17e eeuse verminkte vorme, wat volgens hom ook in Afrik. voorkom. Wat die verminkte vorme in Afrik. betref, skyn hy sy informasie uit Dr. CHANGUION se "Proeve van Kaapsch Taaleigen" geput te hê. Die verminkte vorme *allosie, elpienie, orlement, pasent, skobering* kan bes moontlik in die geadapteerde Afrik. van kleurlinge voorkom, en miskien selfs uit die mond van enkele onontwikkelde en veragterde blanke gehoor word, maar

---

[1]) *Fluweel* is in Afrik. enigsins 'n boekwoord in vergelyking met *verweel*, nes *flamingo* teenoor *volmink*.

ook daarin is hulle my tamelik onbekend, en algemeen Afrik. is hulle stellig nie. Ons kry dus die volgende tabel:

Ndl.	Afrik.	Verminkte Bastervorm.
horloge,	*(o)orlosie,*	*allosie,*
opinie,	*opienie,*	*elpienie,*
ornament,	*ornament,*	*orlement,*
patiënt,	*pasiënt,*	*pasent,*
schrobbering,	*skrobbering,*	*skobering.*

Van hierdie verminkte bastervorme kan die laaste twee miskien ook dialekties in Afrik. voorkom. Hier moet ons dus nog die uitkomste afwag van die Afrik. dialektologie, waarmee nog noueliks 'n begin gemaak is.

Ander 17e eeuse basterwoorde het in Ndl. minder voorspoed gehad as *beskuit.* So is *murage* volgens die Ndl. Wdbk. (IX 1255) in Ndl. verouderd. In Afrik. behoor *murasie,* gewoonlik in die sin van "vervalle mure", tot die dagelikse omgangstaal.

Minder algemeen bekend in Ndl. is vandag die woord *andoelie* (< Fr. *andouille* = wors), wat in Ndl. reeds lang voor die 17e eeu bekend was[1]). Maar die woord is ook in Afr. nie algemeen bekend nie. Enkele 17e eeuse basterwoorde het sedert die 17e eeu in Ndl. en Afrik. 'n meer beperkte betekenis verkry, wat in die twee tale verskillend uitgeval het. *Orasie* beteken b.v. in Afrik. soms 'n "lawaai", terwyl dit in Ndl. die meer oorspronkelike betekenis behou het. *Sarsie* word in Afrik. gebruik in die Ndl. sin van *salvo* ("gelyktydig afgevuurde geweerskote"), terwyl *charge* in Ndl. min of meer beperk is tot 'n "aanval van kavallerie" [2]).

'n Mens moet egter ook met sulke 17e eeuse basterwoorde versigtig wees, en nie eenvoudigweg oorerwing postuleer op grond van hulle bestaan in 17e eeuse Ndl. nie. So staan *hostel* en *dessert* b.v. onder die "Bastaardwoorden" van MEIJER se "Woordenschat" in die betekenisse van "herbergh" en "nagherecht" respektiewelik, terwyl *hotel* en *partikulier* ook onder die 17e eeuse basterwoorde voorkom. Maar sover ek weet, is *hostel* eers van laat in die 19e eeu af in Afrik. in gebruik in die beperkte sin van 'n "koshuis vir skoolkinders", en is die woord waarskynlik saam met die saak as 'n Eng. importasie te beskou. Die

[1]) Vgl. Mnl. Wdbk. s. v. *andolie.*

[2]) 'n Enkele maal vroeër ook in Ndl. in die Afr. sin, en wel as *charsie* (vgl. Ndl. Wdbk. III 2004).

algemene Afrik. kultuurkondiesies gedurende die periode 1657—1807 wys daarop, dat ons waarskynlik in *hotel* ook 'n Engelse leenwoord moet sien; en die Eng. invloed op die Afrik. kookkuns, veral ten opsigte van nageregte, poedings en soetighede, maak dit waarskynlik dat *dessert* ook via Eng. in Afrik. gekom is. *Privaat* het in Afrik., soos Dr. MANSVELT reeds opgemerk het, byna al die Ndl. betekenisse van *partikulier* op hom geneem, miskien onder Eng. invloed, terwyl *partikulier*, waarskynlik ook onder Eng. invloed, betekenisse ontwikkel het, wat vreemd is aan die Ndl. gebruik. In die geval van woorde soos *hotel*, *hostel*, *dessert* moet ons dus rekening hou met die moontlikheid, dat hulle in Afrik. verlore geraak of nooit bestaan het nie en later weer opnuut uit Eng. oorgeneem is, of dat hulle in betekenisinhoud en gebruik later deur Eng. beinvloed kan wees, wat hoogswaarskynlik die geval is met *partikulier* en *privaat*.

Enkele van die 17e eeuse basterwoorde verdien 'n nader ondersoek. In *poerbasledan* het Dr. MANSVELT 'n Afrik. verbastering gesien van Fr. *pour passer le temps*, maar volgens SCHUCHARDT wys die woord "schon in seinem Consonantismus auf Mtldtsch. hin, und wirklich kennt ja auch heute noch Mitteldeutschland diesen Ausdruck in ähnlicher Gestalt" ("Ltblt. f. germ. u. rom. Phil." VI 1885).

Dr. HESSELING het egter aangetoon, dat die uitdrukking in die begin van die 18e eeu al in Ndl. bekend was ("Het Afrik." bldss. 86—87). Vermoedelik was dit veel vroeër al in gebruik, want *passetemps* was reeds voor die middel van die 17e eeu bekend en in die Ndl. dialekte opgeneem. Maar die woord *poerbasledan* is my in Afrik. totaal onbekend, en ek kry dit ook nie in die Patr. Wdbk. of ander Afrik. woordelyste nie. Dr. MANSVELT kan dit in sy tyd miskien nog by enkele ou Kapenaars gehoor het. Verder gee Dr. MANSVELT b.v. *makrol(letjie)* as afkomstig uit Duits *makrone* of Fr. *macaron* (= "bitterkoekie"), en Dr. HESSELING laat ook die herkoms onbeslis. Daar die vorm *makron* nog in Suid-Ndl. voorkom, en daarnaas dialektiese vorme soos *makronsje* en *makrontje*, en die woord *makron* reeds vroeg as 'n basterwoord bekend was, moet ons in *makrol(letjie)* waarskynlik 'n oorgeërfde basterwoord uit die 17e eeuse dialekte sien, 'n vorm wat miskien deur 'n Suid-Ndl. dialek in Afrik. gekom is (vgl. Ndl. Wdbk. IX 130).

Daarenteë lei Dr. MANSVELT *kamaste* af van Fr. *camaches* of *gamaches*, terwyl Dr. HESSELING sê: "'t Woord kan echter ook door Duitsche "Gamaschen" dragende soldaten in Afrika zijn ingevoerd" (blds. 82). Dit is seker dieselfde woord, wat in Ndl. nog voorkom in *camachedienst*, vgl. Duits *Kamasche*, *Gamasche* [1]) en *Gamaschendienst*, en Fr. *gamache*. Die woord het in die 17e eeu waarskynlik eers in Duits gekom via Frans, en Frans skyn dit teen die end van die 16e of die begin van die 17e eeu via Provence uit Spaans *guadamaci* ontleen te hê. [2]) Dan kan Afrik. die woord ontleen het uit Duits, of uit Fr. of oorgeërf het uit Ndl., wat dit miskien reeds gedurende die Tagtigjarige Oorlog in die soldatetaal opgeneem het uit die Duits van die Duitse hulptroepe of direk uit Spaans. Vir my lyk dit waarskynlyk, dat die woord *kamaste* die omweg gevolg het uit Spaans deur Frans, Duits en Ndl. naar Afrik. [3]) Ook *moesie* (< Ndl. *moesje* < Fr. *mouche*) sal waarskynlik uit Ndl. oorgeërf wees, hoewel *moesje* eers betreklik laat in Ndl. algemeen in gebruik gekom het (vlg. Ndl. Wdbk.), sodat 'n mens in Afrik. ook aan direkte ontlening uit Fr. kan dink. Daar is dan ook enigsins 'n verskil in die Ndl. en die Afrik. gebruik van die woord. In Afrik. word *moesie* meesal gebruik vir 'n "aangebore huidmerkie", in Ndl. meesal vir 'n "aangeplakte pleisterpuntjie van die damestoilet" of vir die "puntjies op damesklerestof." *Moesje* is in Ndl. dus hoofsakelik 'n modewoord, wat *moesie* in Afrik. in die reël nie is nie.

Dr. MANSVELT en die Patr. Wdbk. gee ook op *renons* (= "afkeer, afsku," < Fr. *renoncer*), 'n woord, wat nes *andoelie* ook nie algemeen in Afr. bekend is nie. Volgens HATZFELD en DARMESTETER word die vorm *renonce* (< *renoncer*) eers laat in die 17e eeu algemeen in Fr. gebruik, sodat dit nie onmoontlik is nie, dat *renons* in Afrik. direk uit Fr. ontleen is, hoewel die woord vandag ook in Ndl. bekend is. Aan die ander kant kan gekonstateer word, dat *portfesiedeur* (< Fr. *portebrisée*) en *pompemoer* (< Fr. *pomme d'amour*) reeds vóór die middel van die 17e eeu

---

[1]) Vgl. GRIMM — "Wtb.". i. v. *Gamasche*, *Kamasche*.
[2]) Vgl. A. HATZFELD en A. DARMESTETER — "Dictionnaire Général de la Langue Française."
[3]) In die Ndl. Wdbk. kom dit egter nie voor nie.

in Ndl. bekend was [1]). Sover my bekend is, word *portfesiedeur* egter weinig in die Vrystaat en Transvaal gehoor, en dit is heeltemal begrypelik, want die eerste geslagte na die "Groot Trek" het nie in huise met *portfesiedeure* groot geword nie, maar op die ossewaens, in die hartbeeshuisies en in die eenvoudige boerewoninge van pioniers. So kon *portfesiedeur* in die Onderveld verouderd raak, en ten slotte so goed as onbekend word. Volgens die heer LE ROUX kom *pompemoer* "slechts in dat gedeelte van de Westelike Provincie van de Kaap voor, dat de bakermat der Hugenoten geweest is" ("Handleiding," blds. 70). Ek wil aanneem, dat dit so is, want die woord *pompemoer* is my in die Vrystaat en Transvaal onbekend, maar dit bewys nog nie, dat die woord 'n ontlening uit Frans is nie, omdat dit oorgeërf kan wees. Die gewone benaming vir die vrug is *appelliefie, appeldeliefde (appel-der-liefde).* Dr. MANSVELT gee *appeltjies-der-liefde* met die opmerking: "De genitief in dit woord klinkt zonderling in den mond van den Afrikaner, die anders geen genitief kent". Met hierdie genitiefvorm het Ds. S. J. DU TOIT egter die draak gesteek (in "Ons Taal" II 1908), en beweer, dat alleen die vorm *appelliefie* in Afrik. bekend is. Nou ken ek ook nie 'n vorm van hierdie woord met "der" nie, maar die vorm *appeldeliefde*, wat my goed bekend is, wys m. i. tog vermoedelik op die bestaan van 'n vroeër vorm *appelder-liefde* [2]). Maar deur volksetimologie word *pompemoer* gewoonlik verwar met *pompelmoes, pampelmoes* ("citrus decumana"), 'n sitroenvrug, wat ook reeds in die 17e eeu bekend was. By gevolg heet 'n *appelliefie* in die Onderveld sowel as in die Boland dikwels 'n *pompelmoesie* (*pampelmoesie)* of het dit die Eng. naam, *"gooseberry"*.

In die geval van *moveer* is daar meningsverskille oor die herkoms van die woord in Afrik. Dr. MANSVELT sien in Afrik. *moveer* ("terg, pla") 'n natuurlike ontwikkeling uit die Ndl. basterwoord *moveren* ("beweeg, opper, ter sprake bring" ens.). Teen hierdie verklaring kom Dr. HESSELING

---

[1]) Die Fr. *pomme d'amour* en die 17e eeuse *pompemoer* is egter benaminge vir 'n "tamatie", terwyl *pompemoer* in Afrik. die gew. benaming is vir die "Licopersicum esculentum". RUMPHIUS sê: "In 't gemeen tuiniers Latyn noemt men 't (n.l. *appel der liefde*) *pomum amoris*, in 't Maleyts *tamatta*" (V 416).

[2]) Volgens ontvange mededeling kom die vorm *appel-der-liefde* in werkelikheid nog voor.

op met die beswaar: "Van een dergelijken overgang van beteekenis vertoont echter noch 't Fransche *mouvoir* noch 't bastaardwoord *moveeren* een spoor; daarentegen beteekent het Portugeesche *moér* behalve *malen* (molere) ook *sarren*" (blds. 97). Dr. BOSMAN neem Dr. HESSELING se afleiding aan, maar meen "dat die ontlening in voor- Afrikaanse tyd plaasgevind het" (blds. 63). Wat is die beswaar teen die afleiding van *moveer* uit *moveren*? Dr. HESSELING en Dr. BOSMAN antwoord eenstemmig: "die betekenisverandering". Watter beswaar is daar teen die afleiding van *moveer* uit *moér*? Ek antwoord: "die klankverandering". Dr. HESSELING verswyg hierdie moeilikheid, maar Dr. BOSMAN probeer nog 'n slag om die arm te hou met die opmerking: "die vorm in Afrik. is dan wel opvallend maar nie onmoontlik nie". As die basterwoord *moveren* dus ook in betekenisse voorkom, wat nouer ooreenkom met dié van *moér* en Afrik. *moveer*, dan kan die afleiding *moveer* < *moveren* beter die eise van die fonetiek en van die semantiek bevredig as die afleiding *moveer* < *moér*. Nou kom die basterwoord *moveren* in 17e eeuse Ndl., behalwe in 'n groot aantal samestellinge soos *admoveren*, *commoveren*, *demoveren*, *desmoveren*, *dimoveren*, *submoveren*, *transmoveren* e.a. (vgl. VAN DER WERVE en MEYER),[1]) wat almal vir die algemene bekendheid van die woord pleit, ook in verskillende betekenisse voor, o.a. in die sin van "beweeg, aanstoot, verwek, bedroef, treur". *Moveren* in die sin van iemand "te bedroef" of (sy toorn?) "te verwek", kom dus tamelik goed met Afrik. *moveer* ooreen, lyk foneties waarkynliker en word gesteun deur die bestaan van 'n groot aantal samestellinge met verskillende voorsetsels. Dit ondervang ook Dr. BOSMAN se argument, dat JAN VAN RIEBEEK die woord nie sonder kommentaar in 'n offisiële stuk sou gebruik het nie, as dit 'n nuwe Afrik. ontlening uit Port. *moér* was. Wat meer is, Dr. HESSELING en Dr. BOSMAN verwys altwee net naar een plek in VAN RIEBEEK se "Dagverhaal" n.l. III 304; maar van RIEBEEK gebruik die woord meermale in verskillende betekenisse, b.v. *gemoveert* (II 27), *gemoveerde* (II 306), *moveerende* (II 380), *moveeren* (II 509), *gemoveert* (III 309). Prof. J. J. SMITH het reeds daarop gewys, dat die ouer betekenis

---

[1]) Of v. d. WERVE en MEYER self verantwoordelik was vir hierdie komposita, wat owerigens weinig bekend is, weet ek nie.

van "beweeg" nog duidelik blyk uit sinne as: "Wat het jou moveer om dit te doen?" [1]) Ek kan hieraan toevoeg, dat hierdie gebruik van *moveer* presies ooreenkom met dié van VAN RIEBEEK in die volgende sin: "de motiven hem *gemoveert* tot weghlopen" (II 27). Ook in ander geskrifte uit dié tyd kom die woord voor in sulke betekenisse. [2]) En wat was die gebruiklike betekenis van die woord in die 17e eeuse volks- en seemanstaal? Vir my is *moveer* dus in Afrik. 'n oorgeërfde 17e eeuse basterwoord, en nie 'n ontlening uit Port. *moér* nie.

Manel lewer groter moeilikhede as *moveer*. Dr. MANSVELT gee g'n afleiding van hierdie woord nie, terwyl Dr. HESSELING en gevolgelik ook Dr. BOSMAN die woord verswyg. Maar PETTMAN lei *manel* af van Fr. *mandille* („footman's cloak, great coat"). Hierdie afleiding van *manel* het Prof. J. J. SMITH bestry op grond van die fonetiese onwaarskynlikheid, dat Fr. *mandille* > Afrik. *manel*, en op grond van die verklaring van *manille* in die Ndl. Wdbk. [3]). Die Ndl. Wdbk. sien in *manille*, waarvoor vroeër ook die vorm *menel* voorkom, dieselfde woord as in Fr. *manille*, waarskynlik < Port.**manella*, **manello* (of **manilha*) of Sp. *malilla*. *Menel* was vroeër die naam van 'n twede troefkaart in die omberspel, en die verkorte vorm *nel* word nog gebruik in die jasspel. Hoe kan nou die betekenisinhoud van 'n troefkaart in die omberspel op 'n bepaalde kledingstuk oorgegaan het? Onmoontlik is so'n oorgang nie, maar dit is tog 'n bietjie vergesog om die verband te soek in die mooi baadjie of *manel* van die twede troefkaart, dus waarskynlik die Koning. Sou die Fr. woord *mandille* miskien beinvloedend gewerk het op die betekenisontwikkeling van *manille*? Ook dit is nie onmoontlik nie. Die betekenisontwikkeling van *manel*, gestel dat die afleiding uit *manille* juis is, vind miskien 'n parallel in die woord *jas*, wat in Ndl. gebruik word vir die kledingstuk *jas* (= „baadjie") en ook vir die troefboer of *jas* in die jasspel (vgl. FRANCK—VAN WIJK). In altwee die gevalle sou die naam van 'n troefkaart dus op 'n kledingstuk oorgegaan het, van die koningskaart op die deftige *manel* en van die troefboer op die alledaagse *jas*. As intussen die betekenisontwikkeling en afleiding van *jas* kan bewys word, sou

[1]) Vgl. "Brdwg." 1 Des. 1913 blds. 400.
[2]) Vgl. o. a. "Dagregister van Batavia" (1637). blds. 58.
[3]) Vgl. "Brdwg." 1 Des. 1913. blds. 399.

dit 'n sterk argument lewer vir die analogiese afleiding van *manel*. Maar ook daarvan is die herkoms nog onseker [1]) Die geskiedenis van *jas* en *manel* is dus nog in onseker. heid gewikkel, sodat skrywers hulle nog aan allerlei gissinge kan waag, soos Mnr. C. J. VAN RIJN, wat *manel* aflei uit Port. *manello* (= "'n baalsak"), en die betekenisontwikkeling verklaar met die opmerking: „'t Was dus een grappig woord" [2]). Dan sou 'n mens net sowel kan dink aan die woord *monello* (= „lynwaad"), wat al in die begin van die 17e eeu in Ndl. reisjoernale voorkom. [3]) Wat die afleiding van *manel* ook al mag wees, lyk dit in elk geval tog of ons in die woord 'n oorgeërfde basterwoord moet sien en dit is vir ons van belang.

En as ons die vraag sou stel, watter persentasie van die 17e eeuse basterwoorde d.w.s. van die oningeburgerde of halfingeburgerde vreemde woorde in die algemeen gedokumenteerd is, dan sal al dadelik die moeilikheid van 'n ondersoek naar die oorsprong van die Afrik. taal blyk, maar seker ook die onwetenskaplikheid van die metode om alles op rekening van Afrik. ontlening te skrywe, wat nie in die 17e eeuse, en, erger nog, in die 19e eeuse literatuurtaal van Nederland voorkom nie. [4])

Van die 17e eeuse basterwoorde is daar 'n aantal, wat waarskynlik deur die seemanstaal in Afrik. gekom het. Daaronder reken ek o.a. *bandiet*, *barbier*, *konstabel*, *kardoes*, *bottel*, *trawal*, *daglemier*. Sulke basterwoorde, wat waarskynlik deur die seemanstaal of die handelstaal in Afrik. gekom is, behandel ek in die volgende paragrawe.

---

§ 5. Uit die Seemanstaal.

Op die aanraking van die Afrikaanse stamouers met die Ndl. seelui, en op die taal van die seelui het ons reeds

[1]) Vgl. Dr. J. TE WINKEL — "Inleiding t. d. Gesch. d. Ndl. Taal," blds. 283, en verder FRANCK—VAN WIJK; Ndl. Wdbk. VII 227 vgg. en "Tijdschrift" XXXIV : 219. Hiermee kan vergelyk word die naam *geerten*, die naam van 'n kaartspel wat ook *verkeerdjassen* heet (Ndl. Wdbk. IV 694.)

[2]) Vgl. C. J. VAN RYN — "Het Nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands", blds. 38.

[3]) Vgl. S. P. L'HONORÉ NABER — "Marees," blds. 251.

[4]) Die opmerking daaromtrent van S. KALFF is heeltemal "ad rem" (vgl. blds. 88 van N. T. XIV i. s. "Koloniale Idiomen").

gelet. Op grond van die feite as 'n geheel het ek gemeen te kan aanneem, dat die 17e eeuse seemanstaal 'n betreklike taaleenheid was, 'n Ndl. taalvorm met 'n bymengsel van allerlei vreemde, veral Portugees-Oosterse, elemente. Ook op die bronne, waaruit ons kennis van die seemanstaal te put is, het ek reeds gewys. Miskien is dit hier die plek om daarop te wys, dat die 17e eeuse seemanstaal uit die gegewens van WITSEN en WINSCHOOTEN, en veral uit die 17e eeuse skeepsjoernale, feitelik moet gerekonstrueer word. Verbatim verslae van gesprekke tussen seelui uit die 17e eeu besit ons maar min, [1]) en die skriftelik gedokumenteerde stukke seemanstaal, soos verslae van seereise, briewe, aantekeninge ens., al was dié van gewone matrose afkomstig, was altyd geskrywe in 'n taalvorm, wat deur Here Sewentien of minstens deur die ambtenare van die N. O. I. K. moes verstaan word. Ons kennis van die 17e eeuse seemanstaal moet dus hoofsakelik geput word uit bronne, waarvan die skrywers probeer het, sover dit in hulle vermoë was, om 'n deftige Kompanjiestaal te skrywe, en nie hulle dagelikse omgangstaal nie. Wat dit presies beteken, is maar al te goed begrypelik vir 'n Afrikaner, wat sy kennis van die Afrik. taalgeskiedenis gedurende die periode ± 1657—± 1875 hoofsakelik moet put uit die geskrifte van mense wat probeer om Ndl. te skrywe, en nie Afrik. nie. Vir die rekonstruksie van die taalgeskiedenis het sulke bronne die grootste waarde juis daar, waar die skrywers, ondanks hulle pogings om 'n tradisionele skryftaal te skrywe, deur onkunde of andersins tog skrywe soos hulle werklik praat. In sulke woorde, uitdrukkings en sinnetjies betrap ons ook die 17e eeuse volks- en seemanstaal op heter daad.

In Afrik. vind ons dus verskillende woorde en uitdrukkings, wat van die 17e eeu af en in party gevalle van vroeër af reeds, tot die Ndl. seemanstaal in 'n min of meer tegniese sin behoor het. Sulke woorde kom soms in die "Algemeen Beskaafd" van vroeër of later ook voor of in die Ndl. dialekte, maar stam dan tog in die reël veral uit seemanskringe. Sulke seemanswoorde verdien in Afrik. wel dubbel vermelding, omdat die Afrikaners self nie 'n

---

[1]) Of ons b. v. gesprekke, soos dié wat A. J. BARNOUW uit "Esopus in Europa" (1702) gepubliseer het (in "Tijdschr. XXXIV 68–71), as outentiek moet beskou, is m. i. nogal twyfelagtig.

seevarende volk is nie, en omdat verskillende van die seemanswoorde hulle gewone Ndl. ekwiwalente in Afrik. heeltemal verdring het. Ondanks die feit, dat, na die eerste halwe eeu van geografiese uitbreiding van die bevolking aan die Kaap, die nuwe bodem en bedryf in Suid-Afrika weinig aanpassingsgeleentheid vir sulke seemanswoorde gebied het, is hulle in Afrik. nie alleen bewaar gebly nie, maar het hulle ander mededingers uit die veld geslaan. Dit is ongetwyfeld 'n baie sterk bewys vir die invloed van die seemanstaal op Afrik. Nie die kwantiteit van sulke woorde in Afrik. nie, maar die ongunstige kondiesies, waaronder hulle bly voortbestaan het, bewys die betekenis van die seemanstaal vir die Afrik. woordeskat. Ander Afrik. woorde het in 'n minder tegniese sin tot die seemanstaal behoor, maar as hulle dikwels in die 17e eeuse skeepsjoernale voorkom, en daar spesiale redes bestaan om te vermoed, dat hulle in Afrik. verskyn weens die bepaalde omstandighede van die aanraking tussen die Afrik. stamouers en die seelui, dan het ek gemeen daartoe geregtig te wees om hulle as erfgoed uit die seemanstaal te beskou. Waarskynlik is ook 'n groot persentasie van die vreemde woorde, wat ek in die volgende paragraaf behandel, deur Ndl. seelui van Oos en Wes, van Noord en Suid eers naar *patria* gebring, en vandaar uit deur die seemanstaal naar Suid-Afrika gekom. Alleen waar daar spesiale redes is om te glo, dat sulke woorde veral in die seemanstaal gelewe het, word hulle as seemanswoorde behandel. Anders word hulle ingedeel by die woorde uit die 17e eeuse handelstaal. Maar die 17e eeuse handel van Nederland was grotendeels seehandel, soos ek in die volgende paragraaf sal aantoon, sodat die rubrieke seemanstaal en handelstaal mekaar tog weer gedeeltelik dek. Ek kan my dan ook heeltemal verenig met die opvatting van Dr. J. VAN GINNEKEN hieromtrent. "In dezen tijd vooral", sê hy, "is de zeemanstaal eigenlijk niet meer van de handelstaal te onderscheiden..... Al onze handel was zeehandel. De twee taalkringen vallen bijna heelemaal samen" (Hdbk. II blds. 151). En verder: "Hier zien wij zoo goed, hoe verschillende sociale groepen bijna van nature internationale kringen zijn, die spotten met grenzen of verschil van landstaal" (blds. 478). So sal waarskynlik 'n groot persentasie van die Portugees-Oosterse woorde, wat eers na 1657 in Suid-Afrika bekend geraak het, hulle

weg daarheen gevind het deur die seemans- en handelstaal, en nie deur die slawetaal nie. Dit is tog seker in die hoogste mate waarskynlik, dat die vroegste koloniste aan die Kaap die name van vreemde vrugte- en plantesoorte eers sal gehoor het van die bemanning van die skepe, wat die dinge meegebring het, voordat hulle dit van hulle slawe gehoor het, wat die bome moes plant en bewerk. Die kennis van die slawe omtrent sulke vreemde boomsoorte, veral as dié uit dieselfde streke as die slawe self afkomstig was, kan gehelp het om die vreemde boom- en vrugname op die nuwe bodem in wyer kringe bekend te maak en om die vreemde name bewaar te laat bly. Maar die oorspronklike importasie van die vreemde woorde self sal waarskynlik saam met die vreemde dinge geskied, en deur die seemans- en handelstaal naar Suid-Afrika gekom het. Met hoeveel vreemde woorde in Afrik. sal dit nie die geval gewees het nie? Dog waar oortuigende bewyse daarvoor ontbreek, kan ons die vreemde woorde in Afrik. van Portugees—Oosterse oorsprong, wat eers in die periode 1657—1807 of miskien nog later in Afrik. opgeneem is, alleen aan die gesamelike invloed van die seelui en die slawe toeskrywe. Gedurende die twede helfte van die 17e en die begin van die 18e eeu, toe die bevolking aan die Kaap nog in 'n nou kontak gestaan het met die enigste hawe- en handelsentrum, Kaapstad, sal m. i. die seemanstaal 'n belangriker invoerkanaal van vreemde woorde gewees het as die slawetaal. Deur die geografiese uitbreiding van die bevolking weg van Kaapstad af het die seemanstaal van die twede kwart van die 18e eeu af waarskynlik in belangrikheid agteruit gegaan en die slawetaal in betekenis toegeneem. Dit verklaar o. a. die verskil in taal en gewoontes tussen die bewoners van Kaapstad en van die binnelande, 'n verskil wat MENTZEL e. a. omstreeks die middel van die 18e eeu reeds opgemerk het. Maar toe was die grootste persentasie vreemde woorde reeds in Afrik. opgeneem, en toe het die meerderheid van die aanwesige slawe seker ook al 'n vorm van geadapteerde Ndl.—Afrik. gepraat. Na die feitelike verdwyning van die Ndl. seehandel aan die Kaap van die begin van die 19e eeu af, en die vrysetting van die slawe in die twede kwart van die 19e eeu, het enkele vreemde woorde van Oosterse oorsprong nog hulle weg naar Suid-Afrika gevind, miskien deur die taal van die Maleiers in die Kaap Provinsie of

deur die Engelse handelstaal, wat ook 'n groot persentasie Oosterse handelswoorde opgeneem het (vgl. "HOBSON—JOBSON").

Verskillende 17e eeuse seemanswoorde, wat nog in Afrik. bewaar gebly is, wys nog op die skeepsinrigting en die manier van huisvesting op die lang seereise van vroeër, al lewe hulle vandag in Afrik. met verskil van betekenis in ander gebruiksfere as in die 17e eeu. 'n Mens dink hier aan *kombers*, *kooi*, *bulsak*, *katel*, *hangmat* in verband met die slaapgeleenthede op die skepe. *Kooi* en *kombers* het in Afrik. nie alleen betekenisverruiming ondergaan nie, maar kom boëndien voor in 'n groot aantal samestellinge soos *kooigoed*, *kooival*, *perdekooigoed*, *kooigoedgras*, *velkombers*, *kakiekombers*, *perdekombers* e. a. Die geraamte van 'n bed word *katel* genoem, 'n woord van Oosterse (Tamil) oorsprong, wat van die begin van die 17e eeu af al in die seemanstaal van verskillende Europese volke voorkom. [1]) As seemanswoorde soos *kooi* en *kombers* as oorgeërfde woorde in Afrik. moet beskou word, waarom word *katel* dan deur Dr. MANSVELT en deur Dr. HESSELING as 'n Maleis-Portugese leenwoord beskou? (vgl. Dr. BOSMAN blds. 58). So is *hangmat* in Afrik. 'n oorgeërfde seemanswoord, wat die Ndl. seelui in die 17e eeu pas deur volksetimologie gevorm het uit *hangmak* < Caraïb. *hamaca*, wat hulle oorgeneem het uit een of ander Rom. taal (vgl. Ndl. Wdbk. V 2029). Maar terwyl Eng. nog die vorm *hammock* bewaar het, is *hamaca* in Ndl. verdring deur die volksetimologiese *hangmat*, wat vandag in Afrik. sowel as in Ndl. naar 'n selfstandige samestelling lyk. In *bulsak* sien ek met Dr. MANSVELT die seemanswoord *bultsak* (= strooimatras), 'n verklaring, wat Ds. S. J. DU TOIT veroordeel het („Ons Taal" II 1908). Maar 'n seeman se *bultsak* was gewoonlik 'n „strooimatras", terwyl 'n Afrikaner se *bulsak* in die reël 'n „verebed" is in onderskeiding van 'n „matras", soos Ds. S. J. DU TOIT tereg opgemerk het (vgl. Ndl. Wdbk. III 1888).

Aan die skeepsinrigting met die oog op eet- en drinkgeleenthede word ons herinner deur woorde soos *kombuis*, *dispens*, *spens*, *bottelary*, *bottel*, *bak*, *kaving* e. a. *Kombuis* (die kookplek op 'n skip) het die woord *keuken* in Afrik. heeltemal verdring, en kom boëndien in 'n groot aantal

[1]) Vgl. HOBSON-JOBSON, blds. 264.

samestellinge voor soos *kombuisaeur*, *kombuisvenster*, *kombuistafel*, *kombuisrak*, *kombuiskas*, *kombuisgoed*, *kombuisjong*, *kombuismeid*, *kombuistaal* ens. Vir Dr. MANSVELT is (*di*)*spens* (= proviesiekamer) 'n Afrik. leenwoord uit Eng. „to *dispense*", en vir Dr. HESSELING uit Port. „*dispensa*', terwyl Dr. BOSMAN opmerk: „Die vroeë gebruik van die woord[1]) (by COORNHERT) maak die afleiding uit Port. onwaarskynlik" (blds. 56). Ons kan die kwessie van die oorspronklike herkoms van (*di*)*spens* onbeslis laat, en *dispens*, *spens* met Dr. BOSMAN as 'n oorgeërfde woord uit die 17e eeuse seemanstaal beskou, omdat dit in hierdie betekenis en in hierdie gebruiksfeer reeds vóór die middel van die 17e eeu voorkom. 'n Ander naam vir die bewaarplek van eet- en drinkvoorrade aan boord van die skepe was *bottelary*, wat in Afrik., sover ek weet, alleen bewaar gebly is in die pleknaam *Bottelary*, vroeër 'n voorraadskuur van die N.O.I.K.

Dr. P. J. DU TOIT het *bottel* in Afrik. afgelei uit Port. *botelha*, en die afleiding uit Eng. *bottle* verwerp op grond van die feit, dat JAN VAN RIEBEEK reeds meermale die woord gebruik, en weens die uitspraak ook die afleiding uit Fr. *bouteille* (vgl. „Afrik. Studies" bldss. 43—44). Die afleiding uit Port. is om fonetiese redes baie onwaarskynlik, soos Dr. BOSMAN (blds. 55) en Prof. SMITH („Huisgenoot", Jan. 1921 blds. 393) erken het. Daarenteë het Dr. BOSMAN daarop gewys, dat Dr. DU TOIT se beswaar teen afleiding uit Fr. nie geld nie, "want in 17e eeus Frans werd die l-klank nog gehoor." Maar *bottel* is in Ndl. waarskynlik nie direk uit Fr. gekom nie, want volgens SALVERDA DE GRAVE behoor *bottel* tot 'n groep van woorde „òf door bemiddeling van een andere taal tot ons gekomen òf onder invloed van die taal by ons veranderd" (blds. 128). *Bottel* is dus vermoedelik uit Fr. via Eng. in Ndl. gekom. Het Afrik. dit oorgeërf of direk aan Eng. ontleen? Vir oorerwing pleit die feit, dat JAN VAN RIEBEEK („Dagverhaal" I 98, 103 e. a.) die woord reeds gebruik in die vorm *botteljes*, en dat TAS ook van 'n *boutelje* praat (vgl. FOUCHÉ — „Dagboek van ADAM TAS" (1705-6) blds. 14)[2]).

---

[1]) Die woord *dispensier*; maar Dr. BOSMAN verwys naar DE HAAN ("Priangan" II 776) se vermelding van die woord (*di*)*spens* anno 1644/5.

[2]) Vgl. ook KOLBE — "*bouteilles of carabassen*" ("Naauk. Beschr." I 35). Vgl. ook Ndl. Wdbk. III 736, en VERCOULLIE in "Tijdschr". XXXVIII : 305.

Ons is hier dus gelukkiger met die historiese dokumentering van 'n woord as in ander sulke gevalle van homonimiteit, soos *stoof, wyl* e.a. *Bottel* kom in die 17e eeuse skeepsjoernale meermale voor in die min of meer gespesialiseerde betekenis van Afr. en Wesvl. (vgl. VERCOULLIE), en daarom beskou ek die woord as oorgeërf uit die 17e eeuse seemanstaal. In Afrikaans het die woord eer betekenisverruiming as betekenisbeperking ondergaan. Die matrose, wat dikwels maar al te goed met die *bottel* bekend was, het gewoonlik uit 'n *bak* geëet, nog goed bekend in die spottende gesegde in Afrikaans: "Hy is vinnig by die *bak*, maar lui by die vak"[1]). Anders word die woord gewoonlik in Afrikaans gebruik van 'n "varkensbak", ens. 'n *Kaiing* is nog in Ndl. bekend in die vorm *kaai* of *kaan* (vgl. Ndl. Wdbk. VII 648 vgg.). Waar dit in die 17e eeu 'n gebruik was om vet so uit te braai om dit as 'n vorm van vleis lang te kan bewaar vir die lang seereise, of dit met brood vermengd as 'n soort *kaiingbeskuit* te bak om mee te neem op die seetogte, daar het ek rede om te glo, dat so'n woord onder die Afrik. stamouers algemeen bekend kon geraak het deur die seemanstaal (vgl. NABER — "Marees", blds. 41, Noot 3). *Kaiings* het by die 17e eeuse seelui vir 'n groot deel die plek ingeneem van die moderne blikkiesvleis. Dit laat ons dink aan die verskillende vate, waarin die seelui destyds water, wyn, asyn, arak, brandewyn en sulke lewensmiddele meegeneem het op hulle langdurige seereise, vate, wat nog in Afrik. as wynvate of inhoudsmate bekend is, soos *aam, half-aam, anker, lêër* (*legger*), *okshoof*, e.a.

Dan is daar in verband met die skeepsinrigting 'n aantal woorde, waarvan party in 'n minder tegniese sin seemanswoorde is, maar wat so algemeen deur seelui vir bepaalde skeepsdinge gebruik word, dat persone wat die bepaalde woorde voorheen miskien nie geken het nie, hulle deur die seemanstaal kon geleer het. Dit is bekend, dat verskillende van hierdie woorde, wat in die seemanslewe 'n groot rol gespeel het, deur seelui naar ander lande gebring is (vgl. Dr. J. VAN GINNEKEN, Hdbk. II, blds. 481). Ek noem hier *puts, teerputs, ballasmandjie, balie, windas, katrol, talie, kabelgaartou, bank, reling, kiel, kielhouer, (h)arpuis*, e.a. *Puts* en *teerputs* is miskien minder algemeen in Afrik. in gebruik as *ballasmandjie,* terwyl *balie* in Afrik. die Ndl.

[1]) JAN VAN RIEBEEK gebruik ook nog die uitdrukking, "*aan de bacq*" ("Dagverhaal" I 288).Vgl. Ndl. Wdbk. II 872.

tobbe vervang het. 'n *Windas* het ek in my kinderjare nog geken as 'n eenvoudige houtinstrument om water uit 'n put in 'n emmer op te trek. Maar vandag is die *windas*, behalwe in afgeleë streke, waar hy hom deur omstandighede kon handhaaf, verdring deur die *bakkiespomp* of die nog moderner *windpomp* en *oliepomp*, en in die Patr. Wdbk. vind ek die woord nie eers nie. Die *kiel* van 'n skip is in Afr. minder algemeen bekend as die *kiel* van 'n huis, terwyl *(h)arpuis* as stofnaam bekend is en as plantnaam in die samestelling *(h)arpuisbossie*. Woorde soos *katrol* en *kabelgaartou* is in Ndl. en in Afrik. so goed as algemeen bekend, hoewel hulle vroeër hoofsakelik in die seemanstaal gelewe het. *Bank* kom in die 17e eeuse seemanstaal in verskillende betekenisse voor, o.a. vir 'n "bank van wolke", 'n "sandbank" en 'n "sitbank", en word in Afrik. in al hierdie betekenisse gebruik. In die sin van "oewer" in Afrik. kan dit van Eng. *bank* afkom, soos Dr. MANSVELT meen, maar met stelligheid is dit nie te beweer nie. 'n *Bank*, wat in die lande geploeë word, is ook in Ndl. bekend, en uit hierdie betekenis van *bank*, sowel as uit dié van "sandbank", kan die betekenis van "oewer" ontwikkel wees, hoewel die afleiding uit Eng. *bank* meer voor die hand lê en aanneemliker lyk [1]). In *reling(s)* (van 'n wa) kan ek egter nie met LE ROUX ("Handleiding", blds. 78) die Eng. *railings* sien nie, daar *reling*, *regeling* reeds algemeen bekend is in die 17e eeuse seemanstaal (vgl. o.a. WITSEN en WINSCHOOTEN). Daar die Afrikaners reeds lang vóór die koms van die Engelse waens met *relings* gehad het, lyk dit vir my waarskynliker, dat hulle die seemanswoord *reling* in 'n nuwe gebruiksfeer aangewend het, en nie 'n vreemde woord vir 'n welbekende ding sou geleen het nie. *Talie* is my alleen bekend in enkele uitdrukkings, waarin dit altyd in verbinding met "rondom" voorkom, soos "rondom *talie* draai" ('n kinderspeletjie, waarby die woorde ook voorkom), of in die vervloeking: "jy kan rondom *talie* naar die duiwel gaan" of "rondom *talie* naar die swernoot loop". In Ndl. is die herkoms van die woord nog onseker, [2])

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. II 978.

[2]) Volgens FRANCK–VAN WIJK uit It. *taglia*, volgens HESSELING uit Mal. (Tamil) *tali* of miskien Port. *talha*. Vgl. Dr. HESSELING — "Het Afrik." blds. 102, en Dr. BOSMAN — "Afrik. en Mal.-Port." blds. 69, en vir die gebruik van *talie* in die seemanstaal en die samestellinge daarmee Dr. VAN GINNEKEN — Hdbk II o.a. 482, 487, 490, 491, 494, 498, 507, 509, 512, 522.

maar in Afrik. is dit seker 'n oorgeërfde woord uit die 17e eeuse seemanstaal, hoewel die betekenis en gebruik van die woord in Afrik. nog 'n verklaring vereis. Die verbinding van *talie* met "rondom" laat dink aan die beweging van die *talie* (skeepstou) om die katrolle, ens. 'n Mens kan ook dink aan Tamil *tali* ('n huweliksnoer, wat die man om die nek van die bruid bind, waarby dan allerlei plegtighede plaasvind [1]). Maar die uitdrukking "rondom *talie* draai" by die kinderspeletjie of as 'n vervloeking is allesbehalwe duidelik [2]).

In die 17e eeuse seemanstaal kom verskillende benaminge van seevisse en seevoëls voor, wat nog in Afrik. bekend is, soos *alikruikel, noordkaper, jakobevertse(n), albertkoord, kaalkop, pikkewyn, flamingo* e. a. Die benaming *alikruick* is in die 17e eeuse literatuurtaal bekend. *Alikruikel* is die Zeeuse vorm, wat ook in die seemanstaal voorkom (vgl. Ndl. Wdbk. II 141). In Afrik. is *alikruikel* veral aan die kusstreke bekend, hoofsakelik in die Westelike Provinsie van die Kaap Kolonie; in die Vrystaat en Transvaal is dit so goed as onbekend. Van die seelui het die Afrik. stamouers ook die benaming *noordkaper* leer ken (vgl. Ndl. Wdbk. IX 2122), en volgens Dr. MANSVELT word balein nog *noordkap(p)erbaard* genoem, wat my onbekend is. 'n *Jakobevertse(n)* of *jakopever* is 'n vis, wat, na beweer word, in die 17e eeu sy naam aan 'n Ndl. seeman, JAKOB EVERTSE(N), ontleen het [3]). In die Vrystaat en Transvaal is 'n *jakopevervis* net so min as 'n *alikruikel* of 'n *noordkaper* (walvis) bekend; daar is die benaming oorgegaan op die *jakopevervoël* met sy uitpuiloë — ook in die Kaap Kolonie bekend. *Jakopeveroë*, gesê van iemand met groot uitpuiloë, is, sover ek weet, tamelik algemeen in Afrik. bekend.

Naar aanleiding van 'n lys van Mal.-Port. woorde in Afrik. versamel deur Mnr. G. R. VON WIELLIGH skrywe Prof. J. J. SMITH: "Die ongetwyfeld Maleis-Portugese woorde in hierdie lysie van Mnr. VON WIELLIGH wat ons nog nie in Nederlands of Indies-Nederlands teëgekom het nie, is die volgende: *albertkoord* (of *halfkoord*)....." ens. ("Huis-

---

[1]) Vgl. CALAND — blds. 36—37.
[2]) Vgl. ook die uitdrukking *tiekie-draai* (ook benaming vir 'n dans).
[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. VII 108.

genoot", Febr. 1921, blds. 419). Maar *albertkoord*, waaruit waarskynlik later eers *halfkoord* ontstaan het, is reeds 'n 17e eeuse volksetimologiese vervorming van Port. *albacor(a)*, en was toe al in die Ndl. seemanstaal bekend vir die "*thynnus alalonga*" [1]). Allerlei vervorminge van hierdie woord skyn destyds reeds in die seemanstaal bestaan te hê [2]). In die begin van die 18e eeu was die benaming *halfkoord* reeds goed bekend [3]).

So is *Kaalkop* 'n seemansvervorming van Mal. *Kakap* (naam van die vissoort "lates calcarifer"), en skrywe DE VRIES voor die middel van die 17e eeu reeds: "hier is mede een Vis die in Oost-Indien genaemt werdt Cakop" (COLENBRANDER — "de Vries" blds. 199, en vgl. aant. op p. XLIII) [4]). Ook die *albertkoord* (of *halfkoord*) en die *kaalkop* is uit die aard van die saak in die Vrystaat en Transvaal so goed as onbekend; daarenteë is die uitdrukking *vis vlek* (= oopsny), wat ook uit die seemanstaal stam (vgl. Scheurleer II 267), tamelik algemeen bekend in Afrik.

Ons hoef ook nie met Mnr. VON WIELLIGH in *pikkewyn* 'n Port. woord te sien nie (vgl. "Huisgenoot", Febr. 1921 blds. 419), daar die woord in die 17e eeuse seemanstaal algemeen bekend was, en o a. dikwels deur VAN RIEBEEK gebruik word (vgl. "Dagverhaal" I 52, 92, 101 ens.). Dieselfde geld van *flamingo*, wat Dr. HESSELING as 'n voorbeeld van Port. invloed aanhaal (uit "Wilhelm ten Rhijne", in "De Unie" van Febr. 1906, blds. 355). Die gewone Afrik. uitspraak is vandag *volmink*, terwyl *flamingo* as 'n vreemde woord klink. *Pikkewyn* (< Port. *penquim*) en *volmink*, *flamingo* (< Port. *flamengo*) het waarskynlik altwee deur die 17e eeuse seemanstaal in Afrik. gekom, en moet dus as erfgoed, en nie as leenwoorde beskou word nie.

Die benaminge van verskillende skeepsdienaars het in

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdb. II 106–7 en NABER — "Marees" blds. 161, aant. (3) *albacores*: "Port. en Sp. *albacora*, waarvan de Hollanders hebben gemaakt *alvacorda*, *albicoor* en zelfs "*halve koord*." Een gewone vischhaak met weerhaak, lang 116 m.M., bestemd om groote visschen mee te vangen, heet nog heden ten dage officieel "*halve koordhaak*." Vgl. id. blds. 251 *halfe koris*. STAVORINUS skrywe ook van "Dorades of *Albicores*, bij de onzen ook wel *Halve Koorden* genaamd . . ." (blds. 14.)

[2]) Vgl. R. en Y. — "Eerste Schipv." blds. 52 — *albocares*.

[3]) Vgl. MULERT — "Roggeveen" blds. 190, aant. (2.)

[4]) Vgl. Ndl. Wdbk. VII 646.

gewysigde betekenis in Afrik. bewaar gebly. Hier kan ons noem *konstabel*, *barbier*, *seuntjie*, *paai*. [1])

Konstabel was, en is nog, in die Ndl. seemanstaal die benaming vir 'n onderoffisier by die marine; maar in Afrik. is dit die naam vir 'n poliesman. Het ons in Afrik. te doen met die Eng. *constable*? Vir die klank en betekenis kom dit goed uit, en ook die gebruik van *poilesman* (Eng. *policeman*) in plaas van Ndl. *politieagent* maak dit waarskynlik. Maar daar is verskil van aksentuering. Ons kan natuurlik te doen hê met aksentverspringing, hoewel aksentverspringing naar agter in Afrik. nie baie waarskynlik is nie, of met beïnvloeding van die seemanswoord *konstabel* deur die betekenis van die Eng. *constable*. In sulke gevalle van homonimiteit is dit uiters moeilik om sekerheid te hê.

Die skeepsbarbier het as haar- en baardskeerder en ook as heelmeester opgetree. In Ndl. is *barbier* in die eerste van die hiergenoemde kapasiteite byna heeltemal vervang deur *kapper* en *coiffeur*, terwyl 'n baard- en haarskeerder in Afrik. nog *barbier* heet. Het ons hier weer te doen met beïnvloeding van die Eng. *barber*? *Seuntjie* en *paai* is my altwee bekend in die Ndl seemanstaal van die twede helfte van die 17e eeu af, maar is altwee seker vroeër al in die seemanstaal bekend gewees. Wat die gebruik van hierdie twee woorde betref, het ek weinig toe te voeg aan die uitvoerige aantekeninge daaromtrent van Dr. Bosman (bldss. 73-74 en 64-65).

Paai is waarskynlik teen die end van die 17e eeu al in die Ndl. volkstaal opgeneem (vgl. Ndl. Wdbk. XII 4, anders by Franck—van Wijk), en oor *paaiboelie* sal ek later 'n opmerking maak. *Seuntjie* word in Afrik. dikwels,

---

[1]) *Dominee* was die gebruiklike tietel van die skeepspredikant, maar was so vroeg reeds in Ndl. algemeen in gebruik in dié betekenis, dat ons moeilik daarin 'n ontlening uit die seemanstaal kan sien (vgl. Ndl. Wdbk. III 2783). So het die skeepsgirurg ook *meester* geheet (vgl. Lichtenstein — "Reizen" I 171, aant.). Maar ook hierdie benaming vir 'n heelmeester was so vroeg reeds algemeen in Ndl. in gebruik, dat ons nie daarin 'n seemanswoord hoef te sien nie (vgl. Ndl. Wdbk. IX 424). 'n Herinnering aan die *meester* is in Afrik. en dialekties in Ndl. nog o. a. bewaar gebly in *meestergoed*, 'n volkswoord vir medisyne wat in Suid-Afrika vandag meer gehoor word in die geadapteerde Afrik. van kleurlinge as uit die mond van Afrikaners self (vgl. aant. van Prof. Smith oor die verklaring van Mnr. v. Wielligh in "Huisgenoot," Maart 1921, blds. 458).

nes in die Ndl. dialekte en in die seemanstaal, gebruik vir *jongetjie*.

So is *baar* en *oorlam(s)* ongetwyfeld in Afrik. gekom uit die taal van die Ndl. seelui (vgl. Ndl. Wdbk.), wat dit op hulle beurt aan Mal. (*orang-*)*baroe* of *běharoe* en *orang-lama* ontleen het. "De meeste Maleische woorden in onze taal danken wij aan de zeelieden," word tereg deur VETH opgemerk ("Uit Oost en West", blds. 173). Die hedendaagse toepassing van *baar* en *oorlam(s)* in Afrik. op inboorlinge bied g'n beswaar nie. Selfs 'n perd, wat nog nie goed teuelwys is nie, word *baar* genoem.

Bandiet, wat in die 17e eeuse literatuurtaal [1]) nog meesal die betekenis van "struikrower" het, kom destyds al in die seemanstaal voor in die sin van "gevangene, wat 'n straftyd uitdien," sodat ek nie met Dr. MANSVELT in die woord 'n Afrikanisme kan sien nie. [2]) Aan die behandeling van die seelui word ons ook nog herinner deur woorde soos *kats* en *boeie*. Dit was destyds 'n gewoonte om die seelui bymekaar te roep deur 'n *gommeslag*, 'n woord, wat my in Afrik. by 'n bepaalde kinderspeletjie nog bekend is, en dus herinner aan die gebruik van "*rondom talie*". In hierdie verband sou 'n mens b.v. graag wil weet, vanwaar die gewoonte onder Afrik. studente stam om nuwelinge te *doop* — 'n gewoonte, wat van die 17e eeu af volgens WINSCHOOTEN (blds 47) onder die Ndl. seelui in gebruik was (vgl. aant. daaroor van Prof. F. A. STOETT, "N. T." XIII blds. 104). [3])

Woorde soos *brandwag*, *kardoes*, (op)*takel*, *krink*, *onklaar*, e. a. herinner ons nog aan die gebruiklike werksaamhede van die seelui van vroeër. *Brandwag* herinner nog aan 'n tyd, toe dit gebruikelik was om vyandelike skepe aan brand te steek en 'n *brandwacht* as 'n voorsorgsmaatreël moes uitgeset word. [4]) En die ou 17e eeuse kanonne moes nog o. a. gelaai word met buskruit in *kardoese* gegooi. [5]) Dr. HESSELING verwerp Dr. MANSVELT se afleiding van *kardoes* uit Fr. *cartouche* op grond van die betekenis, en

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. II 962.
[2]) Vgl. NABER — "Ruiters", 2de deel, blds. 4.
[3]) Die gebruik van studente het ten minste meer ooreenkoms met die seemansdoop as met die kristelike doop (vgl). Ndl. Wdbk. III 2903).
[4]) Id. III 1132.
[5]) Vgl. Ndl. Wdbk. VII 1608 vgg.

stel voor Port *cartucho* (blds. 93). Dr. BOSMAN laat die kwessie van die afleiding onbeslis, en sê: "Die betekenis in Afrik. bied nie groot beswaar teen oorerwing uit Ndl. nie" (blds. 58). Maar die gebruik, sowel as die betekenis, van *kardoes* in Ndl. (volgens die Ndl. Wdbk.) maak oorerwing in Afrik. uit die seemanstaal so goed as seker. Die Ndl. Wdbk. handhaaf die afleiding van FRANCK—VAN WIJK van *kardoes* < FR. *cartouche*. Woorde soos *takel, optakel* en *krink* (Ndl. *krengen*) kom vroeg reeds in Ndl. buitekant die seemanstaal voor (vgl. Ndl. Wdbk VIII 154 i. v. *krengen*), maar die waarskynlikheid is groot, dat hulle in Afrik. gekom het deur die seemanstaal, hoewel hulle vandag in Afrik. uitsluitend in ander gebruiksfere as vroeër voorkom. So raak in die seemanstaal die verwarde skeepstoue *onklaar*, terwyl in Afrik. 'n perd dikwels *onklaar* trap. [1]) In die verskuiwing en beperking van die gebruiksfere van woorde soos *krink* en *onklaar* sien ons die oorgang van 'n seevarende volk tot 'n boerevolk. Dit blyk in Afrik. ook duidelik uit die gebruik van woorde soos *baken* en *klip*, hoewel Dr. HESSELING ontken, dat *klip* in Afrik. oorspronkelik 'n seemansterm was ("Het Afrik." blds. 99—100, aant.). Dit lyk my egter waarskynlik, dat die betekenisverruiming van *baken* en *klip*, en die verskyning van hierdie twee woorde in 'n groot getal samestellinge oorspronklik beinvloed is in Afrik. deur die seemanstaal. [2]) Tot hierdie klas van seemanswoorde reken die heer LE ROUX blykbaar ook die twee woorde *afdraend* en *opdraend* ("Handleiding" blds. 65—66). Nou moet ek erken, dat ek in die reisjoernale van seelui 'n dergelike gebruik van *draghende* gevind het (vgl. o. a. NABER—"DE VEER", blds. 33). Maar *afdragen(d)* en *opdragen(d)* was waarskynlik al vroeg in die Ndl. dialekte in gebruik in verband met grondhellinge,[3]) sodat nog die woorde self nog die min of meer gespesialiseerde betekenisse daarvan in Afrik. uit die seemanstaal hoef te stam.

---

[1]) En naar die voorbeeld van 'n sodanige gebruik van *onklaar* word ook van 'n meisie gesê dat sy "*onklaar* getrap het." ens. Ook in Ndl. word die woord *onklaar* vroeg reeds in 'n ruimer sin gebruik as in die seemanstaal (vgl. Ndl. Wdbk. X 1707—8).

[2]) In Gelderland word *baken* egter ook gebruik in die sin van "grenspaal," vgl. § 7.

[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. I 913—4 i. v. *afdragen* en XI 468 i. v. *opdragen*, en verder Joos — "Waasch Id." blds. 53 en 482, en CORNELISSEN en VERVLIET — "Id. v. h. Antw. Dial." blds. 1530.

Ek beskou *afdraend* en *opdraend* dus wel as erfgoed uit die Ndl. dialekte, maar nie uit die seemanstaal nie.

Die 17e eeuse seelui met hulle seilskepe moes baie studie maak van lug- en weersgesteldheid, en het bladsye van hulle skeepsjoernale gevul met aantekeninge daaroor. Maar dit is twyfelagtig of woorde soos *motweer*, *motreën*, *deinsige weer*, *bank* (van wolke) en *daglemier*, wat in die skeepsjoernale en in Afrik. voorkom, as spesifieke seemanswoorde moet beskou word. *Daglemier* skyn, wat Ndl. betref, in gebruik by die seelui te gewees het.[1]) In Afrik. is die woord my alleen in die skryftaal bekend (b. v. in PRELLER's "Piet Retief"); of PRELLER dit nog in die spreektaal van ou mense gehoor het, wat nie onmoontlik is nie, weet ek nie. Woorde soos *travaden* of *travaten*, *moesson*, *palaber* e. a., wat in die 17e eeuse seemanstaal en selfs in Kaapse stukke voorkom, is my vandag in Afrik. onbekend.[2]) Maar *blits* en *trawal* moet in Afrik. as erfgoed uit die seemanstaal beskou word. *Blits* is vermoedelik deur Ndl. matrose in Ndl. ingevoer (vgl. Ndl. Wdbk.). In Afrik. moet ons dit dus waarskynlik as 'n oorgeërfde woord uit die seemanstaal beskou, en nie as 'n ontlening uit Duits nie (vgl. MANSVELT-"Id"). *Trawal* of *trawallo* (in die Patr. Wdbk. ook nog *trawaal* en *trawalla*) is in die Vrystaat en Transvaal so goed as onbekend. Dr MANSVELT dink aan Port. *trabalho* (vermoeienis) of aan Fr. *travail*. Om fonetiese redes sou ek met Dr. HESSELING (blds. 103) die voorkeur gee aan die afleiding uit Port. Die kwessie is dus of die woord oorgeërf is, en of dit uit die seemanstaal stam. Volgens Prof. SMITH ("Huisgenoot", Febr. 1921, blds. 419) behoor *trawal* saam met *albertkoord* tot "die ongetwyfeld Maleis-Portugese woorde", wat hy "nog nie in Nederlands of Indies-Nederlands teëgekom het nie". Maar in LINSCHOTEN's "Itinerario" (II 200) lees ek van "*trabalio* ende miserie", en in die "Dagh-Register v. Batavia" (van 1636, blds. 50) van *travailie*. Miskien is die skryfwyse van laasgenoemde

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII 960, en IX 1177 i. s. *motreën*, en III 2612 i. s. *deinsig*.

[2]) Vgl. Dr. HESSELING — "Het Afrik." i.s *travaden*, *travaten* (blds. 108), Dr. BOSMAN — "Afrik. en Mal.-Port." i.s. *palaber* (blds. 65) en vir die gebruik van *moesson* o a. v. RIEBEEK — "Dagverhaal." I 22 en Ndl. Wdbk. IX 981.

vorm beinvloed deur die spelling van die Fr. *travail*, maar in LINSCHOTEN se *trabalio* (voor die end van die 16e eeu al) het ons ongetwyfeld dieselfde woord as in Port. *trabalho* en Afrik. *trawallo*.[1]) In Afrik. is dit dus seker 'n oorgeërfde woord. Die feit, dat die woord beter in die omgewing van Kaapstad as in die binneland bekend is, dat dit in die dagboeke van 17e eeuse seelui voorkom, en dat die seelui dit gebruik het in verband met die gevare en angste van die seelewe, is seker bewys genoeg, dat dit uit die seemanstaal stam. Miskien het ons in Ndl. met 'n dubbele ontlening te doen, met 'n seemanswoord uit Port. *trabalho* en met *travalje* uit Fr. *travail*? (vgl. FRANCK—VAN WIJK en SALVERDA DE GRAVE — „De Fr. Wd. i. h. Ndl." bldss. 130, 279) 'n Moontlike geval van homonimiteit het ons seker in *baadjie*. In LINSCHOTEN's "Itinerario" (I 140) lees ons reeds, dat die vroue in die Ooste gekleed gaan "met een hemdeken genaemt *Baju* 't welck haer comt tot over den Navel, ende is soo fijn datmender het geheele lijf door siet..." Met Prof. KERN sien ek hier in LINSCHOTEN se *Baju* die Mal. *badjoe*. Dat LINSCHOTEN die Mal. *badjoe* gebruik, hoef nie te bevreemd nie; maar wat is die herkoms van KILIAEN se *baeyken* (*fland.* "Levis vestis" etc.)? Dit sal tog seker nie die Mal. *badjoe* gewees het nie. Ons moet hier eer dink aan 'n kleed van *baey* gemaak. Dr. HESSELING vermeld *baeyken* nie, en dink dus waarskynlik net aan *badjoe*, [2]) maar merk op: "Dit woord *kan* met de eerste kolonisten uit Holland gekomen zijn, want ook in Nederland is het zeer gebruikelijk. ... In allen gevalle duidt het hier nooit een vrouwelijk kleedingstuk aan, in Indië en in Afrika wel" (bldss. 89—90). *Baadjie* is egter vir 'n vrouelike kledingstuk ook in Afrik. nie meer gewoon nie. Aan die ander kant skrywe MOLEMA onder *baiske*: "vrouwenjak door vrouwen uit de laagste klasse algemeen gedragen — buis, ook de dracht der Friezen, die hier kaas venten en ook die door onze binnenschippers gedragen wordt" (blds. 16). In Fries kom, behalwe *baiske*, nog voor *baitske*,

---

[1]) LINSCHOTEN se *trabalio* sal vermoedelik as *trawalio* uitgespreek gewees het. Ons hoef in die Dagh-Register se *travailie* nie Fr. spellinginvloed te sien nie, of is die Dagh-Register se *travailie* < *travail*?

[2]) Ook die Ndl. Wdbk. II 798 en FRANCK—VAN WIJK erken net die afleiding uit Mal *badjoe*.

baitke, baitsje, onderbaitsje [1]). So ken Afrik. ook 'n *baadjie* en 'n *onderbaadjie*. Die erkende spelling *baadjie* berus op die veronderstelling dat die woord van Mal. *badjoe* afstam, maar die uitspraak in Afrik. varieer tussen *baatjie, ba(a)jtjie* en *baikie*. Dr. BOSMAN hou rekening met "drie moontlike wege waarlangs dit in Suid-Afrika kon bekend" geword het: "dit kon uit Europa naar Suid-Afrika gekom het; dit kon deur blanke uit die Ooste naar Suid-Afrika gebring wees; dit kon deur slawe daarheen gevoer wees" (blds. 51). Die eerste van die drie moontlikhede lyk my die waarskynlikste, maar dit sluit die ander twee nie uit nie. So kan ook die Ndl. *baeyken* (KIL.) en die Mal. *badjoe* mekaar in klank, betekenis en gebruiksfeer meermale gekruis het, en wie kan presies die genealogie vasstel van die woord waarmee ons vandag in Afrik. te doen het? As 'n oorgeërfde woord mag ons dit seker in elk geval beskou, en dan lyk die seemanstaal my in elk geval, wat die oorsprong van die woord ook al mag wees, as die waarskynlikste bron van herkoms van die woord in Afrik. Net somin as in *baadjie* hoef ons met Dr. P. J. DU TOIT in *haai* en *haai-hoei* (of *hoei-haai*) Mal. woorde te sien. *Ha, hé, hai* en *hei* is in Ndl. algemeen bekend, en *haai-hoei, hoei-haai* is seker dieselfde woord as Ndl. *boeha, poeha*. Hierdie woorde, wat hulle oorsprong ook al was, kom reeds in die 17e eeuse seemanstaal voor en is in verskillende Ndl. dialekte nog in gebruik [2]). Daar bestaan dus hoegenaamd g'n rede om in *haai* en *haai-hoei* Afrik. ontleninge uit Mal. te sien nie, want as hierdie woorde nie van huis uit in die taal van die Afrik. stamouers bestaan het nie, dan kan hulle uit die 17e eeuse seemanstaal oorgeërf wees [3]). Uit die seemanstaal stam miskien ook *dros* [4]) en *oulap*. *Dros* word vandag in Afrik. gewoonlik gebruik in verband met die

---

[1]) Vgl. MOLEMA — "Naschrift" blds. 499, en Leopold-Leopold III 26, 110, 124, en 146, en I 674 waar *baiske* = "vrouwenjak met korte mouwen" (Oldambt). Is hierdie woord *baiske* dieselfde as *buis*? of het dit iets te doen met die stofnaam *baai*?

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. III 78 vgg. Verderop verwant is miskien ook *haaibaai(en)* en *heibei(en)* vgl. Ndl. Wdbk. VI 440. FRANCK—VAN WIJK hou al die vorme vir onomatopeë.

[3]) Vgl. Dr. BOSMAN — "Afrik. en Mal.-Port" blds. 56.

[4]) *Dros* is in Ndl. eers laat gedokumenteerd (vgl. Wdbk. III 3468), maar die dialektiese gebruik van die woord in Ndl. en as seemansterm, sowel as die gebruik daarvan in Afrik., wys op 'n baie hoër ouderdom (vgl. FRANCK—VAN WIJK).

wegloop van kleurlingbediendes. 'n *Oulap*, waarvoor ek in Gronings ook *koperlap* vind (vgl. MOLEMA blds. 219), is in die Boland beter bekend as in die Onderveld, waarskynlik omdat in die Vrystaat en Transvaal voor die Boere-Oorlog (1899—1902) min kopergeld in sirkulasie was, en na dié tyd het die Eng. *pennie* sy intog gemaak. Behalwe die hier behandelde woorde is daar in Afrik. 'n aantal uitdrukkings, wat, naar hulle betekenisinhoud beoordeeld, miskien nog uit [1]) die seemanstaal van vroeër stam, al het ek hulle nie juis almal in die 17e eeuse reis- en skeepsjoernale teruggevind nie. Hier kan genoem word: *derde maal is skeepsreg*, *sy anker uitgooi*, *ergens vasgeanker wees*, *kajuitsraad hou*, *'n maswerkslag maak*, *'n maswerkknoop* of *'n matroosknoop bind*, *eie mas ophaal*, *sien hoe jy die mas opkom*, *iemand vermaak* e.a.

'n Paar van hierdie uitdrukkings kom ook voor in die lys van seemanswoorde ens. van MNR. VON WIELLIGH ("Huisgenoot," Febr. 1921, blds. 417). Hy vermeld nog "*seil naar die wind sit, skoon skip maak, vlot voor die wind seil*", wat, sover ek deur navraag kon vasstel, minder algemeen bekend is in Afrik. as die bogenoemde voorbeelde. In *iemand vermaak* moet ons beslis nie met Dr. MANSVELT 'n Afrikanisme sien nie. In die joernaal van "De Eerste Schipvaert der Nederlanders naar Oost-Indië onder CORNELIS DE HOUTMAN" (1595—97) lees ons: "want zij ("de Portugiesen") ons sochten te *vermaken* ... "(blds. 74. Uitg. Linschoten Vereniging). Hierby teken die uitgewers van die Linschotenuitgawe van genoemde joernaal aan: "Waarschijnlijk stond hier oorspronkelijk een nog welbekend straatwoord. Het "*vermaken*" in dien zin is wel een vertaling van Lat. *illudere*, *ludere*". Die uitdrukking, *iemand vermaak*, sal dus vermoedelik uit die 17e eeuse seemanstaal stam. Dit lê voor die hand, dat baie seemansuitdrukkinge later in Afrik. nie meer begryp sou word nie. Dan moes hulle uitsterwe, tensy die volksetimologie daar nuwe lewe in kon blaas. Sulke volksetimologiese vervorminge het ek in 'n paar gevalle reeds in Afrik. opgemerk by boeremense, wat praat van *iemand van Bakpoort naar Stuurpoort stuur* en van *in iemand se vaalwater kom*. [2])

---

[1]) Verskillende hiervan kom b.v. voor in "Comoedia Vetus", vgl. *scheepsraad*, *mastworp* e. a.

[2]) *Bakpoort* en *Stuurpoort* word opgevat as plaasname. *Vaarwater* word opgevat in die sin van "troebel water", vandaar *vaalwater*.

Die invloed van die 17e eeuse seemanstaal op Afrik. is ongetwyfeld baie belangriker gewees as wat uit die hier behandelde woorde en uitdrukkinge op te maak is. Dr. BOEKENOOGEN het selfs die mening uitgespreek, dat aan die 17e eeuse seemanstaal "toe te schrijven (is) het veelvuldig gebruik van —s tot vorming van het meervoud" in Afrik. ("Album—Kern", blds. 248). En ek het reeds daarop gewys, dat waarskynlik 'n groot persentasie van die vreemde handelswoorde, wat in die volgende paragraaf behandel word, deur die seemanstaal in Afrik. gekom het. Vir die ontstaan van Afrik. het die 17e eeuse seemanstaal seker die allergrootste betekenis gehad.

---

§ 6. Uit die Handelstaal.

Die handelstaal van 'n land word gewoonlik deur ander faktore as taalpuristiese oorwegings beheers. Dit is afhankelik van die handelsverkeer met ander lande. Van wat die koopware is, produkte van industrie of van landbou en veeteelt, van wie die koper, wie die verkoper en wie die vragvaarder of transportryer is, van die relasies tussen handel en politiek ens. — van sulke faktore hang die handelstaal van 'n volk af. "Misschien meer dan eenige andere groeptaal staat de handelstaal onder vreemden invloed", sê Dr. VAN GINNEKEN (Hdbk. II 145). En sy lyste van handelswoorde bewys dan ook ten volle die bonte kleuremengsel van die Ndl. handelstaal van vroeër en vandag. Vandag bevat die Ndl. handelstaal 'n groot persentasie Fr. en Eng.woorde. En vroeër?

Dit is my bedoeling hier 'n voorstelling te gee van die Ndl. handelstaal gedurende die periode 1597—1657, vir sover die Afrik. woordeskat nog 'n refleksbeeld daarvan bewaar het. Ons moet ons dus 'n voorstelling vorm van die handel in die algemeen, en meer bepaald van die seehandel, van Nederland, en in die besonder van die N. O. I K. gedurende die genoemde periode. Die Ndl. handel was destyds uit die aard van die saak hoofsakelik seehandel, en daarin het sedert 1602 die N. O. I. K. die grootste rol gespeel. [1]) Wat Suid-Afrika betref, was dit die enigste

[1]) Vgl. Prof. H. BRUGMANS — "Opkomst en Bloei van Amsterdam", hoofst. III blds 100 vgg.

handelsliggaam van betekenis, want die vestiging aan die suidpunt van Afrika en die uiteindelike kolonisasie van Suid-Afrika was 'n stigting van die N. O. I. K. Wat in Suid-Afrika sou ontwikkel, was 'n oorspronkelik onvoorsiene gevolg van 'n *handelsonderneming*. Die periode, wat ek hierbo as 'n taaltydperk aangeneem het (n.l. 1597—1657), kom tamelik goed ooreen met die Ndl. handelsperiode, wat DIFEREE noem "het Politiek-Economisch Tijdperk" (1596—1674) [1]. Van die Tagtigjarige Oorlog af was die provinsie Holland strategies en ekonomies van die allergrootste belang. Amsterdam, die sentrum van die provinsie Holland, moes ook die sentrum van Nederland word, en die politiek van die Staat moes gedurende die politiek-ekonomiese tydperk wel 'n *handelspolitiek* wees. In die genoemde handelsperiode was daar in die handel, *nes in die taal*, 'n sentralisasiebeweging. Die handelspolitiek het aangestuur op 'n politieke en ekonomiese eenheidsproses, waarvan Amsterdam die middelpunt sou word [2]. Sedert die vereniging met Spanje was die Hollanders die vragvaarders tussen Noord- en Suid-Europa geword. Van Italië, Spanje, Portugal en Frankryk sou hulle allerlei handelsartiekels, en daarmee die vreemde handelswoorde, naar Wes- en Noord-Europa bring. Uit LINSCHOTEN blyk reeds, dat Hollanders al in die Ooste was en daar handel gedrywe het, nog vóór die eerste Hollandse skipvaart onder CORNELIS HOUTMAN naar die Ooste onderneem is. Duitsers en Vlaminge, maar veral Hollanders en Zeeue, het hulle weg op Portugese skepe naar die Ooste gevind, en op handelsgebied by die Portugese skoolgegaan. So'n leerling van die Portugese was LINSCHOTEN self. Die eerste Hollandse vloot, wat op die voetspore van die Portugese naar die Ooste geseil het, sou as 'n wegwyser op die reis die destyds reeds gedeeltelik uitgegewe "Itinerario" van LINSCHOTEN meeneem.

"Dit boek was in sommige opzichten een openbaring. Na 't verschijnen er van zag iedereen dat het koloniaal rijk der Portugezen vermolmd was, en dat een ondernemend mededinger alle kans zou hebben hen te vervangen" [3]. 'n Ander bevoegde beoordelaar skrywe daaroor: "Dus

[1]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand.", blds. 127 vgg.
[2]) Vgl. Id., blds. 131—33, en BRUGMANS — "Opkomst en Bloei van Amsterdam", blds. 138.
[3]) Vgl. Prof. KERN — Inleiding "Itinerario," blds. XXVII vgg.

konden de Nederlanders slagen, waar nog voor enkele jaren hun voorgangers den strijd hadden moeten opgeven; zij kwamen op een tijdstip waarop het bederf zoo ver had voortgewoekerd dat het koloniaal régime lag te zieltogen, zij vonden een afgematten vijand, en, wat hun het meest begunstigde, was de staat van open oorlog, die hun boven Engelschen en Franschen een krachtig volhouden van het offensief veroorloofde, waar deze medeconcurrenten, in perioden van vrede, zich tot sluikhandel en lorrendraaierij moesten bepalen" [1]). Aanvankelik was die verhoudinge op see tussen die Hollanders en die Portugese, van wie eersgenoemde volk nog so baie kon leer,goed; maar die Tagtigjarige Oorlog het die verhoudinge verander. Spanje moes toe deur Portugal beseer word [2]). Die agteruitgang van die Port. seehandel het al in die tydvak van Koning João III (1521—1557) begin, maar die inlywing van Portugal by Spanje (1580) het daaraan die nekslag gegee. Die totale ineensinking van die Port. seehandel was toe alleen 'n kwessie van tyd, en wie die opvolgers van die Portugese sou word 'n saak van omstandighede, wat, soos ons reeds opgemerk het, die Hollanders begunstig het. Eers kom die Hollanders en Zeeue tot seemagsontplooiing, en daarna ander provinsies [3]). Gedurende die periode van die "wilde vaart" is daar 'n hewige en skadelike konkurensie tussen Hollanders, Zeeue, Friese e.a. Maar die sentralisasiebeweging sou segevier met die oprigting van die N.O.I.K. (in 1602), wat net 'n halwe eeu later JAN VAN RIEBEEK naar Suid-Afrika sou uitstuur. Van die begin van die 17e eeu af begin Nederland 'n wêreldhandel te ontwikkel. Dan verskyn die Hollandse handelskepe in die Oossee en die Middellandse See, in die hawens van Amerika en Indië. Van groot betekenis word die handel met Japan, Java, Sina, Indië, Ceylon en Persië [4]). Ja, "het bleek genoegzaam, dat de Compagnie gedurende de zeventiende eeuw als een reuzenpoliep geheel Azië, voor zoover het ter zee bereikbaar was, in haar handelsgemeenschap omvatte" [5]). Langsamerhand sou die N.O.I.K. vaste steunpunte beset vir die handel met die verre Ooste. "Zoo hadden wij dan ten slotte drie punten van groot ge-

---

[1]) Vgl. NABER — "Marees," blds. LIV.
[2]) Vgl. Id. blds. XLI.
[3]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand." blds. 152.
[4]) Id. blds. 248—254.
[5]) Vgl. Id. blds. 254.

wicht voor den Indischen handel bezet, te weten: *Batavia* als stapelplaats en administratief kantoor; *Ceylon* als verzamelplaats voor de schepen van het vasteland, en *Kaapstad* als vaste rustplaats" [1]). Die belangrikheid van Kaapstad vir die N.O.I.K. blyk voldoende uit 'n werk soos Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN's "De Stichter van Hollands Zuid-Afrika, JAN VAN RIEBEECK".

Ook vir die toekomstige taalontwikkeling in Suid-Afrika sou die handelsrelasies van die N. O. I. K. van die allergrootste betekenis wees. In die 17e eeu het namelik, soos ons reeds hierbo gesien het, 'n Ndl. handelstaal ontstaan, wat moeilik van die seemanstaal te onderkei is. Die provinsies Noord- en Suid-Holland en Zeeland het destyds die belangrikste kontingente handelslui en seelui gelewer, en die dialekte van Holland en Zeeland het ongetwyfeld die kern gevorm van die woordeskat van die taal, wat by handels- en haweverkeer sou gebruik word [2]).

Van die Hollands—Zeeuse seemans- en handelstaal het 'n invloed uitgegaan op die taal van handels- en seelui in Rusland, Noord-Duitsland, Engeland en Skandinawië. In die Middellandse See het 'n seemanstaal ontstaan, 'n *lingua franca*, wat volgens Dr. HESSELING "in hoofdzaak Italiaansch is, maar waarin ook veel Grieksche, Spaansche en Arabische woorden voorkomen" ("Het Afrik." blds. 34). In die Indiese Argipel het 'n ander *lingua franca* ontstaan, wat ons Mal.-Port. kan noem [3]). In die 17e eeuse handels- en seemanstaal van die Noord- en die Oossee het die Hollands-Zeeuse element 'n belangrike rol gespeel [4]). Die taal van die volk, wat die eerste in die veld was op gebied van die seehandel en seemag, het die beste kans gestaan om die kern van die woordeskat te vorm van die seemans- en handelstaal, wat in 'n bepaalde tydperk in 'n bepaalde see sou heers. Gevolgelik "(zijn) de vermaleischte Hollandsche woorden ..... ook thans nog nihil tegenover de Portugeesche" [5]) in die *lingua franca* van die Indiese Argipel.

---

[1]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand." bldss. 256.

[2]) Handelspunte van belang was: Amsterdam, Enkhuizen, Hoorn, Terschelling, Vlieland, Texel, Rotterdam, Middelburg, Goeree. Vgl. Id. blds. 178.

[3]) Vgl. Dr. A. A. FOKKER — "Het Portugeesche element in het Maleisch" ("Indische Gids," Des. 1902).

[4]) Vgl. Dr. J. v. GINNEKEN — "Hdbk." II 479 en 532.

[5]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand.," blds. 144.

Wedersydse beinvloeding en ontlening van woorde kan uit die aard van die saak by sulke seemans- en handelstale nooit uitbly nie. Ons het reeds opgemerk, dat sulke sosiale groepe byna van nature internasionale taalkringe vorm. Laat ons hier let op die vreemde taalinvloed, wat daar van die end van die 16e tot die middel van die 17e eeu op die Hollands-Zeeuse handels- en seemanstaal uitgegaan het.

In die begin het allerlei Franse mode-artiekels naar Holland gekom, en daarmee Fr. handels- en modewoorde. Hierdie vreemde invloed was aan die end van die 16e eeu waarskynlik die sterkste [1]). Maar ook deur die literatuur het Fr. woorde in Ndl. binnegestroom. Dit maak dit vir ons so begrypelik, waarom die taalpuristiese beweging van die 17e eeu juis teen die Fr. invloed gerig was, omdat die gevaar van verfransing op gebied van handel, mode en literatuur gedreig het. Op gebied van kuns, handel en literatuur het daar ook 'n taalinvloed van Italië af op Ndl. uitgegaan. Ndl. skilders en skrywers soos CAREL VAN MANDER, PIETER CORNELISZ. HOOFT e. a. het naar Italië getrek, maar sulke reise naar Italië en elders het nie uitsluitend letterkundige of kunsdoeleindes gehad nie; in die reël het sulke buitenlandse reise ook in die nouste verband met die handel gestaan. [2]) Sedert die 16e eeu was daar reeds Italiaanse juweliers- en bankiershuise in Middelburg gevestig. [3]) Dan word die handel met Suid-Europa van groot belang, veral met Spanje en Portugal. [4]) "Slechts weinig tijds na den vrede van Munster", sê DIFEREE, "beheerschten wij reeds den geheelen Spaanschen handel" („Gesch. Hand." blds. 206). Ook die handel op Portugal was van belang hoewel "onze handel op Portugal de geheele zeventiende eeuw door van vrij wat minder belang (bleef)" (t. a. p. blds. 207). Dit is bekend dat Spaanse en Portugese Jode destyds naar Amsterdam getrek het. [5]) So was daar in ons periode 1597—1657 allerlei handelsrelasies tussen Nederland en Frankryk, Italië,

---

[1]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand.," bldss. 139—141, en SALVERDA DE GRAVE — "De Franse Woorden in het Nederlands", o. a. blds 79 vgg.
[2]) Id. bldss. 146–7.
[3]) Id. blds. 141.
[4]) Id. bldss. 176, 195, 204. vgg.
[5]) Vgl. B. HUET "Het Land van Rembrandt," (Dl. II, 2de ged. blds. 301).

Spanje, Portugal en die verre Ooste, en daardeur was allerlei kanale geopen vir die importasie van vreemde handels- en seemanswoorde in Ndl. Engeland, wat later so'n groot rol in die wêreldhandel sou speel, was gedurende die eerste helfte van die 17e eeu nog nie 'n volwasse mededinger van Holland nie.[1]) Deur die letterkunde het die sterkste vreemde invloed waarskynlik uit Frans gekom, deur die handel uit Portugees en die Oosterse tale, uit Maleis, Javaans, Japans, Sinees, Tamil, Persies, Arabies en Turks.

Wat is die bronne, waarop ons kennis van die 17e eeuse handelstaal berus, en welke waarde besit hulle vir ons kennis van die Afrik. woordeskat? Die 17e eeuse handelstaal van Nederland is hoofsakelik te leer uit die destydse skeeps- en reisjoernale. Die Hollandse handelslui het in verband met hulle handelsonderneminge allerlei land- en seereise onderneem, en naar die voorbeeld van LINSCHOTEN e. a. hulle ervaring te boek gestel. Sulke reisbeskrywinge was die praktiese handelshandboeke van die 17e eeuers. Ons het reeds gesien, dat LINSCHOTEN se "Itinerario" op die eerste seereis van die Hollandse handelsvloot naar Indië as 'n soort "Baedeker" meegeneem is, en dat LINSCHOTEN op hierdie gebied by die Portugese skoolgegaan het. Uit sulke werke moes die eerste handels- en seelui hulle aanvankelik in die land- en volkekunde van die Ooste oriënteer. Dit verklaar die gereedheid, waarmee sulke werke in verskillende Europese tale vertaal is. Van LINSCHOTEN se "Itinerario" word beweer: "Vertalingen in 't Engelsch en Hoogduitsch verschenen in 1598; twee Latijnsche vertalingen in 1599; een Fransche vertaling in 1610. Deze laatste evenals ook de oorspronkelijke Hollandsche tekst zijn meer dan eens herdrukt. Langen tijd werd het boek steeds als autoriteit aangehaald"[2]). Van die relaas van HENDRIK HAMEL VAN GORKUM het daar in 1668 alleen drie uitgawes verskyn, daarna nog drie en vertalinge in Frans, Duits en Engels.[3]) Vir statistieke oor die aantal uitgawes en vertalinge van verskillende 17e eeuse reisjoernale, wat wel 'n sterk bewys is vir hulle populariteit en bruikbaarheid, kan ek verwys

---

[1]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand.," blds. 173.
[2]) Vgl. Prof. KERN — Inleiding "Itinerario," blds. XXVII—XXVIII
[3]) Vgl. HOETINK — Inleiding "Verhaal v/d. Sperwer," blds. XXII.

naar die inleidinge van die uitgawes van die „Linschoten-Vereniging" en van die "Hakluyt Society".

Ons kan die 17e eeuse skeeps- en reisjoernale van Nederlanders in die volgende groepe verdeel, en so'n verdeling gee ons meteen 'n insig in hulle waarde vir ons kennis van die Afrikaanse woordeskat.

(1) Beskrywings van seetogte naar die Noorde.
(2) „ „ „ „ „ Goudkus.
(3) „ „ „ „ Amerika en Wes-Indië.
(4) „ „ „ „ Oos-Indië en om die wêreld (waarby ek insluit dagboeke en dagregisters gehou op Batavia en aan die Kaap, sowel as beskrywings van landtogte in die Kaap Kolonie uit die vroegste tyd).
(5) Versamelwerke.
(6) Volksboekies.

Oor elkeen van hierdie groepe 'n paar woorde. Die skeepsjoernale, wat seetogte naar die Noorde beskrywe, stam vir 'n groot deel uit die aanvang van ons periode (1597-1657), uit die tyd toe poginge aangewend is, veral deur Rotterdamse handelsliggame, om Asië te bereik deur bokant Rusland langs om te seil naar Indië toe. Hierdie skeepsjoernale, wat ons nie in aanraking met nasies bring, wat later veel met die Kaap te doen sou hê nie, en wat dus ander landskondiesies en dinge as wat later aan die Kaap sou heers, beskrywe, besit natuurlik die minste waarde vir ons kennis van Afrik. Maar heeltemal sonder waarde is hulle nie, en wel om die volgende redes. 'n Man soos JAN VAN RIEBEEK, wat so'n groot rol by die stigting aan die Kaap sou speel, het voor sy vertrek naar die Kaap reeds 'n seereis naar Spitsbergen en Groenland gemaak.[1]) En van RIEBEEK sal seker lang nie die enigste gewees het met die ervaring van so'n seereis naar die Noorde agter die rug vóór die vestiging aan die Kaap nie. Boëndien leer ons uit sulke joernale van seetogte naar die Noorde ook die 17e eeuse seemans- en handelstaal ken, en hulle verklaar ons die herkoms van woorde soos *noordkaper*, en waarskynlik ook van woorde soos *agurkie*[2]) ..... woorde, wat eers in die 17e eeuse seemans-

[1]) Vgl. GODÉE MOLSBERGEN — "J. v. R.," bldss. 61—62.
[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. II 746—7, eers in die 17e eeu in Ndl. Volgens FRANCK-VAN WIJK via Oosnd. in die 16e eeu ontleen uit Pools.

en handelstaal bestaan, en waarskynlik daaruit naar Suid-Afrika oorgeplant is.

Die reisjoernale van togte naar die Goudkus stam grotendeels ook uit die aanvang van ons periode, maar is van baie meer belang as dié van die eerste groep. Hulle bring ons in aanraking met tropiese Afrika en sy diere- en plantewêreld, met inboorlingstamme, waarvan slawe later naar Suid-Afrika sou gevoer word, en met die Portugese met wie die Hollandse handelskonkurensie al op die Goudkus begin het. Hulle verklaar ons die weg waarlangs woorde soos *mielie*, *patatta*, en waarskynlik ook *spanspek* in Afrik. gekom het.

Van net so groot belang is die reisjoernale van seetogte naar Noord- en Suid-Amerika, veral naar die laaste, en naar die Wes-Indiese eilande. Daaruit leer ons lande ken, wat min of meer dieselfde subtropiese klimaat as Suid-Afrika geniet en vir 'n deel dieselfde plantegroei en dierewêreld ken, lande wat eers, nes die Goudkus, deur Portugese en daarna deur Hollanders besoek is. Van hier uit sou Wes-Indiese name van dinge deur Spanjaarde, Portugese en Hollanders naar die Goudkus of die Ooste meegevoer word en vandaar direk of indirek via Holland naar die Kaap. Ek dink hier aan woorde soos *hangmat*, *likkewaan*, *kaaiman*, *koejawel* e.a.

Dan kom ons by die belangrikste groep van reisjoernale, beskrywings van seereise naar die Ooste, dagregisters van Batavia en die Kaap, verhale van landtogte aan die Kaap, joernale van reise om die wêreld, werke wat ons in aanraking bring met die handelstaal van Nederland se 17e eeuse wêreldverkeer. Wat Nederland in die tyd van sy groot wêreldposiesie deur sy seehandel en seemag van naby sou ken, heel die Ooste met sy materiële en geestelike kultuur, sou met sy seemag en wêreldhandel vir 'n groot deel verdwyn, of alleen as vreemde handelsartiekels in beperkte handelskringe, in herbaria en dieretuine bekend bly. In die 18e eeu het die Hollandse seehandel ingekrimp, en die Hollanders hokvas geword. Hulle was nie meer die "globe trotters" van die 17e eeu nie, of die vragvaarders van die Europese nasies nie. In Suid-Afrika was die kondiesies so anders. Daar kon diere gesien word, wat aan die Goudkus sowel as in Oos- en Wes-Indië bekend was. Daar kon plante van byna alle wêrelddele bewerk word, dikwels deur slawe van die Goudkus af-

komstig, sowel as van die Indiese Argipel. En toe die N. O. I. K. opgehou het om te bestaan aan die end van die 18e eeu, en die *Kompanjiestaal* in Nederland as iets wesenliks daarmee verbonde gedeeltelik moes verdwyn, toe het die Kaap oorgegaan in die besit van Engeland met 'n eie opkomende koloniale ryk en 'n eie internasionale handelstaal, wat reeds deurspek was met allerlei Oosterse elemente. Bodem en klimaat, bedryf, lewenswyse en geskiedenis kan voldoende verklaar, waarom allerlei woorde uit die 17e eeuse handelstaal, wat in Ndl. moes verdwyn, in Afrik. bewaar kon bly. As daar voldoende rekening gehou word met hierdie faktore, dan bied die Afrik. woordeskat niks abnormaals om te verklaar nie. Dan getuig dit eer van 'n taai-behoudende konserwatisme as van 'n kosmopolietiese neiging om vreemde elemente op te neem. Nader besonderhede hieronder.

Na die Oos-Indiese reisjoernale, die meeste in getalle en die belangrikste in inhoud, kan ons die 17e eeuse versamelwerke noem, soos dié van BLAEU, DAPPER, VALENTIJN, DE LAET, SAEGHMAN e. a. Die pragwerk van BLAEU is seker weens die daaraan verbonde koste nie vir die groot publiek in die algemeen toeganklik gewees nie. Anders was daar baie uit te leer, want dit bevat uittreksels uit die vernaamste reisjoernale van dié tyd, sowel as die beste kaarte en kosbare illustrasies. 'n Ruimer publiek kon egter seker beskik oor die ryk geïllustreerde versamelwerke van DAPPER oor Afrika, Asië e. a., of oor VALENTIJN se versamelwerk oor Oos-Indië en dié van DE LAET oor Wes-Indië. En by GILLES JOOSTEN SAEGHMAN "t' Amsterdam" het 'n versameling van "Voyagien" verskyn, wat uittreksels uit 'n groot aantal reisjoernale oor reise naar alle oorde bevat het. Die werk is in klein formaat uitgegee, en was destyds seker teen 'n billike prys verkrybaar. Elkeen, wat wou lees,kon hom dus deur die aankoop van 'n enkele versamelwerk (in plaas van al die verskillende reisjoernale) goed oor Noord en Suid, oor Oos en Wes oriënteer. Die versamelwerke het 'n besondere waarde, deurdat hulle kon help om die inhoud van die verskillende reisjoernale te populariseer, en deurdat hulle meermale saamgestel is deur tuisblyers, wat nie altyd goed op die hoogte van die inhoud van hulle bronne was nie. Daardeur kon allerlei vreemde en verkeerd begrepe woorde in afwykende betekenisse gebruik word. Vergelyk my opmerkings hieronder oor woorde soos *kiepersol* e. a.

Die legio 17e eeuse volksboekies met beknopte en dikwels versierde uittreksels uit die reisjoernale het seker meer as iets anders gedien om die inhoud van sulke reisjoernale selfs onder die mins ontwikkelde volksklasse bekend te maak. Daaroor is alle bevoegde beoordelaars dit eens met mekaar. DIFEREE getuig daarvan: "Boekverkoopers vooral speculeerden in dit opzicht op den volksgeest en trokken, zoodra een officiëel „Journaal" verschenen was, de avontuurlijke bijzonderheden er uit, om die, aaneengeregen en in elkaâr gegoten, als blauwboekjes en vlugschriften onder het volk te verkoopen. En zij gingen er blijkens de bestaande pamfletten-catalogi grif in; menig omgewerkt scheepsjournaal of reisverhaal beleefde verscheidene edities" ("Gesch. Hand." blds. 151-2). Sulke volksboekies, sowel as die reisjoernale self, was populêr naarmate daar gruweldade of onfatsoenlike dinge in voorkom.[1]) So'n boekie was b. v. die "Oprecht en verbetert verhael van 't Eylant van Pines, en desselfs Bevolckingh; of laetste ontdecking van een vierde Eylant in Terra Australis Incognita."

Ons sien dus hoe die skeeps- en reisjoernale ons 'n beeld gee van die Holl. handelsrelasies en van die 17e eeuse handelstaal met al sy vreemde, veral Portugees-Oosterse, woorde, langs welke kanale die vreemde woorde in Ndl. binnegekom het en vandaar uit in Afrik. oorgeërf is, en waarom 'n groot persentasie van die vreemde woorde later in Ndl. alleen in beperkte kringe bekend kon bly of heeltemal verlore moes raak, terwyl hulle in Suid-Afrika, die voorpos van Indië, bewaar kon bly tot op die huidige dag.

Hier moet die vraag gestel word in hoever sulke vreemde handelswoorde in die 17e eeu algemeen bekend was. Prof. KERN het dit betwyfel of al die vreemde woorde, wat in die 17e eeuse reisbeskrywings voorkom, ook in Nederland algemeen bekend en in gebruik was.[2]) Ek kan enigsins begryp, dat Prof. KERN dit kon betwyfel ten opsigte van LINSCHOTEN se „Itinerario", want as daar iemand was wie se taal deurspek moes gewees het met vreemde woorde, dan was dit LINSCHOTEN. Hy was 'n dertien jaar lang weg

[1]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand." blds. 152; HOETINK — "Verhaal v/d. Sperwer" blds. XXVII; YZERMAN — "Ottsen," blds. IV. Die taal van sulke volksboekies wag nog op bearbeiding.

[2]) Vgl. Prof. KERN — Inleiding "Itinerario," en verder "Itinerario," dl. II 90 aant. (3) en II 152 aant. (2).

van Holland af, het jare lang met Portugese verkeer en in die Ooste gewoon, waar hy betreklik min met landgenote in aanraking gekom en sy moedertaal gepraat het. Hy het boëndien geput uit Portugese bronne in 'n tyd, toe die Portugese handelsmag wel in verval was, maar die Ndl seemag en handelstaal nog g'n wêreldbetekenis gehad het nie. Hy was een van die eerste Hollanders, wat terug uit die Ooste in sy „Itinerario" name moes gee aan in Nederland onbekende dinge uit die Ooste, en moes hom dus van die Maleis-Portugese handelsterminologie bedien. Maar ek kan nie merk, dat LINSCHOTEN se „Itinerario" meer vreemde woorde as die ander reisbeskrywings uit dié tyd bevat nie. Trouens die skrywers beskrywe dieselfde vreemde dinge, en die een het dikwels sy informasie uit die werk van 'n ander geput, sowel as uit eie ervaring. [1])

Die beswaar van Prof. KERN is dus ten opsigte van al die 17e eeuse reisbeskrywings van krag. Dr. HESSELING het dan ook in sy bespreking van Dr. BOSMAN se dissertasie hierdie beswaar breedvoerig geformuleer, en daar dit 'n prinsipiële kwessie is, wil ek die belangrikste deel van Dr. HESSELING se beswaar hier siteer. „Alle, of bijna alle, plaatsen door Dr. BOSMAN bijeengebracht," sê hy, „zijn ontleend aan geschriften van Oost-Injevaarders, van mensen dus die zeer vertrouwd waren met de zeemanstaal van het zuidelik halfrond. En nu begaat de schrijver, naar mijn mening, een niet geringe fout door die zeemanstaal in één adem te noemen met de volkstaal van de zeventiende eeuw. De zeemanstaal is een groepstaal, en 't voorkomen daarin van een bepaald woord bewijst volstrekt niet dat het aan 't Nederlandsche volk, als geheel beschouwd, bekend was. Overtuigende plaatsen voor Dr. BOSMAN's stelling dat zulke woorden uit Nederland aan de Kaap zijn gekomen, moeten dus aan andere geschriften dan Reisjournalen en dergelijken ontleend zijn. VAN RIEBEEK heeft heel wat van die Indiese woorden in zijn Dagverhaal; zijn die dus (gelijk Dr. B. een enkele maal zegt) uit Holland in Afrika gekomen? Absoluut onmogelijk is het niet, maar onwaarschijnlik in de hoogste mate" („N T." X bldss. 253—4 of „Brdwg." van 1 Nov. 1916, blds. 169). Ja, absoluut onmoontlik is dit nie, d.w.s. niemand kan die een of die ander absoluut bewys nie. Dit lê dus aan my om dit waarskynlik te maak, dat

---

[1]) Vgl. NABER — "Marees," blds. XXIII.

dit nie „onwaarschijnlik in de hoogste mate" is, dat sulke vreemde woorde van Nederland naar die Kaap oorgebring is nie. Laat ons begin met te vra aan wie die vreemde handelswoorde dan wel bekend was. Dat die vreemde woorde aan Oosinjevaarders in die algemeen, en aan die skrywers van die reisjoernale in die besonder, bekend was, behoef seker wel g'n betoog nie. En aan hulle famielie-betrekkinge, wat hulle boeke of minstens hulle briewe gelees, en met hulle gesels het? En wie was die Oosinje-vaarders? en die skrywers van reisjoernale? Manne uit alle stande en volksklasse: 'n LINSCHOTEN, wat 'n taal skrywe „de platte, dagelijksche uitspraak ... naderende" (vgl. bo); 'n DIRCK GERRITZ POMP alias DIRCK GERRITZ CHINA, 'n burgerman uit Enkhuizen; 'n WUYSTHOFF, „niet bijzonder bekwaam geweest in het voeren der pen en het behandelen der taal"[1]); en daarnaas 'n JACOB ROGGEVEEN, Meester in die regte; 'n JAN VAN RIEBEEK, gebore uit 'n deftige geslag te Culemborg, en 'n DIERICK RUITERS, wat die pen met dieselfde vaardigheid kon hanteer as stuurrad en rapier.[2])

Die vreemde handelswoorde sal dus wel in die famielie-kringe van seelui en handelslui uit verskillende stande gedeeltelik bekend gewees het. Die groot aantal uitgawes van die reisjoernale bewys dat daar 'n gretige leespubliek uit alle kringe was. Die nuusgierigheid in Holland naar die inhoud van sulke avontuurlike lektuur was baie groot[3]) Dr. M. G. DE BOER getuig daarvan: "Er zijn te onzent in de zestiende en de zeventiende eeuw een aantal boekjes verschenen, die — blijkens de tallooze drukken gretig gekocht en gelezen — een machtigen invloed op ons volk moeten hebben uitgeoefend. Wanneer onze zeelieden van hun lange reizen waren thuisgekomen, stelden ze dikwijls in de lange winteravonden van hun lotgevallen een eenvoudig relaas op, dat een volksboek werd in den waren zin des woords. De schrijvers waren geen letter-kundigen, maar desondanks — misschien ook wel juist daarom! — vielen hun onopgesmukte, met naïve prenten verluchte verhalen in den smaak van lieden van allerlei slag."[4]) Dit is bekend hoe populêr b.v. die joernaal van

[1]) MULLER — "C. en L.," blds. XXVIII.
[2]) Vgl. NABER — "Ruiters," blds. XIII.
[3]) Vgl. YZERMAN — "Pomp," blds. 17 vgg.
[4]) Dr. M. G. DE BOER — "Van oude Voyagiën," blds. VII.

BONTEKOE was, en dit was nie die enigste van sy soort nie. Selfs digters soos VONDEL en ANTONIDES VAN DER GOES het gehelp om deur hulle poësie waardering te wek vir die Ndl. handelsonderneminge en wat daarmee in verband gestaan het. En die legio volksboekies, wat hulle weg naar alle hoeke gevind het, moes ongetwyfeld baie daartoe bygedra het om die inhoud van die reisjoernale gemeengoed te maak. Waarskynlik is die werkies van die manne, wat aan Holland sy seemag en wêreldhandel besorg het, destyds meer gelees gewees as dié van die min of meer klassisties-geskoolde Renaissance-digters, die skeppers van die 17e eeuse literatuur.[1]) Hoeveel het sulke 17e eeuse volksboekies met hulle vergulde verhale nie destyds bygedra tot diensneming by die N. O. I. K. nie?

Ons het reeds gesien, dat daar destyds nie baie redes vir Hollanders was om te verhuis nie. In Holland het hulle dit betreklik goed gehad, beter as in Duitsland en Frankryk. Was dit nie juis die aanlokkelike moontlikhede, wat sulke reisjoernale en volksboekies voorgetower het, wat by meer as een die deurslag gegee het om sy fortuin in diens van die Kompanjie oor die see te gaan soek nie? Wie sal dit uitmaak? Mense, wat naar Suid-Afrika wou emigreer, sal tog seker probeer het om hulle vooraf enigsins op die hoogte te stel, en hoe moes hulle dit destyds anders gedoen het, as deur ondervraging van Oosinjevaarders, seelui, handelslui en dergelike persone of deur die lees van reis- en skeepsjoernale ens.? 'n Groot persentasie van die Afrik. stamouers kon dus reeds vóór hulle vertrek naar Suid-Afrika, of minstens op die reis daarheen, kennis gemaak het met 'n groot aantal van die vreemde handels- en seemanswoorde. Maar laat ons nou so toegewend moontlik wees, en argumentshalwe aanneem, dat die meerderheid van die Afrik. stamouers vóór hulle vertrek naar Suid-Afrika totaal onvertroud was met die vreemde woorde. Meer tegemoetkoming sal Dr. HESSELING tog seker nie verwag nie! Dan sou ek wil vra: wie het vóór die koms van die slawe naar Suid-Afrika, met uitsondering van die klein aantal Hottentotte, die enigste bewoners gewees van die verversingsoord aan die voet van Tafelberg? Tog seker handelslui, seelui,

---

[1]) Ek grond hierdie konklusie op die aantal uitgawes en die oplae van sulke werke in vergelyking met dié van meer letterkundige werke.

werklui, Oosinjevaarders en Kompanjiedienaars. Hulle het tog seker iets van die Kompanjiestaal geken, en hulle het tog van Holland naar die Kaap gekom. En wie was die eerste vryburgers aan die Kaap? Kompanjiedienaars, seelui, soldate en werklui, wat hulle ontslag uit die diens van die Kompanjie geneem het om hulle as boere te vestig in die nuwe vaderland.[1]) Hulle het die vreemde woorde van die Kompanjiestaal tog seker van die stamland af meegebring. Daar was ongetwyfeld geleentheid genoeg vir die oorenting van sulke vreemde woorde uit die taal van Kompanjiedienaars, handelslui, seelui en vryburgers op dié van nuwe immigrante. So word in die taalgeskiedenis baie woorde, en veral vreemde woorde, van bepaalde kringe af versprei oor 'n hele taalgemeenskap deur "das Hinauswachsen der individuellen Verschiedenheiten über ein gewisses Mass" (PAUL — "Prinz.", blds. 38)[2]). Dr. HESSELING bedoel tog seker nie, dat *elke* immigrant veronderstel word *al* die vreemde woorde as 'n beginkapitaal mee te gebring het nie, wanneer hy praat van die bekendheid van die vreemde woorde onder "'t Nederlandse volk, als geheel beschouwd". Maar die vreemde woorde, wat vóór 1657 reeds in Ndl. reisjoernale voorkom, *kon almal* van Holland naar die Kaap gekom het, en het waarskynlik in die meeste gevalle langs dié weg daarheen gekom. Ek kan dit dus nie met Dr. HESSELING "onwaarschijnlik in de hoogste mate" ag nie, inteendeel beskou ek die moontlikheid van oorerwing in sulke gevalle as hoogswaarskynlik. Boëndien moet ons nie vergeet nie, dat die 17e eeuse reisbeskrywings geskrywe was om in Holland *gelees* en *verstaan* te word. Uit die aantal uitgawes en vertalings daarvan, uit die versamelwerke en volksboekies blyk op oortuigende wyse, dat hulle wel *gelees* is, en ek kan my moeilik voorstel, dat hulle so sou gelees word, as hulle nie goed *verstaanbaar* was nie. Bekendheid met die Oosterse produkte sal wel gelei het tot die lees van nuwe reisjoernale uit nuusgierigheid, en omgekeerd sal die lees van sulke joernale gelei het tot beter bekendheid met wat nog vreemd was. Dr. BOSMAN het reeds daarop gewys, dat Dr. HESSELING Franse en Duitse woorde, wat in die 17e eeu al in Holl. voorkom,

---

[1]) Ek het daarop gewys, dat die eerste ± 100 koloniste van 'n sodanige herkoms was (vgl. I § 3 (c)).

[2]) Vgl. Dr. N. v. WIJK — "Over Leenwoorden" ("N. T." IV. blds. 273 vgg.).

as erfgoed in Afrik. beskou, maar 'n uitsondering maak van die Mal.-Port. woorde (vgl. "Afrik. en Mal.-Port." bldss. 48 en 72). Afgesien van die kwessie van metode, sou ek wil vra: met hoeveel reg doen Dr. HESSELING dit? Sal 'n 17e eeuse seeman, wat in Suid-Afrika gaan boer het, van huis uit beter bekend gewees het met kunswoorde nuut uit Italië ingevoer en modewoorde of literatuurwoorde pas uit Frankryk geimporteer as met Maleis-Portugese handelswoorde net uit die Ooste meegebring? Met hoeveel reg word dan b. v. Franse woorde, wat "reeds in de 17e eeuw ook in Nederland in gebruik waren" [1]) in Afrik. as erfgoed beskou, en die Mal.-Port. woorde nie? Alleen 'n vooropgestelde teorie kan tot so'n standpunt lei.

Ek wil nog verder gaan en vra: in hoever kry ons 'n beeld uit die 17e eeuse skeeps- en reisjoernale van die aantal vreemde woorde, wat werkelik bekend was in die taal van seelui en Kompanjiedienaars in die algemeen, dus in die kringe waaruit die eerste vryburgers gestam het? Die reisjoernale was geskrywe om ook deur ander kringe gelees en verstaan te word. Ons kry dus waarskynlik maar 'n flou beeld van die omvang van sulke vreemde woorde, wat al in die eerste helfte van die 17e eeu in die handels- en seemanstaal in gebruik was. In die twede helfte van die 17e eeu is daar nog verskillende sulke woorde gedokumenteerd, wat vermoedelik gedurende die eerste helfte van die eeu al bekend was. Maar in sulke gevalle het ek van die veronderstelling uitgegaan, dat hulle in Afrik. selfstandig kan ontleen wees. Boëndien was die handelswoorde allesbehalwe uitsluitend Mal.-Portugese woorde, hoewel die grootste kontingente, vir sover dit Suid-Afrika betref, hieruit afkomstig was. In die 17e eeuse handelstaal kom ook allerlei woorde voor uit Japans, Sinees, Tamil, Persies, Arabies, Turks ens. Volgens my standpunt is dit egter van minder belang om te weet of 'n woord b. v. oorspronkelik Tamil was of nie; maar dit is m. i. van belang om te weet of 'n woord in Afrik. oorgeërf is of nie, en of dit deur die Ndl. handels- en seemanstaal, deur die slawetaal of later deur die Eng. handelstaal in Afrik. gekom is.

Die woorde, wat ek in hierdie paragraaf behandel, is nie almal handelsterme in die tegniese sin nie, maar

---

[1]) Dr. HESSELING — "Het Afrik.", blds. 81.

dit is in sulke gevalle tog woorde, wat in Ndl. in gebruik gekom of 'n spesiale betekenis gekry het ten gevolge van Nederland se handel en handelsverkeer gedurende die eerste helfte van die 17e eeu. Hulle is geput uit die reeds genoemde skeeps- en reisjoernale, maar alleen in kwestieuse gevalle vermeld ek die besondere bron. Op die reisjoernale berus ook die datering van die gebruik van sulke woorde, hoewel ek die datering altyd probeer kontroleer het met behulp van die Ndl. Wdbk., waar dit moontlik was. In enkele gevalle het ek 'n woord al vroeër in gebruik gevind as die Ndl. Wdbk. vermeld. Ook hier kan ek nie alle woorde met dieselfde uitvoerigheid bespreek nie. Enkele woorde verdien alleen vermelding, ander 'n kort bespreking en nog ander 'n uitvoerige behandeling. Die belangrikheid van sulke woorde hang van allerlei faktore af, en dié moet die wyse van behandeling bepaal. Natuurlik is ek by die keuse van die woorde, sowel as by die wyse van behandeling daarvan, enigsins deur subjektiewe gesigspunte gelei. Maar is dit anders moontlik? en sou dit gewens wees om nie aan die persoonlike gesigspunte die voorkeur te gee nie?

Voor die middel van die 17e eeu was die volgende name van plante- en vrugtesoorte en produkte daarvan reeds in Ndl. bekend: *mielie. rissie, koejawel, lemoen, lemmetjie, sieter, pampelmoes, sitroen, banana, piesang, jamboes, mango, dadels, pienang, pynappel, perske, muskadeldruiwe, muskadelwyn, fronteljakdruiwe, pontakwyn, katjiepiering, janlap, seningblare, niesie, bamboes, rotting, klapperboom, klapper, klapperolie, katjiepoetjieolie, katjangboontjie, kajaatboom, kajaathout, agurkie, waterlemoen, spanspek, pampoen, patat, kalbas, sago*, e. a.

Dr. Bosman sê, dat *mielie* "'n heel vroeë ontlening" is, en haal die vorme *mille, milhe* en *mylie* aan uit die joernale van Joris van Spilbergen, Dierick Ruiters en Wouter Schouten. Sy vroegste bron is die reisjoernaal van Joris van Spilbergen van 'n reis gemaak in 1601 (vgl. "Afrik. en Mal.-Port: bldss. 62-3). Ek wil hier aantoon, dat die woord *mielie* baie vroeër as 1601 al in Ndl. bekend was, dat dit op verskillende soorte graangewasse toegepas was, en verder wil ek probeer naspeur langs welke weg die ding sowel as die naam in Suid-Afrika gekom het. *Mielie* kom al in Mnl. [1]) en in Kiliaen se

[1]) Vgl. Mnl. Wdbk. en Ndl. Wdbk. IX 738.

"Etymologicum" voor in die vorm *milie*, as *mylien* in van der SCHUEREN's "Teuthonista", en in die vorm *milium* in 'n Bybelvertaling van 1477 (vgl. OUDEMANS — "Mnl. Wdbk."). Behalwe by PLANTIJN en DODONAEUS, kom die woord ook reeds in reisjoernale van vóór 1601 voor, b.v. by LINSCHOTEN ("Itinerario" 1595 I[4], blds. 48 in die Port. vorm *milho*), by de MAREES (wie se werk uit die jare 1600—1602 stam, maar gedeeltelik reeds vroeër voltooid gewees is, bldss. 40, 72, 117, 119 en 164 in die vorm *millie*), in die joernaal van "De Eerste Schipvaert der Nederlanders naar Oost-Indië" (1595-7, bldss. 51, 149, 208 in die vorme *milie* en *mylie*) ens. Die vroegste datering van die Ndl. Wdbk. is van 1603. Ons het hier dus seker te doen met 'n woord, wat nie net aan Oosinjevaarders bekend was nie. Waar die bekendheid van die woord ook uit allerlei ander bronne blyk, daar kan Dr. HESSELING seker wel vrede hê met die aanhalings uit reisjoernale. KILIAEN en VAN DER SCHUEREN het die woord egter naar alle waarskynlikheid alleen geken in toepassing op die graansoort, wat vandag in Ndl. bekend is as *gierst* ("panicum milliaceum"), en in Afrik. *Kafferkoring* heet. De MAREES maak 'n onderskeid tussen *millie* en *mays* en uit die illustrasie in sy reisjoernaal blyk ten duidelikste, dat hy met *mays* bedoel wat ons in Afrik. noem *mielie*, en met *millie* ons *Kafferkoring* (vgl. NABER — "MAREES", bldss. 40 en 119, en illustrasie teenoor blds. 117). Aan die Goudkus, waar DE MAREES die woord *millie* miskien geleer het, het die inboorlinge, waarskynlik onder Port. invloed, die kafferkoringgraan *milho*, *millie*, *mieuw* of so iets genoem.[1]) DAPPER getuig daaromtrent: "De *Mille*, *Mieuw* by d' Inwoonders genoemt, de gewoonlijke brootgraen der zwarten, niet alleen van de Gout, maar van de gantsche Guineesche kust, wast daer overvloedelijk, en is een zaet, dat de Inwoonders van aller eeuwen her gehadt, en zich daer mede in voor-tijden van de Portugesen beholpen hebben. Het is een klein en ront zaet, de geerst niet ongelijk .... en wast aen lange aeren, als dodden .... d' aren afgesneden en aen schoven gebonden" .... ens. ("Nauk. Beschr. d. Afrik. Gew." blds. 90). Toe het die Portugese die mieliegraan, wat al aan Columbus bekend was, naar Afrika en Europa gebring, waar dit al

---

[1]) Dit it nie gerekonstrueerde vorme nie, maar vorme wat by de MAREES, DAPPER e. a. voorkom.

in 1539 in Duitsland bekend geraak het [1]). Die Portugese het met die *mielie* ("Zea maïs") ook die Caraïb. of Antil. naam daarvan, namelik *mais*, van die Wes-Indiese eilande naar die Goudkus gebring. DAPPER sê daaromtrent: "Eerstelijk groeit daar rijs, ook Turksche tarruw, *Mays* by d' Indianen genaemt, die de Portugesen allereerst uit Westindien daer het overvloedelijk wast, na het eilant Sinte Thomé en van daer na de Goutkuste tot hun nootdruft gebraght en onder de zwarten verdeeld hebben: want de Inwoonders was dit gewas voor de komste der Portugeesen onbekent" ... ens. ("Nauk. Beschr. d. Afrik. Gew." blds. 90). Aan die Goudkus het die *mais* (ons *mielie*) die *mielie* (ons *kafferkoring*) verdring, en het die name *mais* en *mielie* met mekaar verwar geraak. "De *millie* (Port. *milho*, gierst) werd, na de komst der Portugezen, aangevuld door de *mais*; thans is, in de streken waar zij wil groeien, de rijst het hoofdvoedsel en daar waar deze minder goed groeit, mawiok en ook mais. De geimporteerde gewassen hebben de millie spoedig verdrongen, zoodat men deze zelfs weinig meer ziet. Als gevolg van het verminderen van den aanbouw van millie en de vermeerderde cultuur van mais ,is bij latere schrijvers verwarring ontstaan en wordt de mais door hen dikwijls millie genoemd. Den overgang vindt men in het werkje van MÜLLER (1673), deze spreekt (blz. 160) van "groote" en "kleine" millie, bedoelende met de eerste mais, met de tweede de echte millie" (NABER — "MAREES", blds. 117, aant. 3). En elders word in dieselfde gees getuig: "Pas omtrent 1700 is in Zuid-Afrika (en onze Oost) "milie, milies" overgegaan in beteekenis tot "mais" (R. en Y. — "Eerste Schipvaert" ens. blds. 208, aant. (22)). Maar dié oorgang van toepassing het al 'n honderd jaar vroeër as 1700 plaasgevind, nie in Afrika en die Ooste nie, maar aan die Goudkus reeds, soos uit die werk van DE MAREES al blyk, wat praat van "*millie of mays*" (blds. 72) [2]). Op 6 Mei, 1658, seil die skip Hasselt met 228 slawe van Guinea afkomstig Tafelbaai binne, en teken JAN VAN RIEBEEK in sy "Dagverhaal" (II 465) aan: "*mily ofte turcxe taruw* . . . . met Hasselt uyt Gunea becomen", en hy sal dit laat plant en bewerk

---

[1]) Vgl. HEHN — "Kulturpf. u. Haust." bldss. 501—2 en 612 aant. 96.

[2]) Ook DAPPER praat van *groote Mille* en *kleine Mille* ("Nauk. Besch." bldss. 148 en 226).

deur dieselfde slawe van die Goudkus, terwyl "de slaven goede kennissen van hebben om deselve te planten".[1]) Hieruit blyk op oortuigende wyse, dat *mielie* toe al die gebruiklike benaming was vir *Turkse tarwe* ("zea maïs), en dat die mielie naar Suid-Afrika gekom het van Guinea, waar die verwarring tussen die name *maïs* en *mielie* vroeër al ontstaan was. Van die eerste *mielies* sou dus in Suid-Afrika geplant word deur Guinese slawe, wat dié graansoort van die Portugese leer ken het, wat dit op hulle beurt van die Wes-Indiese eilande af naar die Goudkus gebring het. Ook in Suid-Afrika sou die *mielie* die *kafferkoring*, wat ook daar van oudsher onder die inboorlinge bekend was[2]), ten slotte verdring. Die *mielie* self het dus van die Wes-Indiese eilande via die Goudkus naar Suid-Afrika gekom. Die naam *mielie* het voor die begin van die 17e eeu reeds aan die Goudkus van die "panicum milliaceum" op die "zea maïs" oorgegaan, en is waarskynlik in daardie toepassing in die tyd van die Hollands-Zeeuse togte naar die Goudkus aan die end van die 16e en die begin van die 17e eeu naar Holland gebring. JAN VAN RIEBEEK kon dus in 'n offisiële stuk aan HERE SEWENTIEN van "*mily ofte turcxe taruw*" skrywe, sonder om misverstaan of teëgespreek te word, daar *mielie* in hierdie betekenis toe seker wel bekend was in Holland, vanwaar hy die woord dus hoogswaarskynlik naar Suid-Afrika meegeneem het[3]). Ons is egter nie altyd in so'n gelukkige posiesie om so noukeurig die geskiedenis van die vreemde name en vreemde dinge, wat in Suid-Afrika ingevoer is, te kan nagaan nie, eensdeels deurdat ons nie oor voldoende bronne oor die dinge en hulle benaminge beskik nie, en deurdat aan die ander kant VAN RIEBEEK nie alles so presies opgeteken het nie. Sy "Caepsen hoveniers almanack" kon ek selfs tot my spyt nie raadpleeg nie, sodat ek my moes tevrede stel met die mededelinge daaromtrent van Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN ("J.v. R.", blds. 145—148) en met VAN RIEBEEK se "Dagverhaal". As ons oor voldoende gegewens kon beskik, dan sal waarskynlik kan bewys word, dat baie woorde, wat vir Afrik. leengoed aangesien word, van Holland

---

[1]) Hierdie gebruik van die woord deur v. RIEBEEK is ook aangehaal deur die Ndl. Wdbk.

[2]) Vgl. THEAL — "Ethn. and Cond. of S. A.," bldss, 172, 267.

[3]) Reeds in 1657, dus vóór die koms van die HASSELT, gebruik hy die woord *mily* ("Dagverhaal" II 181.).

naar die Kaap meegeneem is. Dit is egter hoogswaarskynlik die geval gewees met die hierbo genoemde benaminge van plante- en vrugtesoorte. Hier volg enkele bewyse vir party daarvan.

Vir die afleiding van *rissie* kan ek verwys naar die artiekels van RUMPHIUS ("Herbarium Amboinense", V, 247—253), VETH ("Uit Oost en West", blds. 376—379), KERN ("Indische Gids", 1889, blds. 1222) en DE HAAN, ("Priangan", II 749).[1]) Die afleiding van die woord is nog onseker: so het Prof. KERN dit afgelei van Javaans *maritja*, en RUMPHIUS van Port. *Recche*, wat deur die Ndl. Wdbk. onbeslis gelaat word Die afleiding is egter vir ons van minder belang: die kwessie vir ons is of die woord voor die middel van die 17e eeu in Ndl. bekend was. Daaroor skrywe Dr. BOSMAN: "JAN VAN RIEBEEK het die woord waarskynlik ook al vóór sy aankoms in Suid-Afrika geken. Hy gebruik dit in 1654" ("Afrik. en Mal.-Port.", blds. 67). Maar dit is so goed as seker, dat VAN RIEBEEK die woord vóór 1650 al geken het, hoewel ons *ritsjens* eers in 1654 in sy "Dagverhaal" (I, 399) vind. Die kommandeur van die retoervloot, waarmee VAN RIEBEEK van Indië naar Holland gekom het voor sy vertrek naar Suid-Afrika, het op 5 Mei 1648 'n offisiële stuk op die eiland St. Helena laat begrawe, waarby die rympie voorkom:

„Den Commandeur WOLLEBRANT
heeft gezaeijt en geplant
goede appelen en Lemoenen
Ritiens ende pompoenen
pompelmoesen en thuyn Cars
den Almoogenden geefft sijn gewas" [2]).

Uit so'n rympie blyk, dat behalwe *ritiens* destyds reeds goed bekend was *lemoenen*, *pompoenen* en *pompelmoesen*. *Lemoen* en *rissie* was in 1648 al baie lang bekend. Die vroegste datering van *rissie* in die Ndl. Wdbk. is van 1621. LINSCHOTEN gebruik nog die vorm *meriche* ("Itinerario" II, 16), wat pleit vir Prof. KERN se afleiding, vir sover dit Ndl. betref. Dit lyk of die ding self, wat in Ndl. *Spaanse peper* genoem word, eers in die dae van LINSCHOTEN in Nederland bekend geraak het, en kort daarna het in gebruik gekom die benaminge *ritja*, *ritsje*, *risje*

---

[1]) Samevatting, sonder beslissing, in Ndl. Wdbk. XIII 611—2.
[2]) Vgl. GODÉE MOLSBERGEN — "J. v. R." blds. 64.

(vgl. R. en Y. — "Eerste Schipvaert" ens., blds. 146 aant. 3), wat volgens VETH later weer in onbruik geraak het in Ndl. en in Afrik. bewaar gebly is. Teen die middel van die 17e eeu het *risje* in Nederland waarskynlik nie eers meer as 'n vreemde woord gegeld nie. In DAPPER se groot versamelwerk oor Asië is dit gebruikelik om vreemde woorde kursief te druk, maar dit word met *risjes* nie gedoen nie (vgl. "Asia", blds. 66). Die woord *rissie* sal in Suid-Afrika dus seker wel uit Holland gekom het.

Die bronne, wat DR. BOSMAN siteer vir die gebruik van die woord *koejawel* (Ndl. *guave*, vroeër ook *gojawe*, *goejawa*) in Ndl. stam uit die twede helfte van die 17e eeu (vgl "Afrik. en Mal.-Port" blds. 60). Maar die woord kom in 1625 reeds in die vorm *guaiabos* voor in JOANNES DE LAET se versamelwerk ("Nieuvve Wereldt ofte Beschrijvinghe van West Indien" ens. blds. 1), waaruit blyk dat die boom en die naam uit Wes-Indië stam. Daar DE LAET uit die aard van die saak sy informasie uit vroeër bronne moes put, is dit waarskynlik, dat die woord al voor 1625 in sulke reisjoernale voorgekom het[1]). Dr. BOSMAN beskou "ontlening uit Engels nie onmoontlik nie.... Of is die introduksie van die vrug in Suid-Afrika ouer as die 19e eeu?" (t. a. p). Op hierdie vraag kan geantwoord word, dat JAN VAN RIEBEEK reeds koejawelbome laat plant het (vgl. GODÉE MOLSBERGEN—"J. v. R" blds. 146), en dat KOLBE aan die begin van die 18e eeu getuig van die bestaan van koejawels aan die Kaap (vgl. "Naauk.Beschr." blds. 159:*guajavos*)[2]). Ek kan dus nog met Dr. DU TOIT aan ontlening uit Port. nog met Dr. BOSMAN aan die moontlikheid van ontlening uit Eng glo. Beinvloeding deur die Eng. uitspraak is moontlik, maar heeltemal nie nodig om die Afrik. vorme te verklaar nie. DAPPER skrywe b.v. *guajaves*, *guayaves*, *goyava* ens. ("Nauk. Beschr." blds. 226). *Lemoen* is al in die middeleeue bekend, en stam volgens die Ndl. Wdbk. uit Frans uit Italiaans uit Arabies uit Persies uit Maleis-Polinesies. Maar soos Dr. BOSMAN tereg opmerk, is dit "moeilik om uit te maak presies watter vrug daarmee by verskillende skrywers bedoel word" ("Afrik. en Mal.-Port." blds. 61-2). Vandag word ons woord *lemoen* in Ndl. gebruik

---

[1]) In DODONAEUS se "Cruydtboeck" (1608) staan dan ook reeds *guayavas* (blds. 1517). Nie in Ndl. Wdbk. nie.

[2]) Vgl. verder: LICHTENSTEIN, "Reizen" (III 168); STAVORINUS — "Reize" (II 11); VALENTIJN — "Beschr." (V (2) 21) e. a.

vir wat ons 'n *suurlemoen* noem, en heet ons *lemoen* in Ndl. 'n *sinaasappel* of *appelsien*. Die 17e eeuse toepassing van *lemoen* is veral onduidelik, omdat die reisbeskrywers dikwels in een asem praat van "*oraengie appelen, limoenen, citroenen, lymen*", ens. sonder om die verskillende soorte van mekaar te onderskei[1]). DAPPER skrywe egter van "zoete en zuure *Oranje-appelen, Limoenen, Citroenen...*" ("Nauk. Beschr." blds. 72), en DODONAEUS al van "*zuure en zoete limoenen*" ("Cruydtboeck" blds. 1329). So gebruik ons nog in Afrik. *soetlemoen* en *suurlemoen*, hoewel 'n Afrikaner by die onsamegestelde *lemoen*, wat die meeste gebruik en gehoor word, vanself aan 'n "soetlemoen" dink. *Lemoen* sal dus in die hedendaagse Afrik. toepassing van Holland af naar die Kaap gekom het. Saam met *lemoen* kan ons noem *sitroen, pampelmoes, lemmetjie* en *sieter*. LINSCHOTEN skrywe reeds van "*oraengie-appelen, limoenen, lymen, Cidroenen,* en *Cydren*" ("Itinerario" I 224). Met *cydren* sal hy seker die Spaanse *cidra* ("Cidrus bergamia") bedoel het, ons *sieter*.[2])

Ook die twee benaminge vir dieselfde vrug, *banana* en *piesang*, was in die 17e eeu goed bekend. Waarom Prof. SMITH (in "Die Huisgenoot" van Febr. 1921, blds. 418 aant. (4)) skrywe: "*enkele* woorde, ook wel Maleis-Portugees, skyn eers onlangs deur Engels naar ons te gekom het (b. v. *banana...*)", is my nie heeltemal duidelik en ook nie oortuigend nie. In sy "Itinerario" (I 228) vertel LINSCHOTEN, dat "die Mallayen van Malacca" van 'n *pysan* praat, en daarby teken Paludanus (Bernard ten Broecke) in sy begeleidende "Annotatio" aan, dat die gebruiklike woord "in Guinea, *Bananas...* in Malayen, *Pican*" is. Dit stem ooreen met die feit, dat besoekers van die Goudkus, soos DE MAREES, meesal die woord *bananas* gebruik (vgl. NABER — "Marees", blds. 42, en 233). Van die Goudkus af het die Portugese die woord *banana* naar Amerika en die Ooste versprei (vgl. Ndl. Wdbk.), waar dit al in die dae van LINSCHOTEN bekend moes gewees het, want in die joernaal van "De Eerste Schipvaert der Nederlanders naar Oost-Indië" lees ons al van *bannanas* (blds. 32), hoewel ons ook daar verneem, dat die vrug "int Malays *Pican* genaemt" word (blds. 69). DAPPER praat dan ook in sy

[1]) Vgl. LINSCHOTEN — "Itinerario," I 19, 56, 224; R. en Y. — "Eerste Schipvaert" ens. 48, 51, 112 e. a.

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. III 2047: *citer* (Lat. *citrus*).

versamelwerk oor Asië van "*banannas of pisang*" (blds. 15), wat meer is, hy skyn die woord *banana* te beskou as beter bekend in Ndl. as *piesang*. Uit die reisbeskrywings het hy 'n glossarium geabstraheer van die gebruiklike Hollandse en Maleise ekwiwalente, en daarin gee hy *bonnanes* as "Duyts" (d. i. Hollands) en *pisan* as "Malleys" aan (vgl. "Asia" blds. 75). Die reisverhale van Oosinje-vaarders vermeld *banana* net so dikwels as *pisang*, en in Ndl. is die gebruiklike benaming vandag nog *banaan*.[1]) Daar JAN VAN RIEBEEK reeds piesangbome aan die Kaap laat plant het[2]), kan ek my bes voorstel, dat die benaminge *piesang* en *banana* altwee van die middel van die 17e eeu af aan die Kaap kon bekend gewees het, en kan ek maar nie begryp waarom *banana* "eers onlangs deur Engels naar ons (skyn) te gekom het" nie. Dan sal ons moet bewys, dat die benaming in Suid-Afrika tussen die 17e en die 19e eeu uitsluitend *piesang* was, en dat *banana* heeltemal uitgesterf was, en eers in die 19e eeu weer deur Eng. ingevoer is. En dit sal hard gaan om dit te bewys [3]).

Die jamboesvrug ken ek alleen in die Kaap Kolonie, en die mango alleen in Natal. Die name *jamboes* en *mango* was in Ndl. al in die 17e eeu bekend, en kom al in LINSCHOTEN se "Itinerario" voor (I 140 en I 220). Die slot-s, wat in *jamboes* en *bamboes* (Mal. *djamboe* en *bamboe*) voorkom, is nie 'n Afrik. verskynsel nie, maar stam reeds uit 17e eeuse Ndl., en kom ook by LINSCHOTEN voor ("Itinerario" I 230: *jambos* en II 1: *bambus*). Dit is nie onmoontlik, dat die woord *mango* in Afrik. eers in die 19e eeu weer ontleen is uit Eng. in Natal, of uit die taal van die Natalkoelies nie. In Eng. stam *mango* uit Port. *manga* uit Mal. *mangka* uit Tamil *man-kay* of *mangay* ("*mān*-vrug", vgl. "Hobson-Jobson", blds. 553 vgg). Ek het die woord vir die eerste maal gehoor na die Boere-Oorlog (1899-1902) uit die mond van teruggekeerde krygsgevangene, wat die vrug en die naam in Indië en Ceylon leer ken het. Die vrug kan via Mauritius of Madagaskar

---

[1]) Dat ons *banana* in Afrik. sê, soos in Eng., kan die kwessie nie beslis nie, want die Ndl. vorm *banaan* kan sekundêr wees, en is dit ook waarskynlik.

[2]) Vgl. GODÉE MOLSBERGEN – "J. v. R." blds. 146 en 147.

[3]) So lees ek b. v. nog by LE VAILLANT van "*banane of pisang*" ("Reize" I 29).

of direk uit Indië naar Natal gekom het (vgl. "Hobson-Jobson" t.a.p.).[1])

Woorde soos *dadels*, *muskadeldruiwe*, *muskadelwyn*, *fronteljakdruiwe*, *pontakwyn*, *bamboes*, *rotting*, *pampoen* e.a.[2]) was al so vroeg in Ndl. bekend, en die dinge self het so vroeg al naar Afrika gekom, dat daar nie baie twyfel oor die weg waarlangs hierdie woorde naar Suid-Afrika gekom het, kan bestaan nie[3]). Onder die plante, wat JAN VAN RIEBEEK reeds aan die Kaap laat plant het en waarvan die name destyds al in Ndl. goed bekend was, is daar enkele wat weens klimatologiese en ander oorsake vandag in Suid-Afrika as 'n geheel weinig bekend is. As voorbeelde kan ek noem *niesie* en *pienang*. Die niesieplant en ook die woord *niesie* is my alleen in die Kaap Kolonie bekend. VAN RIEBEEK het die Kaapse niesie aangekweek, wat sy naam waarskynlik te danke had aan sy ooreenkoms met die Japanse *nisi*, destyds reeds in Ndl. bekend.[4]) Ook *pienang* is my alleen in die Kaap Kolonie bekend, waar VAN RIEBEEK reeds die pienangplant aangekweek het[5]). Daar word *pienang* ook gebruik as benaming vir „vleis, wat op 'n bepaalde manier gaar gemaak word" (vgl. Patr. Wdbk. en Dr. P. J. DU TOIT — „Afrik. Studies" bldss. 56-7.) Dié bepaalde manier van vleisvoorbereiding kan miskien uit die tyd van die slawekoks stam, maar die woord *pienang*, as benaming vir 'n Oosterse plant en sy vrug, is lang vóór die tyd van JAN VAN RIEBEEK al in Ndl. bekend gewees (vgl. COLENBRANDER — "Dagh-Register van Bat." 1636 blds. 19, do. 1637, blds. 6, e.a.) Ander van VAN RIEBEEK se aangekweekte plante waarvan die vreemde name ook destyds reeds in Ndl. bekend was, is my vandag in Suid-Afrika heeltemal onbekend. As 'n voorbeeld kan ek noem *doerians*. [6]) In ander gevalle het VAN RIEBEEK Indiese

[1]) Vgl. Ned. Wdbk. IX 198 vir *mango*, te onderskei van *mangostan* (wat JAN VAN RIEBEEK reeds laat aanplant het). Vir die name en vorme *bamboes* en *jamboes* vgl. Ndl. Wdbk. II 946 en VII 164 vgg.

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk., hoewel *fronteljakdruiwe* nie, en ander nog nie daarin voorkom nie.

[3]) Vir die bekenkheid van die dinge in Suid-Afrika uit die vroegste tyd vgl. (1) JAN VAN RIEBEEK — "Dagverhaal"; (2) E. C. GODÉE MOLSBERGEN — "J. v. R." blds. 146—148, en (3) KOLBE — "Naauk. Beschr."

[4]) Vgl. E. C. GODÉE MOLSBERGEN — "J. v. R." blds. 146 aant. (1). Nie in Ned. Wdbk. nie.

[5]) Id. blds. 147.

[6]) Vgl. Ndl. Wdbk. III 2738.

name gebruik, wat vandag nie meer in Afrik. gebruik word nie, soos *pady* vir "rys" ("Dagverhaal" II 181). Volgens Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN kom onder die dinge, wat VAN RIEBEEK aangekweek het, ook voor "ananas (uit Guinea)"[1]). Hierdie vrug, wat waarskynlik oorspronkelik uit Suid-Amerika stam, heet nog in Ndl. *ananas*, maar word in Afrik. *pynappel* genoem, wat gewoonlik as 'n vertaling van Eng. *pineapple* aangesien word. Maar PALUDANUS teken reeds by LINSCHOTEN se "Itinerario" aan, dat die vrug genoem word "van die Spangiaerden in Brasyl *pinas*, om eenighe ghelykenisse die deze vrucht heeft met die pijnappel"[2]). So het die Hollanders miskien aan die benaming *pynappel* vir die vrug gekom, want DODONAEUS skrywe ook oor die "Pijnappels van Peru" en sê: "Sy heeten Pijnappels om datse onse gemeyne Pijnappels soo wel gelijcken....." ("CRUYDTBOECK" blds. 1497.) So lees ons ook by DE LAET van *pijnappelen* ("Nieuvve Wereldt" blds. 415) en in die joernaal van "De Eerste Schipvaert" van "lamoenen..... *pijnappel* oft bannanas" (blds. 32). *Pynappel* sal dus seker in die 17e eeu die Ndl. volksnaam vir die vrug gewees het. Sulke 17e eeuse Ndl. taalvorme van vrugtename sal *perske* (Ndl. *perzik*), *waterlemoen* (Ndl. *watermeloen*) en *spanspek* (Ndl. *meloen*) seker ook wel gewees het. In die 17e eeuse reisjoernale en dagboeke het ek die vorm *waterlemoen* meer as *watermeloen* teëgekom. So lees ons in die "Voyagiens" van DE VRIES onder die jaar 1642 van *waterlamoenen* (vgl. COLENBRANDER-"DE VRIES" blds. 256), in die "Dagh-Register van Batavia" van die jaar 1636 van *waterlemoenen* (blds. 227), wat ook voorkom in die joernaal van BONTEKOE van 1618-'25 (vgl. SAEGHMAN IX blds. 11), en by JAN VAN RIEBEEK kom die vorm dikwels voor ("Dagverhaal" I 147, 189 en passim.)

Die gewone hedendaagse uitspraak van *waterlemoen* in Afrik. is *wartlemoen* of *wa(a)tlemoen*, hoewel die Akademie alleen die spelling *waterlemoen* offisiëel erken het in Afrik. Vir *perske* (Ndl. *perzik*) vind ek in "De Eerste Schipvaert" (blds. 139) die vorm *perse*, in DAPPER se "Nauk. Beschr." (blds. 87) die vorm *perken*, wat weens 'n toevallig onduidelike druk ook wel *persken* kan wees, in die "Voyagiens" van DE VRIES (blds. 168) *pirkes-boomen*, en Prof. SMITH het

---

[1]) Vgl. E. C. GODÉE MOLSBERGEN — "J. v. R." blds. 146, aant.
[2]) Reeds aangehaal deur VETH ("Uit Oost en West," blds. 232.)

reeds die Ndl. dialektiese vorme *perseke* en *persker* vermeld ("Huisgenoot", Jan. 1921, blds. 392).[1]) In die joernaal van BONTEKOE (1618—25, vgl. Saeghman IX blds. 11) lees ons van "waterlemoenen en *Spaenspeck*" en in DAPPER se „Nauk. Beschr." (blds. 72) van "waterlemoenen of *Spaensch-spek*". Daar versamelaars soos DAPPER, DE LAET e. a. hulle informasie uit vroeër bronne moes put, kan DAPPER se *spaensch-spek* op 'n baie ouer bron, moontlik selfs ouer as die joernaal van BONTEKOE, berus. Vanwaar sal die naam *spanspek* afkomstig gewees het? Dit is bekend, dat van die tyd van die Watergeuse af *spek* 'n spotnaam was vir die Spanjaarde, en later ook vir die Portugese (vgl. MULLER— "C. en L." blds. 302, aant. (1)). Verder is dit bekend, dat die Spanjaarde omstreeks die laaste kwart van die 16e eeu van Middel-Amerika af 'n vroeër elders onbekende waterlemoen- of meloensoort naar die Philippynse eilande gebring het, en dat die Portugese dit vandaar (via die Molukke) naar Malakka en Voor-Indië oorgebring het (vgl. R. en Y. — "Eerste Schipvaert", blds. 148, aant. (10). Sal die benaming *spek-meloen* (vgl. Ndl. Wdbk.) miskien eers op hierdie nuwe meloensoort toegepas gewees het, en vandaar af op meloene in die algemeen oorgegaan het in die vorm *spanspek*? Die feit, dat ons die woord *spanspek* teëkom in beskrywings van Oos-Indië (in die joernaal van BONTEKOE) en van die Goudkus n.l. van die eiland St. Thomas (in DAPPER se "Nauk. Beschr."), plekke waarheen die Spanjaarde of die Portugese eers die nuwe meloensoort heengevoer het, en waar die Hollanders dit miskien vir eers leer ken het, laat so'n gang van die ontwikkelingsgeskiedenis van die woorde *spek-meloen* en *spanspek* vermoed.[2])

In *katjiepiering* (< Mal. *kachu-* of *katjoe-piring*), *janlap*

---

[1]) Die vorme *perseke*, *perseker*, *persche* is reeds Mnl., en is, wat Ndl. betref, Vl. veral Wesvl. (vgl. Mnl. Wdbk.).

[2]) Dr. HESSELING haal uit "WILHELM TEN RHIJNE" aan — "*spaens-speck* of *ritsies*", en teken daarby aan: "de mogelikheid bestaat, dat men vroeger onder *spaens-speck* iets anders verstond dan tegenwoordig. Zulk een verandering in de benaming van een plant zou niet op zichzelf staan" ("De Unie," Febr. 1906, blds. 356). Ons het hier egter ongetwyfeld met 'n vergissing bij TEN RHIJNE te doen. Wat is die verband tussen *spanspek* en die uitdrukking "*spaansspek snijden*" (Hildebrand — "Na vijftg jaar", blds. 202)?

(uit die pleknaam, *Jalapa* of *Xalapa*, in Meksiko [1]), *seningblare* (uit *Senablare*) en *Katjiepoetjieolie* (< Mal. *Kajoe* = hout + *poetih* = wit, dus "withoutboomolie") moet ons volksetimologiese vervorminge van vreemde woorde sien, vorme, wat al in die 17e eeu bekend was. As ons KOLBE kan glo, dan het die katjiepieringplant van Madagaskar af naar Suid-Afrika gekom (vgl. "Naauk. Beschr." I 318). Ons het reeds gesien, dat dit met die mango ook moontlik die geval kon gewees het. [2]) Alleen weet ons van die Katjiepiering, dat dit vroeg reeds in Suid-Afrika met sukses aangekweek is, wat ons, vir sover ek weet, nie van die mango kan sê nie.

Dr. DU TOIT het vermoed, dat ons die woord *klapper* (Ndl. *kokosnoot*), en dus waarskynlik ook *klapperboom* en *klapperolie*, nie via Nederland gekry het nie (vgl. "Afrik. Studies" blds. 50). Maar lang voor die middel van die 17e eeu is die woord *clappes*, *clappus* al gewoon in die reisjoernale in die betekenis van "kokosnoot" (vgl. MULLER—"C. en L.", bldss. 157, 206, en 409: *clappusoly*) en in die "Dagh-Register van Batavia" van 1636 lees ons ook van *clappussen* en in dié van 1637 van *clappusoly* (bldss. 227 en 59 respektiewelik). En in die joernaal van BONTEKOE word gepraat van *klappesboomen* (Saeghman IX blds. 31). [3]) So hoef ons ook nie met Mnr. VON WIELLIGH in *kajaat* (of *kejaat*, *koejaat*, *kiaat*, *kie(h)atie*), *kajaatboom*, *kajaathout* 'n ontlening uit Mal. te sien nie (vgl. "Huisgenoot", Febr. 1921, blds. 418). Vir die afleiding uit Mal. *djati* of *kajoe-djati* kan ek verwys naar VETH ("Uit Oost en West" blds. 215 vgg.). Maar in die "Dagh-Register van Batavia" van 1636 lees ons reeds van "*quiaty* plancken" (bldss. 54, 292), en direk by sy aankoms in Tafelbaai in 1652 skrywe JAN VAN RIEBEEK ook in sy "Dagverhaal" (I 22) van "*kiaten* planken", sodat die woord in Afrik. wel uit Ndl. sal oorgeërf wees, en nie 'n direkte ontlening uit Mal. sal wees nie.

Tot die aanplantinge van JAN VAN RIEBEEK aan die Kaap het ook katjang behoor, en hy gebruik die woord *katjang* of *cadjang* meermale in sy "Dagverhaal" (I 145, 147, 189 en passim). Maar die katjangboontjie en die woord *katjang* was toe in Ndl. al lang bekend (vgl. "Dagh-Register v.

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. VII 154.
[2]) Vgl. ook IV § 1 i. s. *bredie*.
[3]) Die Ndl. Wdbk. verwys s. v. *kalappus* naar die gewone vorm *klapper* (VII 917).

Batavia", 1636 bldss. 84, 295, en MULLER—"C. en L.", 1639 blds. 141 ens.). Vandag is katjangboontjies in Ndl. onder 'n ander Ind. benaming bekend as *pinda's*. In Suid-Afrika is die gebruik van die woord *katjang* min of meer beperk tot die Kaap Kolonie, in die Vrystaat en Transvaal het ek alleen enkele persone, meesal ou mense, teëgekom, wat dit nog ken in die samestelling *katjangboontjie*,[1]) wat volgens mededeling in die Westelike Provinsie van die Kaap Kolonie ook *katjanggoreng* genoem word. Maar *katjanggoreng* is volgens PRICK VAN WELY "geroosterde apennootjes .... pinda's" ("Viert. Aanv. Hulpwdbk." blds. 319), wat ons dus in Afrik. sou noem *gebakte grondboontjies*, of met die in Suid-Afrika gebruikelike Eng. benaming "*monkey nuts*". *Katjang-goreng* het ek egter nie in vroeë geskrifte teëgekom nie, en ek sou geneig wees om aan te neem, dat die woord in die Westelike Provinsie van die Kaap Kolonie gekom het deur die daar gevestigde Maleise verkopers van "monkey-nuts".

Volgens die Ndl. Wdbk. moes *sago*, wat meermale in die reisjoernale vermeld word, vroeër direk aan Mal. ontleen gewees, maar later weer uitgesterf het, en is die woord weer opnuut aan Eng. ontleen. Of Afrik. die woord sedert die 17e eeu bewaar of ook later weer aan Eng. ontleen het, is by gebrek aan gegewens moeilik om uit te maak. In *kalbas* en *patat* moet ons in elk geval nie leenwoorde in Afrik. sien nie. Van *cal(a)bas* lees ons dikwels in die 17e eeuse reisjoernale (vgl. Naber—"Marees" blds. 43, 238, DE LAET—"Nieuvve Wereldt" blds 183, ens.) en KILIAEN gee reeds *calabasse* ("cucurbita ventricosa") in sy "Appendix Peregrinarum". LINSCHOTEN skrywe reeds van *batatas* in Indië ("Itinerario" I 229, 178) en de Marees van *batates* aan die Goudkus (vgl. NABER—"Marees", bldss. 171, 173), en ook die vorme *patatos* en *patattasen* kom voor (b. v. NABER—"Ruiters", blds. 32, en DAPPER—"Nauk. Beschr." blds. 90) ens. Soos Prof. FRANCKEN reeds opgemerk het (in "De Unie", Okt. 1905, blds. 170), lees ons by VAN RIEBEEK, dat hy "ranken van *pattatisen* uit Brazil" gekry het aan die Kaap. Die woord self is in Ndl. waarskynlik gedurende die twede helfte van die 16e eeu ontleen, en stam of uit Spaans of uit Portugees (vgl. Hobson-

[1]) *Katjangboontjie* word in party streke ook gebruik vir 'n "swartbekboontjie" (vgl. "Huisgenoot," Sept. 1921, blz. 200).

Jobson", blds. 884 vgg.) [1]) So kan *agurkie*, wat eers van die 17e eeu af in Ndl. bekend was [2]), direk uit Pools stam of via Duits in Ndl. gekom het. In Afr. moet dit dus, nes die name van al die ander hierbo genoemde vreemde vrugte- en plantesoorte en plantkundige produkte, as 'n oorgeërfde woord beskou word. Ons hoef nie met die voorstaanders van die Mal.-Port. teorie oor die oorsprong van Afrik. 'n onderskeid tussen sulke woorde van Mal.-Port. en van 'n ander herkoms te maak nie.

Die 17e eeuse handelsverkeer het die Hollanders nie alleen met 'n vroeër so goed as onbekende tropiese en subtropiese plantewêreld in aanraking gebring nie, maar ook met vreemde diersoorte, soos: renoster, seekoei, sebra, orang-oetang, meerkat, muskejaatkat, sivetkat, met nuttige voëlsoorte, soos volstruis, poelpetaan en makou, of die vermaaklike pappegaaisoorte, soos loerie en kaketoa, maar ook met gevaarlike of minstens lastige soorte reptiele en insekte, soos likkewaan, kaaiman, koperkapel, gekko, muskiet en kakkerlak.

Van *mosseliaet-* of *muskeliaet-*, en *zivet-* of *civetcatten* lees ons dikwels in die 17e eeuse reisbeskrywings (o.a. in LINSCHOTEN'S "Itinerario" I 85, 87, 101, II 31—33 en passim), en *renoster*, *seekoei*, *vogelstruis*, en *poelpetaan* is seker nes *pynappel*, *perske*, *waterlemoen*, *spanspek* en *ystervark* in die 17e eeu welbekende vorme gewees. [3]) In die stukke van die jare 1636—40 van "De Oost-Indische Compagnie in Cambodja en Laos" lees ons van *reynosters-hoorns* (vgl. MULLER—"C. en L.", blds. 17), wat ook voorkom in die "Dagh-Register van Batavia" van 1636 (blds. 83). JAN VAN RIEBEEK gebruik die woord *renoster* meermale ("Dagverhaal" 1652, I 67 en passim.), en ook die woord *seekoei* in die vorm *zeekoe* (t. a. p. op 24 April 1652, dus pas na sy aankoms in Suid-Afrika). *Vogelstruis* (Ndl. *struisvogel*) is reeds Mnl. en kom (nes die vorm *waterlemoen* i. p. v. *watermeloen*) in die 17e eeuse reisbeskrywinge miskien meer voor as die vorm *struisvogel*. In die joernaal van die twede reis van JORIS VAN SPILBERGEN naar die Ooste (1614—17) lees ons b.v. van *vogelstruysen*

---

[1]) Oudste dokumentering in Ndl. Wdbk. (II 1070) anno 1565 (vgl. ook XII 748). Vir *kalbas* vgl. Ndl. Wdbk. VII 918.

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. II 746 en FRANCK-VAN WIJK.

[3]) Die woorde en vorme *muskeliaet*, *voghelstruus*, *perseke* is reeds Mnl. (vgl. Mnl. Wdbk.).

(vgl. SAEGHMAN VII 18) en uit VAN RIEBEEK se "Dagverhaal" leer ons *Vogelstruis* ken as die naam van 'n skip (1652, I 3) sowel as die naam van die voël (1653, I 281 en passim). Dr. BOSMAN het m. i. egter reeds met voldoende bewysvoering aangetoon, dat *volstruis* in Afrik. 'n oorgeërfde vorm is (vgl. "Afrik. en Mal.-Port.", blds. 70—1).

'n *Poelpetaan* is in Afrik. ook bekend as *poelpetaat, poelpetater, tarrentaal, tramtaal, pêrelhoender* en *wildehoender. Poelpetaan, poelpetaat, poelpetater* is verbasteringe van Frans *poule pintade*, die naam van die voël, wat in Fr. ook *poule de Numidie* of *poule d'Afrique* heet, en sal in Afrik. wel nie direk uit Fr. ontleen wees nie, maar uit Ndl. oorgeërf wees (vgl. R en Y.—"Eerste Schipvaert", blds. 2 aant. (101). Die vorme *tarrentaal, tramtaal* (die vorm *traptaal* is my onbekend) word deur Prof. SMITH van *Terra Natal* afgelei. Hy sê: "By die ou reisigers het ons die uitdrukkinge *Terra- Natal vogels* en *Ternataalsche hoenders* gevind" ("Huisgenoot", Jan. 1921, blds. 393). By *Terra-Natal* in hierdie verband moet ons waarskynlik nie aan die teenswoordige toepassing van *Natal* dink nie, want dit was die gewoonte by seelui en ander reisigers van die dae van LINSCHOTEN af om al die land ten Ooste van "Bay Falso" af *Terra do Natal* te noem (vgl. "Itinerario" I 15, II 146 ens.) [1]). Uit die Fr. benaminge *poule de Numidie* en *poule d' Afrique* sou 'n mens kan aflei, dat die poelpetaan in Noord-Afrika inheems was, en uit vroeë reisverhale kan ons ook opmaak, dat die voël in Suid-Afrika inheems was. Maar dit lyk of die poelpetaan in die Kaapse skiereiland oorspronkelik tamelik onbekend was. Die voël is eers deur die Portugese naar St. Helena oorgebring (vgl. R. en Y.—"Eerste Schipvaert", blds. 207, aant. (2)). In 1778 skrywe HENDRIK JACOB WIKAR, wat toe al heelwat in die Kaap Kolonie rondgeswerwe het, en op daardie oomblik juis in die noorde van die Kolonie was: "vandaag heb ik de eerste *Tarentaalse hoenders* gezien" (GODÉE MOLSBERGEN—"R. in Z.-A." II 95 en vgl. blds. 82). Hieruit sou ek aflei, dat *tarrentale* destyds in die Kaapse skiereiland onbekend, of weinig bekend was, en daar *Natal* destyds nie in die moderne toepassing in gebruik was nie, sal *tarrentaal*, gestel dat die afleiding

[1]) Vgl. o. a. VALENTIJN ("Beschr." V (2) 33).

van Prof. SMITH juis is, sy naam seker te danke hê aan die feit, dat die voël in die vroeë tye gevind is ten ooste van "Bay Falso", dus in *Terra Natal.* [1]) Dit sou juis ten gunste van die afleiding van Prof. SMITH pleit en die benaming *Terra-Natal vogels* verklaar. KOCK ("De Kaap als een Nieuw Land", blds. 88) sien egter in die woord 'n Mal., en Mnr. VON WIELLIGH 'n Port. woord ("Huisgenoot", Jan. 1921, blds. 393), maar hulle gee g'n nader afleidinge nie. Die naam *makassie*, wat KOCK (t.a.p.) as een van die baie name van die poelpetaan in Suid-Afrika opgee, is my onbekend. Van *makou* sê Dr. HESSELING: "Misschien zoo genoemd naar den Indischen plaatsnaam Macao?" ("Het Afrik." blds. 96). Volgens Prof. SMITH is *makou* egter waarskynlik "dieselfde woord als Eng. *macaw*, 'n soort pappegaai . . . Ons woord sal dan eweals die Engelse van die Port. *macao* af kom" ("Brdwg." van 1 Des. 1913, blds. 400). Maar 'n mens moet met sulke name baie versigtig wees. Dit is reeds geblyk, dat die etimologie van *kalkoen* (<*kalikoet*(*se*) *haan* <*Calcutta*), wat Dr. HESSELING as 'n parallel aanvoer, op 'n oorspronkelik onjuiste benaming berus (vgl. Ndl. Wdbk.). Dieselfde geld van die benaming *Turkse tarwe* vir "mielies" (vgl. HEHN—"Kulturpf. und Haust". blds. 612, aant. 96), en ook van *Muscovy duck*, die Eng. benaming vir die "makou" (vgl. MURRAY). 'n Mens sou dus net sowel aan Moscow as aan Macao by die afleiding kan dink. In Ndl. was *Barbarische hoenderen* blykbaar 'n naam vir tarrentale (vgl. Ndl. Wdbk. II 1008), terwyl *Barbary duck* in Eng. 'n ander naam was vir *Muscovy duck* (vgl. MURRAY). Soveel is egter seker, dat die makou-eend al in die 17e eeu in Nederland bekend was en naar alle waarskynlikheid ook die naam *makou*, wat die oorspronklike herkoms van die voël sowel as van die naam ook al mag gewees het. Die name van die twee bogenoemde pappegaaisoorte, *loerie* en *kaketoa*, was in die 17e eeu al bekend. By LINSCHOTEN lees ons: "*noyras*, zijn ghelijck papegayen" ("Itinerario" I 200). Prof. KERN sien in *noyras* die Mal. woord *nuri*, Jav. *nori* en *luri*, en "van dit laatste het bij ons meer gebruikelijke *lori*" (t.a.p.). Dit skyn egter, dat *nuri* nie juis die bepaald Mal. en *luri* 'n Jav. vorm is nie, maar dat *nuri* en *luri* twee dialektiese wisselvorme

---

[1]) Vgl. wat o. a. LE VAILLANT oor die poelpetane vertel ("Reize," IV 58, 269 en 360).

is in Mal. (vgl. "Hobson-Jobson", blds. 521). *Loury* het ek in Ndl. reeds gevind in die jaar 1642 (vgl. MULLER—"C. en L." blds. 222). En *kaketoa* (<Mal. *kākātūwa*) was ook reeds in die 17e eeu in Ndl. bekend. Sover my bekend is, word *kaketoa* in Afrik. alleen op mak pappegaaisoorte toegepas, terwyl verskillende soorte wilde voëls *loerie* heet, soos *bosloerie*, *vleiloerie*, *kuifkoploerie* ens. [1])

Meerkat word in die 17e eeu gewoonlik toegepas op 'n klein soort boom- of bosapie (vgl. Ndl. Wdbk. IX 406). Daar die woord *meerkat* al Mnl. is, moet ons daarin seker eer "kat van overzee" sien (vgl. R. en Y.—"Eerste Schipvaert", blds. 16, aant. (5)) as die Ind. woord *markata* ("aap", vgl. NABER—"Ruiters", blds. 58, aant. (3) en VERDAM—"Volksetymologie" in Nutsalmanak, 1883) [2]). In Afrik. is dit die naam van 'n diertjie, wat ook *mierkat* heet. Het die benaminge *meerkat* en *mierkat* iets met mekaar te doen? Of is *mierkat*, wat beter op die diertjie pas, 'n selfstandige Afrik. samestelling? En is onder invloed daarvan die byna gelykluidende *meerkat* op die diertjie toegepas? Ek weet dit nie. So is *orang-oetang* (< Mal. *oran-utan* = "wilde bosmens", "homo sylvaticus", "Hobson-Jobson", blds. 643) eers van die 17e eeu af op 'n bepaalde aapsoort toegepas, en VAN RIEBEEK gebruik die woord *orang-outangh* ("Dagverhaal" I 343, anno 1654) vir wat ons in Afrik. vandag waarskynlik *bosapie* sou sê, en wat in die 17e eeu ook *meerkat* geheet het [3]). Die sebra ("equus zebra") is 'n Afrikaanse dier, "welken de volkplanters *wilde paarden* noemen" (SPARMAN—„Reize", I, blds, 157). Volgens KOLBE stam die naam *sebra* uit die Congo, en in werklikheid het ek die woord die vroegste teëgekom in die beskrywing van 'n reis naar die Congo, waarin ons vertel word „daer is oock een dier dat sy *sebra* noemen.." (vgl. SAEGHMAN VI 9).

Die name *likkewaan* (<Sp. *iguana* <Caraïb. *iwana*) en *kaaiman* (<Sp. of Port. *caimão* of *caimam*) was altwee in die 17e eeu al in Ndl. bekend, en stam oorspronklik uit Wes-Indië en die Congo [4]). Of die woorde uit Sp. of uit

---

[1]) *Loerie* skyn in die Westelike Provinsie van die Boland minder bekend te wees (vgl. "Huisgenoot", Sept. 1921, blds. 198). In die binneland (ook in die Knysnabos) is die woord beter bekend. Vir *kaketoa* vgl. Ndl. Wdbk. VII 890.

[2]) Vgl. ook FRANCK—VAN WIJK.

[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. XI 1435.

[4]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII 1462 en VII 607.

Port. in Ndl. gekom is, kan nie met sekerheid gesê word nie. Die Portugese het die name waarskynlik naar Oos-Indië gebring, en die Hollanders naar Suid-Afrika. Vir die herkoms van die woorde en die dieresoorte kan ek verwys naar die artiekels van Veth ("Uit Oost en West", bldss. 155, 157) en "Hobson—Jobson" (bldss. 177, 397). Reeds in die begin van die 17e eeu vind ons by DE MAREES *languadi* (NABER—"Marees", blds. 132, 137), 'n kwarteeu later by DE LAET *yguanas* ("Nieuvve Wereldt", blds. 18), wat beskrywe word as "rechte serpenten, van fatsoen als de hagedissen," en 'n halwe eeu later by DAPPER *leguanen* ("Nauk. Beschr." blds. 404). En *kaaiman* was al in 1631 in Ndl. bekend. Dit is byna vanselfsprekend, dat die benaminge *kaaiman* en *likkewaan* in Suid-Afrika nie op presies dieselfde dieresoorte as oorspronkelik toegepas word nie. Ons hoef in elk geval dus nie met Dr. P. J. DU TOIT en Mnr. VON WIELLIGH in hierdie twee woorde Afrik. ontleninge uit Mal.-Port. te sien nie.

SPARMAN het in die woord *geitjie* 'n Hott. woord gesien, en sê: "De Hottentotten noemen deze soort van haagdissen *t' geitje*" ("Reize" II 771). Dr. P. J. DU TOIT het hierdie afleiding geaksepteer ("Afrik. Studies", blds. 22); maar Prof. SMITH meen, dat dit "op 'n foutiewe mededeling van die reisiger SPARMAN" berus ("Huisgenoot", Junie, 1921, blds. 63). Op welke grond hy die mededeling van SPARMAN in twyfel trek, weet ek nie, daar hy daaroor swyg. Ek moet erken, dat dit my nie geluk is om so'n woord in Hott. te vind nie. Die my bekende Hott. name vir verskillende soorte geitjies is *hurudab*, *aros*, *nasib*, *nareb*, *nowos*, *on-ons*, *ganabis* ens.

Die afleiding van Prof SMITH: *geitjie*<*gekko* (t. a. p.) verdien m. i. dus die voorkeur. Maar *gecko*, *gekko*, waarvan die herkoms onseker is, [1]) was in dieselfde tyd as *kaaiman* al in Ndl. bekend. As die afleiding uit *gekko* juis is, dan is *geitjie* in Afrik. waarskynlik 'n oorgeërfde woord uit Ndl. In dié tyd was *kakkerlak* (<Port. *cacalacca*?) ook reeds in Ndl. bekend (vgl. Ndl. Wdbk. VII 906).

Koperkapel word gewoonlik gehou vir 'n Afrik. volks-

---

[1]) Prof. KERN (vgl. aant. (4) blds. 199 van LINSCHOTEN'S "Itinerario") verskil met "HOBSON—JOBSON" (blds. 367) in sake die herkoms van *gekko*. Onseker is ook die herkoms van *kakkerlak*.

etimologiese vervorming van Port. *cobra de capello*. Sprekende oor Ndl. *Kapel* ("skoenlapper") en Afrik. *Kapel* („slang") sê Prof. SMITH: "Ons *kapel* (koper-*kapel*, *kapel*slang) is 'n ander woord, ontleen uit Portugees (*cobra de*) *capello*" ("Huisgenoot" Jan. 1921, blds. 392). Maar in 'n joernaal van PIETER VAN DEN BROECK van voor-Afrikaanse dagtekening lees ons reeds van *Cobra Troppella* (vgl. Saeghman VI 83) en by Linschoten ("Itinerario" II 38) van *cebra*, wat waarskynlik 'n fout vir *cobra* is, sodat die naam, sowel as die volksetimologiese vervorming daarvan, vermoedelik in Afrik. uit Ndl. oorgeërf is (nie in die Ndl. Wdbk. nie).

'n Woord soos *baadjie* sal waarskynlik deur die seemanstaal in Afrik. gekom het, al het dit nie uitsluitend in die seemanstaal voorgekom nie. Onder die woorde, herkomstig uit die seemanstaal, gee Dr. VAN GINNEKEN ("Hdbk." II 478 vgg.) o. a. *duffel*, *gulp*, *knapsak*. Ek beskik nie oor die bewyse om te kan uitmaak of hierdie woorde hoofsakelik in die seemanstaal voorgekom het nie, en uit die gegewens van die Ndl. Wdbk. kan ek dit nie opmaak nie. In die geval van 'n woord soos *manel* is dit, weens sy betekenisinhoud en die onsekerheid van sy herkoms, byna onmoontlik om die gebruiksfeer te bepaal. Maar die 17e eeuse handelsverkeer het die Hollanders in aanraking gebring met vroeër onbekende, of weinig bekende, kleredragte, klerestowwe en sulke gefabriseerde produkte van die Ooste. Daarom plaas ek die volgende woorde ook by nie handelstaal. Hier kan genoem word die name van stowwe, soos *bafta*, *sis*, *goiing* en *kabaai* (bekend as stof sowel as kledingstuk), die name van klerestukke,soos *tawwertjie*, *tjalie*, *toeding* (*toering*), van versiersele soos (*oor*)*krawwetjies*, en van sonneskerms teen die tropiese hitte, soos *sambrero*, *sambreel*, *kiepersol*. Sulke woorde kan ons in Afrik. beskou as oorgeërf uit Ndl. waarin hulle gekom het deur die 17e eeuse handelsverkeer. LINSCHOTEN praat reeds van „eenen enckelen lynen catoenen rock diese *cabaja* heeten . . . ." („Itinerario" I 165); iets meer as 'n kwarteeu later lees ons weer in die „Dagh-Register van Batavia" van 1637 van *cabay*, en weer 'n ruim kwart eeu later by DAPPER van „rokken, *kabaya* geheten" („Asia", blds. 176). Die datering van die Ndl. Wdbk. is 1637, dus uit die tyd van die „Dagh-Register van Batavia", waarin ons ook van *baftas* lees en

in die register van 1636 van *baftas* en *chelas* (blds. 111) [1]). Dr. P. J. DU TOIT het die mening uitgespreek, op grond van 'n opmerking van SCHUCHARDT, dat die Afrik. *tjalie* nie uit Ndl. *sjaal* stam nie, maar uit Port. *chale*, wat volgens SCHUCHARDT in Mal.-Port. as *tjala* voorkom (vgl. „Afrik. Studies", bldss. 59-60). Maar die hierbo aangehaalde *chela(s)* is seker wel dieselfde woord as Port. *chale* en Mal.-Port. *tjala*. Die ding self was in Ndl. in die 17e eeu bekend, en waarskynlik ook die vreemde naam, wat die herkoms van die naam ook al mag gewees het. Prof. KERN noem 'n Tamilwoord *s'avuli*, wat in Oudjav. *tjaweli* gelui het en wat in uitspraak minstens net so na aan *tjalie* kom as Port. *chale* of Mal.-Port. *tjala*. Dit was die naam van 'n fijn soort stof afkomstig uit die stad Chaul (vgl. aant. (5), blds. 38 by LINSCHOTEN's „Itinerario" I). Van *goiing*, *gonje* sê Dr. BOSMAN: „Daar VAN RIEBEEK die woord al gebruik, in die vorme *goeny* en *goenje* („Dagverhaal" II p. 240, 241) is die woord vermoedelik nie direk in Afrik. ontleen nie" („Afrik. en Mal.-Port." blds. 56). Daar ons reeds in die „Dagh-Register van Batavia" van 1636 van *goeny* lees (blds. 39), moet *gonje*, *goiing* in Afrik. ongetwyfeld eerder as 'n oorgeërfde woord uit Ndl. beskou word, dan as 'n verbastering van Eng. *gunny* (MANSVELT) of 'n direkte ontlening uit Mal. *goni*, *goeni* (DU TOIT) [2]). Van *tabberts* en *toudong* lees ons reeds in die twee versamelwerke oor Afrika („Nauk. Beschr." blds. 32) en Asië („Asia" blds. 78) van DAPPER, wat, soos ons al meermale opgemerk het, sy informasie hoofsakelik uit ouer reisjoernale geput het, sodat die woorde seker reeds vroeër in sulke geskrifte bekend was [3]). *Toeding*, *toering* is, sover my bekend is, alleen in die Kaapse skiereiland, waar die Maleiers meesal woon, bekend, en net in die beperkte betekenis van „Maleise hoed van 'n spesiale vorm". Hier kon die dra van so'n hoed van die dae van die stigting van die Kolonie af deur Mal. slawe en bannelinge die woord in die lewe gehou het. Verder naar die binneland toe was dit waarskynlik minder bekend en kon die woord mettertyd uitsterf. In die Vrystaat en Transvaal is *toeding*, *toering*, nes *sambrero* (<Port. *sombreiro*, "groote strooien hoed", MANSVELT) my onbekend. In die joernaal van die eerste

[1]) Die datering van *bafta* in die Ndl. Wdbk. II 862 is eers anno 1727.
[2]) Nie in Ndl. Wdbk. nie, wel in FRANCK-VAN WIJK.
[3]) *Tabbaert*, *tabbert* is reeds Mnl. (vgl. Mnl. Wdbk.).

seereis van JORIS VAN SPILBERGEN (1601-4) lees ons egter reeds van „groote *Somberaros*" (vgl. SAEGHMAN IV 28). Daar ons uit genoemde stuk kan opmaak, dat slawe die *somberaros* vir monnike moet dra, sal ons hier seker te doen hê met „sonneskerms", wat in Afrik. *sambreel* genoem word. Prof. KERN verseker ons dan ook, dat *sombreiro* in Port. gewoonlik „hoed" beteken, maar soms (b.v. by DA ORTA e. a.) ook „sonneskerm" (vgl. aant. (1), blds. 133 by LINSCHOTEN's „Itinerario" I). Die vorm *sambreel* het Dr. HESSELING afgelei van die deur SCHUCHARDT genoemde Mal.-Port. woord *soembreloe* („Het Afrik". blds. 102), terwyl Prof. TE WINKEL gedink het aan 'n „sandhi"-sametrekking uit Fr. *le(s)* of *de(s) ombrelle* („Vragen van den Dag" XI 348). Die afleiding van Dr. HESSELING lyk my egter aanneemliker, maar *sambreel* is seker saam met *sambrero* uit Ndl. oorgeërf, en so ook die reeds in die 17e eeu in Ndl. en vandag in Afrik. nog algemeen bekende *(oor)krawwetjies*, *(oor)krabbetjies* (<Mal. *kraboe*<Port. *cravo*? vgl. VETH—„Uit Oost en West", blds. 186, en Dr. HESSELING—„Het Afrik", blds. 95). [1]) Die woord *kiepersol* lewer egter groter moeilikhede op. Die woord *kiepersol* kom uit *quipersol* uit *kitasol* uit Portugees *quitasol* (= „sonneskerm", VETH — „Uit Oost en West", bldss. 79—80). „De meest verhollandschte vorm, *kipersol*, is ook de jongste," sê VETH. Die woord *quitasol* kom al in reisjoernale van die end van die 16e eeu af voor, soos in die joernaal van "De Eerste Schipvaert", wat VETH ook aanhaal, en soos Dr. P. J. DU TOIT reeds aangetoon het, ook by VONDEL (anno 1640, vgl. "Afrik. Studies", blds. 50). Teen oorerwing uit Ndl. van *kitasol* of *kittesol* (VONDEL) kan daar dus nie groot beswaar wees nie; maar hoe kom ons in Afrik. aan die jongste Holl. vorm? en aan die toepassing van *kiepersol* op 'n bepaalde boomsoort? Wat die toepassing betref, sê Dr. DU TOIT, dat dit die naam is van "een boom die in sommige streken van Transvaal in 't wild groeit" (t. a. p.). Dr. BOSMAN, 'n Vrystater, sê: "Die naam is my onbekend in Afrikaans" ("Afrik. en Mal.-Port." blds. 58). Maar ek het van my kinderjare af kiepersolbome in die Vrystaat geken, in die distrikte Senekal, Winburg en Brandfort. Die kiepersolboom kom

[1]) In JAN VAN RIEBEEK se testament van 1676 lees ons b.v. van *crabbootjen* (vgl. GODÉE MOLSBERGEN — "J. v. R." Bijlage XVIII blds. 240). Nie in Ndl. Wdbk. nie.

dus nie net in die Transvaal voor nie, maar ook in die Vrystaat, en, vir sover ek kan nagaan, ook in die Kaap Kolonie (vgl. R. MARLOTH—"Dictionary of the Common Names of Plants"). Die toepassing van die benaming *kiepersol* op die bepaalde boomsoort ("Cussonia Spicata", MARLOTH) sal dus al uit die Kaap Kolonie stam en nie eers in Transvaal voorgekom het nie, wat Dr. BOSMAN dan ook self "weinig waarskynlik" ag (t. a. p.). Die vraag moet dus lui, hoe het die koloniste in die Kaap Kolonie tot so'n toepassing van die woord *kiepersol* gekom? Reeds in die 17e eeu was die toepassing van *quitasol* al verskillend. So word dit, nes *sombrero*, gebruik vir 'n "sonneskerm" en 'n "hoed". In "De Eerste Schipvaert" (blds. 116) lees ons van "eenen grooten hoet int Portugees *quitasol* ghenaemt." DAPPER gebruik die woord in 'n sin, wat die begrippe van "sonneskerm" en "hoed" verenig. Hy skrywe: "De vrouwen (n.l. van die Sonkwas, d.i. Kaapse Boesmans) hebben voor de hitte en het branden der stekende zonnestralen, een *Quitazol*, of Zonne-scherm van Struis-veren, aen en om het hooft vast gemaekt" ("Nauk. Beschr." blds. 258). Die benaming *kiepersol* kon dus in die Kaap Kolonie maklik op 'n palmvormige boomsoort, wat baie naar 'n sonneskerm lyk, toegepas geword het. Volgens MARLOTH heet die boom ook *sambreelboom*. Welke van die twee benaminge sou die oudste wees? Wat die vorm van die woord betref, sê Dr. DU TOIT: "Het is dus niet onmogelijk, dat de kolonisten het woord uit Holland medegenomen hebben, en dat het in Zuid-Afrika door het Maleisch-Portugeesche *kipersol* is verdrongen" (t. a. p.) Maar *kipersol* is volgens VETH nie 'n Mal.-Port. vorm nie, maar 'n Ndl.-Ind. verbastering, en wel die "jongste verhollandschte vorm". Dan lyk dit my nog die waarskynlikste, dat *kipersol*, nes *sambreel*, 17e eeuse vorme was, wat deur die koloniste naar Suid-Afrika meegeneem en altwee op die genoemde boomsoort toegepas is. *Kiepersol* het dan veral as boomnaam bewaar gebly, en *sambreel* in die betekenis van son- en reënskerm.

In die Ooste sou die Hollanders gedurende die eerste helfte van die 17e eeu al kennis maak met allerlei vreemde kastename en die eienaardige titulatuur van allerlei oosterse ambsbeklêders. Ons kan hier noem: *laksman*, *sabander*, *mandoor*, *capado*, *koelie*. In die "Dagh-Register van Batavia" van 1636 lees ons van 'n *lacxamana* (blds. 255 en passim.),

die oosterse tietel van 'n "hoë staatsambtenaar, voltrekker van vonnisse" ens. Volgens "Hobson-Jobson" (blds. 512) stam die woord uit Mal. *laksamana*[1]). In Afrik. is *laksman* die gebruikelike benaming vir 'n "beul", en ook vir 'n klein roofvoëltjie, wat ook *Jan-Fiskaal* heet. *Sabander*, die tietel van 'n oosterse „hawemeester en doeanehoof", kom dikwels in Ndl. reisbeskrywings van die eerste helfte van die 17e eeu voor, maar is my vandag in Afrik. onbekend. Die Afrik. woord *sabander* ("vlug, weghardloop" ens) skyn 'n terugontlening te wees uit die geadapteerde Afrik. van kleurlinge, wat dit waarskynlik uit "(laat) *spaander*" gevorm het (vgl. Prof. SMITH in "Huisgenoot", Junie 1921, blds. 61 aant. 1).[2]) Daarom geld die woord in Afrik. ongetwyfeld ook as plat. *Mandoor* (<Port. *mandador*, = owerste, lasgewer, kommandeur) stam seker ook uit die 17e eeu. LINSCHOTEN gebruik reeds die vorm *mandoryn* (vgl. VETH — "Uit Oost en West", blds. 76), en, soos Dr. BOSMAN (blds. 62) reeds opgemerk het, vermeld DE HAAN in "Priangan" die gebruik van die vorm *mandoor* al anno 1703. Die woord is weinig bekend in Suid-Afrika, en is waarskynlik aan uitsterf. In die Vrystaat en Transvaal het ek dit net by enkele persone gehoor, wat uit die Kaap Kolonie afkomstig was. *Capado*, *capade* (<Port. *capado* = "ontmand") kom dikwels in die 17e eeuse reisverhale voor in die betekenis van "eunug". Dr. BOSMAN het reeds verwys naar die gebruik van *capade* in die "Dagh-Register van Batavia" anno 1636; dit is ook die vroegste gebruik van die woord, wat die Ndl. Wdbk. vermeld, en die vroegste, wat ek gevind het. Daarna kom dit dikwels voor, en selfs die vorm *kapater* kom buitekant Afrik. voor. Waarom sou die woord *kapater* in Suid-Afrika alleen op 'n "bokkapater" (" 'n ontmande of gesnyde bok") toegepas word? Daartoe kan verskillende aanleidinge bestaan het. Bygedagte aan die woord *kabriet* (< Port. *cabrito*), wat in die 17e eeu veral aan die Goudkus, maar ook elders, in gebruik was vir 'n "bok", kan daarby 'n rol gespeel het (vgl. Ndl. Wdbk. VII 828). Dit lyk my egter meer waarskynlik, dat die Afrik. toepassing van *kapater* die gevolg is van die Afrik. gewoonte om 'n bokkapater as 'n voorbok onder 'n klomp skape aan te hou. In die bokkapater, wat as voorbok van die kudde

[1]) Nie in Ndl. Wdbk. nie. *Sabander* ook nie. Ewemin *mandoor*, wel *mandarijn*.

[2]) Vgl. Ndl. *Spankeren* (STOETT—"Spreekwoorden," blds. 614—5).

gedien het, kon die koloniste 'n kollega van die "opperste cappade" van 'n oosterse harem gesien het. Volkshumor het hier by die naamgewing moontlik 'n rol gespeel. *Koelie* kom al by LINSCHOTEN voor in die vorm *colles* ("Itinerario" I 113). Die woord kan van die 17e eeu af in Afrik. bewaar gebly het, of later opnuut aan Eng. ontleen wees. Die laaste moontlikheid lyk my om verskillende redes selfs baie waarskynlik, maar oortuigende bewyse daarvoor het ek nie. Ook enkele spesifieke handelsterme, o. a. name van gewigte, mate en munte ens., wat 17e eeuse Ndl. aan oosterse tale ontleen het, is in Afrik. bewaar gebly, al is dit ook meesal in gewysigde betekenis of toepassing, en al is die ontwikkelingsgeskiedenis van enkele daarvan in Afrik. lang nie duidelik nie. Omtrent *basaar* het Dr. BOSMAN reeds opgemerk, dat die woord "volgens die Ndl. Wdbk. al so oud as 1572 in Nederlands" is ("Afrik. en Mal.-Port." blds. 54). Dit het destyds dus seker uit Port *bazar* (= "mark, markplek") in Ndl. gekom, en nie uit Mal. *pasar* nie (vgl. "HOBSON-JOBSON", blds. 75—6). Die Hollandse reisigers aan die begin van die 17e eeu gebruik egter, om begrypelike redes, dikwels vorme soos *pazar*, *pasar*, *pasaer* ens., wat waarskynlik wys op 'n twede ontlening van die woord aan Mal. Maar selfs dan nog kom naas *pasar* ook *basar* voor, en 'n skrywer soos DAPPER gebruik altwee die vorme *pasaer* en *basar*, omdat hy vermoedelik altwee in sy bronne gevind het (vgl. "Asia", bldss. 78, 282 en passim). In die 17e eeuse joernale het die woord egter nog die Port.-Oosterse betekenis van "mark, markplek" ens. In hierdie 17e eeuse betekenis en ook in die vorme *basar*, *basaer*, *passer* kom die woord nog in Kaapse stukke van die jare 1666 en 1693 voor (vgl. Dr. HESSELING — "Het Afrik." blds. 40, aant. 2). Die woord sal dus wel uit Ndl. oorgeërf wees, maar in Afrik. bestaan vandag alleen die vorme *basaar* en *besaar*, en uitsluitend in die betekenis, wat Dr. BOSMAN reeds uit VAN DALE aangehaal het n. l. "verkooping van vrijwillig afgestane voorwerpen voor een liefdadig doel" [1]). In hierdie betekenis, meen Dr. BOSMAN, kan die Afrik. *basaar* aan Eng. ontleen wees. Dit is moontlik, maar kan dit bewys word? Ons het in *koelie* en *basaar* dus met soortgelyke gevalle te doen. Dieselfde geld,

[1]) In hierdie betekenis, hoewel in Ndl. bekend, nie in Ndl. Wdbk. nie, wat boëndien onderskei tussen *bazaar* (II 1079) en *passer* (XII 717).

"mutatis mutandis", van *tjap* (= "stempel"), wat uit die 17e eeuse *chap*, *chiap*, *siap*, *sïjap* kan stam of uit die Eng. *chap* [1]). Dr. HESSELING haal die gebruik van *siap*, *chap* aan uit die jaar 1653 ("Het Afrik." blds. 103), maar *sïjap* kom al voor in die "Dagh-Register van Batavia" van 1637 (blds. 159), waarin ons ook nog vind *siappen* en *siapper* (blds. 245). Die woord sal toe dus al 'n tyd lang in gebruik gewees het. Die moontlikheid van 'n later ontlening is hier egter net so min uit te sluit as in die bogenoemde gevalle van *basaar* en *koelie*. Sulke Kompanjiestaalwoorde het in baie gevalle later weer uit die taal van die koloniste verdwyn. So kom *kati*, die Mal. naam van 'n gewig, wat reeds deur LINSCHOTEN genoem word, en wat in die 17e eeu gewoonlik volksetimologies vervorm geword is tot *katje* (vgl. VETH — "Uit Oost en West", blds 152), nog in die "Dagboek van Adam Tas" voor in die vorme *catjes* en *katies* (bldss. 4 en 124), maar vandag is dit my heeltemal onbekend in Afrik. Aan die ander kant was *gantang* reeds in die 17e eeu in Ndl. bekend as die Mal. naam vir 'n bepaalde maat (= 5 "katis"); maar vandag beteken dit in Afrik. 'n "vryer", en kom die woord in hierdie betekenis reeds voor in 'n Afrik. volksliedjie. Of ons hier met dieselfde woord te doen het, en so ja, hoe die betekenisontwikkeling moet verklaar word, weet ek nie. Gewoonlik word die woord *gantang* in Suid-Afrika as 'n Hott. woord beskou, waarskynlik alleen omdat die Hottentotte dit miskien meer as die blanke gebruik. Dit is selfs moontlik, dat die genoemde volksliedjie oorspronkelik uit die mond van Hottentotte stam, maar 'n Hott. woord *gantang* in die betekenis van "minnaar, vryer" ens. is my heeltemal onbekend. Dat ons egter aan die woord *gantang* van Mal. oorsprong moet dink, word m. i. waarskynlik gemaak deur die feit, dat die woord deur blanke, maar veral deur Hottentotte, juis in die streek gebruik word waar die Maleiers woon. Selfs direkte ontlening uit Mal. deur Hott., en vandaar uit in Afrik., is nie onmoontlik nie. Daarenteë kan ek nie met Dr. DU TOIT in *piekel* 'n direkte ontlening uit Mal. *pikol*, *pikoel* (= "dra, veral van 'n bepaalde gewig, en ook die gewig self") sien nie, daar die woord al in hierdie betekenis

[1]) Die woord *chap* is nie algemeen in gebruik in Eng. nie, maar word dik wels deur Engelse in Suid-Afrika gebruik. Dit kan dus uit Anglo-Indies stam (vgl. "HOBSON-JOBSON") of in Suid-Afrika uit Afrik. ontleen wees.

by LINSCHOTEN voorkom ("Itinerario" I 101), en in verskillende 17e eeuse reisjoernale (b.v. "De Eerste Schipvaert", bldss. 219, 220 en passim). Van wanneer af die woord *bit, pitte* in Ndl. en Afrik. die betekenis van "geld" het, soos in "die man het baie pitte," is my onbekend. Maar dat die Ndl. gebruik van die woord in hierdie betekenis, en gevolgelik ook die Afrik., miskien teruggaan op 'n 17e eeuse volksetimologiese vervorming van die Oosterse muntnaam *pitjis*, lyk my nogal moontlik [1]). *Pitjis* kom reeds in "De Eerste Schipvaert" (blds. 235) voor, en daarby teken die uitgewers aan: "*pisis* of *pitjis*..... was weliswaar op Java tot ca. 1590 ook een koperen munt..... maar is ca. 1600 als term uitsluitend overgegaan op de looden "caxies", waarmede Java overstroomd bleef totdat de O. I. C. pas in 1724 hare duiten er begon te brengen." En in "Hobson-Jobson" (blds. 703) lees ons ook: "*Pice* is used slangishly for money in general." Die Anglo-Indiese *pice* is dieselfde as die hierbo genoemde, *pitjis, pisis*.

Die Hollanders het teen die end van die 16e en die begin van die 17e eeu van hulle klein landjie af uitgeseil naar Noord en Suid, naar Oos en Wes. Die gesigseinder van die volk het verruim geraak, en die Hollanders het wêreldburgers geword. Die volksgees moes allerlei nuwe en onbegrepe name opneem en verwerk, en daarby het die volksverbeelding en die volksvernuf verklarend en vervormend te werk gegaan. Dit sien ons in die 17e eeuse volksetimologieë, soos *hangmat, janlap, koperkapel, kaalkop, katje, albertkoord*, ens. en die werking van die volksetimologie moet ons waarskynlik ook in die gebruik van *pitte*, in die betekenis van "geld", sien.

Ons vind in die 17e eeuse reisjoernale ook verskillende benaminge vermeld van oosterse spyse en toespyse, en van dinge, wat by die voorbereiding daarvan benodig word. 'n Woord soos *pienang*, wat meermale in reisjoernale van die eerste helfte van die 17e eeu voorkom, kon deur die eerste Kompanjiedienaars, waaruit die eerste vryburgers gestam het, naar die Kaap meegeneem gewees het. Daar kon die woord uit die taal van die Kompanjiedienaars en van die eerste vryburgers op dié van die nuwe immigrante oorgegaan het, as die woord aan die nuwe aankomelinge nie reeds bekend was nie. Later kon die woord aan die

---

[1]) *Pitte*, in die gewone sin, kan egter ook so'n betekenis ontwikkel het.

Kaap deur die slawe, wat 'n groot rol in die Afrik. kookkuns gespeel het, op 'n bepaalde vleisgereg toegepas geword het, as die woord destyds nog nie in daardie toepassing in gebruik was nie. Dergelike faktore kan ook die gebruik van verskillende ander sulke spys- en toespysbenaminge beïnvloed het, al was hulle in dié bepaalde gebruiksfeer reeds uit die eerste helfte van die 17e eeu bekend. So lees ons reeds by LINSCHOTEN van *achar* (Afrik. *atjar*, vgl. "Itinerario" I 218, II 17, 20 en passim). Van dan af kom die woord meermale in sulke geskrifte voor (b. v. in "De Eerste Schipvaert" blds. 139). LINSCHOTEN kon die woord uit Port. *ācha̅r* of uit Mal. *ăcha̅r* oorgeneem het (vgl. "Hobson-Jobson", blds. 3). So beskrywe LINSCHOTEN 'n gereg, wat Prof. KERN vir "Sambal" hou, maar die woord *sambal* self gebruik LINSCHOTEN nie (vgl. "Itinerario" I 140 aant. 3). Maar in sy "Itinerario" (I 208 en II 50) vind ons ook die woord *carrijl*, wat hy uit Port. *car(r)il* (<Kanarees *karil*) of direk uit Kanarees *karil* kon oorgeneem het. Na die tyd van LINSCHOTEN het in gebruik gekom die vorm *kerrie* uit Kanarees *kari* of Tamil *kari* (vgl. "Hobson-Jobson" blds. 281 vgg). 'n Ndl. dokumentering van die vorm *kerrie* vóór 1657 het ek egter nie gevind nie, sodat *kerrie* waarskynlik na 1657 in Afrik. gekom het. Dat dit direk uit Mal.-Port. of via Eng. in Afrik. gekom het, is moontlik, maar die woord kan waarskynlik nog in die dae van die N. O. I. K., maar eers na 1657, deur die Ndl. handelstaal in Afrik. gekom het[1]).

Naar aanleiding van die lyste van Afrik. ontleninge uit Mal.-Port. deur Mnr. G. R. VON WIELLIGH versamel, skrywe Prof. SMITH: " 'n aansienlike getal is wel Maleis-Portugees of Maleis van oorsprong, maar daar hulle ook in Nederlands of in Indies-Nederlands in dieselfde of byna dieselfde vorm voorkom — in vele gevalle reeds vóór 1652 —, so is dit uiters waarskynlik dat Afrikaans hul van die sewentiende-eeuse Nederlands geërf het en nie direk van Maleis-Portugees ontleen het nie" („Huisgenoot", Febr. 1921, blds. 418, aant 4). Onder die voorbeelde wat Prof. SMITH opnoem, kom die volgende spys-

[1]) In Ndl. hou Prof. DE VOOYS *kerrie* vir 'n ontlening uit Eng. (vgl. "Hoe zijn Anglicismen te beschouwen"? N. T. VIII blds. 177). Vgl. FRANCK–VAN WIJK s. v. *kerrie*, nog nie, en *atjar* nie in Ndl. Wdbk. nie, wat ook nie 'n vroeë dokumentering van *sambal* vermeld nie (XIV 38).

benaminge voor, waarvan ek tot nog toe nie in Ndl. geskrifte van vóór 1652 'n dokumentering gevind het nie, en wat dus moontlik direk uit Mal.-Port. kan ontleen wees, n.l. *blatjang bobotie, borrie, kerrie, sambal*[1], *sosatie.* Van hierdie woorde kan *kerrie*, wat waarskynlik nie direk uit Mal.-Port. ontleen is nie, gedek word met die bewering, dat dit in Ndl. geskrifte van vóór 1652 in „byna dieselfde vorm voorkom", maar vir die ander het ek tot nog toe nie sulke bewyse gevind nie. Dat hulle ook in Indies-Nederlands voorkom, bewys m.i. al heel weinig vir hulle herkoms in Afrik.

Deur die 17e eeuse handels- en wêreldverkeer het die Hollanders ook die vreemde name leer ken van huishoud-artiekels, soos *gorlet*(-beker) en *piering*, van handelsartiekels soos *kapok* en *seroet*, van wapens soos *asgaai, kri(t)s, parang*, van slaandinge soos *sambok* en *karwats*, van omheininge soos *kraal* en *pagger* en van huise soos *pondok*. LINSCHOTEN skrywe reeds van 'n *gorgoletta* („Itinerario" I 140), die Port. benaming van wat ons vandag in Afrik. 'n *gorlet*-(beker) noem. Dr. T. H. LE ROUX het dus ten onregte in Afrik. *gorlet*(-beker, — kom) 'n vervorming van *toilet* gesien ("Beschr. Klankl. v. h. Afrik.", blds. 88). Vir die afleiding van *gorlet* kan verwys word naar VETH („Uit Oost en West" blds. 77) en „Hobson-Jobson" (blds. 382).[2] Dr. BOSMAN het reeds uit „Priangan" (II 279) 'n bewys aangehaal van die gebruik van *piering* in 1668. In sy glossarium van oosterse woorde uit die 17e eeuse reisjoernale ens. opgemaak, gee DAPPER in 1672 ook die woord, in die vorm *pienning* ("Asia", blds. 80). Die woord kan dus omstreeks 1657 al in die taal van Kompanjiedienaars bestaan het, maar sal sy verspreiding in Afrik. seker vir 'n groot deel te danke hê aan slawe en kombuisbediendes van oosterse herkoms. In die verbinding *kapokboom* en as die naam van 'n handels-artiekel (kapokwol) kom die woord *kapok* meermale in 17e eeuse geskrifte voor. Hierdie betekenis is in Afrik. nog gedeeltelik bewaar in *kapokvoëltjie* (vgl. MANSVELT), maar *kapok* word in Afrik. gewoonlik gebruik in die sin van „sneeu" (vgl. Ndl. Wdbk. VII 1516).

Deur hierdie eienaardige betekenisontwikkeling staan

[1]) Oor die kwessie van die verband tussen *sambal* en die Zaanse *ambel* vgl. II § 7 (c). *Sambal* is tot nog toe die enigste van hierdie spysbenaminge wat in die Ndl. Wdbk. voorkom.

[2]) Nie in Ndl. Wdbk. nie.

kapok min of meer op een lyn met *kiepersol*. In altwee die gevalle sou 'n datering van die Afrik. gebruik baie belangrik en leersaam wees, maar die gegewens vir so'n datering ontbreek my voorlopig nog. Of *seroet* in Afrik. gekom is via Eng. (*cheroot*) en of dit oorgeërf is uit 17e eeuse Ndl. is moeilik om uit te maak. Dit kan in Ndl. sowel as in Eng. gekom het uit Port. *charuto* of uit Mal. *churuttu* of uit die oorspronklike Tamil *shuruttu* (= „'n rol" (tabak) vgl. „Hobson-Jobson", blds. 188). Ons het hier dus te doen met 'n geval, wat min of meer op een lyn staan met woorde soos *sago*, *basaar*, *koelie*, *tjap*, ens. Van die moontlike kanale waarlangs *seroet* in Afrik. kon gekom het, lyk ontlening uit Eng. my nog die waarskynlikste, maar bewyse daarvoor ontbreek.

Dr. Bosman het aangetoon dat *asgaai* reeds in 1600 [1]) in Ndl. bekend was, en dat dit nog aan die taal van die Suid-Afrikaanse inboorlinge ontleen is, soos Dr. Hesseling gemeen het, nog aan Mal.-Port. soos Dr. du Toit beweer het (vgl. "Afrik. en Mal.-Port." bldss. 50—51).

Dit is oorspronkelik die Berberse woord *zaghaya*, soos Dozy reeds aangetoon het. Dit kom in Ndl. dan ook in die vroegste tyd veral voor in reisjoernale van reise naar die Goudkus toe (vgl. Naber — "Marees", blds. 8). Jan van Riebeek gebruik die woord *hassegaayen* in sy "Dagverhaal" (I, 12) net 'n paar dae na sy aankoms in Suid-Afrika, soos Dr. P. J. du Toit moes erken. Hieruit blyk m.i. voldoende langs welke weg *asgaai* in Afrik. gekom is. *Kri(t)s* (< Mal. *kris* = "dolk"), *parang* (< Mal. *parang* = "hakmes") en *pagger* (< Mal. *pagar* = "omheining"), wat in Ndl. geskrifte van die eerste helft van 17e eeu en selfs nog in Kaapse stukke van die twede helfte van die 17e en die begin van die 18e eeu voorkom, is my in Afrik. vandag onbekend. [2]) *Karwats* (< via Du. < Po. *karbacz*) en *sambok* (< Mal. *tjaboek*) sal seker via Ndl. in Afrik. gekom het. So lees ons reeds in die "Dagh-Register van Batavia" van 1636 van *chambocq* (blds. 48). En Jan van Riebeek gebruik die woord *kraal* (<Port. *curral* = "omheinde plek vir vee"). meermale, in die vorme *crael* en *corael*, soos Dr. Bosman opgemerk het ("Afrik. en Mal.-Port.", blds. 61). Die gebruiklike vorm in Van Riebeek se "Dagverhaal"

[1]) Dit staan reeds in "De Eerste Schipvaert" (1595—8, blds. 12). Vgl. ook Ndl. Wdbk. II 732.

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII 283, en XII 151 en 431.

is *crael* (vgl. I, 80, 82, 111, 169, 170 en passim, II, 5, 6, 28 en passim). "Hobson-Jobson" merk tereg op: "The word *kraal* applied to native camps and villages at the Cape of Good Hope appears to be the same word (as Sp. *corral*, Port. *curral*) *introduced there by the Dutch*" (blds. 259. Ek kursiveer).[1]) Dr. BOSMAN het uit "Priangan" (II, 136) reeds bewyse aangehaal vir die gebruik van *pondok* anno 1687, en die mening uitgespreek, dat so'n woord, wat in Ndl. miskien minder goed bekend was as die vreemde name van handelsartiekels, in die 17e eeuse seemanstaal moontlik beter bekend was. "En", merk hy op, "die seemanstaal van die 17e eeu is juis die vorm van Ndl. wat ons moet aanneem as uitgangspunt vir Afrikaans" ("Afrik. en Mal.-Port.", blds. 66). Dr. BOSMAN kan gelyk hê met sy opvatting, want ons het reeds opgemerk, dat die taalkringe van die 17e eeuse seemans- en handelstaal deureenloop. So lyk dit my waarskynlik, dat die volgende woorde deur die 17e eeuse seemanstaal in Afrik. gekom het, n.l. *baklei*, *baljaar*, *josie*, *robbedoe*(*s*) of *rabbedoe*(*s*) en *soebat*. Alleen deur gebrek aan oortuigende bewyse vir hierdie opvatting oor hulle oorspronklike gebruiksfeer in Ndl., het ek hierdie woorde agterwege gelaat by die behandeling van die 17e eeuse seemanstaal.

Dr. BOSMAN se opmerkinge oor hierdie vyf woorde behoor m. i. tot die beste van sy aantekeninge oor afsonderlike woorde, en dit is my bedoeling om hier net enkele toevoeginge daarby te maak. Uit SCHOUTEN se lys van vreemde woorde op sy reis (1615—1617) geleer, vermeld Dr. BOSMAN: *vechten*, *slaen* = *backela*. In sy meergenoemde glossarium, gee DAPPER: *kijven* = *backelay*. Die woord sal dus aan Kompanjiedienaars omstreeks die middel van die 17e eeu seker nie onbekend gewees het nie.[2])

Dieselfde geld van *baljaar*, wat, soos VETH reeds aangetoon het ("Uit Oost en West", blds. 59), samehang met *bayadère*, en waaromtrent LINSCHOTEN reeds skrywe: "die Heydensche lichte vrouwen, geheeten *Balliadera*, dat is Dantstersche....." ("Itinerario", I, 175). *Baljaar* (< Sp. *baylar*, of Port. *bailar* = "dans") sal onder die 17e eeuse

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII 20.

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. II 886. Die woord kom dan ook voor in die seemansgesprek uit 1702 aangehaal deur A. J. BARNOUW (in "Tijdschr." XXXIV 70).

seelui dus seker wel bekend gewees het.[1]) Dit sal in hoofsaak seker ook matrose gewees het, wat van *Josie* gepraat het. Die oorsprong van die uitdrukking: "hy is die *Josie* in", lyk my net so onseker as die afleiding van die woord self.[2]) Dit geld ook enigsins van die woord *kool* of *kolie*, en die uitdrukking: "by my *kool* (of *kolie* waar)". Dr. P. J. DU TOIT het hierdie woord afgelei van Mal.-Arab. *kaoel* (= "plechtig woord, gelofte", vgl. "Afrik. Studies", blds. 52).

Hierdie woord sal wel dieselfde wees as die Anglo-Indiese *cowle*, wat „Hobson-Jobson" omskrywe as: „A lease, or grant in writing; a safe-conduct, amnesty, or in fact any written engagement..... The word is Ar. *kaul*, "word, promise, agreement," and it has become technical in the Indian vernaculars owing to the prevalence of Mahommedan law" (blds. 268). Uit „Hobson-Jobson" (blds. 619) blyk verder dat die Hollanders al in 1611 bekend was met die woord *kaul* of *caul*, wat dan ook voorkom in die „Dagh-Register van Batavia" van 1637 (blds. 238), sodat die woord waarskynlik deur Kompanjiedienaars naar die Kaap gebring is. Die uitdrukking: „by my *kolie* waar", of „by my *kool*" is dus meer begrypelik as: „hy is die *Josie* in". Die woord *robbedoe(s)*, *rabbedoe(s)* ken ek in altwee die genoemde vorme, met en sonder die slot-s, terwyl Dr. BOSMAN net die vorme sonder slot-s ken. Verder gebruik ek die woord nie soos Dr. BOSMAN „alleen in die betekenis van iemand, gewoonlik 'n wilde kind, wat slordig is op sy klere en sy persoon" nie, maar ook van enige wilde, ruwe en losbandige persoon".[3]) Omtrent *soebat* sê Dr. BOSMAN, dat die Ndl. Wdbk. ons nog nie in staat stel om die ouderdom van die woord in Ndl. na te gaan nie. Dit kan in Ndl. al ouer wees, maar die vroegste wat ek dit gevind het, is in die „Dagh-Register van Batavia" van 1637, waarin ons lees van *gesoebath*, *soebatten* en *gesoubath* (blds. 194). Die manier waarop en de funksies waarin die woord dan reeds gebruik word, laat vermoed, dat *soebat* toe al lang in gebruik was in die Kompanjiestaal. Omstreeks 1658 lees ons in die offisiële Kompanjiestukke van CAMBODJA en LAOS van *gesombaeijt*, 'n vervorming of

[1]) Vgl. Nkl. Wdbk. II 921. [2]) Id. VII 434.

[3]) 'n Ander afleiding as Dr. HESSELING en FRANCK–VAN WIJK gee Dr. V. D. MEULEN in Ndl. Wdbk. XIII 643, breër uitgewerk in "Tijdschr." XXXVI 1—9. Hy beskou dit ook as 'n woord uit die seemanstaal.

verskrywing van *gesoebat* (vgl. MULLER - „C. en L.", blds. 377). Hoe moet ons dit rym met die opmerking van Dr. BOSMAN, dat „die opmerkinge en verklaringe van VAN RIEBEEK (n.l. by die woord *soebat*) wys dat die woord destyds nog nie algemeen bekend was nie?" (vgl. „Afrik. en Mal.-Port." blds. 68). Laat ons let op van RIEBEEK se „opmerkinge en verklaringe". Die vernaamste daarvan is te vind in sy „Dagverhaal" (II 228), waar hy die woord *gesoubat* gebruik en daarby opmerk: „welck indiaens woort hij (n. l. die Hottentot HERRY) verstaedt ende tot Bantam (met d' Engelse in voortijden geweest) geleert heefft". Ek beskou dit as 'n „opmerking" en nie as 'n „verklaring" nie, en die opmerking wil waarskynlik die aandag van Here Sewentien in Amsterdam daarop vestig, dat HERRY al naar Bantam gewees was en dus deur VAN RIEBEEK as 'n tolk enigsins kon gebruik word, en dat hy te Bantam o. a. die woord *soebat* geleer het en die betekenis daarvan verstaan.[1]) Dan moes die woord tog al vroeër in Bantam bekend gewees het aan vreemdelinge, en waarskynlik ook aan Here Sewentien, want VAN RIEBEEK ag dit nie nodig om hulle oor die betekenis en gebruik van die woord in te lig nie. Dat VAN RIEBEEK by EVA se gebruik van *soebat* verklaar „willende seggen: vleyt", en dat hy EVA self noem „een *soubaster* ofte flikfloyster" kan sy verklaring vind in die 17e eeuse gewoonte om sinonieme naas mekaar te gebruik.[2]) So skrywe VAN RIEBEEK van "*clippen, rudsen*. . . ." ("Dagverhaal" I 91, 92), of van "*clippen* en *rudsen*" (I 254), van "*sackpistolen* offte *poffertjes*" (I 197), van „*gellick* ofte *ongans* worden" (I 322), van "*oranghlammen* ofte *thuysvaarders*" (I 328), van "*ijser-* offte *egelvercken*" (II 80), van "*pady* offte *rijs*" (II 181), van „*puds* of *baly*" (II 614), van "*malve* offte *kaesjens bladeren*" (III 183) ens.

Moet ons aanneem, dat VAN RIEBEEK in al hierdie gevalle veronderstel het, dat die eerste van die gebruikte woorde vir Here Sewentien onverstaanbaar sou wees, en daarom die toevoeging van 'n beter bekende sinoniem vereis het? Op grond van die genoemde voorbeelde lyk

---

[1]) VAN RIEBEEK gebruik die woord hier meesal in 'n enigsins ongewone betekenis, wat moontlik ook sy opmerkinge verklaar.

[2]) Vir voorbeelde hiervan as 'n "stylmiddel" in Mnl. vgl. J. W. MULLER in N. T. XIV 73 vgg. en in "Tijdschr." XXXI 231 vgg. en as 'n verklaring by vreemde woorde, SALVERDA DE GRAVE — "De Fr. Woorden in het Ndl." blds. 30.

dit my nie baie waarskynlik nie. Dan kan ook die toegevoegde sinonieme en verklaringe by *soebat* nie 'n vertroubare toets vir die onbekendheid van die woord wees nie.

So het allerlei vreemde woorde, wat deur die 17e eeuse handels- en wêreldverkeer van Nederland, en in die besonder deur die Kompanjiestaal, in Ndl. gekom het, in Suid-Afrika, wat onder die bewind en leiding van die N.O.I.K. gekoloniseer is, bewaar gebly in gebruiksfere, wat vandag weinig herinner aan die handelstaal van vroeër. Die agteruitgang van die N.O.I.K. het al vroeg begin, hoewel die komende ondergang van die Kompanjie met sy oordrewe monopolistiese handelspolitiek waarskynlik teen die middel van die 18e eeu eers duidelik geword het. Van toe af moes, tengevolge van die verspreiding van die bevolking oor die bodem en ten gevolge van die isolement van die koloniste en hulle onbereikbaarheid deur die taalinvloede, wat deur die handels- en haweverkeer van Kaapstad af naar buite uitgestraal het, die betekenis van die Kompanjiestaal vir Suid-Afrika verminder het. Allerlei woorde uit die Kompanjiestaal was toe miskien al verdwyn, of stellig besig om te verdwyn. Ek wil hier 'n aantal woorde noem, wat nog in werke voorkom soos die "Dagverhaal" van JAN VAN RIEBEEK, die "Dagboek" van ADAM TAS en in offisiële Kaapse stukke van die twede helfte van die 17e en die eerste helfte van die 18e eeu, woorde wat my vandag in Afrik. onbekend is en wat vermoedelik van die twede helfte van die 18e eeu af in die binneland begin te verdwyn het. Uit die "Dagverhaal" van JAN VAN RIEBEEK noem ek hier o.a. *moisson* (= "windseisoen tussen Mei en Augustus", I 22 en passim), *roode melizoen* ("'n siekte", I 29), *chiampan* (= "'n soort wa," I 356 en 367), *lojangh* (= "Ind. dun draad", I 591), *pady* (= "rys", II 69), *ompaggert* (= "omheind", II 158, 159), *paggeringen* (= "omheininge", II 244); uit die "Dagboek" van ADAM TAS o.a. *catjes* ("O. I. gewig", blds. 4) en uit offisiële Kaapse stukke[1]: *amok* (in "*amok* maken" = "in 'n mal woede verval), *bonkesje*, *bonkesse* (= "'n seroet"), *krits* (= "dolk"), *parang* (= "kapmes"), *travaden*, *travaten* (= "harde winde"). DR. HESSELING

[1]) Vgl. Dr. HESSELING — "Het Afrik.", bldss. 105, 106, 107, 108. Verskillende van hierdie woorde soos *moesson* e. a. word nog in geskrifte in 'n tegniese sin gebruik, maar in die spreektaal is hulle so goed as onbekend.

vermeld nog *condé* (= "haarwrong") uit die twede helfte van die 18e eeu (anno 1782), en op *tabeetjes* (= "begroetinge, komplimente, geskenke"), reeds vermeld anno 1706, kom ek later terug. Teen die middel van die 18e eeu het reisigers soos MENTZEL e.a. reeds 'n onderskeid in taal en gebruike tussen die bewoners van Kaapstad en die binneland gekonstateer. In daardie tyd het die volk en die taal van Suid-Afrika waarskynlik die kristallisasieperiode deurgegaan. En dit het plaasgevind in die stilte vóór die storme, — storme van inwendige stryd, van republikeinse beweginge, van desentralisasie en sentrifugaliteit, van 'n stryd om die bestaan teen moorddadige barbare, en 'n honderdjarige stryd om die bestaan van volk en taal, en van 'n eie nasionale "bodenständige" kultuur teen een van die magtigste wêreldryke, wat alle beskikbare ekonomiese en kulturele strydmagte in die kultuurstryd gemobiliseer het. Na die Vryheidsoorlog (1899—1902) skrywe Dr. COLENBRANDER van die Afrikaanse volk: "Een boom met zulke wortels wordt niet gemakkelijk uit den bodem gerukt. Hij moge nu ontbladerd staan door de ongunst van het getij, de oude sappen stijgen nog op in den stam, en wederom zal hij bloesem dragen" ("A. d. B."). Aan enige van die vernaamste "wortels" van die taalboom wil ek my aandag wy in die volgende paragraaf, en aan die "bloesems", wat die stamboom in Suid-Afrika gedra het, in die volgende hoofstuk.

---

§ 7. Uit die Ndl. volkstaal van vroeër en vandag.

Ons het reeds rekening gehou met die feit, dat die Afrikaanse stamouers by hulle aankoms in die nuwe vaderland verskillend geskakeerde vorme van Ndl. gepraat het, omdat hulle uit verskillende lokale en sosiale taalkringe in die stamland afkomstig was. Die 17e eeuse literatuurtaal gee maar 'n flou beeld van die reënboogkleure, waaruit hulle taal bestaan het. Dieselfde geld van die taal van die Statebybel, wat egter, in omgekeerde rigting, die taal van die Afrikaanse stamouers sterk beinvloed het. In die taal van die 17e eeuse klugte en volksliedere het ons iets meer te sien gekry van die verskillend geskakeerde vorme van die volkstaal. Die 17e eeuse basterwoorde,

wat die kunstenaars van die woord uit puristiese oorwegings moes vermy en in die meeste gevalle dan ook werklik vermy het, sal wel net soveel in die taalgebruik van die deftiger as van die eenvoudiger klasse bestaan het. Die 17e eeuse gebruiksfere van sulke basterwoorde te bepaal is vandag byna ontmoontlik; maar die feit, dat 'n groot persentasie daarvan nog in Afrik. bestaan, is seker waarborg genoeg, dat hulle nie aan die 17e eeuse spreektaal vreemd was nie. Dan het ons rekening gehou met twee 17e eeuse groeptale, wat van die allergrootste betekenis vir die ontstaan en wording van Afrik. moes gewees het, namelik die seemans- en die handelstaal. Maar alleen 'n kennis van die 17e eeuse dialekte sou baie in Afrik. kan verklaar. Waaruit moet so'n kennis egter verkry word? Ons het hierbo opgemerk, dat daar uit kontemporêre dokumente wel heelwat omtrent die 17e eeuse volkstaal te lere val, maar daar is miskien meer onbekend as bekend. Hedendaagse monografieë oor 17e eeuse Ndl. behandel in hoofsaak die klankleer en sintaksis, en in minder mate die woordeskat van die taal, en dan nog in die reël alleen van die literatuurtaal. Wat weet ons egter van die woordeskat van die 17e eeuse volkstaal? Ons staan in werklikheid voor 'n lakune in ons kennis van die 17e eeuse volkstaal, 'n lakune, wat nog g'n enkele Neerlandikus vir ons ten volle aangevul het nie. Dit sou anders 'n dankbare studie genoeg wees. Miskien kan die volgende opmerkings enige nuwe gesigspunte open vir 'n sodanige studie van die 17e eeuse volkstaal.

Veel van die 17e eeuse volkstaal sal seker nog in die hedendaagse dialekte bewaar gebly het. Dat veel in die Ndl. dialekte sedert die 17e eeu veranderd is, in hulle lokale en sosiale groeperinge, in hulle klanke en veral in hulle woordeskat, behoef seker g'n betoog nie. Die dialektiese veranderinge sedert die 17e eeu sal in hoofdsaak die gevolg wees van wedersydse beinvloeding onder die dialekte, van die gelykmakende invloed van die "Algemeen Beskaafd", van vreemde invloede en van veranderde kulturele kondiesies in die algemeen. Dat veel uit die 17e eeuse volkstaal egter min of meer onveranderd moes bly, is ten minste "a priori" aan te neem, veral waar die bevolking in Nederland nie deur volksverhuising en verskuiwingsprosesse groot veranderinge ondergaan het nie. Maar 'n

deel van die Ndl. volk het van die twede helfte van die 17e eeu af naar Suid-Afrika verhuis. Wedersydse beinvloeding tussen die taal van daardie landverhuisers en dié van hulle agtergeblewe landgenote in die stamland moes toe so goed as opgehou het. Die invloed kon alleen nog van die Ndl. volkstaal uitgegaan het, maar nie in omgekeerde rigting nie. Dit is moontlik, dat Afrik. en die Ndl. dialekte as 'n geheel sedert die 17e eeu afsonderlik en selfstandig allerlei verskynsels kon ontwikkel het, wat in kiem reeds in beide vóór die splitsingsproses aanwesig was. Dit kan in klank- en buigingsvorme gedeeltelik die geval wees, maar minder waarskynlik in die woordeskat, veral as ons die groot verskille van bodem en bedryf, van omgewing en kultuur, waaronder Afrik. en die Ndl. dialekte as 'n geheel sedert die 17e eeu ontwikkel het, in aanmerking neem. Die taal van die Afrik. koloniste en van hulle landgenote in Nederland kon sedert die 17e eeu met dieselfde gevolge deur dieselfde vreemde invloede beinvloed geword het. Dan moes tot die end van die 18e eeu in altwee die gevalle die vreemde invloed via die handels- en die seemanstaal gekom het. Die verskillende uitwerking van die vreemde invloed op Afrik. en die Ndl. volkstaal sal dan afhankelik wees van die omvang en die graad van intiemheid van die aanraking met die seemans- en handelstaal. Tereg het Dr. Bosman opgemerk: "Dit was natuurlik veel gemakkeliker vir 'n vreemde woord om ingeburger te raak in 'n klein gemeenskap, met vrywel identieke belange, 'n groot famieliekring om so te sê, as om deur te dring tot alle range van 'n volk met uiteenlopende belange en besighede" ("Afrik. en Mal.-Port." blds. 52). Dit wil my dus voorkom, dat vreemde woorde, veral oosterse, wat in Ndl. nie vóór 1657 gedokumenteerd is nie, maar wat vandag beide in Ndl. en in Afrik. bekend is, sedert 1657 in Ndl. en in Afrik. moet gebring wees deur die seemans- en handelstaal. Sulke vreemde woorde kon ook in Afrik. gekom het deur gedurige immigrasie, maar die reeds op die bodem gevestigde koloniste sal die nuwe immigrante in taalopsigte seker geabsorbeer het. Eers van die 19e eeu af het die Ndl. dialekte en Afrik. in belangrike mate onder die invloed gekom van 'n gemeenskaplike vreemde element, Engels, en toe was die verhouding tot en aanraking met die vreemde element in die twee gevalle nog meer verskillend as in die 17e eeu.

Die natuurlikste konklusie lyk my dan, dat wat Afrik. vandag in woordeskat gemeen het met die hedendaagse Ndl. dialekte, en nie met die "Algemeen Beskaafd" nie ,vir 'n groot deel moet teruggaan tot vóór die splitsingsproses van Ndl. en Afrik.

Dan het ons in sulke gevalle te doen met erfgoed uit die 17e eeuse dialekte, met dialektiese woorde, wat in Ndl. in 'n min of meer konserwatief-tradisionele skryftaal nie fortuin gehad het nie. In hoe meer hedendaagse dialekte sulke woorde voorkom, en hoe verder sulke dialekte geografies van mekaar verwyderd is, hoe waarskynliker word oorerwing in Afrik. Wat, weens hulle lokale of sosiale herkoms, met bepaalde woorde in die stamland nie kon gebeur nie, kon ten suide van die ewenaar wel gebeur in die nuwe vaderland, wat aan alle dialektiese woorde gelyke regte toegeken het en hulle voortbestaan afhankelik gemaak het alleen van hulle geskiktheid en aanpassingsvermoë. So kon allerlei woorde, wat in Ndl. as dialekties of plat geld, in Afrik. veredel word. In Suid-Afrika het, vry van die remmende faktore van 'n skriftelike tradiesie en van die uniformiteitseise van 'n "Algemeen Beskaafd", 'n Ndl. dialekmenging uitgegroei tot 'n selfstandige taal, daar het 'n nuwe Germ. taal in historiese tyd tot volle wasdom en mondigwording gekom. As dit die geval is, en my konklusie lyk ten minste logies, dan moet die studie van Afrik. 'n waarde hê vir die Germanistiek, en selfs 'n groot waarde vir ons kennis van die 17e eeuse dialekte in Nederland. Die kennis van Afrik. is dus 'n belangrike hulpmiddel om allerlei dialektiese verskynsels in Ndl. te dateer, en gedeeltelik ook te verklaar. Verdien Afrik. daarom alleen al nie meer studie aan die Ndl. universiteite nie? Noudat die belangrikheid van die dialektologie vir die taalwetenskap algemeen erken word, behoor die tyd van lekevooroordeel en selfs van wetenskaplike "laissez faire" tog seker tot die verlede. En Afrik. het vir die historiese grammatika van Ndl. 'n unieke waarde, waarby dié van die Ndl. dialekte in baie gevalle moeilik kan opweeg.

Hier kan 'n aantal woorde genoem word, wat in die 17e eeu seker tot die dialekte behoor het. Dat dit die geval was, kan 'n mens aflei uit die feit, dat, hoewel hulle in die 17e eeuse literatuurtaal voorkom, hulle al meer en meer deur skrywers vermy is, seker op grond

van hulle minder deftige herkoms, totdat hulle uit die beskaafde skryftaal verdwyn het. Ander sulke woorde en uitdrukkings sal waarskynlik ook tot die dialekte behoor het op grond van die feit, dat ek hulle nie in die 17e eeuse literatuurtaal teëgekom het nie, maar in reisjoernale en volksboekies, waarin manne uit die volk dikwels aan die woord was. Deur gebrek aan noukeurige gegewens is dit vir my onmoontlik om sulke woorde ens. dialekties te lokaliseer, en moet ek my voorlopig tevrede stel met die vermelding van die feit, dat hulle seker tot die 17e eeuse dialekte behoor het. Onder die reeds behandelde woorde en woordvorme, wat waarskynlik alleen in bepaalde dialekte of in die taal van minder ontwikkelde volksklasse voorgekom het, herinner ek aan: *punteneurig, aspres, poerbasledan, makrolletjie, afdraend, opdraend, perske, janlap, seningblare, spanspek, renoster, seekoei, poelpetaan, koperkapel*, e.a. Party daarvan sal seker tamelik algemeen gewees het in die mond van die volksklasse, b. v. *punteneurig, aspres* e.a. Ander daarvan sal waarskynlik meer in bepaalde dialekte voorgekom het, b.v. *makrolletjie, perske, afdraend, opdraend.* Woorde soos *renoster, seekoei, koperkapel* e. a. sal seker net voorgekom het in die dialekte van kringe, wat baie met seelui en reisigers in aanraking was. In die geval van woorde soos *poelpetaan, poerbasledan, janlap, seningblare, spanspek* e. a. beskik ek nie oor voldoende gegewens om 'n bepaalde mening te wettig nie. Oor ander sulke 17e eeuse dialektiese woorde handel ek hieronder.

Ons kan ons egter ook 'n beeld vorm van die 17e eeuse dialekte, die hoofbron van ons Afrik. erfgoed, deur dié woorde na te speur, wat Afrik. vandag met verskillende Ndl. dialekte gemeen het, maar nie met die "Algemeen Beskaafd" nie. Natuurlik is ons gegewens ook in hierdie geval nog verreweg nie voldoende om alle moeilikhede te kan oplos nie. Daarvoor is, ten spyte van 'n aantal dissertasies en monografieë, van idiotika en publikasies van liggame soos die Vlaamse Akademie, nog te weinig gedaan aan die Ndl. dialektologie, sodat allerlei leemtes en lakunes in ons dialekkennis moet beklaag word [1]). Dr. N. v. Wijk het (t. a. p.) reeds daarop gewys, dat

---

[1]) Vgl. Dr. N. v. Wijk — "De leemten in onze dialektkennis" (N. T. V 80 vgg.).

verskillende dialekte nog nie bestudeer is nie, dat die bestaande monografieë nog allerlei leemtes vertoon, en dat transskripsieverskille, afwesigheid van taalkaarte en gebrekkige kennis van die dialekte van vroeër die hedendaagse dialekstudie bemoeilik. Hy,[1]) sowel as Dr. VAN GINNEKEN, [2]) het dit beklaag, dat tot nog toe die meeste aandag gewy is aan die klankleer van die dialekte, en dat die woordeskat, die woordvorming, woordbetekenis en idiomatiek van die dialekte maar al te dikwels verwaarloos is. Ek het my by die vergelyking tussen Afrik. en die Ndl. dialekte dan ook op die standpunt gestel, wat reeds deur Dr. KLOEKE uiteengeset en al deur my aangehaal is, n.l.: "Wanneer we een beeld van de evolutie der dialecten willen krijgen, zullen de groote leemten in de kennis der vroegere dialecten dus moeten worden aangevuld door reconstructies uit den hedendaagschen taalschat" [3]). Dan is daar nog 'n moeilikheid van 'n besondere aard in verband met 'n vergelyking tussen Afrik. en die Ndl. dialekte. Die Afrik. stamouers van Ndl. herkoms het uit alle provinsies van Noord- en Suid-Nederland gekom, en dus verskillende dialekte van huis uit gepraat. Maar in Suid-Afrika sou hulle deureen gaan woon, en moes dus 'n dialektiese "Ausgleich" plaasvind. Moet ons dan op grond van so'n "Ausgleich" die Ndl. dialekte tesame as 'n afgebakende eenheid teenoor die "Algemeen Beskaafd" beskou? of moet ons hulle geografies groepeer? en hoe? Ek het reeds opgemerk, dat dit as 'n metodiese fout moet aangemerk word om die oorsprong van Afrik. uitsluitend in 'n bepaalde Ndl. gewestaal te soek, soos Dr. VILJOEN dit in die dialek van Noord-Holland, Dr. BOEKENOOGEN en Prof. TE WINKEL in dié van Suid-Holland en Dr. FRANKEN dit in Vlaams gesoek het [4]). Hoewel die herkoms van die meerderheid van die koloniste, sowel as ander reeds

---

[1]) Dr. N. v. WIJK "De Studie van Nederlandse Dialekten" (N. T. I. 241 vgg.).

[2]) Dr. J. v. GINNEKEN — "Dialectstudie" ens. bldss. 198, 199.

[3]) Dr. G. G. KLOEKE — "De Weerspiegeling der Historie in de Dialecten," blds. 19.

[4]) Die werk van Dr. FRANKEN is my onbekend. Ek vermeld dit op grond van die mededeling van Dr. BESSELAAR, dat as grondvorm van Afrik. aangeneem is deur "dr. J. L. M. FRANKEN in een nog niet uitgegeven proefschrift, aanvaard door de Universiteit te Gent, het Vlaams" ("Zuid-Afrika in de Letterkunde," blds. 201). Vgl. ook J. VERCOULLIE in "Tijdschr." XXXVIII 302 vgg.

besproke faktore, pleit vir die belangrikheid van die dialekte van Noord- en Suid-Holland en Zeeland, moes daar al baie belangrike redes gewees het om aan daardie dialekte, tot uitsluiting van al die ander, die absolute oorwig te verseker het. Ek kan my dus om metodiese redes nie verenig met 'n vergelyking tussen Afrik. en bepaalde Ndl. dialekte alleen nie. Aan die ander kant is daar besware om die Ndl. dialekte tesame teenoor die "Algemeen Beskaafd" en teenoor Afrik. as 'n eenheid te beskou. Hulle het baie woorde ens. met mekaar gemeen, maar hulle wese bestaan miskien meer in hulle onderlinge verskilpunte as in hulle gemeenskappelike ooreenkoms, wat oud en oorgeërf kan wees of die resultaat van wedersydse beinvloeding in later tyd.

Dan lyk my die volgende manier van groepering en behandeling nog die geskikste, n. l.:

a. Woorde, woordvorme, uitdrukkings ens., wat Afrik. met die 17e eeuse dialekte gemeen het;

b. Woorde ens., wat Afrik. met meer as een Ndl. dialek van vandag gemeen het;

c. Woorde ens., wat Afrik. net met enkele hedendaagse dialekte gemeen het.

Oor die eerste groep het ek hierbo reeds enkele opmerkings gemaak. In die geval van die twede groep kan ons te doen hê met woorde ens., wat van vroeër af algemeen was in die dialekte, of wat oorspronkelik alleen in 'n bepaalde dialek tuis behoor het en vandaar af uit op ander dialekte oorgeplant is. Waar sulke woorde tot 'n groot aantal dialekte, of tot geografies ver van mekaar verwyderde dialekte, behoor, daar lyk die eerste moontlikheid my waarskynliker. Waar hulle alleen tot 'n paar, veral tot aangrensende, dialekte behoor, daar is die twede moontlikheid miskien waarskynliker. Waar ek 'n woord in verskillende dialekte gevind het, daar het ek dit by groep (*b*) geplaas, tensy daar aanwysinge was, dat dit oorspronkelik net in 'n bepaalde dialek bestaan het. Of 'n woord, in die geval van groep (*c*), oorspronkelik uitsluitend tot 'n bepaalde dialek behoor het, is weens al die leemtes in ons dialekkennis al heel moeilik om te beoordeel. Ook die betekenis van 'n bepaalde dialek vir Afrik. kan moeilik beoordeel word naar die aantal woorde, wat daaruit aange-

haal word. Dit hang o. a. van die volledigheid van ons bronne af. Daarby kom nog, dat b. v. die dialekte van Noord- en Suid-Holland, wat ongetwyfeld van baie groot belang was vir die vorming van Afrik., ook 'n groot rol gespeel het in die vorming van Ndl. en sulke groot kontingente woorde aan die "Algemeen Beskaafd" gelewer het, dat daardeur alleen die daarin oorblywende dialektiese afwykinge aansienlik gereduseer moes gewees het. Met hierdie voorbehoud, kan ek die woorde van groep (*c*), naar analogie van my indeling van die plekke van herkoms van die Afrik. stamouers van Ndl. afkoms, as volg indeel:

Woorde uit (1) die *Hollands-Friese* dialekte;
(2) „ *Frankies-Friese* „ ;
(3) „ *Wesfrankiese* of *Brabants-Frankiese* dialekte;
(4) „ *Oosfrankiese* of *Limburgs-Frankiese* dialekte;
(5) „ *Saksiese* dialekte;
(6) „ *Friese* dialekte.

Hierby voeg ek dan woorde ens. uit
(7) die *Platduitse (Oosfriese* en *Noordduitse)* dialekte.

Hierby moet nog opgemerk word, dat, hoewel ek 'n aantal voorbeelde gee van woorde, wat in Afrik. en die Ndl. dialekte alleen klankafwykinge teenoor hulle Ndl. ekwiwalente vertoon, ek sulke woorde en hulle dialektiese klankeienaardighede nie in besonderhede behandel nie. Dit behoor tuis by die klankleer en nie by die studie van die woordeskat nie. Alleen waar vormverskille en dubbelvorme in Afrik. gelei het tot betekenis- of funksiedifferensiëring, daar verdien sulke vorme spesiale vermelding, omdat hulle dan nuwe bydrae tot die woordeskat van die taal verteenwoordig.

(*a*) Uit die 17e eeuse dialekte.

Ek het reeds daarop gewys, dat woorde soos *sens*, *gans en gaar*, *gaar nie*, *aandag*, *niksnuts*, *niksnutter*, *swernoot*, *swernoter*, *wiks*, *uitwiks*, *omsons* e. a. nie in Afrik. as ontleninge uit Duits moet beskou word nie, omdat hulle

al in die 17e eeu in Ndl. voorkom.[1]) Naas hierdie woorde kan 'n aantal woorde genoem word, wat in Afrik. ook gewoonlik as ontleninge uit Duits beskou word, maar wat reeds in die 17e eeu in volksboekies en reisjoernale voorkom, en destyds vermoedelik uit die dialekte gestam het of reeds tamelik algemeen in die skryftaal was. As voorbeelde kan genoem word: *hang* (van 'n berg)[2]), *rug* (van 'n bult), *kop* ("berg"), *drif* (van 'n spruit), *roer*, *sneller*, *korrel vat*, *vrek* (gesê van die doodgaan van vee of wild), *werskaf*, *helfte*, *vergange jaar* ("verlede jaar"), *peits* ("sweep") en die daarmee verbonde w.w. *piet*s ("slaan").[3]) So lees ons b.v. in die meergenoemde "Dagverhaal" van JAN VAN RIEBEEK van *vogelroers* (I 13), *helfte* (I 58), *vergangen jaar* (I 220), *roer* (I 277), *gaer weynigh* (I 487), *carbynroers* (I 494), *vuyrroer* (II 82), *gansch ende gaer* (II 363), *vergangen namiddag* (III 110), *ruggen* (van berge, III 498) ens. PANNEVIS het by *korrel vat* nog gedink aan Duits *aufs Korn nehmen*, maar *op de korrel nemen* was al 'n 17e eeuse ekwiwalent van *op het vizier nemen*, uitdrukkinge, wat blykbaar nog in die Ndl. jagterstaal bekend is (vgl. VAN GINNEKEN — "Hdbk." II bldss. 267 en 274). Het 'n uitdrukking soos *korrel vat* miskien deur die jagterstaal in die Ndl. dialekte gekom, dan is, soos ek reeds opgemerk het, *blits* deur die seemanstaal geimporteer. Deur Duitse hulptroepe van die Tagtigjarige Oorlog af, deur Duitse Kompanjiedienaars, soldate en seelui, van die begin van die 17e eeu af en deur Nederlandse seelui, wat in die Noordduitse hawens soos Hamburg e.a. baie met Duitse seelui en kooplui in aanraking was,[4]) moes 'n groot aantal Duitse woorde in die Ndl. seemans- en soldatetaal, en vandaar uit in die dialekte, lang voor 1657 reeds gebring gewees het. Wat meer is, die 17e eeuse skryftaal het allesbehalwe konserwatief of antipatiek teenoor sulke woorde gestaan, maar hulle inteendeel verwelkom. Soos in die vryheidsoorlog teen Spanje gebruik gemaak is van Duitse hulptroepe, so het die 17e eeuse skrywers

---

[1]) Dit is baie twyfelagtig of hierdie woorde ens. as oorspronklike Germanismes in Ndl. moet beskou word, en dat hulle dit in Afrik. is, daarvoor is daar nog minder bewyse.

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. V 2084.

[3]) Party van hierdie woorde is al Mnl. b.v. *roer*, *werskaf*, *helfte* (vgl. Mnl. Wdbk.), ander kry ons al by KILIAEN b.v. *peits* (s. v. *pitsche*, en vgl. Ndl. Wdbk. XII 976).

[4]) Vgl. DIFEREE — "Gesch. Hand." blads. 139.

en digters in die puristiese taalstryd teen Frans gebruik gemaak van Duitse hulpwoorde (vgl. II § 1). Dr. HESSELING het dan ook reeds aangetoon, dat byna al die woorde en uitdrukkinge, wat SCHUCHARDT (in "Literaturblatt für germanische und romanische Philologie", 1885) in Afrik. as ontleninge uit Duits aangesien het, bekend is in Ndl. en veral in die Ndl. dialekte, en dat party daarvan tot die 17e eeu teruggaan (vgl. "Het Afrik." bldss. 84—87). Maar Dr. HESSELING het op sy beurt *met... saam* nie as 'n Germanisme nie, maar as 'n Maleïsme beskou, wat Dr. BOSMAN bestry het op grond van die feit, dat *sampt met, met sampt, met 't samen, met samen* ens. [1]) gebruik word deur Vondel en Bredero, in die Bybel en in werke soos JAN VAN RIEBEEK se "Dagverhaal" [2]). Dat dit al vóór die middel van die 17e eeu in Ndl. in gebruik was, word seker bewys deur die feit, dat MEYER *samt met* as 'n argaïsme vermeld (vgl. "Wd.schat", blds. 866). Die gebruik van uitdrukkinge soos "*met* 'n lat *saam* straf" (of slaan) is in Afrik. egter beperk tot die Kaap Kolonie, en meer bepaald tot die Westelike Provinsie. Algemeen in Afrik. is: "wat *maak* jy?" en "wat *werskaf* jy?" — wat ook nie as Germanismes in Afrik. kan aangesien word nie. [3]) Aan die ander kant word uitdrukkinge soos: "jy is *'n mooi een*" of "*'n ander een*" in Afrik. as Anglisismes beskou. Maar Prof. A. FRANCKEN het reeds aangetoon (in "De Unie", Maart 1912, blds. 279 vgg.), dat "*die ander een*", "*'n beter een*" en "*enigeen*" ("*enig*") nie sonder meer vir Anglisismes moet aangesien word nie. [4]) "Je bent *'n mooie een*" word vandag nog in Friesland gehoor. [5]) "*Van* iets praat", "iets *aan* brand steek", "*na* iemand (of iets) wag", "*agter* iets kyk", "iets *aan* flenters breek", "iets *stukken(d)* slaan", "*deur die bank*" ens. was in die 17e eeu al bekend en party van hierdie uitdrukkinge was toe al in die literatuurtaal tamelik algemeen. [6]) Opvallend is veral die ooreenkoms in die gebruik van die parataktiese konstruksie in Afrik. en by BREDERO (vgl.

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. IX 612.
[2]) Vgl. "Afrik. en Mal.-Port." blads. 81—3.
[3]) Vgl. o.a. Ndl. Wdbk. IX 121.
[4]) Hierdie uitdrukkinge kom b.v. by BREDERO voor (vgl. ook Ndl. Wdbk.).
[5]) Vgl. WALING DIJKSTRA — "Fr. Wdbk." II 2.
[6]) Vgl. J. O. S. VAN DER VEEN — "Het Taaleigen van BREDERO", blds. 86 vgg.

J. O. S. v. D. VEEN — "Het Taaleigen van BREDERO", blds. 117 vgg.), veral in die geval van die w.w. *lê* (*liggen, leggen*), *sit, staan* en *loop* (vgl. o. a. Ndl. Wdbk.).

'n Afrik. spreekwoord sê: "'n Mens mag nie met siektes spot nie", maar die taal self ken allerlei spotname vir siektes (veral vir voorgewende siektes), en daarvan stam die volgende spotname reeds uit die 17e eeuse dialekte: *cpekonders*, *papelellekoors* en *piep* [1]). So stam daar uit die 17e eeuse dialekte allerlei woorde, wat vandag beskou word as tiepies Afrik., omdat hulle so nou verbonde is met die Afrik. bodem en bedryf, met die Afrik. diere- en plantewêreld, met die Afrik. huislike lewe, met oorlog, jag en trek. In verband met die Afrik. bodem en bodemsgesteldheid kan ek wys op oorgeërfde woorde soos: *spruit, vlakte, klipsteen, wilsand* = *wildesand, vlak* (Ndl. *ondiep*) en *leeg* (Ndl. *laag*). *Leeg* = *laag* kom reeds in Mnl. (vgl. Mnl. Wdbk.) voor, maar is vandag nie meer in hierdie sin in die skryftaal in gebruik nie. In Afrik. is dit ook min of meer dialekties in gebruik, en kom dit meer in die Vrystaat en Transvaal as in die Kaap Kolonie voor. Dit geld ook van *leegte* naas *laagte*.

In verband met die boerebedryf kan gewys word op woorde soos: *bloedlaat* (Ndl. *aderlaten*) [2]), *beeste* (Ndl. *runderen*) [3]), *hartslag* (nog dial. Ndl. *hartslag*) [4]), *tang* (van 'n wa), *langwa* [5]), en *drywer*. In *drywer* hoef ons dus nie die Eng. *driver* te sien nie [6]), en JAN VAN RIEBEEK gebruik die woord *beeste* tamelik gereëld in die sin van „koeie, osse" ens. (vgl. „Dagverhaal" I 136, III 328, 329 en passim.). In verband met oorlog en jag staan oorgeërfde woorde soos: *buks, geweer, haan, snaphaan, kolf, korrel, pan, versier, tonteldoos, vuurslag, bandelier, koeël* (17e eeuse *coegel*), *aanlê, mik* e.a. Die meeste hiervan is nog in Ndl. algemeen in gebruik (vgl. Ndl. Wdbk.).

---

[1]) Hierdie drie woorde is byna sinoniem. *Epekonders* verskil dus van die gebruiklike betekenis van Ndl. *hypochonder* (Ndl. Wdbk. VI 1352), *piep* is dieselfde woord as Ndl. *pip*, dialekties *piep*, en in *papelellekoors* sal ongetwyfeld die woord *papelarden*, *papelaerdie* (vgl. Mnl. Wdbk.) skuil, soos Dr. MANSVELT reeds vermoed het.

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. I 812, II 2871. [3]) Id. II 1333.

[4]) Id. VI 85. [5]) Id. VIII 1051.

[6]) Dit word al in 'n Afrik. reisverhaal van 1778 gebruik (vgl. GODÉE MOLSBERGEN — "R. i. Z. A." II 63 aant. (2)). Nie presies so in Ndl. (vgl. Ndl. Wdbk. III 3359.)

Maar in verband met die huislike en alledaagse lewe is daar 'n aantal woorde, wat in Ndl. alleen nog gewestelik in gebruik is, of anders as argaïsties geld of vir plat gehou word. Enkele daarvan het selfs in die 17e eeuse skryftaal ingedring maar kon hulself, waarskynlik weens hulle afkoms uit die dialekte op die duur nie in die skryftaal handhaaf nie. Ons moet sulke woorde in Afrik. dan beskou as erfgoed uit die 17e eeuse dialekte, b.v. *aantrek*, *uittrek* (Ndl. *aan-* en *uitkleden*), *mangel* (Ndl. *amandel*), *laat spat* (dial. Ndl. *de spat zetten*), *diefte* (reeds Mnl., Ndl. *diefstal*), *même* of *memme* (Patr. Wdbk. „nurse"), *motjie* (Patr. Wdbk. „old coloured female"), *respek hê* (= „bang wees"), *stelletjie* (Ndl. *stilletje*), *gesels* [1]), *babetjie*, *streepsuiker*, *rottingolie*, e.a. Woorde soos *diefte* en *stelletjie* is stellig aan uitsterwe in Afrik., want ek het hulle alleen nog by ou mense gehoor. By *memme* (*même*) en *motjie* het ek die betekenisse van die Patr. Wdbk. opgegee, omdat hierdie woorde in my eie spraakgebruik onbekend is. *Memme* (*même*) is stellig ook in Afrik. verouderd, en dat *motjie* in die Vrystaat en Transvaal nie gebruik word nie, is begrypelik, want dit word in die Kaap Kolonie toegepas op 'n „Slamse meid" (vgl. Huisgenoot", Febr. 1921, blds.418) [2]). *Rottingolie*, wat ook in Ndl. nog bekend is, sal in Afrik. seker 'n oorgeërfde produk van volkshumor wees, en in Afrik. *streepsuiker* moet ons waarskynlik 'n oorgeërfde kontaminasieproduk van die dialektiese *strip*(*s*), *striep*(*s*), *streep*(*s*) en *stocksuiker* sien. [3])

Van enkele Afrik. woorde is die oorsprong nie so deursigtelik nie, maar daar is rede om te glo, dat ons te doen het met oorgeërfde woorde, wat miskien al in 17e eeuse Ndl. of anders later in Afr. vervorm is. Ek noem hier *jilletjies*, *toiing* en *kenta*.

Jilletjies stam ongetwyfeld uit 'n 17e eeuse dialektiese vorm *jelletjes* afkomstig uit *gelletjes* (vgl. Ndl. Wdbk. IV 1225) [4]). *Toiing* lyk my 'n vervorming van *tod*, *todde*

---

[1]) Hierdie uitgang is in Ndl. 'n Wesvl. eienaardigheid, vgl. DE BO *meerzen*, *klaarzen*, en is reeds Mnl. b. v. *meersen*, *claersen*, *huursen*, *gevoersen* (vgl. Mnl. Wdbk.)

[2]) Vir *memme* vgl. Ndl. Wdbk. IX 511–2, en *motjie* vgl. id. IX 1172.

[3]) Vgl. Dr. F. A. STOETT — "Spreekwoorden," blds. 469.

[4]) Vgl. Prof. J. TE WINKEL — "Het Ndl. in Noord.-Am. en Z.-A." (in "Vragen van den Dag" XI blds. 350). PETTMAN het die woord afgelei van Frans *gile* of (*gille?*) = "a clown" ("Africanderisms"), en Dr. HESSELING van Mal. *gila* = "dwaas" ("Brdwg." van 15 Jan. 1914, blds. 501).

(= „'n vod, 'n flenter" ens.). Die klankontwikkeling lewer egter moeilikhede op, want *toiing* is nie op een lyn te stel met *fraiings*, *goiing* en *kastaiings* nie, en *kaiing* (Ndl. *kaai* of *kaan*) kan sy klankvorm te danke hê aan 'n kontaminasie van *kaai* en *kaan*, aan die meervoudsvorm *kaaien* of aan die verkleiningsvorm *kaan(t)jie*. Die meervoudsvorm *todden(s)* of 'n veronderstelde samestelling *todding* help ons ook nie heeltemal uit die moeilikheid uit nie.

Of het 'n meervoudsvorm *todden(s)* hom eenvoudig analogies aangesluit by *goiing* e. a. en > *toiings*? Ook in die Eng. "slang" bestaan 'n woord *tots* (= "flotsam and jetsam") en daarmee verbonde *totting* (= "bone-picking", vgl. "The Slang Dictionary", Londen, 1874, blds. 327). Die woord kom nog nie by KILIAEN voor nie (vgl. FRANCK-VAN WIJK). Dit laat vermoed, dat ons in *toiing* te doen het met 'n 17e eeuse volkstaalwoord, en waarskynlik met 'n seemanswoord.

In *kenta* moet ons waarskynlik 'n vervorming van *kind(s)* sien. Die vorm *kinta* word nog, veral in die Kaap Kolonie, gebruik vir *kind*. Wat die uitgang betref, kan ons die vorm vergelyk met *boeta*, *Pieta* ens. Dr. P. J. DU TOIT het in die uitgang van *boeta* 'n vereenvoudiging van *-jang* (< Mal.-Port. *boedjang*) gesien (vgl. "Afrik. Studies", bldss. 41—43). Teen hierdie verklaring het Dr. BOSMAN reeds opgekom ("Afrik. en Mal.-Port." bldss. 54—55). By Dr. BOSMAN se opmerkings sou ek wil voeg: gestel dat Dr. DU TOIT se afleiding reg is, hoe moet ons dan die vorme *Pieta*, *tanta*, *kenta* e. a. in Afrik. verklaar? Moet ons dan aan analogie dink? en het die analogiewerking van die enkele vorm *boeta* oorgegaan op al die ander? Maar *boet* is, soos ek in die volgende paragraaf sal aantoon, in verskillende Ndl. dialekte bekend, sodat die hele veronderstelling van Dr. DU TOIT m. i. verval. Dan staan ons voor een en dieselfde moeilikheid in die geval van *boeta* en *kenta* ens. Nou ken ek ook nog 'n vorm *kentag*, waarvan die uitgang herinner aan die plat uitspraak van enkele woorde, soos *magtag*, *regtag*, *wragtag*, *kragtag* ens. So kan die vorm *kentag* miskien verklaar word, maar *kenta* moeilik, en *boeta* heeltemal nie. Welke van die twee vorme *kenta* en *kentag* is oorspronkliker? Gegewens ontbreek my om dit te beslis, en ek erken, dat ons hier met 'n Afrik. klankverskynsel te doen het, wat nog

op 'n verklaring wag.[1]) Die afleiding van *kenta*, *kentag* uit *kind(s)* bied, sover dit die betekenis geld, nie te groot besware nie. Iemand word *kenta* genoem, wanneer hy weens verlies of voorgewénde verlies bang word om verder saam te speel by albaster- of knoopspeletjies (vgl. MANSVELT). Dan word hy soos 'n kind, wat altyd graag wil wen, maar wat by verlies dadelik ophou om saam te speel. Die Patr. Wdbk. gee: "*kenta*, bv. en bw. false-ly." In hierdie betekenis ken ek die woord nie. Dit is miskien 'n afgeleide betekenis. Is *kind(s)*, gestel dat dit die oorsprong van ons *kenta* is, al in die 17e eeu in Ndl. by die albasterspel of soiets in gebruik gewees? Op grond van die feit, dat die albasterspel self, en 'n groot deel van die daarmee verbonde terminologie, soos ons in die volgende paragrawe sal sien, oorgeërf is, lyk dit my baie waarskynlik. Dan was *kenta*, *kentag* miskien al 'n 17e eeuse vervorming van *kind(s)* in die kindermond (vgl. *oupa*, *ouma*, *boeta*, *tanta*, ens.)

'n Aantal woorde verdien weens hulle vorme enige opmerkings. *Koei* en *vlooi* is b.v. al Mnl. enkelvoudsvorme, en so ook *oest*, wat in die 17e eeuse literatuurtaal voorkom in die vorme *oeghst*, *oegst*, *oest*, waaruit die Afrik. *oes* stam, wat Dr. HESSELING in *lammeroes* en *koffieoes* vir eienaardige meervoudsvorme aangesien het ("Het Afrik." blds. 133, aant. 2).[2]) (*N*)*iewers* en *kwakkel* bestaan in Afrik. nog nes in Mnl. en in 17e eeuse Ndl. as gelykwaardige vorme naas (*n*)*ergens* en *kwartel*[3]). Maar *teiken* en *teken*, *vleis* en *vlees*, *sag* en *saf* ens. druk in my spraakgebruik betekenisverskille uit. Ek gebruik *teiken* alleen in *teiken skiet*, *teiken gooi* ens. vir die "skyf of doel waarnaar geskiet of gegooi word", in ander gevalle praat ek van *teken* b.v. "'n *teken* van reën", 'n *litteken* ens. *Vlees* bestaan in my spraakgebruik alleen nog in die stereotiepe uitdrukking: "nog vis nog *vlees*"; in alle ander gevalle gebruik ek *vleis*[4]).

---

[1]) SCHONKEN het daaromtrent reeds enkele opmerkings gemaak, vgl. "Oorspr. d. K. H. Volksoverl." blds. 159, aant. (4). J. VERCOULLIE het reeds in 1914 die verklaring van Dr. P. J. DU TOIT verwerp, en gewys op die Wesvl. vorme *boetje* (= Afr. *boetie*) en *boeten* (= Afrik. *boeta*, en *ouboet*) vgl. "Tijdschr." XXXVIII 304, en "Etymologisch Kleingoed" (1930).

[2]) Vgl. Dr. BOSMAN — "Afrik. en Mal.-Port. "blds. 94 aant.

[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII 675 en IX 1977.

[4]) Die vorme met -ei- is nog tiepies Noordholl., al kom hulle ook elders voor (vgl. BOEKENOOGEN).

So praat ek van 'n *sagte* sowel as van 'n *safte* perske, maar alleen van *sagte* sy of 'n *sagte* kleur. 'n *Sagte* man is "*sag* van geaardheid", 'n *safte* kêreltjie is "onervare". Is die laasgenoemde gebruik van *saf* in Afrik. miskien beinvloed deur die Eng. *soft, softy*? [1]) *Kos, begos, dog, brog* kom as sporadiese argaïsmes in Afrik. voor nes in 17e eeuse Ndl. *Appelkoos* en *perlemoen* is reeds 17e eeuse volkstaalvorme (vgl. Ndl. Wdbk. II 564 en XII 472). *Sif* (Mnl. *sift*, Ndl. *Zeef*), *speek* (Mnl. *spêke*, Ndl. *spaak*), *lewerkie* (Ndl. *leeuwerik*), *watte*? (Ndl. *wat*?), *sê* (Ndl. *zeg*) is almal nog 17e eeuse woordvorme. *Watte* word, sover my bekend is, in Afrik. alleen in die Boland gebruik. *Leggen* was in die 17e eeu nes in Mnl. nog gelykwaardig met *liggen*. JAN VAN RIEBEEK skrywe b.v. dikwels *leggen* i. p. v. *liggen* ("Dagverhaal" I 24, 33, 35 en passim) [2]). *Rooi* word in Afrik. as selfst. n.w. en as byv. n.w. (attrib. en pred.) gebruik, *dooi* alleen as byv. n.w. attrib., die pred. vorm is *dood*, en die selfst. n.w.w. is *dood, 'n dooie, dooies*, en *kwaai* druk 'n vaste eienskap en *kwaad* 'n tydelike toestand uit. *Skai* (of *skaai* = steel) is seker nie 'n Hott. woord nie, waarvoor Mnr. VON WIELLIGH dit aangesien het (vgl. "Huisgenoot", Jan. 1921, blds. 393), maar waarskynlik al 'n 17e eeuse vorm van *schaden* [3]) (vgl. MANSVELT). Hierdie opvatting oor die herkoms van *skai* (*skaai*) word bevestig deur die vorm *versmai* (of *versmaai*), wat ongetwyfeld moet afgelei word van *versmaden*.

Suiwer grammatiese kwessies, soos die van Ndl. afwykende gebruik van meervoudsvorme op —s (*mans, leegtes*), op —ens (*beddens, vrouens*), op —ers (*klippers, ruspers*); van verkleiningsuitgange op —ie (*broekie, boekie*), op —tjie (*deurtjie, tuintjie*); van *die* as lidwoord; van *wat* as relatief; van die omskrywing van die genitief deur middel van die besitlike voornaamwoord; van die voorvoeging van ge — by die verl. deelw.; van die parataktiese sinstelling — vir almal waarvan parallelle te vind is in 17e eeuse Ndl. en veral in die 17e eeuse dialekte, — al sulke kwessies laat ek hier agterwege om my hoofsakelik by die woordeskat van Afrik. te bepaal.

Dan kan ons let op 'n aantal woorde, wat Afrik. met

---

[1]) Die vorm *saft* is natuurlik dial. Ndl. (vgl. BOEKENOOGEN).

[2]) Vir die gebruik van *leggen* = *liggen* vgl. Mnl. Wdbk. en Ndl. Wdbk. VIII 1415 en 2157. Afrik. gebruik alleen *lê*.

[3]) Die vorm *schaai* (= *schade*) is nog gewoon in Ndl.

verskillende Ndl. dialekte gemeen het, en nie met die "Algemeen Beskaafd" nie. Sulke woorde stam waarskynlik ook uit die 17e eeu, en moet dus ten opsigte van Afrik. as erfgoed beskou word. Maar, daar ek hulle nie, of nie in dieselfde betekenisse, in 17e eeuse geskrifte teëgekom het nie, kan hulle hier as dialektiese gemeengoed behandel word. Die meeste van hierdie woorde is geput uit dissertasies en monografieë oor die Ndl. dialekte, en naar gewoonte word alleen in kwestieuse gevalle naar die besondere bron verwys.

(b) Uit dialektiese gemeengoed.

Ek het reeds duidelik gemaak, wat ek onder dialektiese gemeengoed wil verstaan hê, op watter soort van bronne my informasie berus en gewys op bepaalde leemtes in die bronne in die algemeen. Hieraan moet enkele opmerkings toegevoeg word oor die bepaalde moeilikhede, wat 'n vergelyking tussen Afrikaans en hedendaagse dialekte in Nederland oplewer. Die monografieë oor die Ndl. dialekte gaan almal, behalwe by die behandeling van die klankleer, van die teenswoordige taaltoestande uit. Die taalkaarte, wat in sulke werke voorkom, gee dus alleen 'n voorstelling van die teenswoordige groepering van die dialekte. Maar daar is sedert die 17e eeu allerlei dialektiese verskuiwingsprosesse van kleiner of groter omvang aan die gang gewees. Selfs by die afwesigheid van sulke verskuiwingsprosesse moes die proses van taalosmose gedurig in werking gewees het. Vroeër was die dialekgrense dus baie skerper as nou [1]). Hoe die verhoudinge en groeperinge in die 17e eeu presies was, is moeilik om vandag met wetenskaplike sekerheid vas te stel. En dit is juis die 17e eeuse taaltoestande, wat vir ons van belang is met die oog op die ontstaan van Afrik. Enkele van die monografieë oor die Ndl. dialekte gee 'n historiese behandeling van die klankleer, maar nie van die woordeskat nie [2]). Wanneer en vanwaar bepaalde woorde in bepaalde dialekte gekom is, kan dus moeilik uitgemaak word. As Afrik. allerlei woorde bewaar het, wat sedert die 17e eeu uit die skryftaal verdwyn is, dan kan dit ook die geval met dialektiese woorde wees. Die Ndl.

[1]) Vgl. Dr. N. v. Wijk — "Over dialektgrenzen" (N. T. VI 1912 blds. 126).
[2]) Dr. Boekenoogen's "De Zaansche Volkstaal" vorm hierop een van die gunstigste uitsonderinge.

dialekte het sedert die 17e eeu ongetwyfeld heelwat woorde moet prysgee ten gevolge van die gelykmakende invloede van kerk en skool, literatuur en pers, in kort, ten gevolge van die nivellerende invloede van die moderne beskawing. Dr. VAN GINNEKEN beweer selfs: "De Ausnahmslosigkeit der Lautgesetze ligt verslagen ..... geen scherpafgegrensde dialecten met vaste klankwetten....." ("Dialectstudie", bls. 200). Dan bestaan die moontlikheid, dat Afrik. woorde oorgeërf het, wat vandag as oorspronklik Afrik. woorde beskou word of waarvan die afleiding onverklaarbaar is, eenvoudig omdat hulle nie meer in die Ndl. dialekte kan gevind word nie. Verder moet daarop gelet word, dat die bestaande taalkaarte ens. meesal berus op 'n isofoniese basis, en dan nog boënop gemaak word met inagneming alleen van enkele tiepiese klankverskynsels en met verwaarlosing van wat as minder tiepies beskou word. Hoe anders die hedendaagse dialekkaarte, selfs as hulle op 'n isofoniese basis berus, daar dus kan uitsien, is begrypelik. En selfs die idiotika, wat die woordeskat van verskillende dialekte behandel, gaan in die reël uit van groeperinge, wat gemaak is op grond van isofoniese verskynsels.

Hoe anders sou sulke dialektiese woordeboeke nie waarskynlik daar uitgesien het nie, as hulle berus het op die isoglosse. En dit is juis die isoglosse, meer as die isofone, wat vir ons studie oor die woordeskat van Afrik. van belang is. Die Ndl. dialekte bied dus 'n ruim, maar 'n moeilike, studieveld vir die Afrik. taalgeleerde. 'n Onberekenbare hoeveelheid voorwerk moet nog eers deur Ndl. dialektologe klaargemaak word [1]). Maar selfs dan nog sou dit van belang bly vir 'n Afrikaanse taalgeleerde om in verskillende dele van Nederland in aanraking te kom met die volksklasse, om hulle dialektiese spraakgebruik te beluister, om eie vergelykinge te maak tussen die verskillende Ndl. gewestale, en tussen die dialekte as 'n geheel en Afrik., en om die gegewens van sy skriftelike bronne te kontroleer en vas te stel. Daarvoor is 'n verblyf van enige jare in Nederland met hierdie spesiale doel voor oë gewens. Oor soveel tyd kon ek ongelukkig nie beskik nie, maar in die loop van die jare 1913, 1914 en 1921

[1]) Ek hoef alleen maar te wys op die ondersoekingswerk wat nog voortgeset word deur manne as FRINGS, SCHRIJNEN, VAN GINNEKEN, KLOEKE e. a.

het ek heelwat opgeteken uit die mond van dialeksprekers in die provinsies Noord- en Suid-Holland; in Noord-Holland te Amsterdam, Zaandam, Broek-in-Waterland, Edam, Zandvoort en Abcoude, in Suid-Holland te Rotterdam, Oud-Alblas en Oud-Beierland. Waar ek gebruik maak van sulke persoonlike aantekeninge, vermeld ek dit uitdrukkelik, omdat dit byna altyd woorde ens. geld, wat nie in my skriftelike bronne te vind is nie. Ten spyte van al die moeite wat ek gedoen het om alle moontlike monografieë oor die Ndl. dialekte te raadpleeg, en die gegewens daarvan sover moontlik deur eie aantekeninge te kontroleer, voel niemand seker beter as ek die moeilikhede, wat daar aan hierdie onderneming verbonde is nie. 'n Uitgewerkte vergelyking tussen die Ndl. dialekte en Afrik. ten opsigte van hulle woordeskat is 'n onbegane weg in die Afrik. taalkunde, en die gebreke en tekortkominge van sulke pionierswerk sal hier stellig nie uitbly nie. Wat die waarde van sulke voorloperswerk is, sal groteliks van die uitslag moet afhang. Hier kan ek die uitslag meedeel van wat, volgens my ondersoek, Afrik. met meer as een Ndl. dialek skyn gemeen te hê, maar nie met die Ndl. "Algemeen Beskaafd" nie.

Dan kan ons begin met 'n aantal woorde uit die huislike lewe en die kinderkamer. *Pa* en *ma* is algemeen Ndl., maar *opa* en *oma* alleen in die kindertaal. *Opa* en *oma* word in Ndl. in die mond van volwassene alleen teen kinders gebruik, daarenteë is *oupa* en *ouma* in Afrik. nes in verskillende Ndl. dialekte die gebruiklike woorde, nes *pa* en *ma*. DORREN verwys vir die gebruik van *auba* in "Valkenburgsch Plat" selfs naar die Afrik. *oupa*, en haal die gebruik van *auba* aan uit 'n "kinderdeuntjie waarin een oeroude rechtsvorm verscholen ligt." Dan is die gebruik van *oupa* seker ook al oud [1]). Naas *pa*, *oupa*, *ma*, *ouma* bestaan in Afrik. nog *paai* en *maai*, alleen in veragtelike sin. Ons het gesien, dat *paai* (< Port. *pãe*, Dr. HESSELING—"Het Afrik." blds. 99) [2]) al in die seemanstaal van die twede helfte van die 17e eeu bekend was, en waarskynlik selfs vroeër, sodat die woord in Afrik. seker oorgeërf is. *Ou paai* word vandag in Afrik., behalwe in

[1]) Die datering van die Ndl. Wdbk. is onseker vgl. V 1118, IX 163, en XI 330.

[2]) So ook Ndl. Wdbk. XII 4, anders FRANCK-VAN WIJK, wat *paai* aflei uit Mnl. *pâde* < Mlat. *pater*.

die samestelling *paaiboelie* of *ou paaiboelie*, weinig gebruik, maar vroeër was dit in die Kaap Kolonie nog seker algemeen in gebruik, wat ook pleit vir die herkoms van die woord uit die seemanstaal[1]). So skrywe ADAM TAS aan die begin van die 18e eeu nog in sy "Dagboek" (blds. 42), "dat ik *paay Bachus* zelfs hadde gesproken." Die afleiding van *paaiboelie* was vir Dr. HESSELING nie duidelik nie, maar hy het gedink aan *paai* (< Port. *pãe*, Mal.-Port. *pay*) en die Eng. *bully*. Dr. P. J. DU TOIT het in *boelie* egter die Mal. *boelai* of *boelé* (= "albino; witmens") gesien, sodat *paaiboelie* sou beteken "die ou witman" (vgl. "Afrik. Studies", blds. 55). Onmoontlik is hierdie afleiding nie, maar dit berus op 'n blote gissing, en dan kan 'n mens net sowel dink aan 'n samestelling van *paai* met die eerste element van *bulleman* of *bullebak*, miskien onder invloed van die een of ander dialektiese woord[2]). So ken ek nog 'n kinderliedjie met die woorde: „*Ou paaiboelie, ou paaibaai*". Vir 'n klankwettige ontwikkeling uit *paaibulle*(*man*) of *paaibulleb*(*ak*) hou ek *paaiboelie* egter nie. In sulke woorde sou ek geneig wees om eerder aan analogie, volksetimologie of klanknabootsing as aan klankwettige ontwikkelinge te dink. So ken ek uit die Afrik. kindertaal, in dieselfde betekenis as *ou paaiboelie*, ook nog *kôkôban* en *kôkômê*, wat seker produkte van klanknabootsing is. Ons het gesien, dat ADAM TAS skrywe van *paay Bachus*, en dan kan 'n mens in *paaiboelie* ook 'n samestelling sien van *paai* met een of ander eienaam. En nou is dit wel merkwaardig, dat DEHÉRAIN onder 'n aantal Kaapse slawename vermeld o.a. *Jamboely* en *Domboely* („Le Cap" ens. blds 209). Dan was *-boeli?* miskien 'n veelvoorkomende element in die eiename van Kaapse slawe.[3]) Oor die afleiding van *paaiboelie* moet ons m. i. voorlopig dus nog ons oordeel opskort. Veel beter

---

[1]) LICHTENSTEIN vertel ons, dat dit in die Kaap Kolonie gebruikelik was om 'n slaaf as "*pay of jongen*" aan te spreek. ("Reizen" I 233 aant.)

[2]) Prof. SMITH skrywe met baie beslistheid: "*Paaiboelie* is 'n samestelling van *paai* (eintlik "vader") en *boelie*, wat blykbaar dieselfde stam bevat as die eerste deel van Ndl. *boeman*, Skots *boorieman* "spook" of "duiwel" (vgl. "Huisgenoot", Aug. 1901, blds. 149, aant. 3).

[3]) Vir so'n afleiding van *paaiboelie* < *paai Boelie* pleit die aangehaalde opmerking van LICHTENSTEIN. Of 'n mens kan ook dink aan die Suidoos-Vlaamse *pere baboe*: ("ingebeeld schrikwezen voor kinderen," TEIRLINCK. blds. 93.)

bekend as *paai* is die woord *maai* (= „moeder, moer"), wat nog dikwels gebruik word in die plat uitdrukkinge, „jou *maai*", en „loop naar jou *maai*"[1]). Hierdie woord het Dr. HESSELING afgelei van Port. *mˇe*, Mal.-Port. *may* (= moeder)[2]). „Dat die Hollandse matrose 'n woord soos *maai* uit Port sou oorgeneem het," sê Dr. BOSMAN, „kom my nie baie waarskynlik voor nie. Dit is nie onmoontlik dat *maai* naar die voorbeeld van *paai* gevorm is nie. *Maai* kan egter ook in Suid-Afrika direk aan die slawetaal ontleen wees; vergelyk die uitdrukking: *Loop nâar jou maai*, of *jou moer*" („Afrik. en Mal.-Port." bldss. 64—65).

Nou kom die woord *maai* in die Afrik. sin in verskillende, veral in Suidndl., dialekte voor[3]). By CORNELISSEN en VERVLIET („Idiot. v. h. Antw. Dial." III 785) beteken *maai* o. a. „arm mensch", en by Joos („Waasch Idiot." 810) "vuile dochter, vuile vrouw", wat goed met die Afrik. betekenis ooreenkom. Is die woord *maai* in hierdie dialekte sowel as in Afrik. uit Port. gekom? en wanneer? of het ons in Afrik. te doen met 'n oorgeërfde dialektiese woord? En waar kom ons in Afrik. aan *maaifoedie*? Dit lyk my dieselfde woord te wees as die by DE BO en CORNELISSEN en VERVLIET voorkomende *maaivoet*, wat KILIAEN ook reeds vermeld (vgl. Ndl. Wdbk. IX 17). Sy betekenisinhoud maak die woord geskik as 'n skeldwoord en verwensing. In die twede deel van die Afrik. woord kan daar moontlik ook bygedagte wees aan die by KILIAEN voorkomende *fotte*, Ndl. *vot* (vgl. *hondsvot* en die skelnaam *matsfots*, Ndl. Wdbk. IX 321). Dan kan ons *maai* en *maaifoedie*, en miskien selfs *paai* (en *paaiboelie*?) nes *oupa* en *ouma* beskou as erfgoed uit die Ndl. dialekte. En wat van *boet* of *boetie*? As Dr. P. J. DU TOIT en Dr. BOSMAN gelet het op die dialektiese vorme van *broer*, *broertjie* in Ndl., dan was al hulle geskrywe oor *boet*, *boetie* onnodig gewees. Van die Veluwe tot in Zeeland kom in die kindermond die volgende dialektiese vorme van *broer*, *broertjie* voor, n.l. *boet*, *beut* en in Haspengou *boeteken*[4]). Dr. MANSVELT het dus volkome gelyk gehad met sy opvatting, dat *boet*, *boetie* in Afrik. 'n vervorming van *broer*, *broertjie* is in die kindermond;

[1]) Vgl. Ndl. *Loop naar je grootje!* (Ndl. Wdbk. V 1113 en 1122).
[2]) Vgl. "Het Afrik". bldss. 96 en 99.
[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. IX 15.
[4]) Vgl. J. VERCOULLIE se vermelding hierbo meegedeel van *boetje* en *boeten* as Wesvl. Ook "Loquela" *boutje* en *bouten*.

alleen moet daarby gevoeg word, dat dit waarskynlik 'n oorgeërfde vervorming is. Die moeilikheid, wat die vorm *boeta* oplewer, het ek reeds bespreek in verband met *kenta*. Kan die vorme *boeta* en *kenta* nie ook oorspronkelik vervorminge in die kindermond gewees het nie? Daarvoor bestaan daar analogieë genoeg in die gebruik van *papa, pa, mama, ma, oupa, ouma* en in kindertaalwoorde soos *a, akka, kakka* ens. Die woord *a* (= afgaan) word in verskillende dialekte in die kindertaal gebruik, en is miskien 'n eufemistiese verkorting uit *akka* uit *kakka*, wat ook in verskillende dialekte voorkom. Daarnaas kom ook voor kindertaalwoorde soos *ekke* (= "a") en *piepie* (= "water"). So is ook die woord *tit, tiet, tet, tette* (= "tepel, moederbors") in Afrik. bekend, maar volgens Dr. P. J. DU TOIT is die meervoudsvorm *tettas* "zeer waarschijnlijk ontstaan onder invloed van het Portugeesche *tetas*" ("Afrik. Studies", blds. 59). Ek ken ook 'n enkelvoudsvorm *tetta*, sowel as die pluralis *tettas*. Altwee geld in my spraakgebruik as plat, en die verklaring van *tetta* sowel as van *tettas*, wat hulle uitgange betref, moet m.i. in dieselfde rigting gesoek word as in die geval van *boeta, kenta, tanta, Pieta* e. a.

Dit is baie moeilik om 'n oordeel uit te spreek oor die herkoms van 'n woord soos *ta, tata* (= "vader", in die mond van kleurlinge), *outa, outata* (= "ou jong, ou kaffer"). Dr. CHANGUION het in *tata* die O. Holl. *tate* gesien, wat Dr. MANSVELT ook vermeld. *Taet* (= "vader") is in 17e eeuse Ndl. bekend en bestaan nog in die Ndl. volkstaal (vgl. BOEKENOOGEN — "Zaansche Volkstaal" i.v. *taat)*. Maar Dr. P. J. DU TOIT het *ta, tata* gehou vir die Port. *tata*, Mal.-Port. *tata, tate* ("Afrik. Studies" blds. 58). Dr. BOSMAN het *ta, tata* egter gehou vir die Bantoewoord *tate*, maar is nie seker of die woord in die Suid-Afrikaanse Bantoetale voorkom nie. Ek kan Dr. BOSMAN gerusstel met die versekering, dat *tata* nie alleen in verskillende Suid-Afrikaanse Bantoedialekte bekend is nie, maar selfs in verskillende Suid-Afrikaanse inboorlingtale. Dan het ons 'n ruim keuse vir die afleiding van *tate, ta, outa, outata* n.l. uit 17e eeuse Ndl. of dialektiese Ndl., uit Port. of Mal.-Port. en uit een of ander Suid-Afrikaanse inboorlingtaal, Watter van hierdie afleidinge is nou die waarskynlikste? Daar is besware teen die Ndl. oorsprong. 'n Hollandse kind kon sy vader *taat*

of *tate* genoem het, maar sou hy dan 'n ou Hottentot of 'n ou Kaffer *taat, tate, tata* of *ta* genoem het? Dit is baie onwaarskynlik. Of sal die inboorlingkinders van die kinders van blanke geleer het om hulle eie vaders met *tate, tata* aan te spreek? en lewe die woord daarom juis vandag in die mond van inboorlinge in die sin van "vader"? Dan kon kinders van Europese ouers langsamerhand vermy het om hulle vaders met *tate* aan te spreek, omdat die woord in die geadapteerde taal van hulle kleurlingbediendes in gebruik was in die sin van "vader". Hulle kon dan alleen gepraat het van die *tate* van din inboorlingkinders in sinne soos: "My *pa* het gesê, ek moet julle *tate* kom roep", of "My *pa* het my gestuur om *die ou tate* te kom roep". *Die ou tate* kon naar analogie van *oupa, ouma* ens. ontwikkel het tot die vaste samestelling *outa, outata.* So is die hedendaagse gebruik van *ta, tata* (= "vader") in die mond van kleurlinge, en van *outa, outata* (= "ou jong, ou Kaffer") in die mond van blanke volkome verklaarbaar, as daar alleen 'n woord *tate* (= "vader") van Hollandse herkoms was. 'n Parallel sou dan te vind wees in die gebruik van *Duisman,*[1]) wat vandag in Afrik. 'n kleurlingwoord is vir 'n "Afrikaner", hoewel JAN VAN RIEBEEK die woord *Duytsman* nog gebruik in die sin van "Hollander" ("Dagverhaal" III 678) op dieselfde manier as *Duitschman* gebruik word in 17e eeuse Ndl. (vgl. Ndl. Wdbk. III 3613). *Tate* kan dan nes *Duisman* verander het in gebruiksfeer, maar min of meer dieselfde gebly het in toepassing. Maar *tata* bestaan ook in die sin van "vader" in die taal van Bantoestamme, wat nog byna nie (of eers van die 19e eeu af) in aanraking gekom is met die blanke nie, en Dr. BOSMAN het reeds gewys op die meervoudsvorm *ootate*, wat in die Oshikuanjama- en Oshindongadialekte ten noorde van die Suidwes-Protektoraat voorkom ("Afrik. en Mal.-Port" blds. 69)[2]). Hierdie vorm *ootate* lyk selfs baie op ons *outata, outa;* maar ek kan moeilik aanneem, dat hulle iets met mekaar te doen het. Dr. CHANGUION het die woord *tata* reeds vóór die middel van die 19e eeu in sy "Proeve van Kaapsch Taaleigen" opgeneem, en hy verseker ons self dat sy "proeve *in de Kaapstad* is opgezameld". Daar kon 'n Bantoewoord destyds nog byna nie bekend gewees het

---

[1]) *Duisman* of *Duusman.*

[2]) Vgl. P. H. BRINCKER — "Lehrbuch des Oshikuanjama," blds. 113.

nie, want daar is nou nog byna g'n Bantoewoorde bekend nie. Omgekeerd kon 'n Holl. of 'n Mal.-Port. woord moeilik in so'n korte tyd tot so ver afgelege Bantoestamme deurgedring het. Dan moet ons eerder dink aan 'n Hottentot woord, wat oorgegaan is in die Bantoetale en ook in Afrik. opgeneem is. Die enigste Hott. woord, wat ek aan kan dink, is *dadab* (="Vater, Papa", KROENLEIN, blds. 56)[1]), wat in Afrik. egter as *dada* sou uitgespreek word volgens die Afrik. artikulasie van Hott. woorde. Of Hott. miskien ook 'n dialektiese wisselvorm *tata(b)* gehad het, weet ek nie. Dr. BOSMAN het die mening uitgespreek, dat die aanwesigheid van *tate* in die Negerhollands van die Deense Antille ontlening uit Mal.-Port. onwaarskynlik maak. Te veel bewyskrag het hierdie argument egter nie, maar dit maak die oorbringing van die 17e eeuse dialektiese *taat* naar die Deense Antille en naar Suid-Afrika enigsins aanneemlik[2]). Of in Suid-Afrika 'n Holl., 'n Mal.-Port., 'n Bantoe en 'n Hott. woord *tate, tata,* meermale deureen geloop het — wie kan dit bewys? of wie durf dit ontken?

'n Minder lastige geval het ons in die woord *kennetjie*, die naam van 'n kinderspeletjie. SCHONKEN gee die indruk, dat die woord Ndl. is, en hy verwys vir die verskillende name van die spel naar die bekende werk van DE COCK en TEIRLINCK — "Kinderspel en Kinderlust in Zuid-Nederland"[3]). Daarin kon ek die naam *kennetjie* egter nie vind nie, wel *kalleke, kallieten, kasjen, keffen, pinneke, pinnootje, pikkenootje* (< *pikkenhoutje*)[4]) e.a. Ek het hierdie woorde in verskillende Suid-Ndl. dialekte teruggevind, maar *kennetjie* nie. Ons het die spel dus waarskynlik uit Suid-Nederland gekry, en miskien ook die naam, wat in een of ander Suid-Ndl. dialek kan bestaan, of 'n kontaminasieproduk kan wees van vorme soos *pinnootje, pinneke,* Afrik. *pennetjie* en een of ander van die benaminge, wat met 'n k— begin, soos *kalleke, kallieten* ens[5]). Die spel kan ook in ander dele van Nederland

---

[1]) Vgl. Eng. *daddy.*

[2]) Die mededeling van Dr. BOEKENOOGEN, dat *taat* veral in die Holl. vissersdorpe nog gehoor word is m. i. nie van belang ontbloot nie met die oog op die herkoms van die woord in Afrik. (vgl. "Zaansche Volkstaal," blds. 1044). Waarskynlik in al die genoemde tale 'n onafhankelike "Lallwort".

[3]) F. TH. SCHONKEN — "De Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." blds. 15.

[4]) Vgl. A. DE COCK en Is. TEIRLINCK — "Kinderspel en Kinderlust in Zuid-Nederland" III 36–46.

[5]) Moontlik ook bygedagte aan *kinnetjie.*

bekend gewees het, en was in Suid-Arika in elk geval al in die 18e eeu bekend, want BORCHERDS, gebore in 1786, vertel ons in sy „Memoirs" (blds. 21), dat hy in sy kinderjare in Kaapstad „*kennetje*" gespeel het. Afr. het 'n aantal woorde behou uit die terminologie van kinderspeletjies soos *albasters*, *marbels*, *dokkies*, *stonk*, *fonk* (almal by die albasterspeletjies), verder *skoppelmaaier*, *frot*, en waarskynlik ook *abdolkater*, *abdolkata* of *abdol* en *patat*. Vir *albaster*(*s*), *marbel*(*s*), *dokkies*, kan ek verwys naar die Ndl. Wdbk. SCHONKEN het reeds opgemerk, dat *skoppelmaaier* in Ndl. bekend is in die werkwoordelike vorme *schoppelemaaien*, *schommelemeien* (t.a.p. blds. 17). Vergelyk hiermee die vorme *schoppelen* en *scharremaaien* (BOEKENOOGEN — „Zaansche Volkstaal"). *Frot* word in verskillende Suid-Ndl. dialekte gebruik o.a. in die betekenis van "kaaksmeet, slag in 't algemeen" (TEIRLINCK —" Z. O. V. I." blds. 473).

Dan moet die woord seker afgelei word uit Fr. *frotter* (= „aanraak"), en is dit ongetwyfeld dieselfde as die naam *frot* vir 'n bekende Afrik. kinderspeletjie, wat dus waarskynlik uit dieselfde streke stam as die reeds genoemde *kennetjie*. SCHONKEN skyn die woord *patat*, wat ook by kinderspeletjies gehoor word, vir dieselfde woord te hou as die naam van die bekende Afrik. *patat* („convolvulus batatus") [1]), maar dit moet eerder in verband gebring word met die Ndl. vorme *partoet*, *pataat*, *patat* (*paté*). [2]) Verder vermeld SCHONKEN (t.a.p.) „*katpootjie* maak" as Suid-Holl., maar dit is ook bekend in Suid-Ndl. (vgl. Joos-" Waasch Idiot.", blds. 330). Dr. MANSVELT vermeld die naam van 'n Afrik. spel *abdolkata* (*abdolkater*) wat Dr. HESSELING by 'n aantal vreemde woorde in Afrik. stel met die opmerking: „Van losse gissingen, waartoe vele dezer woorden aanleiding geven, onthoud ik mij" („Het Afrik." blds. 80). Miskien het ons in hierdie geval meer gegewens as losse gissinge. *Abdolkata* of *abdolkater* sal wel verskillende benaming wees vir die spel, wat ek ken onder die naam *abdol*. Ander my bekende benaminge vir dieselfde speletjie is *aboel*, *ablou*, *hasie ablou* en *hasie aboel*. Dan lyk dit my, dat ons hier te doen het met die uitroep by 'n kinderspeletjie, wat oorspronklik in Duits geheet het: "*Habe du das*!" Daarvan is in Gronings gemaak *abbabbel*, *oabel-*

---

[1]) "Oorspr. d. K. — H. Volksoverl." blds. 16.
[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. XII 753-4.

doedas, *abelaoeaas*, in Overijsels *habbedoedas*, in Deventers *abbedudas* ens. [1]) Deur volksetimologie en kontaminasie kan ons die vorme *hasie aboel*, *hasie ablou* en daaruit *aboel*, *ablou*, *abdol*, gekry het. Hoe moet die twede element van *abdolkata* of *abdolkater* verklaar word? Kan dit miskien berus op die agglutinasie van ander uitroepinge (soos „Habe du das!"), wat oorspronklik by die spel te pas gekom het? Ek het ongelukkig nie die gegewens om dit te kan beslis nie en boëndien het ek die spel altyd net *abdol*, *ablou*, *aboel*, *hasie aboel*, *hasie ablou* hoor noem, en nie *abdolkata* of *abdolkater* nie.

Onder die woorde, wat Dr. MANSVELT in verband met kinderspeletjies en kindervermake opgenoem en Dr. HESSELING in sy lys van onbekende vreemde woorde opgeneem het, is daar 'n paar, soos *fipatoi* en *koeni-kanni*, waarvan beide die gebruik en die herkoms my in Afrik. weinig bekend is. [2])

Die woorde van die alledaagse huislike lewe lewer minder moeilikhede op as dié van die kinderkamer. So spreek man en vrou mekaar in Suid-Afrika, nes in verskillende streke van Nederland, soms aan met *jong* [3]), en word *kuier*(*en*) in verskillende Ndl. dialekte, nes in Afrik., gebruik in die betekenisse van "loop" en "'n besoek aflê". Ander sulke woorde uit die dagelikse omgangstaal in Suid-Afrika en in verskillende geweste in Nederland is *polvy* ("hak van 'n skoen"), *kruisbande* (Ndl. *bretels*), *standertjie* (olie- en asynstelletjie), *uil* (nagpot). Die gebruiklike woord in Ndl. is *bretels*, die volkstaalwoord *galg*, maar *kruisbande*(*n*), wat 'n 17e eeuse seemansterm was met heeltemal 'n ander betekenis, het ek uit 'n paar gewestale in Ndl. opgeteken. Dit is nie onmoontlik, dat die woord in Suid-Afrika en in Ndl. in gebruik gekom het deur die seemanstaal nie. Daarvoor pleit veral die algemene bekendheid van die woord in Afrik. 'n Nagpot sal die naam *uil* seker wel gekry het, omdat hy nes 'n uil in die nag voor die dag kom.

Dan kan 'n aantal woorde uit die dialektiese gemeengoed

---

[1]) Vgl. (a) MOLEMA — "Wdbk. d. Grong. Volkt." bldss. 13, 546. (b) GANDERHEYDEN — "Suppl." blds. 44 en (c) LEOPOLD—LEOPOLD I 557. Dit is tot in Antwerps bekend in die vorm *ababbel* (vgl. "Loquela," blds. 7). Vgl. Ndl. Wdbk. V 1498.

[2]) *Koenie-kannie* word nog in die Transvaal gehoor in die sin van "jaloers", maar word baie selde gebruik.

[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. VII 354.

in verband met die boerdery genoem word, soos *lam* [1]) en *uier* (in verbale funksie), *melkuier*, *vleisuier*, *spantou*, *tru*, *troei* of *treu*, *papie* [2]), *pielie-pielie* (lokwoord vir eendjies), *hot* en *haar* (links en regs). *Hot* en *haar* word in enkele dialekte net andersom gebruik as in Afrik., maar in ander dialekte presies soos in Afrik. Ook in Suid-Afrika kon ek dikwels 'n verwarring opmerk by die gebruik van *hot* en *haar*, waarvan die betekenis afhang van die posiesie van die drywer. Sit die drywer regs, dan is *haar* "regs" en *hot* "links", en sit hy links dan is *haar* "links" en *hot* "regs" [3]). Nou sit die drywer in Suid-Afrika meesal regs, in Nederland dikwels links, en daarvan hang die gebruik van *hot* en *haar* af. Verder word *hot en haar* (tesame) in verskillende dialekte, nes in Afrik. gebruik in die sin van "oral", b.v.: "Ek het *hot en haar* naar jou gesoek". Ook in verband met ander bedrywe as die boerebedryf, soos die messelaars- en timmermansbedrywe, het Afr. dialektiese gemeengoed oorgeërf, soos *koblaag*, *treklaag*, *stryklaag* (van stene), *sandpapier*, e. a.

Plantname soos *hanekam* en *leeubekkie* is ook in Ndl. algemeen bekend, *palmiet* was al in die 17e eeu bekend, en *hanepoot*, *suidissel* en *papkuil* behoor in Ndl. tot die volksname van verskillende plante. Onder die druiwesoorte, wat JAN VAN RIEBEEK in Suid-Afrika laat plant het, was seker ook hanepootdruiwe, "die VAN RIEBEEK Spaanse noemt." [4]). Miskien is destyds al aan hierdie druiwesoort deur seelui, soldate of vryburgers aan die Kaap die Ndl. volksnaam van verskillende plantesoorte, n.l. *haneklote*, gegee. As ons MENTZEL kan glo, dan is in die loop van die 18e eeu hierdie naam vervang deur 'n ander volkskundige plantnaam, *hanepote*. Dit sal dan uit eufemistiese oorwegings geskied het, of soos MENTZEL dit uitdruk, "von dem afrikanischen Frauenzimmer" [5]).

Vir die toepassinge van *palmiet* en *papkuil* in Afrik. kan ek verwys naar die bespreking in "Die Huisgenoot"

---

[1]) *Lammen* = *Lammeren* al Mnl. (vgl. Mnl. Wdbk. en Ndl. Wdbk. VIII 946).
[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. XII 35.
[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. V 1427, VI 1131 en JONGENEEL — "Zuid-Limb. Taaleigen," blds. 27.
[4]) GODEÉ MOLSBERGEN — "J. v. R." blds. 147.
[5]) Hierdie verklaring van MENTZEL het SCHONKEN reeds genoem en bespreek, vgl. "Oorspr. d. K.—H. Volksoverl." blds. 68, aant. 1.

(Maart 1921, blds. 455.[1]) In die "Huisgenoot" (Junie 1921, blds. 63) word *muishond* opgenoem as een van die woorde, wat "wel in Nederlands, maar in ander betekenisse" bestaan. Wat presies met dié opmerking bedoel word, is nie heeltemal duidelik nie. By KILIAEN is *muishond* reeds die naam van die diertjie wat in Ndl. *wezel* of *bunsing* ("putorius foetidus") heet (vgl. „Etym." en Ndl. Wdbk. IX 1214). En in Wes-Vlaanderen sowel as in die Land van Waas word *muishond* nog gebruik vir wat in Ndl. 'n *wezel* ("mustela vulgaris") genoem word.[2]) Daar die wesel en die bunsing altwee marteragtige roofdiertjies is, moet die Afrik. toepassing van *muishond* beskou word as weinig van die dialekties Ndl. gebruik te verskil.

Uit verskillende gebruiksfere stam 'n aantal woorde en uitdrukkinge, wat gewoonlik vir Afrik. aangesien word, maar wat in meer as een Ndl. dialek voorkom, b. v. *bliksiaer* (vgl. *blikskater* en Afrik. *blikskottel*), *kalfakter* (="praatjiesmaker, niksnuts" ens.), *flenter* (="rondslenter)", *flous* (= "fop, bedrieg"), *wys* (= "kwaai"), *bra* (< *braaf* = "tamelik"), *aardig* (= "snaaks, naar" ens), *aansienlik* (= "nie lelik"), *lekker* (= "aardig, aangenaam"), *deel* (by kaartspel), *afneem* (= "fotografeer"), *dowe neute*, (*in*) *pleks van*, *peper-en-sout kleur*, *witvoetsoek*, *met Jan Tuisbly se kar ry* en *stokkies draai*. In *deel* word gewoonlik die Eng. *deal* gesien, maar Afrik. het ook nog ander kaartspelterme uit Ndl. dialekte oorgeërf. Die Afrik. (*in*) *pleks van* is seker 'n kontaminasieproduk van die Ndl. *in plaats van* en die dialektiese *in plek van*. Onder die woorde, wat Mnr. VAN RIJN uit sy eie dialek opgenoem het (uit Bleiswijk by Rotterdam), kom voor *afneme*(*n*) in die sin van "fotografeer". Dat dit nie uitsluitend Suid-Hollands is nie, het 'n persoonlike ondersoek bevestig, want ek het in Amsterdam en omstreke (Abcoude en Broek-in-Waterland) nog *afnemen* sowel as die reeds genoemde *standertje* en *kruisbande* in die dialekte gehoor.

---

[1]) In die Julienommer (1921) van "Die Huisgenoot" (blds. 98), word deur Mnr. VON WIELLIGH en Prof. SMITH verskillende gissinge gewaag in verband met die afleiding van *papkuil*, maar die verklaring moet in Ndl. en nie in Afrik. gesoek word nie, daar die woord in verskillende Ndl. dialekte voorkom, maar vir ander plante (vgl. Ndl. Wdbk. XII 39).

[2]) Vgl. DE BO — "West-Vl. Idiot.", blds. 718 en JOOS — "Waasch Idiot.", blds. 447.

'n Woord soos *afneme(n)* sal seker eers na die fotografeerkuns in die dialekte in gebruik gekom het, en kan dus nie al te oud wees nie. Dit kan dus betrekkelik laat eers naar Suid-Afrika gekom het, of onafhankelik van mekaar in Afrik. en die Ndl. dialekte gevorm wees. [1]) Die Afrik. gebruik van *afneem* sluit ook aan by die (dial.) Ndl. gebruik van *aftrekken* (vgl. Ndl. Wdbk. I 1685).

So kan ons in *amper*, *baie* en *karba* met oorerwing uit die Ndl. dialekte te doen hê of met onafhankelike ontleninge. Amper al die taalgeleerdes, wat hulle met *amper* besig gehou het, was verleë met die woord, en ek moet dadelik erken, dat ek ook amper g'n raad weet met die woord nie. VETH het in *amper* (= "byna") die Mal. *hampir* of *ampir* gesien, wat volgens hom eers deur die Hollanders naar die Kaap gebring of daar ontleen is, en later naar Nederland gebring is. Die veelvuldige gebruik van *amper* in Suid-Ndl. moet dan verklaar word as 'n importasie van Antwerpse of ander Vlaamse matrose (vgl. "Uit Oost en West", bldss. 31—35). Op hierdie standpunt het Dr. HESSELING hom ook gestel (vgl. "Het Afrik". bldss. 88—89). Prof. DE VRIES het (in die Ndl. Wdbk.) egter, op grond van die gebruik van *amper* in Suid-Ndl., waarin ons nie 'n Mal. woord verwag nie, die woord afgelei van die Ndl. *amper* (="suur"), wat al by KILIAEN voorkom. [2]) Dr. BOSMAN het daarop gewys, dat uit VETH en HESSELING se geskrifte blyk, dat "die woord in 17e eeuse Ndl. ook die betekenis *byna* gehad het". Hij konkludeer dus: "Die gebruik en betekenis van *amper* in Afrikaans vorm dus geen beswaar teen die afleiding in die Ndl. Wdbk. gegee nie" ("Afrik. en Mal.-Port.", blds. 50). Ek sou dus die woord *amper*, wat sy herkoms ook al mag wees, kon behandel het in die vorige paragraaf as 'n oorgeërfde woord uit 17e eeuse Ndl., maar ek ken die woord alleen uit die end van die 17e eeu en uit die hedendaagse dialekte in die Afrik. betekenis, en het dus gemeen daartoe verplig te wees om dit hier te behandel. Gestel dat die afleiding en verklaring van VETH juis is, hoe moet ons dit dan verklaar, dat *amper* in Suid-Ndl. in die oorspronkelike betekenis van "byna" gebruik word, en in Noord-Ndl. meesal in die betekenis van "noueliks"? Is die woord van Mal. oorsprong, dan bied die Ndl. ge-

---

[1]) Vgl. IV § 6 i. v. *Skottelploeg* en *Skoffelploeg*.
[2]) Reeds vroeër gedokumenteerd (vgl. J. W. MULLER in "Tijdschr." X 155).

bruik daarvan besware, is dit van Ndl. oorsprong, dan gee die Afrik. betekenis moeilikhede. Hoe word *amper* in die Ndl. dialekte gebruik? In die dialek van die Noord-Wes-Veluwe beteken *amper* "noueliks", maar *amperan* "byna" (SCHOTHORST, blds. 97), in die dialek van Breda is *amper* = "noueliks" (HOEUFFT, blds. 18), en ook in Antwerps (vgl. CORNELISSEN en VERVLIET, blds. 160), in die dialek van Elten-Bergh is *amper* = "byna" en "noueliks" (BRUIJEL, blds. 92), in Gronings is *amperan* = *amper* = "noueliks" en "byna" en in Brabants = "byna" (MOLEMA, bldss. 6 en 496), in die dialek van Walcheren beteken *amper* "noueliks" (LEOPOLD-LEOPOLD I 104) en in Fries is *amper* = "*vix*, noueliks, nie ten volle, byna" en *amperoan* = "*fere*, ternouernood, byna" (DYKSTRA I 47), en in byna alle dialekte, waarin die woord voorkom, beteken *amperan* of *amperaan*, behalwe in 'n paar gevalle, soos die hierbo genoemde, nes in die dialek van die Noord-Wes-Veluwe uitsluitend "byna". Uit hierdie opsomming, wat ek maklik kan uitbrei, volg m. i. enkele konklusies van belang: — (1) Die woord *amper* kom in soveel en in sover van mekaar verwyderde dialekte voor, dat ons moeilik aan 'n ontlening uit Mal. kan glo. (2) Die woord kom in ver van mekaar afgelege streke voor in vorme soos *ampertjies* en *amperaan*, wat wys op 'n baie vroeë gebruik. (3) Die woord het in Noord- sowel as in Suid-Ndl. dialekte die betekenis van "byna" sowel as van "noueliks" en soms in een en dieselfde dialek altwee die betekenisse, terwyl *amperaan*, wat my in Afrik. onbekend is, byna altyd = "byna". Dan moet ons m. i. veral rekening hou met die Ndl. woord *amper*, en ook met die samestelling *amperaan*. By KILIAEN het die woord nie alleen die betekenis van "suur, bitter of wrang" nie ("acerbus, austerus, asper, amarus"), maar ook van "immaturus" (= "onryp?") Vrugte, groente ens. wat nog suur, bitter, wrang, onryp of onbekwaam was, kon dan genoem word "*amper* ryp" of "*amperaan* bekwaam".[1]) Dat hier dadelik verwarring van die betekenisse "byna" en "noueliks" kon voorkom, lyk my waarskynlik, en ook, dat *amperaan* toe die betekenis van "byna", en *amper* van "noueliks" ontwikkel het. Daarna kon die gebruik van *amper* en *amperaan* deureengeloop en tot verskillende resultate in verskillende

---

[1]) Vgl. Ned. Wdbk. II 408—9.

dialekte gelei het. *Amperaan* het in die meeste gevalle die betekenis van "byna" behou, maar deur die verdwyning van die samestelling, wat in verskillende dialekte en in Afrik. nie meer bekend is nie, het *amper* die betekenis van *amperaan* op hom geneem. Dan kry ons *amper* in party dialekte in die betekenis van "byna" *en* van "noueliks", in ander van „byna" *of* van "noueliks". Afrik. het die woord alleen in die betekenis van "byna" bewaar. So stel ek my teoreties die ontwikkelingsgang van *amper* in Ndl. en in Afrik. voor. Of in altwee die gevalle Mal. *ampir*, *hampir* daarmee vermeng geraak het, weet ek nie. In Afrik. kon die Mal. *ampir* gehelp het om die gebruik van *amper* te beslis, in Ndl. nie. Hierdie verklaring lyk amper te omslagtig, maar as dit die feite beter kan verklaar as die teorie van VETH, dan is dit g'n beswaar nie. Ek neem dus die afleiding van Prof. DE VRIES aan, maar stel my die ontwikkelingsgang anders voor.

In *amper* kan ons dus te doen hê met 'n geval van homonimiteit, en miskien ook in *baie*, waarin Dr. MANSVELT en Dr. HESSELING die Mal. *banjak* ("veel, seer" ens.) gesien het. As die Afrik. woord *baie* (*baia*, *baing*, *banja*, *banje*) oorspronkelik uit die Mal. *banjak* stam, dan kan dit al moontlik uit Ndl. oorgeërf wees, want DAPPER gee in sy meergenoemde glossarium van oosterse woorde uit 17e eeuse reisbeskrywings opgemaak: *dickmaei* = *boynja calit* (waarskynlik vir *banjak kali* = "baie maal") en *meenig* = *bayntan* ("Asia", bldss. 75 en 78). Maar Afrik. ken ook die uitdrukkinge (reeds deur MANSVELT vermeld): "'n *baie* perd", "'n *baie* kêrel", hoewel hierdie uitdrukkinge in my spraakgebruik as plat geld. Hier het ons miskien te doen met *bannich*, *bannig*, wat waarskynlik uit die Platd. *bannig*, *banni* stam (vgl. Leopold—Leopold II 127, 167 en 175), 'n woord, wat in Noordduitsland, Holstein, Oosfriesland en Friesland voorkom. Aan 'n kontaminasie van *banjak* en *bannig* het J. F. VAN OORDT waarskynlik gedink. [1]) Hy het ook in dieselfde, en in 'n vorige, Brandwagnommer die woord *amper* in Afrik. gehou vir 'n woord van dialektiese herkoms.

In *karba* het Dr. HESSELING die Port. *caraba* gesien ("Het Afrik." blds. 93). Dit kan oorspronklik 'n Port.

[1]) J. F. VAN OORDT — "Afrik. en Mal-Port." ("Brdwg." 1 Okt. 1916, blds. 143.). Die Friese *banje*, *banjer* = "abunde" (DIJKSTRA—Fr. Wdbk. I 79) word waarskynlik ten onregte deur DIJKSTRA in verband gebring met Mal. *banjak*. (Vir die gebruik van *bannich*, *bannig* in Fr. vgl. Fr. Wdbk. I 80).

woord gewees het, maar dit is waarskynlik dieselfde woord as die Ndl. *karbies* (mandjie). Daarvoor het Dr. E. C. GODÉE MOLSBERGEN dit ook gehou. In 'n verhaal van 'n Kaapse landreis gemaak in 1662 lees ons van "2 *kabriesen*", en daarby teken Dr. GODÉE MOLSBERGEN aan: "Lees vermoedelik *karbiesien*, een woord dat de Zuid-Afrikaners nog gebruiken voor: bemande fles" ("R. in Z. A." I 86 aant.). Of die vorm *karbies* nog in Afrik. voorkom, weet ek nie: ek ken alleen die vorm *karba*. Ons het hier waarskynlik met twee dialektiese wisselvorme te doen. Dit kom ooreen met Dr. BOEKENOOGEN se opmerking oor *karbies* ("Zaansche Volkstaal", blds. 1324): "Gewoonlijk *karrebies*..... Zoo ook elders in de volkstaal van Holland en Utrecht. In Vlaand. en in de oudere taal luidt het woord *kabas*, *kabaas*, *karbaas*; zie Mnl. Wdbk. op cabas". Ek sou die woord dus kon behandel het by die erfgoed uit die 17e eeuse handelstaal of uit die 17e eeuse dialekte maar het die woord daar agterwege gelaat op grond van die oorweging, dat ons in *karba* miskien kan te doen hê met 'n dialektiese, moontlik 'n Vlaamse, wisselvorm van later importasie as *karbies*. Ons het gesien, dat die vroegste in Suid-Afrika gedokumenteerde vorm (1662) *karbies* lui. Daarna het ek die woord weer gevind in die "Dagboek" van ADAM TAS (1705—6) in die vorm *caaba* (blds. 100) [1]). Dan is *karbies*, *kabries*, *karba*, *kaba* almal dialektiese wisselvorme, soos Dr. BOEKENOOGEN gemeen het, en dan is die woord ongetwyfeld in een of ander van hierdie vorme uit 17e eeuse Ndl. oorgeërf. In die reisverhaal van DE MAREES, uitgegee gedurende die eerste jare van die 17e eeu (1600—1602), het ek die woord *cabas* gevind (vgl. NABER—"MAREES", blds. 43). L'HONORÉ NABER het die woord *cabas* daar egter aangesien vir *kalebas* (Port. *cabaca*), [2]) maar dit sou net so goed een van die wisselvorme *karba*, *kaba* ens. kan wees.

Voor dergelike moeilikhede staan ons met 'n aantal uitroepinge soos *alla! arrie! dè! nè! soe! aitsa! poe! ga! sa! hittete!* Dr. P. J. DU TOIT het *alla!* gehou vir die Mal.-Arab. benaming van God, *Allah* ("Afrik. Studies", blds. 40), wat volgens PRICK VAN WELY ook in Ndl.-Indië as

[1]) KOLBE praat ook van „bouteilles of *carabassen*" ("Naauk. Beschr." I 35). Die Ndl. Wdbk. (VII 782) gee ook *kabas*, *kabaas*, *kaba*, *karbaas*.

[2]) Vgl. egter FRANCK—VAN WIJK i. s. *kalbas* en Ndl. Wdbk. VII 918.

'n uitroep van verwondering gebruik word ("Viertalig Aanvullend Hulpwoordenboek" blds. 300). Hierdeur, meen Dr. BOSMAN, wen "die veronderstelling van Dr. DU TOIT aan waarskynlikheid". Maar Dr. BOSMAN meen, dat daar ook rekening moet gehou word met die moontlikheid van 'n geabstraheerde *alla*, wat waarskynlik gemaak word deur uitroepe soos *alla-* of *alle- giftig, -kragtig, -krentig, -mintig* ens., en wat seker die Ndl. *alle-* is, soos in *allemachtig* ens. ("Afrik. en Mal.-Port," bldss. 49-50). Prof. SMITH het egter weer gedink aan 'n dialektiese *alla* uit Ndl. *allo!* uit Frans *allons!* en gewys op die vorm *alla* in Rotterdams (uit "Boefje" van Brusse).[1]) Die uitroep *alla!* kom in werklikheid in 'n groot aantal dialekte voor, b.v. in Wes-Vlaams, *ala! alah!*: "interj. om iets te *ver*bieden" (DE BO, blds. 46); in Waas, *alla!*: "uitroep om iets te *ge*bieden" (JOOS, blds. 73), in Suidoos-Vlaams, *ala!*:" "uitroep om iets te gebieden, te verbieden, uiting van verwondering" (TEIRLINCK, blds. 65); in Gelders-Overijsels, *alla!*: "vooruit!" (GALLÉE, blds. 2); in die dialek van Kampen, *ala!*: "tusschenw. om aan te sporen" (GUNNINK, blds. 95), en presies so in Gronings (MOLEMA, blds. 5 en 496) ens.[2]) Die gereëlde verskyning van *alla!* in die Ndl. dialekte is dus wel opvallend, maar net so opvallend is die feit, dat die gebruik van *alla!* in die Ndl. dialekte, op een uitsondering na, verskil van die hedendaagse Afrik. gebruik. Daardie een ooreenstemming is egter meer werd as al die verskille, maar hoe moet die ooreenkoms verklaar word? Het ons hier weer te doen met 'n geval soos *amper?* Voorlopig moet ek my oordeel opskort. *Arrie!* het Dr. HESSELING afgelei van Port. *arre*, wat volgens SCHUCHARDT 'n "Zuruf von Maultiertreibern" is ("Het Afrik". blds. 89). Ek moet dadelik erken, dat ek met Dr. BOSMAN (blds. 50) die afleiding van PETTMAN ("Africanderisms", i. v. *arri)* verkies uit Hott. "*aré*, an interjection expressing astonishment, vexation, anger." So'n uitroep in Hott. vermeld KROENLEIN n.l. *aré*, "interject. Potztausend! (Verwunderung)." Maar nou kom in die Ndl. dialekte ook 'n uitroep *arrie* voor, b.v. in Waas, *aree!* = Fr. *allez!*, in Antwerps "*Are!* ginder komt Frans aan!" (CORNELISSEN en VERVLIET, blds. 164), in Hagelands, *ere.* (*ärä*) of *are!* (TUERLINCKX, blds. 177 en CLAES, blds. 17)—

[1]) Prof. J. J. SMITH — "Africanderisms", ("Brdwg." 1 Des. 1913, blds. 399).

[2]) B.v. ook in DRENTHS.

'n uitroep, wat in Suid-Ndl. tamelik algemeen skyn te wees as 'n tussenwerpsel van verwondering en versteldheid (vgl. SCHUERMANS—"Alg. Vl. Idiot." i.v. *arè, arra, arrê* blds. 20-21).[1]) Die Port. *arre* kan ons maar gerus opsy skuiwe, en dan lyk die Hott. *aré* my eerder as 'n ontlening uit Afrik. as andersom. Die Hottentotte neem nogal graag sulke woorde oor uit die taal van die blanke. Daarenteë beweer Dr. BOSMAN: "Die feit dat daar meer interjeksies uit Hottentots in Afrikaans ontleen is, maak die afleiding (uit Hott.) nog waarskynliker" (t. a. p.). Dit is 'n gevaarlike bewys. Die dialektiese *are* kan onmoontlik uit Hott. stam; die Hott. *aré* kan 'n ontlening wees; of is altwee oorspronklik? Dit is dus baie moeilik om die oorsprong vas te stel van uitroepe soos *alla!* en *arrie!* Maar *dè* en *nè* is seker van dialektiese herkoms in Afrik. (vgl. TUERLINCKX—"Hagel. Idiot." blds. 118 en GROOTAERS—"Het Dial. v. Tongeren," blds. 128). En waarskynlik is dit ook die geval met *sa!* en *hittete!* PETTMAN het *sa*, afgelei van die kafferwoord *uku Tsatsa* = "to run guickly, to make speed" ("Africanderisms" i.v. *tsaa*!) Prof. SMITH het egter hierdie afleiding tereggewys met die opmerking, dat *sa*! "die Holl. uitroep (*sa*! of *tsa*!) om iemand aan te moedig" is ("Brdwg." 1 Des. 1913, blds. 399). Maar nou bestaan daar in verskillende Bantoedialekte 'n woord "*tsa*! Interjec. used in setting dogs at game," etc. (KROPF, i. v. *tsa*!) Moet ons hierdie woord op dieselfde manier beoordeel as *arrie?* Dit bewys alleen hoe weinig sekerheid ons het oor die herkoms van sulke uitroepe as *sa*! *arrie*! en *alla*! Hulle lyk byna naar internasionale gemeengoed. *Hittete!* is 'n soort van uitroep, wat gewoonlik gebruik word in uitdrukkinge soos: "Dit was so *hittete!*" of "Dit het so *hittete* gegaan!" (= "So byna, so op die kantjie af" ens.) Dit is waarskynlik die dialektiese *ettettet* of *hettettet.* Ek het in Afrik. ook die vorme *hittetit, hettete* en *hettetet* gehoor. Maar die dialektiese uitroep druk gewoonlik "misnoegdheid" of anders "onverskilligheid" uit,[2]) wat nie presies van die Afrik. uitroep kan gesê word nie. RUTTEN verklaar die dialektiese *hettetet* as 'n verkorting van *heeft dat heeft* of *het dat het* of anders as 'n verdubbeling van *tjet* (= "uitroep van

---

[1]) TEIRLINCK gee ook *arra!*

[2]) Vgl. CORNELISSEN en VERVLIET, bldss. 410, 557. TEIRLINCK, blds. 410 en H. 44; TUERLINCKX, blds. 179 e. a.

gemelijkheid").[1]) Die Afrik. gebruik van *hittete* of *hettetet* is enigsins verenigbaar met die eerste afleiding van RUTTEN uit *het dat het;* maar so'n afleiding lyk my te vergesog: 'n mens dink nie oor wat jy sal sê as jy skrik nie. Die meeste uitroepe is seker die resultate van refleksbeweginge, vandaar dat hulle in verskillende tale byna dieselfde is.

Met minder beslistheid kan ek dit van *soe!* en *aitsa!* sê, en met nog minder sekerheid van *poe!* en *ga! Soe!* druk in my taalgebruik uit 'n gevoel van "warmte", sowel as van "koue", van "vermoeidheid" sowel as van "pyn". Dit is dus 'n uitroep van 'n wye toepassing om allerlei onaangename liggamelike aandoeninge uit te druk. Dr. BOSMAN het dit gehou vir die Hott. uitroep *su!* ("Afrik. en Mal.-Port." blds. 50). In werklikheid bestaan daar in Hott. twee in klank en betekenis nouverwante uitroepe *su!* ("Ausruf beim Gefühl von Kälte") en *tsu!* ("Ausdruck des Gefühls bei grosser Hitze oder Kälte" — MEINHOF: "Lehrbuch der Nama-Sprache", blds. 100). Maar daar is ook nog 'n Kafferuitroep *itshu, tshu* of *shu!* ("Interjec. of pain; shu! how hot it is!" KROPF, blds. 366). Dit is dus al heel moeilik om te kies tussen 'n Hott. of 'n Kafferoorsprong van die Afrik. uitroep, *soe*! Ongelukkig word die saak nog meer gekompliseer deur die bestaan van 'n dialektiese *soeck, soek, soeg*! ("Uitroep die veel gebruikt wordt om een gevoel van koude uit te drukken", CORNELISSEN en VERVLIET, blds. 1145). Ons kan alleen konstateer, dat die Afrik. *soe*! al die betekenisse van al die verskillende uitroepe van Hott., Kaffer. en Ndl. oorsprong verenig, en voorlopig sal ons moet wag op 'n taalgeleerde in die inboorlingtale van Suid-Afrika om uit te maak vanwaar die Hott. en Kaffer-uitroepe kom. So het Dr. BOSMAN (t. a. p.) ook *aitsa*! aangesien vir 'n uitroep van Hott. oorsprong op grond van die by MEINHOF (t. a. p.) voorkomende *aise* (ook *aiä*: "Ausruf der Uberraschung und Unzulänglichkeit"). Daarnaas kan ek stel die Kafferuitroep *íshi*! ("Interjec. of surprise and prohibition", KROPF, blds. 160). Behalwe die reeds genoemde Holl. uitroepe *hai* of *ai* en *sa* of *tsa*, uit 'n samestelling waarvan die Afrik. *aitsa* ontstaan kan wees, bestaan daar nog die veel meer gelykluidende dialektiese uitroep *haísa*! ("Tusschenwerpsel, Uitroep", TEIRLINCK, blds H 8).[2]). Die uitroepe *(h)itse, (h)etse,*

[1]) RUTTEN — "Haspeng. Idiot", blds. 92.

[2]) TEIRLINCK vermeld nog *aitsie, eitsie* (blds. 399).

(*h*)*etsê* ens. wat so veelvuldig in die geadapteerde Afrik. van die Griekwas voorkom,[1]) is seker dieselfde as die Afrik. *aitsa*! Daar bestaan dus allerlei moontlikhede vir die herkoms van die Afrik. *aitsa*! 'n Beslissing daaroor is m. i. voorlopig dus nog nie moontlik nie. *Gã*! en *poe*! lewer nog groter moeilikhede op. Dr. BOSMAN het *ga*! ook vir 'n uitroep van Hott. oorsprong gehou, seker op grond van die by MEINHOF voorkomende *Xa*! ("Ausruf des Abscheus, wie unser "pfui") en nie van *ga*! nie ("abweisende Verwunderung ausdrückend: unerhört!"). Nou het ek in Amsterdam 'n volksuitdrukking gehoor, wat dieselfde betekenis as die Afrik. *ga*! het, en wat miskien *gang*! of *gã*! moet geskrywe word.[2]) Daar ek hierdie uitroep nergens in idiotika teëgekom het nie, is ek geneig om daar nie te veel waarde aan te heg nie. *Poe*! wat in my taalgebruik dieselfde betekenis het as *ga*! is my in die Ndl. dialekte onbekend in so'n betekenis of gebruik.[3]) 'n Mens sou kan dink aan die Eng. *pooh*! maar dié word tog anders gebruik as die Afrik. *poe*! (wat afsku van stank te kenne gee). Opvallend is, dat *poe*! in Afrik. dikwels gebruik word in verbinding met *ga*! gewoonlik as *poe-ga*! en enkele male ook as *ga-poe*! Is dit 'n toevallige kombinasie van verskillende uitroepe, wat 'n afsku van onaangename reuke te kenne gee? Dit kan wees. Maar daar bestaan 'n ander moontlikheid, en dié kan ons miskien 'n verklaring gee van die herkoms van *poe*! en *ga*! en van hulle verbinding in die uitroep van *poe-ga*! In LINSCHOTEN se "Itinerario" (I 184) lees ons: "Dese Nayros langhs de wegh ofte straet gaende, loopen al roepende *Po, po,* dat is soo veel als wacht u, ick come, staet uyt de wegh . . .". Prof. KERN hou die woord *po*! hier vir 'n Malbaarse woord (Malayalam en Tamil), wat die betekenis het van Ndl. "*ga*"! Die woord *po* was in die 17e eeu aan die Kompanjiedienaars seker goed bekend. Ds. ROGERIUS, wat in 1630 naar Indië vertrek het en hom daar in Malbaars geoefen het om vir die heidene te preek, skrywe van die "Bramines": "Sij en hebben niet over voor Luyden die van een ander Gheslacht zijn, deselve en vinden niets by haer, ja

[1]) In die paar staaltjies, wat Dr. T. LE ROUX daarvan gee in sy "Beschrijvende Klankleer van het Afrikaans" (bldss. 33—34), kom byna al die hierbo genoemde vorme, en nog ander soos *heetze*, voor.

[2]) Volgens mededeling word in die Kaap Kolonie ook nog *gang* gehoor.

[3]) Anders is *poe* by BOEKENOOGEN ("Zaansche Volkstaal", blds. 768).

dat meer is, den toegang tot hare poorten, ende deuren, is haer beswaerlijck, ende en hebben niets anders te verwachten dan dat *pô, pô,* dat is, *wech, wech* tot haer geseyt sal werden, nadien de *Bramines* door het naderen der *Soudraes* besmet, ende onreyn, souden worden" (CALAND — "Rogerius", blds. 22). Later het BALDAEUS, DAPPER en VALENTIJN van hierdie werk van ROGERIUS gebruik gemaak (vgl. t. a. p. blds. XVII), en DAPPER vergeet ook nie om ons te vertel dat *pô, pô, weg, weg* beteken nie ("Asia", blds. 38). *Pô* was dus 'n uitroep van afsku, en het gelyk gestaan met 'n bevel: *weg!* of *ga!* Is dit te veel om te veronderstel, dat op dié manier *po* of *poe* in die Kompanjiestaal, veral in die taal van die seelui, gekom het, en dat die seelui die woord *po!* of *poe!* met die toevoeging van die Ndl. *ga!* (miskien uit skerts) gaan gebruik het om 'n afsku uit te druk vir alles, wat vir hulle onaangenaam was? Dan kon *poe!* en *poe-ga!* as seemans- of volksuitroepe van afsku bestaan het, totdat *ga!* hom uit hierdie basterhuwelik losgemaak en 'n afgeskeide lewe as 'n uitdrukking van afsku gaan voer het[1]). Ek moet erken, dat dit 'n baie vergesogte veronderstelling is, maar dit is nie baie erger as die afleiding van *arrie!* uit 'n Port. "Zuruf von Maultiertreibern" nie. Anders lê voor die hand 'n Hott. oorsprong van *ga!* en 'n Malbaarse oorsprong van *poe!* wat deur die seemanstaal of direk uit Mal.-(Port.) in Afrik. kon gekom het, en dan is die verbinding van *poe!* en *ga!* heeltemal toevallig. Dan sou 'n mens selfs ook aan 'n Eng. herkoms van *poe* kan dink. My bedoeling is eintlik gewees om aan te toon, dat 'n mens met die afleidinge van uitroepe en uitroepwoorde soos *haai, haai-hoei, hoei-haai, alla, arrie, dè, nè, soe, aitsa, poe, ga, sa, hittete* e. a. nie te versigtig kan wees nie. Party daarvan skyn amper internasionale gemeengoed te wees. Oor *sie!* of *sies!* handel ek later.

'n Paar woorde uit die dialektiese gemeengoed verdien hier vermelding weens hulle vorme en gebruik b. v. *waffer* en *watter* (altwee uit *wat voor*), *hulle* en *sulle, niks* en *nou, altwee* en *hoeke.* Die neiging skyn te wees om *waffer* in die Afrik. skryftaal te vermy, maar in die spreektaal en in die Ndl. dialekte is hulle min of meer gelykwaardig.

[1]) So'n moontlikheid bestaan m. i. ook in *kammalielie(s)* (vgl. IV § 2). As 'n variant van die uitroep *boeha* vind ek ook *poechai* ens. (vgl. Ndl. Wdbk. III 78).

Sulle is in Afrik. verouderd, *hulle* of *hul* word in die spreek- en in die skryftaal gebruik en het die Ndl. *zij*, *ze* heeltemal vervang. *Niks* en *nou* word in die Ndl. gemeensame omgangstaal tamelik algemeen gehoor, maar in die skryftaal word gewoonlik die voorkeur gegee aan *niets* en *nu*, wat in Afrik. heeltemal vervang is deur *niks* en *nou*. *Altwee* (Ndl. *allebei*(*de*)) is nie 'n Afrik. samestelling nie, maar kom ook in 'n paar Ndl. dialekte voor (vgl. o. a. Joos- "Waasch Idiot." blds. 76). *Hoeke*[1]) word in die Afrik. skryftaal ook weinig gebruik nes *waffer*, maar word in die spreektaal nog dageliks gehoor in sinne soos: "Met *hoeke* spykers beslaan mens 'n perd?" Volgens my spraakgebruik sou *watter* of *waffer* hier 'n ander betekenis aan die sin gee, en kan *hoeke* alleen deur *wat se* vervang word. *Hoekom* (= *waarom*) is my nie in die dialekte bekend nie, maar sal heel waarskynlik voorkom. Ndl. ken b. v. die vorm *hoeneer* (= *wanneer*)[2]) wat my in Afrik. onbekend is.

Ten slotte moet hier enige tydsbepalinge bespreek word, waarvan die meeste in Afrik. en in Ndl. ook modale betekenis het. Die 17e eeuse en die Afrik. gebruik van *altemit*(*s*) het ek reeds bespreek. So gebruik 17e eeuse Ndl. die woord *flus* nog nes in Afrik. in die sin van "soewe, pas gelede" en "net nou, oor 'n oomblik". Langsamerhand het *flus* in die Ndl. skryftaal agteruitgegaan, en vandag word dit hoofsakelik in die gemeensame omgangstaal en in die dialekte gebruik. In Afrik. is die neiging om *flus* te gebruik in die sin van "netnou" (verlede), en *flussies* in die sin van "netnou" (toekoms).[3]) Dieselfde neiging is op te merk in die gebruik van *aansies*, *aalkies* en *strakkies*, almal in die sin van "netnou" (toekoms). Anders word *aans* (< Ndl. *aanstonds*) nes in Ndl. (Ndl. Wdbk. I 369) gebruik in die sin van "netnou" (toekoms), of met modale betekenis om die begrip van moontlikheid uit te druk. *Dalk* (< Ndl. *dadelik*) word ook met modale betekenis gebruik om die begrip van moontlikheid uit te druk, maar verskil hierin van die gebruik van *aans*, dat dit nie, en laasgenoemde wel, die houding van die spreker ten opsigte van die veronderstelde moontlikheid aandui nie. *Aans* dui aan, dat

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. VI 783.
[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. VI 783 en 811.
[3]) Vgl. Dr. D. F. MALHERBE — "Afrik. Taalboek," blds. 103. Vir die Ndl. gebruik vgl. Ned. Wdbk. (III 4592).

die veronderstelde moontlikheid gevrees word, *dalk* laat dit onbeslis (vgl. Ned. Wdbk. III 2208). *Straks* en *strakkies* word gebruik soos *flus* en *flussies*, maar ook nog met modale betekenis presies soos *dalk* en *aans*, hoewel dit miskien nouer ooreenkoms met *dalk* as met *aans* vertoon. [1])

(c) Uit verskillende dialekte.

"Lokale stof", skrywe Dr. GROENEWALD van die Afrik. rympies en raaisels, "moes in so'n kosmopolietiese gemeenskap verdwyn, slegs vir seer verbreide en algemeen populêre stof was 'n bestaansmoontlikheid gebode" („Rympies en Raaisels", blds. 13). Wat die woordeskat van Afrik. betref, kan ons moeilik beweer, dat lokale stof moes verdwyn. Dat woorde wat alleen in 'n enkele dialek voorkom, in Afrik. egter beperk moes bly, is "a priori" aan te neem. Maar daarom mag ons sulke lokale stof nie verwaarloos nie. Die behoud in Afrik. van 'n oorspronklik heeltemal gelokaliseerde woord bewys juis baie vir die aanpassingsvermoë van die woord of vir die invloed en betekenis van die sprekers in die nuwe taalgemeenskap. Maar hoe moet ons beoordeel of 'n woord dialekties heeltemal gelokaliseerd is of was? Ek moet erken, dat dit 'n uiters moeilike kwessie is. As ons 'n woord alleen in 'n idiotikon van 'n enkele dialek vermeld vind, dan is dit 'n grond om gelokaliseerde herkoms te postuleer, maar 'n voldoende grond is dit seker nie, want die vermelding van so'n woord hang af van die volledigheid van ons bronne.

"Allerlei *schijnbaar zeldzame en eigenaardige* woorden en zegswijzen," skrywe Prof. TE WINKEL, "vindt men ook in geheel andere streken volkomen gelijkluidend of met slechts geringe wijziging sporadisch terug. Zij zijn eenmaal *tamelijk algemeen* in zwang geweest en slechts hier en daar in gebruik gebleven" ("Noordndl. Tongv.", blds. 29. Ek kursiveer). Sulke woorde en segswyse kan net so goed oorspronklik heeltemal gelokaliseerd gewees het, en langsamerhand ook oor ander dialekstreke uitgebreid geraak het. Die ontwikkelingsgang sal in verskillende gevalle ongetwyfeld verskillend gewees het, en ons is lang nie

[1]) In verband met die uitdrukking van modaliteit vgl. Dr. D. F. MALHERBE — "Afrik. Taalboek", blds. 99 vgg. en J. J. LE ROUX — "Handleiding in het Afrik.", blds. 66. Oor *straks* vgl. "Taal en Letteren" (VII 26).

altyd so gelukkig om oor sulke noukeurige gegewens te kan beskik om sulke kwessies presies te kan uitmaak nie. Op baie belangrike punte bly die Ndl. dialektologe ons nog 'n antwoord skuldig, en sal hulle dit miskien altyd bly. Dit belet nie, dat ons self 'n poging moet aanwend om uit te maak of 'n bepaalde woord of segswyse oorspronklik gelokaliseerd was of nie. Om daaroor te kan beslis moet m. i. rekening gehou word met faktore soos die verouderdheid van 'n woord in die dialek waarin dit voorkom, die bestaan van samestellinge van die bepaalde woord, die betekenis, gevoelswaarde en gebruiksfere van so'n woord ens. Een van die grootste moeilikhede by die beoordeling van sulke kwessies is die feit, dat die hedendaagse dialekkaarte byna uitsluitend berus op isofoniese gegewens, en nie op die basis van die isoglosse nie. Wat op grond van die isofone geskei kan wees, kan op grond van die isoglosse saamval. Dit is 'n kwessie, en allesbehalwe die onbelangrikste, wat deur die Ndl. dialektologie nog maar al te veel verwaarloos is en waaroor al dikwels geklaag is.[1]) As daar dus b.v. klankverskille voorkom in die dialekte van Aalst en Leuven, wat begrypelik is, omdat Aalsters aan Oosvlaams grens en Leuvens vermoedelik aanrakingspunte met Limburgs sal vertoon, en as op grond van sulke insofoniese oorwegings Aalsters en Leuvens van mekaar geskei word,[2]) dan het ik gemeen sulke verskille oor die hoof te kan sien en altwee die dialekte as Suid-Brabants te kan beskou.[3]) Ek noem hierdie voorbeeld, omdat by die verskille in klankverskynsels die ooreenkoms in woordeskat wel opvallend is by 'n vergelyking van die woordelyste van Aalsterse en Leuvense woorde in die "Leuvensche Bijdragen" gepubliseer deur PH. COLINET en Dr. GOEMANS. En dit geld, "mutatis mutandis", ook van die verhoudinge van ander dialekstreke. Ek het by die dialektiese groepering van die woorde in hierdie paragraaf rekening gehou met die geweste van herkoms van die Afrik. stamouers (vgl. I § 3 (a)), met die isoglosse, meer as met die isofone, en met die Ndl. taaltoestande en dialekgroeperinge van vroeër, meer as van vandag. So

---

[1]) Vgl. Dr. N. v. WIJK (in N. T. I blds 242, VII bldss. 146—7), en Dr. J. v. GINNEKEN — "Dialectstudie", bldss. 199, 203, 209.

[2]) Vgl. Dialekkaart by Dr. J. v. GINNEKEN — "De Regenboogkleuren van Nederlands Taal".

[3]) Vgl. Dialekkaart by Prof. J. TE WINKEL — "Gesch. der Ndl. Taal".

berus b.v. my skeiding tussen Noord-Hollands of Hollands-Fries en Fries op oorwegings soos die volgende:

(1) Die rol van Friesland by die lewering van kontingente koloniste vir Suid-Afrika kan nie vergelyk word met dié van die provinsie Noord-Holland nie, wat in hierdie opsig, sowel as in dialektiese ooreenkoms, ten opsigte van Afrik. veel meer 'n eenheid vorm met Suid-Holland en Zeeland.

(2) Friesland vorm m. i. ten opsigte van Afrik. veel meer 'n skakel met Oosfriesland en Noordduitsland, sodat Platduitse woorde b.v. deur Fries in Afrik. kon gekom het. Verder sluit Fries by die Saksiese geweste aan, en vorm so met Saksies en Platduits 'n noordoostelike dialekgroep teenoor die suidwestelike groep, Hollands-Zeeus [1]).

Met sodanige voorbehoud kan ek die Afrik. woorde van min of meer gelokaliseerde dialektiese herkoms soos hieronder indeel. Waar 'n woord my ook uit ander dialekte bekend is, maar daarin minder gebruikelik skyn te wees, vermeld ek dit in die reël ook. Die resultate van die voortgesette dialekondersoek mag later allerlei verskuiwinge in my groepering ens. wenselik maak; van prinsipiële belang beskou ek dit nie. Die kwessie van belang, van die standpunt van Afrik. beskou, is of 'n bepaalde woord oorgeërf, selfstandig gevorm of aan 'n ander taal ontleen is. In die eerste geval kan ons meer besonderhede verlang, en vra of 'n woord al in die 17e eeu in Ndl. algemeen was en of dit tot 'n bepaalde groeptaal in die 17e eeu behoor het of nie, en by die afwesigheid van 'n 17e eeuse dokumentering kan ons vra of 'n woord vandag tamelik algemeen in die dialekte in gebruik is of min of meer gelokaliseerd. Sulke besonderhede help ons nie alleen om die kwessie van oorerwing vas te stel nie, maar ook die wyse en kanale van oorerwing. So'n woord as *afneem* kan in die Ndl. volkstaal en in Afrik. onafhanklik van mekaar gevorm wees, of Afrik. kan dit oorgeërf het, maar dan miskien betrekkelik laat eers, na die ontwikkeling van die fotografeerkuns. Wanneer die gewoonte in gebruik gekom het om kruisbande te dra, kan nie presies gesê word nie. Vroeër was dit in Suid-Afrika nog tamelik algemeen in gebruik om broeke sonder kruisbande te dra [2]).

---

[1]) J. W. Muller lê sterk nadruk op die bestaan van die noordoostelike en die suidwestelike taalgroepe in die 17e eeu in sy stuk oor "De uitbreiding van ons Taalgebied in de 17e eeuw" (N. T. XV).

[2]) Vgl. Schonken — "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl." blds. 102.

Sulke broeke het later nog *nierknypers* geheet. Wanneer 'n woord soos *kruisbande* in Afrik. gekom het en of dit van dialektiese oorsprong is of nie, kan dus moeilik uitgemaak word. Maar ek het die moontlikheid van oorerwing uit die dialekte in altwee die gevalle *afneem* en *kruisbande* hierbo aangeneem. Sulke oorwegings geld natuurlik ook van enkele van die hieronder genoemde woorde.

(1) Uit Noord-Holl. of Hollands-Fries.

Terwyl *lolpot*[1]) in Ndl. en in verskillende dialekte gebruik word vir 'n koffie- of teepot, ken Afrik. dit nes Noord-Holl. in die sin van 'n lastige persoon, waarvoor in Afrik. ook *neulpot* gesê word[2]). So word in Afrik. nes in die Noord-Holl. volkstaal, *ou* en *oudjie* gebruik van en teenoor kinders.[3]) "Dit is 'n *ou* mooi *oudjie*", word deur Afrik. moeders van hulle babetjies gesê. En Afrik. jongmense praat van *opsit* nes in die Zaanstreek. Die Afrik. opsitgewoonte met die onmisbare opsitkers is dus heel waarskynlik 'n oorgeërfde gebruik, wat in Suid-Arfika weens die groot afstande en gebrek aan geselligheids- en geselskapsgeleenthede sterk ontwikkel het[4]). Volgens Mnr. VON WIELLIGH is *brandsolder* 'n woord, wat nie in Holl. bekend is nie. Prof. SMITH verbeter dit deur te sê, dat die woord wel in Ndl. bestaan, maar in 'n ander betekenis ("Huisgenoot", Junie 1921, blds. 63). Ds. S. J. DU TOIT het in "Ons Taal" (II 1908) uitvoerig die Afrik. betekenis van *brandsolder* as volg omskrywe: "'n solder met bakstene of 'n dik laag klei bedek, meesal by huise met dakke van strooi of riet, om die onderste verdieping te beveilig in geval van brand, en wat tegelyk in ons warm land die huis onder koel hou" (Spelling gemoderniseer). Nou kan ek nie sien, waarin die betekenisverskil met die Ndl. gebruik van die woord bestaan nie. Volgens die Ndl. Wdbk. is 'n *brandzolder* 'n "zolder die in geval van brand een vrijen uitweg heeft". Hier is dus wel 'n verskil van gebruik, maar volgens

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII 2652. Die ou betekenis van *lolpot* vind ons nog by KILIAEN.

[2]) Die Ndl. Wdbk. (IX 1887) ken *neulen*, maar *neulpot* nie.

[3]) Vgl. Ndl. Wdbk. (XI 1546).

[4]) Vgl. Ndl. Wdbk. XI 1424 en BOSHOFF—DU PLESSIS — „Afrik. Minneliedjies", Inleiding, § 2.

Dr. BOEKENOOGEN ("Zaansche Volkstaal", blds. 1296) is in die Zaanse meules die brandsolder: "De eerste zolder onder de kap, waar de brandbluschmiddelen staan".[1]) Volgens 'n persoonlike ondersoek is my geblyk, dat ook die Zaanse brandsolders dikwels met sand of klei bedek word as 'n behoedmiddel teen vuur. Die brandsolder in die Zaanse meules met hulle grasdakke moet dus die verspreiding van brand van die grasdak af naar onder toe belet presies soos die Afrik. brandsolder dit in die ou Kaapse huise met hulle grasdakke moes doen. Tussen die algemeen Ndl. en die Afrik. gebruik van die woord *brandsolder* is dus wel enige verskil, maar om van 'n betekenisverskil tussen die Afrik. en die dialektiese gebruik (en daarmee moet die Afrik. gebruik tog eerder as met die algemeen Ndl. vergelyk word) te praat, lyk m. i. 'n bietjie naar haarklowery. Aan die ander kant kan ek my verenig met Prof. SMITH se opmerking oor die herkoms van die Afrik. woord *ghoen* (vgl. „Huisgenoot", Maart, 1921, blds. 457). Hy wys, namelik, op die moontlikheid, dat *ghoen* dieselfde is as die Noord-Hollandse *koen*, wat Dr. BOEKENOOGEN beskrywe as: „De gebakken knikker, van middelbare grootte, waarmede de speler naar den gor schiet. De koen is een gewone knikker, die alleen in deze bepaalde functie zoo geheeten wordt". Dit kom goed ooreen met die Afrik. gebruik van *ghoen*, wat in my spraakgebruik die naam is van enige albaster, klein of groot, maar gewoonlik groot, waarmee die speler naar die ander albasters skiet. Maar dan is die aanvangsklank van *ghoen*, 'n stemhebbende stopklank, tog bevreemdend in Afrik. Selfs die moontlike beinvloeding van die aanvangsklank deur die aangehaalde woord *gor*, en die woorde *goesie* en *goesen*, wat ook uit die terminologie van die albasterspel stam (vgl. "Zaansche Volkstaal", blds. 253), kan ons nie uit die moeilikheid help nie. Dr. MANSVELT het die woord afgelei van 'n Hott. woord *ghoen*, wat „gaan" beteken, en vermeld ook nog 'n vorm *ghoenie*, wat skyn te bestaan, maar in my spraakgebruik onbekend is. 'n Mens kan aan verskillende Hott. woorde dink, soos *gũn* (= „gaan", vgl. MEINHOF: „Lehrbuch der Nama-Sprache", bldss. 4 en 72) of *gòn* (= „etwas auf die Erde legen oder werfen," KROENLEIN). Daar bestaan ook 'n Hott. woord *xúnî* (= „der Rotz", KROENLEIN), wat baie

[1]) Vgl. ook Ndl. Wdbk. III 1136.

ooreenkoms met die vorm *ghoenie* het, en wat dus seker „die lopende, die gaande" beteken het[1]). Ek ken die woord *ghoen* ook in Afrik. as die benaming van 'n klip (soms *tjoek* genoem), waarmee kinders by verskillende spele naar knope en albasters gooi (vgl. MANSVELT en PETTMAN i. v.). In hierdie betekenis laat die woord sterk dink aan die bogenoemde Hott. woord *gòn* (= „etwas auf die Erde legen oder werfen"). Dit lyk my dus moontlik, dat beide in die klank en in die betekenis van die Afrik. woord *ghoen*, die Noord-Hollandse *koen*, en die Hott. woorde *gũn*, *gòn*, *xòn* of *xũn*, deureen kon geloop het[2]). Afrik. kinders kon by die albasterspel 'n Hott. woord op 'n ander manier as die Hott. kinders geartikuleer het, of omgekeerd, en so kon die woord *ghoen* in sy Noord-Hollandse betekenis maar met gekontamineerde uitspraak in die taal van volwassene deurgedring het. In die betekenis van „ghoen-klip" ag ek Hott. invloed baie waarskynlik, omdat die woord in daardie betekenis goed aansluit by verskillende Hott. woorde, en omdat so'n spel met klippe van ouds onder die Hottentotte in gebruik was.

En wat moet 'n mens van die Zaanse woord *ambel* (naam van 'n kossoort) maak? Dr. BOEKENOOGEN het self aan die Mal. *sambal* gedink, en dit is wel merkwaardig, dat die woord veral by vissers gebruikelik is (vgl. „Zaansche Volkstaal", bldss. 19—20 en 1283). As *ambel* dieselfde as *sambal* is, dan sou 'n mens wil weet of ons die woord oorgeërf het van Noord-Hollandse vissers of seelui.

(2) Uit Suid-Hollands en Zeeus of Frankies-Fries, (waaronder Wes-Vlaams inbegrepe word).[3])

Prof. TE WINKEL het reeds op punte van ooreenkoms tussen Afrik. en Suid-Hollands en Zeeus gewys, op vorme soos *alikruikel*, *oes* en *boetie*, op woorde soos *witwater* (vgl. Afrik. *Witwatersrand*), *borstrok* en *teeset* (vgl. "Vragen van den Dag" XI bldss. 346-7). Persoonlik kon ek die aantekeninge van Dr. OPPREL kontroleer, dat daar in Oud-Beierland, nes in Suid-Afrika, gepraat word van "*ongaal*

[1]) Vgl. die afleiding van *snot*.

[2]) Die skrywers oor Hott. verskil in die gebruik van die tekens *x* en *g*, en soms ook oor die interpretasie van die klanke. Daarom gee ek die verskillende skryfwyses.

[3]) Suid-Holl. vertoon reeds minder spore van Fries as Noord-Holl., en in Wes-Vl. is daar so goed as g'n spore van Fries aanwesig nie.

weer" en die "*krop* van 'n sak", hoewel laasgenoemde woord in Ndl. tamelik algemeen skyn te wees (volgens die Ndl. Wdbk. VIII 371). Van die Veluwe af naar die suide toe word van *spog* (Ndl. *pochen*) gepraat, en op Walcheren van 'n *kotje* (kinderbedjie). Uit Goeree en Overflakkee stam spreekwoordelike segswyse, wat in Afrik. nouverwante ekwiwalente het soos: "*'t is hier te kort en daar te lang*," wat in Afrik. gelykluidend is.[1]) Maar dit is miskien minder in die reeds deur Prof. TE WINKEL en Dr. BOEKENOOGEN opgemerkte ooreenkoms in klankverskynsels, woordeskat en idiomatiek, as in die opvallende ooreenkoms in bepaalde grammatiese kwessies, dat die verband tussen Afrik. en Suid-Hollands en Zeeus moet gesoek word. Dr. J. VAN GINNEKEN, wat owerigens sonder kritiek Dr. HESSELING se Mal.-Port. teorie oor die kreolisering van Afrik. aanneem, word tot die erkenning gedwing: "Wel moet echter worden toegegeven dat HESSELING er te weinig aandacht aan gewijd had, dat toch ook reeds 1e het dialect der Zuid-Hollandsche eilanden slechts twee vormen heeft voor den tegenwoordigen tijd: ik, jij, hij, past, hoort, leest.....; en wij, jullie, zij passe, hoore, leze....., dat 2e het Zeeuwsch juist als het Afrikaansch voor wij: ons gebruikt, en dat 3e de analogische verdringing van de sterke werkwoorden door de zwakke, ook in het Zeeuwsch en het Zuid-Hollandsch der eilanden reeds aardig op weg was om de Zuid-Afrikaansche ontwikkeling mogelijk te maken" ("Hdbk," II 208). Byna al die geteoretiseer oor die oorsprong en wording van Afrik. is toe te skrywe aan 'n skromelike verwaarlosing en verontagsaming van die resultate van die Ndl. dialektologie.

Ook in Wes-Vlaams kom 'n aantal woorde en uitdrukkinge voor, wat nog in Afrik. bestaan,[2]) b.v. *agter iets kyk*, *rapat* e. a. In *rapat* word gewoonlik die Eng. *rapid* gesien, maar die gebruik van die woord kom beter ooreen met die Wes-Vlaamse *rappaard*. "Hy is so *rapat:* jy kan hom nie bedrieg nie," kom presies ooreen met die Wes-Vlaamse: "Hy is zoo een *rappaard:* gij zult hem

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. VIII 1041 en F. DEN EERZAMEN — "Spreekwoorden en Spreekwoordelike Uitdrukkingen, voornamelik uit Goeree en Overflakkee" (N. T. XI en XII, bldss. 149 en 150). Vgl. verder hoofst. III § Spreekwoorde ens.

[2]) J. VERCOULLIE het reeds (in "Tijdschr. XXXVIII 302—6) daarop gewys, dat die volgende woorde nog in Vl., en veral in Wes-Vl., bestaan: *volstruis*, *boetie*, *biebies*, *bottel*, *vieruurtjies* ens.

niet bedriegen" (DE BO — "West-Vl. Idiot." blds. 913). In die Julienommer (1921) van "Die Huisgenoot" (blds. 113) word "*agter* (i. p. v. *naar*) *iets kyk*" as 'n "verwerplike anglisisme" beskou. Dit is nie onmoontlik, dat dit 'n anglisisme in Afrik is nie, maar daar die uitdrukking ook in Wes-Vlaams voorkom (vgl. DE BO, blds. 17), is dit verstandig om nie so positief te wees nie. Die purisme het in alle eeue en by alle volke -ismes gaan soek by oeroue erfgoed. Wat my in hierdie vermoede oor die herkoms van *agter iets kyk* versterk, is die feit, dat ek by boere, wat ver weg van alle Eng. invloedsfere woon en byna g'n Eng. woord of uitdrukking ken of gebruik nie, uitdrukkinge gehoor het, soos: "Die skaapwagter is niks werd nie: *hy kyk nie goed agter* die skape nie." Trouens *agter iets kyk* is nie uitsluitend Wes-Vlaams nie, maar kom ook in ander dialekte voor, en is dialekties al oud in gebruik.

In 'n paar gevalle gee Wes-Vlaams ons m.i. die enigste moontlike verklaring. Dr. MANSVELT gee as 'n ekwiwalent van "hy vry daar" die uitdrukking, "hy gooi sy *akkelpienies* daar", 'n segswyse, wat nie in my spraakgebruik bestaan nie, en wat seker ook nie algemeen bekend is nie, want Ds. S. J. DU TOIT skrywe: "Ons het die woord nooit in dié sin hoor gebruik nie. Dit moet dan heel plaselik wees" ("Ons Taal" II 1908. Spelling gemoderniseer). Prof. SMITH was die eerste om my aandag daarop te vestig, dat ons in *akkelpienies* waarskynlik die Wes-Vlaamse, *akkebiliën* (= "matte") moet sien. [1]) Vir die gebruik van hierdie verouderde woord in die spreekwoordelike uitdrukking kan verwys word naar die artiekel oor "*zyne biezen pakken*" (by Dr. F. A. STOETT —"Spreekwoorden", blds 71). 'n Ander woord, wat Dr. MANSVELT vermeld is *nenna* (= "baker, min"), wat Dr. HESSELING aflei van Mal. *nenek* (= grootjie). Maar DE BO vermeld 'n Wes-Vlaamse *nenne* (= "moeder") met die byvoeging: "Dit woord hoort men in de Nieuwmarkt te Rousselaere" (blds. 736). Dit gaan nou eenmaal nie meer om alle vreemdklinkende woorde in Afrik. van Mal. of Port. of van Mal.-Port. af te lei nie. Veral as sulke afleidinge 'n vooropgestelde teorie moet bevestig, dan word 'n mens 'n bietjie skepties. En dan beteken die Mal.

[1]) DE BO — "Wes-Vl. Idiot." blds. 43: *akkelbiliën*, *akkerbiliën*, *hakkebiliën*, *zakkerbiliën*, en Guido Gezelle—"Loquela", blds. 7: *akkebiliën* en *abbediliën*.

nenek nog boënop "oupa" sowel as "ouma", en word dit in samestellinge soos *nenek-mojang* gebruik in die sin van "voorouers". Dan sou ek die Wes-Vlaamse *nenne* (= "moeder") nog eerder in verband bring met die gewestelike kindertaalwoord *nenne, ninne* (= "drink, suig"), wat Dr. MANSVELT reeds vermeld het (vgl. Ndl. Wdbk. IX 2021).

In die geval van drie woorde, n.l. *tronk, ghoeboe* en *malie,* lyk my die moontlikheid van oorerwing uit Wes-Vlaams minder waarskynlik, maar tog is die ooreenkoms van die Wes-Vlaamse en die Afrik. woorde opvallend genoeg om spesiale vermelding te verdien. Omtrent die gebruik van *tronk* (= "gevangenis") in Afrik. skrywe Dr. HESSELING: "Aan 't Fransche *tronc,* dat alleen van een kerkbus gezegd wordt, valt niet te denken. Het Portugeesche *tronco* beteekent "blok waarin de misdadigers gesloten worden" en "gevangenis" . . . ens. ("Het Afrik." blds. 103). Ek hou hierdie afleiding van Dr. HESSELING voorlopig as die waarskynlikste, en wens alleen daarop te wys, dat daar iets naders aan die Afrik. *tronk* te vind is as die Fr. *tronc,* en wel die Wes-Vlaamse *tronk,* wat DE BO vermeld as 'n visserswoord in die betekenis van "kleene houten kist met gaten doorboord, waarin men den visch levende bewaart" (blss. 1186—7). Hierdie gebruik van die woord *tronk* as 'n "gevangeniskissie van visse" laat baie dink aan die Ndl. volksuitdrukkinge vir "gevangenis", n.l. *doos* en *kast.* Dr. HESSELING haal die gebruik van *tronk* aan uit offisiële Kaapse stukke van 1699. Dan moes die woord toe al goed bekend gewees het, ook aan HERE SEWENTIEN in Amsterdam, want die Kaapse stukke was meesal offisiële briewe, verslae ens. aan die direkteure van die N. O. I. K. Ook ADAM TAS skrywe in sy "Dagboek" (1705—6, blds. 46) van "in de *tronk* . . . gezet, off in 't *tronkhuysje*". So'n "*tronkhuysje*", in die 17e eeu waarskynlik ook nog van hout "met gaten doorboord," laat baie sterk dink aan die Wes-Vlaamse visserswoord, *tronk.*

Ek ken 'n Kaffermusiekinstrument, wat 'n *ghoeboe* heet, 'n woord, wat miskien van die klanknabootsende Kaff. woord *i Gubu* moet afgelei word (vgl. PETTMAN i. v. *gubu*). Dit het as instrument baie ooreenkoms met wat in Ndl. 'n *rommelpot* heet. En nou vermeld DE BO 'n Wes-Vlaamse *goebe* (= "rommelpot," blds. 338). In so'n geval kan ek moeilik aan iets anders dink as aan toevallige ooreenkoms

en gelykluidendheid ten gevolge van klanknabootsing in beide gevalle.

Die artiekel van PETTMAN oor die woord *malie* (i.v. *mali*) is baie interessant. Dr. BLEEK het reeds in 1857 die woord *malie* beskou as 'n vervorming in die Kaffermond van Eng. *money*, wat volgens hom in die mond van die Hottentotte vervorm is tot *mari*. Die woord *malie* word in Afrik. vir plat gehou,en nog beskou as 'n Kaffervorm vir *money*. Die woord *i Mali* bestaan vandag in verskillende Bantoetale in die sin van "geld, geldstuk, prys, waarde" ens. (vgl. MC. LAREN, KROPF, DÖHNE e.a.) en *mari(b)* in Hott. in dieselfde betekenisse (vgl. KROENLEIN). DÖHNE het egter in sy "Zulu-Kafir Dictionary" (1857, bls. XXXV) die afleiding van DR. BLEEK bestry, en die woord *malie* afgelei uit Suahelie uit Arabies uit Semieties, maar die vorm *mari* het hy vir 'n oorspronkelike Hott. woord gehou. Later taalgeleerdes het weer met Dr. BLEEK in *malie* en *mari(b)* dieselfde woord gesien, maar die afleiding van DÖHNE gehandhaaf. MEINHOF skrywe b.v.: "So z.B. ist *mari-b* "geld" handgreiflich identisch mit Kafir *i-mali*, Suaheli *mali*, das beides vom arab. *màl* herstammt" ("Lehrbuch der Nama-Sprache", blds. 106). Nou lees ons by DE Bo van *malie (maalje, malje)*: "Oude munt van kleene weerde, fr. *maille* '. Die woord kom in allerlei Wes-Vlaamse uitdrukkinge voor soos „Noch duit noch *malië* hebben"; "Ik gave er geene *malië* voor"; "Dat is mij geene *malië* weerd" ("Wes-Vl.Idiot", blds. 666-7), en "Speld noch *malie* overhouden" (Joos—"Schatten", blds. 63) ens.[1]) Dan het die Arab. *màl* via Suaheli sy weg gevind naar Suid-Afrika in die Bantoetale en Hott. Kan *malie* dan nie ook van Wes-Vlaanderen naar Suid-Afrika gekom het nie? Dan kon die twee gelykluidende en gelykbetekenende woorde in verskillende periodes langs verskillende omwege Suid-Afrika bereik het, en het dit niks te maak met Eng. *money* nie[2]). Ek erken, dat so'n rekonstruksie van die geskiedenis van die woord *malie* groteliks op konjektuur berus; maar ons het hier tog meer gegewens as in die geval van die geheimsinnige woord, *tiekie*, wat ook gewoonlik vir 'n vervorming in die Kaffermond gehou word.

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. IX 148. Reeds Mnl. (vgl. Mnl. Wdbk.).

[2]) Dit word so goed as seker gemaak deur die aantekening van LICHTENSTEIN oor *mali*: "Even zoo heet geld ook in het Perzisch. Doch de Koossa's hebben dit woord van de Hottentotten, bij welke het *Mari* luidt". (REIZEN II 327).

(3). **Uit Wesfrankies of Brabants-Frankies.**

'n Minder belangrike dialekgroep as die voorgaande is die Wesfrankiese of Brabants-Frankiese, wat Noord- en Wes-Brabants, Suid-Brabants en Oos-Vlaams insluit. Die aantal Afrik. stamouers, wat uit daardie streke gekom het, was nie besonder groot nie, en daar was nie besondere faktore in hulle voordeel om die invloed van hulle taalgebruik te begunstig nie. Tog kan hier 'n aantal woorde genoem word, wat uit daardie dialekstreke stam. Ek noem hier enige woorde uit die kring van die huislike lewe, b.v. *aguur* (= "ontbyt"), *sakbrood*, *breekgoed*, *knoopsgatsteek*, *insprenkel* (van wasgoed) [1]) en spotwoorde soos *lugtig* (= "bang"), *swanser* (= "dronklap"), *gulsak* [2]), *hondlelik*, *boepens* [3]). In hierdie dialekgroep kom verder woorde voor soos *agtermekaar* [4]), *afvat* (Ndl. *afnemen*), *stofnat* (Ndl. alleen *stofregen*), *waterknie*, *behoorte* [5]) en *raps*. Volgens die heer J. LE ROUX ("Handleiding", blds. 81) behoor tot die Afrik. woorde, waarvan die etimologieë nog duister is o. a. *raps* en *karkatjie*. Die woord *raps* (= "slag, tugtiging") is egter in die Land van Waas bekend (vgl. Joos — "Waasch Idiot." blds. 545), en staan miskien in verband met die w.w. *rappen* wat al in Mnl. bekend is (vgl. Mnl. Wdbk.). Die uitgang van die woord *raps*, in Afrik. as w.w. en as selfst. nw. gebruik, moet dan miskien op een lyn gestel word met dié van *gesels* (vgl. bo).

En *karkatjie* lyk my 'n vervorming van die Antwerpse *karakei*(*oog*) (= "blauw oog dat al genezende bruin wordt", CORNELISSEN en VERVLIET, blds. 1797). Die klank kom goed uit: vir 'n verklaring van *kar*(*a*)*kei* > *karka*(*i*)(*tjie*) kan verwys word naar die 17e eeuse volksetimologieë in *katje* < *kati* en naar *katjiepoetjieolie*, *katjiepiering* e. a. Die betekenis van *karkatjie* gee m. i. groter moeilikhede as die klankontwikkeling, as dit afkomstig is van *karakei*(*oog*), want 'n *karkatjie* is nie 'n "blauw oog dat al genezende bruin wordt" nie. Daar bestaan egter allerlei moontlikhede. Die woord *karakeioog* kan vroeër in die Afrik. sin gebruik

---

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. (VI 1965).
[2]) Vgl. Ndl. *vreetzak*, Ndl. Wdbk. V 1271 i. v. *gulzigaard*.
[3]) Seker uit *boekpens*, vgl. Ndl. Wdbk. III 126.
[4]) In Wesfrank. en in Afrik. anders gebruik as in Ndl., vgl. Ndl. Wdbk. I 657 i. v. *achtereen* en 659 vgg. i. v. *achterelkander*.
[5]) Reeds Mnl. en vroeër tamelik algemeen, maar nou net gewestelik, en wel by hierdie groep (vgl. Ndl. Wdbk. II 1515).

gewees het, of nog so gebruik word in een of ander Wesfrankiese dialek. 'n Ander moontlikheid is kontaminasie van klank en betekenis tussen *karkei(oog)* en *kaaitje* (= "oogvuil"), en 'n Afrik. toepassing van die daaruit ontstane *karkatjie* op die oogaandoening, wat in Ndl. *strontje* genoem word. 'n Voorgestelde verklaring is dat *karkatjie* 'n eufemistiese substituut geword is vir *strontje*. Dan sou die ontwikkeling van *karkatje* 'n parallel vorm met dié van *hanepoot* (substituut vir *hanekloot*, vgl. bo.) en die ook reeds deur SCHONKEN opgemerkte eufemisme *kaalga(ar)perske* (i. p. v. *kaalgatperske*) [1]. 'n My onbekende skrywer het n. l. in "The Cape Monthly Magazine" (Aug. 1880, Vol. III, No. 14, blds. 96) die woord *karkatjie* beskou as "a euphonious form of the synonym for the word still used in Holland to denote a sty". Dan het hy hom die ontwikkeling seker so voorgestel: *karkatjie* < *kakkatjie* eufemistiese substituut vir *strontje*. Dit veronderstel egter 'n dubbele en 'n baie sterk deurgedrywe eufemisme, terwyl *karkei(oog)* m. i. meer voor die hand lê [2].

'n Paar Wesfrankiese woorde in verband met die boerebedryf kan ook hier genoem word, b.v. *buikplank* (van 'n wa, vgl. Ndl. Wdbk. III 1748), *dennebol*, *gressioenpeer*. In Ndl. skyn net *denappel* (of *pijnappel*) gebruik te word, terwyl Afrik. nes Wesfr. die vorm *dennebol* gebruik. Dr. MANSVELT het *bermotsersan* (naam van 'n peersoort) afgelei van Fr. *bergamotte chretien(ne)*, maar Dr. HESSELING het aangetoon, dat so'n benaming in Fr. onbekend is, en dat die woord waarskynlik moet afgelei word van *crasane* of *cresane*, wat LAROUSSE op dieselfde manier omskrywe as *bergamotte* n.l. as "poire fondante très estimée" ("Het Afrik." blds. 81—2). Dat hierdie afleiding juis is, word so goed as seker gemaak deur HATZFELD en DARMESTETER, wat die vorme *cresane*, *crasane* en *crassane* vermeld en die peersoort beskrywe as: "Poire fondante, variété de bergamote à longue queue et de forme ramassée". Die kwessie is alleen, langs welke weg het die woord *bermotsersan* in Afr. gekom?

Is dit 'n direkte ontlening uit die Fr. van die Hugenote? of is die woord al miskien deur die Hollanders aan die

[1] Vgl. "Oorspr. d. K.-H. Volksoverl.", blds. 68, aant. (1).

[2] In die tydskrif "Volkskunde" (XXVI 185 vgg.) is 'n versameling van woorde en uitdrukkinge gegee in verband met *strontje*, maar daaronder is niks wat op *karkatjie* lyk nie.

Kaap gebring? As ons presies geweet het, wanneer die eerste *bermotsersanpeerbome* in Suid-Afrika aangeplant is, dan kon die kwessie maklik beslis word [1]). Bermotpere en die woord *bergamot* was al in die 17e eeu in Nederland bekend, en 'n mens sou graag wil weet of die Suidoos-Vlaamse *gressioenpeere* (TEIRLINCK, blds. 517) nie 'n dialektiese vervorming van die Fr. *crasane* of *cresane* is nie. Dr. MANSVELT vermeld die vorm *kresan*, 'n uitspraak wat, sover ek weet, nog bestaan. Dan kan die woord *bermotsersan* of *bermotkresan* moontlik via Suidoos-Vlaand. naar Suid-Afrika gekom het.

Dr. T. H. LE ROUX het in *skuiwergat* (= "vierkante opening in de muur van een veekraal voor de afvoer van regenwater") dieselfde woord gesien as in Ndl. *spuigat* ("ronde gaten aan de zijden der dekken om het water buiten de scheepsboorden te laten weglopen," v. DALE) [2]). Maar ek ken die woord *skuiwergat* in Afrik. veel beter in die sin van "gat in 'n muur waarin die steier- en boupale van die messelaars vas geskuiwe word". In hierdie betekenis is die woord ongetwyfeld verwant aan die Antwerpse timmermanswoord, *schuiver* (= "hout staander vir die timmerlui en messelaars om op te staan", vgl. CORNELISSEN en VERVLIET, blds. 1099). Dan is *skuiwergat* miskien 'n oorgeërfde messelaars- of timmermanswoord, wat ook op die gate in kraalmure toegepas is.

(4). Uit Oosfrankies of Limburgs-Frankies.

'n Nog onbelangriker dialekgroep as die voorgaande word gevorm deur die Oosfrankiese of Limburgs-Frankiese dialekte, wat Oos-Brabant en 'n deel van Limburg insluit, streke, wat nie al te belangrike kontingente koloniste vir Suid-Afrika gelewer het nie. Tog kan daar 'n paar dialektiese woorde en uitdrukkinge van belang uit hierdie dialekgroep genoem word, soos: 'n *sny brood* (Ndl. 'n *boterham*), hoewel Dr. P. J. DU TOIT funksieverandering en die Negerhollands van die Deense Antille nodig gehad het om die

---

[1]) VALENTIJN vertel ons reeds die een en ander oor die Kaapse "*bon Chretien- en burgemot*"-pere (vgl. "Beschr." V (2) bldss. 19 en 21).

[2]) "Beschr. Klankl. v. h. Afrik.", blds. 117, Opm. 6.

Afrik. *sny brood* te verklaar[1]). So ken Oosfrankies, nes Afrik. woorde soos: *nagkar*, *naaldekoker* (watervlieg) en *mankoliek* (= "sieklik", anders as Ndl. *melancholiek*, vgl. ook Ndl. Wdbk. IX 478).

Verder vind ek die aannemelikste verklaringe van die Afrik. woorde *ratel*, *poena(tjie)* en *toeke* (*toeka*) in hierdie dialekgroep. KOLBE gee die volgende verklaring van die herkoms van die woord *ratel* of *ratelmuis*: "Deze dieren konnen met haar staart een geraas en geluid maken als een Ratel, waar van de Nachtwakers te Amsterdam zich bedienen, en van welk geraas zij ook zonder twijfel den naam dragen" ("Naauk. Beschr." I 188). Van hierdie geraasmakende eienaardigheid van die ratel weet ek niks nie, maar wel, dat die diertjie spreekwoordelik bekend staan as 'n heuningeter. Nou vind ek in Oosfrankies nog die Mnl. vorm *ratel* wat KILIAEN as "fland." vermeld (= "heuningkoek"). Dan verklaar KOLBE se vorm *ratelmuis* m. i. die woord as *heuningmuis*, *heuningeter*, en in plaas van *ratelmuis* kon later die verkorte vorm *ratel* in gebruik gekom het. *Poena(tjie)* gebruik ek in Afrik. vir 'n "klein kindjie" of vir "alles wat klein in sy soort is", soos 'n *poena-geweertjie* ens. Dit lyk my dieselfde woord as die Tongerse *poneke* ("jongste kind")[2]). Die heer J. J. LE ROUX noem onder die Hottentottismes in Afrik. *hoeka* en *toeka* ("lang gelede", "Handleiding", bld. 72).[3]) Dit is nie duidelik of hy altwee die woorde beskou as van dieselfde afkoms nie, en of hy alleen bedoel, dat altwee veral in die mond van Hottentotte voorkom. Die woord *hoeka*, gebruikelik in die uitdrukking "*van hoeka* (*hoeke*) *se tyd af*" ("van lang gelede af"), is afkomstig van die Hott. woord *huga* ("von Alters her, von jeher", KROENLEIN). Vanwaar kom die woord *toeka*, *toeke*, wat in dieselde betekenis en verband gebruik word? Daaromtrent het Dr. T. H. LE ROUX reeds tereg opgemerk: "Een vorm met *t* heb ik by OLPP[4]) niet gevonden. Zou de *t* misschien ontstaan zijn door bijgedachte

---

[1]) Vgl. "Afrik. Studies", bldss. 80 C en 82 (f).
Dr. KRUISINGA het reeds aangetoon dat ons met 'n vergelyking tussen Afrik. en die Negerholl. van die Deense Antille niks verder kom nie (vgl. "Taal en Letteren" XVI 432), en tog wou Dr. VAN GINNEKEN sedert nog konklusies op so'n vergelyking grond (vgl. "Hdbk." I 239).

[2]) Vgl. Dr. L. GROOTAERS — "Het Dialect van Tongeren" (in "Leuvensche Bijdragen" 9—10. blds. 157).

[3]) So ook Dr. P. J. DU TOIT — "Afrik. Studies". blds. 21.

[4]) d. w. s. J. OLPP — "Nama — Deutsches Wtb."

aan het bijw. *toe* (Ndl. *toen*), waarbij men —*ka* min of meer als achtervoegsel ging beschouwen?" ("Beschr. Klankl. v. h. Afrik.", blds. 94, opm. 3). Dr. LE ROUX kan gelyk hê met hierdie opmerking, maar dit lyk my of die woord *toeke* (<*toekomende*) meer voor die hand lê. Van Limburg af naar Gelderland toe word die woord *toeke* gebruik in sinne soos: "ik kom *toeke* weke bij oe" (vgl. o. a. SCHUERMANS — "A. v. I.", blds. 730). Dit lyk my, dat die bestaan van so'n woord *toeke* (gebruik vir die toekomende tyd) in die taal van die Afrik. stamouers juis 'n aanleiding sou gewees het vir die ontlening van die Hott. woord *huga* (gebruik vir die verlede tyd), en dat die uitspraak *hoeke*, *hoeka* beinvloed kan wees deur dié van *toeke*. Daarna kan die uitspraak en die betekenis van die woorde vermeng geraak het. Dit kan op 'n bevredigende manier die betekenis en uitspraak van *hoeke*, *hoeka* en *toeke*, *toeka* verklaar, sowel as die wedersydse ontlening van die woorde *huga* en *toeke*.

(5) Uit die Saksiese dialekte.

Van meer belang as die voorgaande dialektegroep, vanuit die oogpunt van Afrik. beskou, is die Saksiese dialekte wat van Gelderland af gepraat word deur Overijsel en Drenthe tot in Groningen. Die Saksiese dialekte word oor 'n betrekkelik uitgebreide landstreek gepraat, 'n streek wat in bodemsgesteldheid en in die "bodenständige" bedryf baie meer ooreenkoms met die nuwe vaderland het as die meeste ander provinsies van Nederland. Daardeur het die Saksiese dialekte 'n bepaalde en besondere betekenis vir Afrik., en boëndien is seker die grootste persentasie woorde van Duitse herkoms via die Saksiese dialekte in Afrik. gekom. As voorbeelde kan dien *verfoes*, *bloedweinig* [1]), *oorwaks*, *skoenwaks*, *verflaks* e. a. *Verfoes* is ook in ander dialekte bekend, maar sulke woorde het waarskynlik via Saksies in Ndl. en in Afrik. gekom.

Onder die woorde, wat in Afrik. en in die Saksiese dialekgebied voorkom, kan ek in verband met die boerebedryf en daaglikse lewe opnoem: *baken* (= „grenspaal"), *kniehalter* [2]), *koekoek* (kleur en soort van hoenders; v. DALE alleen Suidndl., en alleen as soort), *lapkop* (bees met half wit kop,

[1]) Vgl. Ndl. Wdbk. II 2879 s. v. *bloedarm*.

[2]) Die Ndl. Wdbk. V 1705—6 vermeld ander samestellinge met *halster*, *halter*, maar *kniehalter* nie.

vgl. Afrik. *Lappie* II § 1), *melkgoed*, *runnik* (Ndl. *hinniken*) [1]), *slagyster*, *wenakker* e.a. Verder kan genoem word uitdrukkinge soos: *verfoes en verfomfaai*, *iemand* (*op*)*dons* (met die vuis), *slap-slinger-om-die-smoel* (naam van 'n meelkos, waarvoor MOLEMA opgee: *slinger-om-de-snoet*, blds. 563). Belangrik is ook enige woorde uit die kinderkamer: *langman*, *vierlavink*, *duiweltjie* (vingername by kinders; by DRAAIJER, blds. 46: *lankman*, *fiedelevink*, *düveltjen*). Ten slotte kan nog enige woorde uit allerlei gebruiksfere genoem word soos: *stiksiende* [2]) (= „bysiende"), *kêkelbek* [3]), *ligdag* [4]), *vreet* (naam van 'n eenvoudige kaartspel; MOLEMA, blds. 461) e. a.

(6) Uit Fries.

Afrik. het verskillende belangrike klankverskynsels gemeen met Fries, maar in woordeskat is die ooreenkoms nie so opvallend nie. Daarvoor kan verskillende redes bestaan. Een daarvan is seker toe te skrywe aan die feit, dat verskillende van die mees eienaardige Friese woorde ook voorkom in die Noord-Hollandse of Hollands-Friese dialekgebied, en ander in die Saksiese of Saksies-Friese dialekstreek, soos Groningen en Stellingwerf. In verskillende gevalle vertoon Fries ook aansluiting by Oosfries, sodat die meeste woorde van Friese herkoms wat vir behandeling in aanmerking sou kom, tot die dialektiese gemeengoed behoor. Daarby was die aantal koloniste uit Friesland afkomstig nie baie belangrik in getalle nie, sodat van die taalgebruik van die Friese stamouers nie die invloed van groter dialekgroepe kon uitgaan nie. Die ooreenkoms in klankverskynsels kan dus berus op Friese invloed of kan oevallig wees. Dit kan ook berus op gelyksoortige klankverskynsels in ander 17e eeuse dialekte of op die Friese invloed op die 17e eeuse seemanstaal.

Op slegs 'n paar woorde kan ons hier die aandag vestig, sonder om daarmee te kenne te gee dat hulle van Friese herkoms is. So kom *booi* in verskillende dialekte voor in

---

[1]) Vgl. J. VERDAM — "Over werkwoorden op -ken en -iken (-eken)" (in "Tijdschr. v. Ndl. Taal- en Lettk." XVI 201 vgg.).

[2]) Reeds Oosmnl. *stiesienich* (vgl. Mnl. Wdbk.), en by KILIAEN *stick-siende*.

[3]) *Kakelbek* is ook in Ndl. bekend (vgl. Ndl. Wdbk. VII 885), maar die vorm *kêkelbek* skyn Saksies te wees (vgl. t. a. p.).

[4]) Anders as Ndl. (vgl. Ndl. Wdbk. VIII 1923—4), maar = Ndl. *bij lichten dag* (vgl. Ndl. Wdbk. III 2213).

die sin van „diensbode": dit is waarskynlik 'n enkelvoudsvorm (<*booien*<dienst*boden*), maar TUINMAN en HALBERTSMA het dit gehou vir die Friese *boi*, *boike* (=knaap)[1]). In Afrik. word *booi* uitsluitend toegepas op kleurlingdiensbodes, maar dit is moeilik om uit te maak of die Afrik. *booi* van Eng., Friese of algemeen dialektiese herkoms is [2]). Nes in die Saksiese dialekte kom ook in Fries enkele woorde van Duitseherkoms voor, wat hulle weg via Fries naar Afrik. kon gevind het. Dit is moeilik om in elke afsonderlike geval uit te maak hoe om sulke woorde te beoordeel. So word *verfoes*, wat selfs buitekant die Saksiese dialekte ook voorkom, deur Prof. SMITH nog as van Duitse herkoms beskou ("Huisgenoot", Febr. 1921 blds. 420). Ons moet in elke afsonderlike geval weet o.a. wanneer die woord eerste voorkom in die taal waarin dit skyn tuis te behoor, wanneer dit eerste voorkom in Ndl. of in een van die Ndl. dialekte en wanneer dit eerste voorkom in Afrik. Ons is maar selde so gelukkig om dit alles te weet en dan is ons verplig om met verskillende moontlikhede rekening te hou. So kan, om maar een voorbeeld te noem, *spaas* direk uit Duits of uit Fries *spats* in Afrik. gekom het (vgl. Leopold-Leopold III 255). Ek weet, eerlik gesê, ook g'n raad met Friese woorde soos *koerang* en *nonke* (= "liefie") nie. Afrik. ken die woord *tjurang*, wat op verskillende maniere uitgespreek word n.l. as *tjurang*, *kurang*, *kuring*, *kierang*, of *koerang* en wat Dr. MANSVELT en Dr. HESSELING reeds afgelei het van die Mal. *tjoeran* of *tsjoran* (= "vals speel, bedrieg by die spel "ens.) Het hierdie woord enige verband met die Friese woord *koerang* (= "gebrek", vgl. DIJKSTRA s. v.)? Dit herinner aan die Zaanse *ambel*, wat miskien iets te doen het met die Mal. *sambal* (vgl. II § 7 (c) 1). Volgens DIJKSTRA (Fr. Wdbk. II 204) word die woord *nonke* in Fries gebruik in die betekenis van "lieve". Het hierdie woord iets te doen met die Afrik. woord *nôientjie* (= "meisie, liefie")? Dr. MANSVELT en Dr. HESSELING het die Afrik. woord *nôi* afgelei van die Port. *noïva* of Mal.-Port. *noyba* (= "bruid, jonkvrou"). Prof.

---

[1]) Vgl. egter Dr. BOEKENOOGEN — "Zaansche Volkstaal", blds. 95, en Ndl. Wdbk. III 34—5 en 255.

[2]) LICHTENSTEIN verseker ons, dat in sy tyd *boy* al die gebruiklike aanspreeksvorm vir 'n Hottentot was, sodat ons moeilik aan 'n Eng. herkoms van die woord kan dink (vgl. "Reizen" I 233 aant.).

SMITH het egter aangetoon, dat *nôi* moet afgelei word van die Mal. *njonja* (= „gehude vrou van Europeane, mevrou", "Brdwg." 1 Des. 1913 blds. 399)[1]. Ek ken die volgende vorme in Afrik.: *nôi*, *ounôi*, *kleinnôi* (= "meesteres"), *nonna*, *nonnie* (= "jong meisie") en *nôi*, *nôientjie* (= "beminde, liefie'). ADAM TAS gebruik in sy "Dagboek" (bldss. 16, 64, 70, 76, 80, 92) reeds die vorm *nonje*, sodat die woord waarskynlik al voor die end van die 17e eeu in Suid-Afrika in gebruik was. Die betekenisse "meesteres of mevrou en jong meisie" kom presies met die Indiese gebruik van die woorde *n(j)onja* en *nonah* ooreen, maar die betekenis "beminde, liefie" nie heeltemal nie. Dit kan natuurlik 'n afgeleide toepassing van die woord wees, of het die Friese *nonke* (= "liefie") daar iets mee te doen?[2]

(7) Uit Platduits (= Oosfries en Noordduits.)

Ek het daarop gewys (I § 3 (a)), dat die Platduitse dialekgebied, Oosfriesland en Noordduitsland, ruim soveel koloniste gelewer het as die res van die Duitse Ryk, en wat meer is, dat die meeste Platduitssprekende koloniste van bepaalde sentra soos Bremen, Hamburg, Lübeck, Hildesheimbuurt, Berlyn e.a. afkomstig was, terwyl die Hoogduitssprekende koloniste verspreid gewoon het. Die meeste woorde, wat in Afrik. beskou word as van Duitse herkoms te wees, sal waarskynlik via Platduits in Afrik. gekom het, omdat hulle almal ook in Platduits voorkom, en omdat hulle 'n beter kans gekry het om langs dié weg in Afrik. opgeneem te word. Maar verskillende woorde van sodanige herkoms kon ook via een of ander Ndl. dialek naar Suid-Afrika gekom het. Die Saksiese dialekte bevat uit die aard van die saak 'n groot persentasie daarvan, en verskillende sulke woorde kom ook voor in Fries, Oos-Brabants en Limburgs. Woorde, wat dus hier vermeld word as van Platduitse herkoms, hoef nie direk uit Platduits in Afrik. te gekom het nie, maar daar is rede om te vermoed, dat hulle verbreidheid in Platduits bevorderlik was vir hulle opname in Afrik. Ons het reeds gelet op die herkoms van *baie* (= *bannig*) in

---

[1]) Vgl. PRICK v. WELY — "Viert. Aanv. Hulpwdbk." blds. 157.

[2]) *Nonke*, *Nontjen* is in Fr. ook 'n vr. eienaam (vgl. dl. IV van die "Fr. Wdbd." bewerk d. JOH. WINKLER). Anders is die gebruik van *nonnetje* in Ndl. (vgl. Ndl. Wdbk. IX 2062—3).

die betekenis van "fluks". 'n Woord soos *Dom Jan* (vgl. Leopold-Leopold II 21) herinner nog aan die herkoms van die stories van Dom Jan en Slim Jan, en *doodluiters* aan die Lutherse Kerk in Noordduitsland. Die woord *luiters* in *doodluiters* het waarskynlik niks te doen met Ndl. *luikes* nie,[1]) soos die heer J. J. LE ROUX vermoed ("Handleiding", blds. 69), maar wel met *Luthers*, wat hy met 'n vraagteken vermeld. Volgens J. TEN DOORNKAAT KOOLMAN ("Wörterb. d. Ostfr. Spr.", I 304) hou iemand hom *dôd lütters*, as hy hom "mauschenstill, bz. *schweigsam wie ein Lutherischer*" hou. Daar kan dus nie aan die herkoms van die Afrik. *doodluiters* getwyfel word nie. Verder kan hier Platduitse woorde genoem word soos *splinternakend*, (Ndl. *moedernaakt*), en *rappelkops*. Minder seker is die afkoms van die woorde *ewwa-trewwa* en *tjoek*. Die *ewwa-trewwa* of *trewwa* is 'n welbekende Kaapse orgidee, wat Dr. MANSVELT reeds vermeld, maar hy en Dr. HESSELING het g'n raad geweet met die woord nie. Volgens PETTMAN het Dr. BOLUS in die eerste deel van die woord 'n verbastering gesien van *geele*, want THUNBERG het nog 'n Kaapse orgidee met die naam *geele trewa* geken. Anders, meen PETTMAN, is die hele naam 'n verbastering van *goude travers* (of *trevers*). MARLOTH skrywe weer: "Name? Perhaps from "*ouma-Trewa*", as in use at Hermanus" ("The Common Names of Plants", blds. 26).[2]) Prof. SMITH sê, dat die afleiding van *trewwa* onseker is ("Huisgenoot", Maart 1921, blds. 457), oor *ewwa* swyg hy. Is die afleiding daarvan seker? Ek weet dit nie, maar wil alleen op 'n moontlike verklaring van *ewwa* wys. In Platduits bestaan 'n woord *êpha*, *êpfa* (< *êwa*), wat toegepas word op "Bäume od. Gesträuche" (TEN DOORNKAAT KOOLMAN, I 401). Kan die woord ook toegepas word op blomme? en het dit iets te maak met die eerste deel van *ew(w)a-trewwa*? Ek weet dit nie. Dr. MANSVELT vermeld ook die woord *tjoek* (= "klip waarmede men by 't albasterspelen werpt; ook 't werpen zelf"). Waarskynlik ten gevolge van 'n misverstand van die woord *klip* in hierdie verband omskrywe Dr. HESSELING die woord *tjoek* as 'n "soort knikker" ("Het Afrik.", blds. 80). 'n Tjoek is in my spraakgebruik egter nie 'n knikker

---

[1]) Vgl. Ndl. *doodluikes* (Ndl. Wdbk. III 2852—3).

[2]) J. VRECOULLIE se opmerking oor *ewwa-trewwa* (in "Tijdschr." XXXVIII 305) gee ons ook g'n verklaring nie.

of albaster nie, maar 'n diskusvormige klip, waarmee by verskillende spele naar albasters, knope, wasters ens. gegooi word. Vir die afleiding van die woord kan 'n mens dink aan die Anglo-Skotse woord *chuck* (= "a pebble or small stone") of aan die Anglo-Indiese *chucker*, wat volgens „Hobson-Jobson" van H. *chakar* afstam, en omskrywe word as "A quoit for playing the English game; but more properly the sharp quoit or discus which constituted an ancient Hindu missile weapon....," (blds. 216). 'n Ander moontlikheid is, dat die Afrik. woord *tjoek* in verband staan met die Platduitse w.w. *tjukken* (= "stossen", T. DOORNKAAT KOOLMAN III 417). Dan beteken die Afrik. w.w. *tjoek:* "gooi" (met 'n klip) en die selfst. nw. *tjoek:* "die gooiklip of stootklip". [1]) Welke van hierdie moontlike afleidinge die waarskynlikste is — wie kan dit uitmaak? Die uitdrukking "*schalten en walten*", wat Dr. CHANGUION vermeld en Dr. MANSVELT verswyg, is my in Afrik. onbekend, maar kom ook in Platduits voor (vgl. T. DOORNKAAT KOOLMAN, "Wtb. d. Ostfr. Spr. III 94) [2]).

§ 8. **Nederlandse Neologismes.**

Alle woorde, wat in die "Algemeen Beskaafd" sowel as in die Ndl. dialekte bestaan het vóór 1657, en wat vandag in Afrik. voorkom, het ek as Ndl. erfgoed beskou, tensy daar teëbewyse was of redes om te glo aan kontaminasie met vreemde woorde in Suid-Afrika. Uit die aard en ontwikkelingspeil van die eerste Afrik. koloniste volg vanself, dat lang nie al die woorde, wat vóór 1657 in Ndl. bekend was, naar Suid-Afrika meegeneem is nie. Van 1657 af dateer dus die uiteenlopende ontwikkeling van die Ndl. taal in Nederland en in Suid-Afrika. In die nuwe vaderland sou 'n nuwe gemeenskap hom langsamerhand van die ou stamland en die ou stamvolk losmaak, maar soos 'n inlêër sou die nuwe tak lang nog lewensappe uit die ou stam suig. Storme het die inlêërloot van die stam met geweld losgeruk, en die ontwikkeling van 'n nuwe nasionaliteit moontlik gemaak. Maar die betrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika het daarmee nie opgehou

[1]) Vgl. ook die Ndl. *tjok* in *tjokvol* (= stampvol), *tjokken* (DE JAGER — "Freq.") en *tjoeken* (LOQUELA).

[2]) Dr. HESSELING het dan ook reeds vermoed, dat die uitdrukking in Afrik. onbekend is (vgl. "Het Afrik." blds. 85).

nie. Inteendeel, uit alles, ook uit die taal, blyk, "dat de betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika als een ondergrondsche stroom zich hebben voortgezet, ook nadat de Engelschen zich van de Kaap hadden meester gemaakt en hunne grijphanden steeds verder over Zuid-Afrika uitstrekten" [1]). Hollandse predikante en onderwysers het naar Suid-Afrika bly trek, en Afrikaanse studente het nog in die dae van KLIKSPAAN in Nederland bly studeer. Hollandse krante en tydskrifte het in Suid-Afrika bly verskyn, en na 1850 het Hollandse immigrasie naar Suid-Afrika selfs 'n tyd lang toegeneem. [2]) In later dae sou Hollandse ambtenare onder Pres. BURGERS en Pres. KRUGER 'n groot rol speel in die Transvaal en sou onderneminge soos die S. A. S. M. ook in taalopsigte 'n groot betekenis hê. En tot vandag toe is 'n aansienlike persentasie van die predikante, onderwysers en ambtenare in Suid-Afrika van Hollandse herkoms, en word Hollands in die parlement en in die kerk, sowel as op skool, gehoor. Ook die taal van die pers is nog vir 'n groot deel Hollands gebly. Trouens die Afrikaanse-Taalbeweging dateer eers van 1875 af, en het met die Boere-Oorlog (1899—1902) feitelik doodgeloop. Die Twede Afrikaanse-Taalbeweging en die offisiële erkenning van Afrik. is gebeurtenisse van die laaste jare, sodat die offisiële gebruik van Hollands eers geleidelik vir dié van Afrik. sal wyk.

Hoe moet ons nou woorde beoordeel, wat eers na 1657 in Ndl. gekom het en vandaar uit later ook in Afrik.? Miskien is die eenvoudigste metode om sulke woorde in Afrik. te beskou as leenwoorde uit Ndl. Maar daar is meer teen sulk 'n standpunt te sê, as daarvoor. As die band tussen Nederland en Suid-Afrika in 1657 vergoed verbreek was, en op die nuwe bodem uit 'n gegewe aantal koloniste 'n nuwe volkseenheid tot stand gekom het sonder die invloed van 'n onafgebroke stroom van immigrante uit die ou stamland, dan sou ons 1657 as 'n vaste skeidingsgrens kan aanneem en alle Ndl. woorde, wat daarna in Afrik. gekom het, as leengoed kan beskou. Maar waar hierdie veronderstelling nie kan geld nie, daar is ons verplig om 'n ander standpunt teenoor sulke woorde in

[1]) G. KALFF in "Een Woord Vooraf" (by Dr. N. MANSVELT's — "De Betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika sedert de verovering van de Kaapkolonie door de Engelschen").

[2]) Vgl. Dr. MANSVELT — "Betrekkingen" blds. 26.

te neem. Dan kan ons sulke woorde van die Afrik. standpunt uit — nie van die Ndl. nie — as Ndl. neologismes beskou, hoe en waar Ndl. ook al daaraan gekom is. Dit is, vir sover dit Afrik. betref, Ndl. nuwighede, waarop Afrik. egter om genoemde redes nes op al die ander erfgoed 'n regmatige aanspraak kan maak as 'n dogtertaal van Ndl. Dit is nie my bedoeling om alle Ndl. neologismes, in die hierbo omskrewe sin opgevat, te behandel nie. Party daarvan, soos *foto*, *trein*, *gas*, *film* e. a., is feitelik internasionalismes, hoewel dit hoogswaarskynlik is, dat die meeste sulke woorde via Eng. in Afrik. gekom het. In Afrik. bestaan daar soms 'n betekenisverskil tussen neologismes, wat via Eng. en via Holl. in die taal kon gekom het, soos tussen *poskaart* en *briefkaart*. In die terminologie van die poswese is die Eng. invloed egter baie sterk, sodat *posseël* b. v. swaar kry om die stryd vol te hou teen *stemp*, en 'n mens geneig is om ook aan 'n Eng. herkoms te dink by *tjap* (vgl. II § 6). Woorde soos *spoorweg*, *sneltrein*, *stoomketel* e. a. sal egter waarskynlik via Ndl. in Afrik, gekom het, en kan dus beskou word as oorgeërfde Ndl. neologismes [1]). Hierby kan gevoeg word woorde van 'n algemene aard, wat nie deur nuwe uitvindsels in die lewe geroep is nie, b. v. *omgewing*, *aantal*, *bewonder* e. a. [2]). Maar veral deur die terminologie van die verskillende vakke van wetenskap, wat vandag in Suid-Afrika deur medium van Afrik. gedoseer word, stroom 'n massa Ndl. neologismes in die taal in. Ek hoef alleen maar te herinner aan die name van enkele vakke van wetenskap, soos *taalkunde* of *taalwetenskap*, *volkskunde*, *sielkunde*, *staathuishoudkunde* e. a. Die tyd is nou eers pas aangebreek, dat Afrik. sy regmatige eise sal laat geld as wettige erfgenaam en loot van die Dietse stam. Waar die inherente vormkragte van Afrik. self tekortskiet, sal Afrikaners hulle in die eerste plek moet behelp uit die oeroue Dietse woordvoorraad. Wat die Afrikaanse volk met die eie taalgegewens kon presteer, sal uit die volgende hoofdstuk blyk.

---

[1]) Vgl. Prof. C. G. N. DE VOOYS — "Iets over spontane en bewuste nieuwvorming in de taal" (N. T. V 161 vgg.)

[2]) Vgl. Ndl. Wdbk. X 234, I 385, II 2430 resp. en Prof. J. VERDAM — "Uit d. Gesch. d. Ndl. Taal", bldss. 303—304, en verder Dr. A. DE JAGER — "Over den invloed van BILDERDIJK's dichtwerken op onze taal".